UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

GENERAAL P. A. CRONJE.

'n LEWENSKETS.

deur

HENDRIK PETRUS VAN COLLER, M.A.,

VOORGELÊ TER VERVULLING VAN 'n DEEL VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD DOKTOR IN WYSBEGEERTE

IN DIE

FAKULTEIT VAN LETTERE EN WYSBEGEERTE.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA,

PRETORIA.

DESEMBER 1945.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Genl. P. A. Cronjé.

—(Foto uit Penning.)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- INHOUD. -

Bladsy.

VOORBERIG..... i.

GESLAGREGISTER.....iii.

HOOFSTUK. 1 : AFKOMS, GEBOORTE EN JEUG.....1.

Voorouers. - Geboorte.- Eerste lewensjare.- Huislike atmosfeer.- Veewagter.- Vader trek na die Oranje-Vrystaat.-Moeilikheid met die Grikwas.- Botsing.-Engelse regering meng in. -Indruk op Cronje.- Trek na Transvaal.-Skoolopvoeding.- Cronje word boer.- Voorkoms en karaktertrekke.- Op kommando.- M.W. Pretorius gekies tot president van die S.A.Republiek.- Cronje se houding.-Pretorius se verenigingsplanne.- Inmenging in Vrystaatse aangeleenthede. - Gevoelens loop hoog in Transvaal.- Cronje hou hom buite die twiste.- Verlowing.- Sy huwelik.

HOOFSTUK 2 : ASSISTENT-VELDKORNET.....18.

Pligte.- Vervulling daarvan.- Moeilkheid begin opnuut.-Pretorius met verlof na Bloemfontein.- Word president van die O.V.S.-Transvalers ontevrede.-Volksraadsitting van 10 Sept. 1860.- Cronje politieke teenstander van Pretoriusparty.- Bly buite stryd.- Burgeroorlog.- Schoeman versus Kruger.- Komdt. Viljoen.- Botsing tussen hom en Kruger.- Cronje kies kant.-Skermutseling te Krokodilrivier.- Broedertwis beëindig.- Pretorius die nuwe president.-Op kommando teen Moshesh 1865.- Sy dapperheid.- Terug op sy plaas.-Voorsetting van pligte.- Verskyn voor Hof van Landdros en Heemrade.- Word beboet.- Cronje boos.- Versoek sy ontslag.- Regering keer dit goed.

HOOFSTUK 3 : BOEREVOORMAN.....32

Cronje onttrek hom aan die openbare lewe.- Dr. Burgers word president.-Spoorweguitbreiding.- Moeilikheid met Sekoekoeni.-Burgers raak in onguns.-Die anneksasie van Transvaal.- Die Eerste Deputasie.-Doorfontein.-Joubert na Bartle Frere.-Kleinfontein.-Sir B.Frere.- Wonderfontein.-Dertig Voormanne.- Voorman Cronje.- Protes van die Voormanne-Pretorius en Bok gearresteer.-Cronje Hoofvoorman.-Cronje trek sy burgers saam.- Kruger verhoed bloedvergieting.-Deputasie na die Kaap.-Brief aan Gladstone.-Anneksasie bly ongedaan.-Engelse dagvaar Boere.- Cronje en sy burgers betaal belasting onder protes.- Die wa-saak.-Raaff opgedra om Cronje in hegtenis te neem.-Misluk.- Elandskuil.-Kaalfontein.-Paardekraal.- Kommandant Cronje.- Gekies om proklamasie te Potchefstroom te druk.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 4 : POTCHEFSTROOM..... 56.

Cronje vertrek na Potchefstroom.-Lê beslag op die drukpers.-Engelse vuur eerste skote. -Cronje val aan.-Majoor Clarke gee oor.-Terme van oorgawe.-Krygsraadsitting.-Dissiplinêre maatreëls.-Finansiële aangeleenthede.-Vyandelikhede op ander plekke begin.-Mislukte onderhandelings met presêdent Brand.-Teregstelling van verraaiers.-Ander verantwoordelikhede. -Die naturelle-gevaar.-Bitsige briefwisseling tussen Cronje en die regering te Heidelberg.

HOOFSTUK 5 : DIE TIRAN VAN POTCHEFSTROOM..... 84.

Skermutseling met die Engelse in die kamp.- Gevegsterrein te Potchefstroom.- Amajoeba.- Wapenstilstand.-Terme.- Cronje verwittig.- Mollett.- Krygsraad.- Cronje versoek verdere instruksies.-Onderhoude met Kol.Winsloe.- Oorgawe van Engelse kamp.-Voorwaardes.-Hoflikheid van die Boere.-Engelse garnisoen verlaat Potchefstroom.-Verraad?- Optrede van die Driemanskap.- Cronje se aandeel aan die Eerste Vryheidsoorlog.

HOOFSTUK 6 : KRYGSMAN IN NATURELLE-OORLOË.....103.

Moeilikhede op die suidwestelike grens van die Republiek.- Cronje stuur kommando.- Mapochstam voorspel moeilikheid.-Oorlog. -Cronje se burgers onwillig. Cronje vertrek later.-Val die vyand aan.-Verlof.- Kommandeer sy burgers op.- Die stryd beëindig.-Cronje kandidaat vir die pos van Komdt.-genl.-Joubert gekies.- Bedanking van Joubert.-Cronje waarn. Komdt.-genl.-Joubert volgende jaar herkies.-Die Massouw-oorlog.- Cronje in die veld. -Onderwerping van Massouw.

HOOFSTUK 7 : VOLKSRAADSLID.....125.

Volksraadslid vir Potchefstroom.-Debatte oor die Pretoria-Konvensie.-Kommissieman.-Optrede in die Volksraad.-Salarisse.- Kruger-ondersteuner.-Dissipline en ordelikheid.-Lê betrekking neer om waarn. Komdt.-genl.te word. -Herkies in 1889.- Spoorwegontwikkeling.- Houding teenoor Uitlanders.- Word weggeloot.

HOOFSTUK 8 : DIE JAMESON-INVAL.....147.

Kommandant vir Potchefstroom-distrik.- Uitlanders en Kruger.-Die kommandeervraagstuk.-Sluiting van die driwwe.-Die Jameson-komplot.-Jameson val die Transvaal binne.- Cronje opgekommandeer.- Vertrek na Krugersdorp. -Slaags met Britse troepe.- Oorgawe.- Onderhandelings.- Onvoorwaardelike oorgawe.-Leiers van Hervormingsbeweging in hegtenis geneem.- Verhoor van Jameson.- Cronje van verraad beskuldig. Sy optrede geregverdig.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 9 : SUPERINTENDENT VAN NATURELLE.....165.

Memories om die poste van Superintendent van Naturelle en Komdt.-genl. te skei.-Cronje Superintendent van Naturelle.-Naywer van Joubert.-Poging om Cronje uit die Uitv. Raad te hou.-Pligte.-Aanvaar die pos.- Reise.-Invordering van belastings.-Hofsaak met Bapedi-vroukaptein Toeremetsjani. - Die Magato-oorlog.

HOOFSTUK 10 : OORLOG.....183.

Transvaal berei voor vir oorlog.-Volksraadsittings van 27 en 28 Sept. 1899.- Oproeping van burgers.-Cronje opperbevelhebber oor die wesfront. -Sy houding i.v.m. die oorlogsverklaring.-Sy getalsterkte.-Verspreiding en verdeling van sy mag. -Vrystaatse burgers opgekommandeer 2 Okt..-Vrystaatse regering vertraag oorhandiging van die ultimatum.- Spanning.- Verspreiding van Republikeinse magte.-Oorhandiging van die ultimatum, 9 Okt.. Oorlog.

HOOFSTUK 11 : MAFEKING.....194.

Cronje gereed.- Mafeking versterk.-Kraaipan.-Beleg van Mafeking.-Cronje swak strateeg.-De la Rey vertrek na Veertienstrome.-Verhouding tussen Cronje en sy ondergeskikte offisiere.-Eentonige beleg.-swak krygstaktiek aan begin van die oorlog.-Cronje vertrek met hoofmag na Modderrivier.

HOOFSTUK 12 : MODDERRIVIER.....217.

Opmars van Lord Methuen.-Voorbereidings vir die slag deur genl.De la Rey.-Nuwe taktiek.-Aankoms van genl.Cronje. - Neem die opperbevel oor.-Finale voorbereidings.-Methuen se foutiewe opvattings.- Geveg ontbrand.- Engelse ly groot verliese.- Namiddag verlaat Vrystaters hulle posisies.- Cronje genoodsaak om posisies te verlaat.- Val terug.- De la Rey se teleurstelling.

HOOFSTUK 13 : MAGERSFONTEIN.....231.

President Steyn besoek burgers.-Nuwe posisies uitgekies.-Magersfonteinstellings.-Voorbereiding.-Engelse bestook Magersfonteinkoppe.-Boere gereed in die loopgrawe.- Nagtelike opmars van die Highland Brigade.- Vreeslike slagting.- Cronje se skitterende oorwinning.-Neerlaag veroorsaak verontwaardiging in Engeland en Skotland.

HOOFSTUK 14 : NA MAGERSFONTEIN.....248.

Cronje se negatiewe houding.-Groot Engelse versterkings.-Toppunt van sy krygsmansroem.-Alledaagse lewe in die laer.-Lord Roberts.-Opmars na Kimberley.-French se perdekommando.-Cronje verras.-Sy posisie in gevaar.-Voorbereidings vir die terugtog.-Kies die verkeerde weg.-Paardeberg.- Cronje weier om uit te vlug.-Klou aan sy laer.- Wapenstilstand.-Voortsetting van geveg.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 15 : OORGAWE.....272.

Korrespondensie tussen Cronje en Roberts.- Ontsetkommando's.- Engelse bestook die laer hewig met kanonvuur.-Ellende , lyding en smarte.- Toestand kritiek.-Danie Theron se waagstuk.- Boodskap aan Cronje.-Beskrywing van die toestand in die laer.-Cronje se houding.-Stem in.- Word verhinder deur vol rivier en gebrek aan brug.-Posisie haglik.-Toestand uiters sorgwekkend. -Cronje span sy laaste kragte in om oorgawe te voorkom.-Oormag te oorweldigend.-Die einde.- Oorgawe.- Cronje in die hande van Roberts.

HOOFSTUK 16 : BALLINGSKAP.....292.

Cronje se oorgawe 'n geweldige slag vir die Republikeinse wapens.- Na Kaapstad.- Per skip na Simonsbaai.- Na 'n maand na St. Helena verban.- Eensame ballingskap.-Sy eggenote geestelik gekrenk. -Napoleon se lot.-Gevoel van burgers teenoor Cronje.- Besoeke ontvang.-Vrede.- Repatriasie.- Aankoms in Suid-Afrika.- Terug na sy plaas.

HOOFSTUK 17 : LAASTE LEWENSJARE.....306.

Die dood van sy eggenote.- Eensame lewe op sy oudag.-Die St.Louis -Wêreldtentoonstelling. -Cronje besluit om deel te neem.-Vertrek na Noord-Amerika.-Aanvanklike moeilikhede.-Sy rol aan die vertonings.- Sy tweede huwelik.- Lewenswyse.- Buitelandse persbeskouings.-Cronje bly in Amerika agter.- Keer terug na Suid-Afrika.- Lewe op sy plaas.- Ongelukkige tweede huwelik.- Karaktertrekke en gewoontes.- Siekte.- Dood.- Begrafnis.- Slotwoord.

BYLAE 1 - 3 .....326.

LYS VAN GERAADPLEEGDE BRONNE .....331.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

V O O R B E R I G.

Dit was vir my altyd opvallend dat die naam van genl. Cronje in die ry van vernaame Boere-aanvoerders 'n beskeie plek ingeneem het. By feesgeleenthede en helde-aande word daar gewoonlik hulde gebring aan helde soos Kruger, Steyn, De Wet, Joubert, De la Rey en ander maar selde of ooit word Cronje se naam vermeld. Digters het sy dade nie besing nie, prosaskrywers het hom haas nie raakgesien en skilders het hom nie op die doek verewig nie.

Onder die jonger geslag is hy 'n vrywel onbekende figuur. Op skool en universiteit word nie veel van hom gehoor nie; slegs sy roemlose oorgawe te Paardeberg word genoem. Baie van die ouer geslag hoor sy naam nie graag nie. Vir hulle was daar iets verkeerd in sy optrede te Paardeberg.

Sy oorgawe het hom onder sy landgenote 'n verdagte persoon gemaak. Jonger aanvoerders het die stryd met roem beëindig en met vleklose naam daaruit gekom. Sommige het nog lank geleef om 'n belangrike rol te speel. Hy het na die oorlog van die toneel verdwyn en 'n vergete persoon geword. Om sy naam het 'n waas van geheimsinnigheid gehang. Oor sy lewe het 'n sluier toegesak.

Dit sou interessant wees om dit te lig en te sien wat daar agter verskuil is. Daarom het ek sy lewe nagevors en dit in hierdie werk probeer beskryf.

Baie graag wil ek my innige dank en waardering teenoor/....

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

teenoor my hooggeagte promotor, Prof. Dr. I.D.Bosman van die Voortrekker Universiteit, Pretoria, uitspreek vir die deeglike leiding wat ek gedurende al die jare van studie van hom ontvang het. Vir my was dit 'n plesier en voorreg om uit sy ryke kennis en rype lewenservaring te kon put. Hy het my nie alleen met die nodige vakkennis toegerus nie, maar by my 'n besondere voorliefde vir my vak ontwikkel. Gedurende die jare wat ek onder sy toesig aan hierdie werk gearbei het, het hy geen moeite ontsien om my met waardevolle raad en hulp by te staan nie. Sy onvermoeide arbeid en opbouende kritiek het my in staat gestel om die werk te voltooi. My opregte dank hiervoor!

My dank gaan ook uit na die baie persone wat my met die insameling van onmisbare gegewens behulpsaam was. Daar is so baie van hulle dat ek onmoontlik elkeen kan noem, Veral dien vermeld te word die naam van die Hoofargivaris van die Unie, Dr. Coenraad Beyers, wat altyd baie belang gestel en nuttige wenke aan die hand gegee het. Die bekwame argiefpersoneel het my ook getrou bygestaan en verdien 'n spesiale woord van erkentlikheid.

Ek kan nie nalaat om my dank uit te spreek aan die bibliotekarisse en personele van die Merensky-, Staats-, Onderwys-, Unie-Onderwys-, Johannesburgse Openbare-, Witwatersrandse Universiteits- en die Germistonse Carnegiebiblioteke nie.

Ten slotte ook my innige dank aan Mnr. P.H.S. van Zyl vir sy vriendelike vergunning om 'n paar afdrukke van foto's uit sy Helde-Album te gebruik.

.....

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

GESLAGREGISTER.[1]

Pierre Cronje , oorspronklik Franse vlugteling uit Normandië, is die stamvader van die Cronje-geslag in Suid-Afrika. In die geslagregister van generaal Cronje wat hier aangegee word, word alleen sy direkte stamlyn aangetoon.

1. PIERRE CRONJE - getroud met - SUSANNA TAILLEFER(T):
   gebo$r<1671.
   oorlede 2 Sept. 1718. oorlede 13 Febr.1724.

2. PIERRE CRONJE - getroud met - SUSANNA ROIJ.
   gedoop 24 Sept. 1713. getroud 19 Mei 1741.

3. STEPHANUS CRONJE-getroud met - SUSANNA JACOBA HAARHOFF.
   gedoop 29 Jan.1747. - getroud 18 Julie 1773.

4. FRANCOIS JOHANNES CRONJE - getroud met - HERMINA ELIZABETH DE JAGER.
   gedoop 24 Sept. 1780.

5. ANDRIES PETRUS CRONJE - getroud met - JOHANNA CHRISTINA GELDENHUIS.
   oorlede 19 Sept. 1882. - oorlede 13 Julie 1878.

6. PIETER ARNOLDUS CRONJE(DIE GENERAAL):
   gebore 4 Okt. 1836. - oorlede 4 Febr. 1911.

   GETROUD MET:- 1. HESTER SUSANNA VISSER.(24 Des.1857.
   gebore 8 Mei 1840.
   oorlede 16 Nov. 1903.

   2. Johanna Walter - weduwee Sterzel.
   getroud 28 Junie 1904, St.Louis, Noord-Amerika.

Uit die huwelik van PIETER ARNOLDUS CRONJE EN HESTER SUSANNA VISSER is nege kinders gebore Johannes Hendrik, Jacomina Margaretha, Johanna Christina, Pieter Arnoldus, Hester Susanna, Catharina Magdalena, Hercules Jacobus, Frans Johannes Cornelius en Andries Petrus.

---

1). Hooggeregshof, Pretoria:
   i. Boedel Nr. 17249 - van wyle genl. P.A.Cronje;
   ii. Boedel Nr. 17026 - " " Hester Susanna Cronje;
   iii. Boedel Nr. 2084 - " " A.P.Cronje, vader van die generaal;
   iv. Boedel Nr. 1080 - " " C. Geldenhuis, moeder van die generaal;
   C. Coetzee De Villiers; Geslacht-Register Der Oude Kaapsche Familiën, bls. 177 e.v.;
   C.Graham-Botha: Die Kaapse Hugenote,bls.77;A.J.Kannemeyer: Hugenote-Familieboek, bls. 37;Grafopskrifte op die grafstene van wyle genl.-en Mevr. Cronje, Kerkhof. Palmietfontein.

HOOFSTUK. 1.

AFKOMS, GEBOORTE EN JEUG.

Pieter Arnoldus Cronje het 'n interessante maar tegelykertyd veelbewoë en tragiese rol in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek gespeel. Hy was 'n direkte afstammeling van die Franse Protestante wat teen die end van die 17 de eeu weens geloofsvervolging verplig was om hulle geboorteland te verlaat. Die Hugenoteblood het suiwer in sy voorouers se [illegible] gevloei.

In die jaar 1698 het twee broers, Etienne en Pierre Cronier,[1] oorspronklik Franse vlugtelinge uit Normandië, Frankryk, aan boord die Hollandse skip, die Driebergen, in Suid-Afrika aangekom. Pierre Cronje is die stamvader van die Cronje-familie in Suid-Afrika. Hy is in 1671 in Normandië gebore en was dus 27 jaar oud toe hy na Suid-Afrika verhuis het. Net soos Etienne was hy landbouer en het hom na sy aankoms aan die Kaap, te Drakenstein gevestig. Spoedig hierna is hy met Susanna Taillefer(t), weduwee van Jean Garde en dogter van die Franse vlugteling Isaac Taillefer(t), getroud.[2]

Na die huwelik het hy en sy eggenote op die plaas Versailles, wat in 1698 deur die Kompanjie aan hom toegeken is, gaan boer. Hier het die egpaar etlike jare gewoon. Uit hulle egverbintenis is ses kinders gebore. Op 2 September 1718, kort na die geboorte van die jongste kindjie, is Pierre skielik in die ouderdom van 47 jaar oorlede.[3] Sy eggenote/.....

1). Die familienaam is oorspronklik Cronier gespel, maar ander vorms soos Crognet en Crosnier het ook voorgekom. In Suid-Afrika het die spelling in Cronje verander.

2). C.Graham-Botha: Die Kaapse Hugenote, bls. 77.

3). C.C.de Villiers: Geslacht-Register der Oude Kaapsche Familien, bls.177; A.J.Kannemeyer: Hugenote-Familieboek, bls. 77.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

eggenote het hom op 13 Februarie 1724 gevolg, nadat sy weer met Jacob Naude in die huwelik getree het.[4]

Die kinders van Pierre en Susanna het die erfgename van hulle oom Etienne geword.[5] Hy het twee plase, nl. Champagne en Olyvenhout in Wamakersvlei,[6] besit. Na 'n vyf-en-twintigjarige verblyf in Suid-Afrika is hy op 2 September 1724 ongehuud oorlede.[7] Die derde kind en oudste seun het sy vader se naam gehad. Op 19 Mei 1741 is hy met Susanna Roij, dogter van Jean Roij uit Provence,Frankryk afkomstig, getroud.[8]

Uit hierdie huwelik is sewe seuns en een dogter gebore.[9] Al die seuns het burgers van Swellendam geword. Die derde seun is op 18 Julie 1773 met Susanna Jacoba Haarhoff getroud.Hulle het tien kinders gehad.Die vierde kind, Francois Johannes, is met Hermina Elizabeth de Jager in die eg verbind. Hulle het die plaas Swartberg in die Kaapkolonie bewoon.[10] Hulle vyfde kind, Andries Petrus, was die vader van generaal Cronje.[11].

Uit Andries Petrus Cronje se huwelik met Johanna Christina Geldenhuis is twaalf kinders gebore. Die tweede seun wat op 4 Oktober 1836 te Rietkuil,Colesberg, gebore is, is volgens Boeregewoonte na sy moeder se vader, Pieter Arnoldus, vernoem.[12]

Piet/.....

---

4). C.C.de Villiers: Geslacht-Register der Oude Kaapsche Familien,bls.177; A.J.Kannemeyer: Hugenote-Familieboek, bls. 77.
5). Daar was twee seuns en vier dogters.
6).C.Graham-Botha: Die Kaapse Hugenote, bls.77. Hy noem altwee die plase terwyl Kannemeyr net Olyvenhout meld.
7).Ibid, bls.77.
8). Ibid. Hy is op 24 Sept. 1713 gedoop.
9). C.C.de Villiers, bls. 177.
10). Boedel Nr.2084- Hooggeregshof, Pretoria: (Boedelpapiere van wyle A.P.Cronje, vader van die generaal).
11). Ibid. Hy is op 7 Julie 1809 gedoop.
12). Genl.P.A. Cronje: HERINNERINGEN, opgeteken deur Kaptein Jack Hindon in Engels soos dit aan hom in 1904 deur genl. Cronje gedikteer is. Dit is deur wyle Dr. G.S.Preller vertaal en in ses vervolgartikels in Die Brandwag gepubliseer - 15 Aug.1913; 1 Sept.; 15 Sept.; 1 Okt.; 15 Okt.; 1 Nov. 1913.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Piet Cronje se geboortejaar val dan saam met die begin van die eintlike Groot Trek en sy vader het soos die ander bewoners van die grensdistrikte 'n gevoel van ontevredenheid in sy binneste omgedra. Op hierdie tydstip was dit vir hom egter weens die ernstige siekte van sy eggenoote onmoontlik om deel te neem aan die uittog uit die Kaapkolonie na die onbekende landstreek ten noorde van die Oranjerivier, waar dit gewemel het van wilde diere en moorddadige kafferstammme.[13)]

Hy was nietemin vasbeslote om die spore van sy voorgangers te volg sodra sy huislike omstandighede dit sou toelaat. Vir eers moes hy en sy familie in die onvermydelike berus en nog 'n aantal jare op hulle plaas bly woon.[14)]

Sy eerste agt lewensjare het Piet Cronje dus op sy vader se plaas, Rietkuil, deurgebring. Hierdie jare het 'n baie belangrike rol in sy latere lewe gespeel, want hier in die eenvoudige plaashuisie het sy godsdienstige moeder die grondslae in die vorming van sy godsdienstige en standvastige karakter gelê. Die lewe hier was eenvoudig. Die Bybel en psalm-en gesangeboek het 'n ereplek ingeneem. Smôrens en saans is boeke gevat. Gewoonlik het die vader 'n stukkie uit die Bybel voorgelees en daarna moes die kinders, as hulle oud genoeg is, elkeen op sy beurt meedeel wat hy of sy uit die gelese stuk onthou het. Daarna word 'n psalm of gesang gesing en dan met 'n gebed afgesluit.[15)]

Godsdiens/.....

---

13). Herinneringen, 15 Augustus 1913.

14). Ibid.

15). Ibid. Dit is 'n Boeregewoonte wat deur meeste families gehandhaaf is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Godsdiens het 'n baie vername rol in die alledaagse lewe gespeel. So het Piet Cronje sy eerste godsdienstige onderwys in die ouerlike huis ontvang. Sy vader het die huisgodsdiens gelei, maar sy moeder het ook haar deeltjie bygedra. Die familie het gewoonlik sommer vroeg, kort na sononder, gaan rus. Voordat die kindertjies bed-toe gaan, het hulle rondom Moeder vergader . Sy het vir hulle dan een of meer Bybelverhale vertel. Hierna moes elkeen 'n gebedjie opsê en dan gaan slaap. Verhale van Jesus, Moses, Josef, Simson, David, Jonathan en diesmeer, was baie gewild by die kinders van daardie tyd. Hierdie verhale het in die geheue van Cronje vasgesit en so 'n indruk op hom gemaak dat hy dikwels in sy latere lewe van Bybelse vergelykings in sy briewe en toesprake gebruik gemaak het.[16)]

Die lewe te Rietkuil was netsoos op ander grensplase 'n ware stryd om te bestaan. Behalwe die gedurige vrees om deur kafferbendes aangeval en geplunder te word, moes Cronje se vader 'n wakende oog oor sy vee en besittings hou. Die veld was vol wilde diere, waaronder die leeu, tier, luiperd, hiëna en wildehond gedugte vyande van die boer was.

Cronje se vader het baie werk gehad en werksvolk was skaars. Almal moes hulle regmatige aandeel aan die plaaswerk neem. Piet Cronje was nog baie jonk maar reeds vanaf sy sesde lewensjaar moes hy al help om sy vader se vee op te pas. Die veldlewe het hom sterk en taai gemaak.[17)]

Die/.....

---

16). Generaal Cronje se hele lewe was gekenmerk deur sy godsdienstigheid. Elke môre en aand het hy gereeld sy Bybel gelees. Soms het hy hom vir ure afgesonder om alleen te lees en te bid.

17). Herinneringen, 15 Augustus 1913.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die ontevredenheid met die Engelse bestuur het by die dag vermeerder en baie grensboere het reeds na die binneland weggetrek. Andries Cronje kon dit ook nie langer uithou nie. Sy eggenote se gesondheidstoestand het intussen baie verbeter en sy was in staat om die ongerief en gevaar wat die trekkerslewe meegebring het, saam met haar familie die hoof te bied. In 1844 het Andries Cronje die Oranjerivier oorgetrek en hom op die plaas Groenvlei in die Oranje-Vrystaat gaan vestig. Piet moes nog altyd sy vader se vee oppas, maar van nouaf is hy toegelaat om 'n geweer te hanteer. Reeds op jong leeftyd moes die seuns in die skietkuns onderrig gegee word, sodat hulle in tyd van gevaar kon help om die lewes en besittings van die familie te beskerm. Piet moes seker 'n besondere mate van vaardigheid aan die dag gelê het, want op 13-jarige leeftyd was hy reeds so ervare in die skietkuns, dat hy sy eerste leeu neergetrek het.[18)]

Toe Andries Cronje in die Oranje-Vrystaat aankom, was die atmosfeer daar ook reeds gespanne. 'n Aantal Republikeinse Boere onder kommandant Jan Kock het hulle heftig teen die Engelse beleid waardeur die Boere aan die Grikwakaptein, Adam Kok, onderhewig gemaak is, verset. Hulle wou sy gesag nie erken nie. Adam Kok het astrant geword en gou die stryd met die Boere aangeknoop.[19)]

Die botsing het ontstaan as gevolg van die inhegtenisname/.....

---

18). Herinneringen, 15 Augustus 1913.

19). Eric A. Walker: The Great Trek, bls.348;

J.H.Malan: Die Opkoms van 'n Republiek, bls. 45.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

name van twee Baralong-naturelle deur veldkornet Jan Krynauw. Omdat hulle 'n blanke persoon met asgaaie bedreig het, het Krynauw hulle terdeë met 'n stiegriem laat afransel. Hy is deur die naturelle by Adam Kok te Philippolis aangekla. 'n Grikwabende is na sy huis gestuur om hom in hegtenis te neem, maar by hulle aankoms was Krynauw afwesig. Die huis is ingebreek, sy vrou beledig, meubels verniel en gewere en ammunisie gesteel.[20]

Die Boere het by die plaas Touwfontein in die omgewing van Philippolis bymekaar gekom en 'n groot laer getrek, die "Vroue-laer" genoem, om vrouens en kinders teen die aanvalle van die Grikwas te beskerm. Piet Cronje was nog te jonk om aan die gevegte deel te neem; daarom is hy saam met die vrouens en kinders in die laer geplaas. Sy vader het as veldkornet onder kommandant Jan Kock aan al die skermutselings wat gevolg het, deelgeneem.[21]

Die Engelse regering het 'n militêre mag gestuur om 'n einde aan die vyandelikhede te maak. Magistraat Rawstorne van Colesberg het sestig gewere met ammunisie aan Adam Kok gestuur en majoor Campbell op 22 April 1845 beveel om met sy soldate deur die Oranjerivier te trek en Philippolis te beset. Hierdie opdrag is uitgevoer en die Engelse het belet dat die Boere hulp kon kry deur hulle af te sny. Daarop is daar 'n konferensie te Aliwynskop op 25 April 1845 beleë om skikkings te probeer tref. Die konferensie het misluk omdat die Engelse volgehou het dat die Boere Britse onderdane is. Vyandelikhede is hervat en die Boere verdryf.[22] Kort hierna is die vrede herstel. Adam Kok se gesag is gehandhaaf en die Engelse regering het hom nog boonop van gewere en ammunisie/.....

20). Eric Walker: The Great Trek, bls.348; J.H.Malan, bls.45.
21). Ibid.; Herinneringen, 15 Augustus 1913.
22). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ammunisie voorsien. Baie van die Boere was hieroor so ontevrede dat hulle besluit het om hulle woonplase te verlaat en verder die binneland in te trek.[23] Andries Cronje het hulle voorbeeld gevolg. Vir 'n tydjie het hy hom in die omgewing van Winburg gevestig.[24]

Hierdie eerste botsing het 'n diep en blywende indruk op Piet Cronje se gemoed gemaak. In die "Vrouelaer" het hy die gesprekke tussen die vrouens aangehoor, gesprekke wat gegaan het oor die onderdrukking en vernedering wat die Boerebevolking as gevolg van die gelykstellingspolitiek van die Engelse regering moes ondergaan, deurdat hulle aan Adam Kok ondergeskik gemaak is en boonop deur die hulp van die Kaapse regering aan Adam Kok gedwing word om die onderdanigheid te gehoorsaem. Dit het ongetwyfeld die gevoel van onafhanklikheid by hom wakker geraak, 'n onafhanklikheid of vryheid wat by hom 'n ideaal geword het, waarvoor hy verskeie kere hard geveg het.

In 1848 het die ontevredenheid van die Republikeinse Boere 'n hoogtepunt bereik en losgebars met die slag van Boomplaats.[25] Cronje se vader, wat ook aan hierdie slag deelgeneem het, was vas oortuig dat die onafhanklikheid en rus waarna hulle so vurig verlang het, helaas ook nie hier verkry/.....

---

23). Eric Walker , bls. 348; J.H.Malan, bls. 45.

24). Herinneringen, 15 Augustus 1913.

25). Dr. W.J.Leyds: De Eerste Annexatie van de Transvaal, bls.84;
Eric Walker, blse. 373 -374.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kry sou word nie. Andermaal het hy vaarwel aan sy plaas toegeroep, noordwaarts getrek, die Vaalrivier deur, waar die Voortrekkers so pas 'n onafhanklike Republiek gestig het. Met die Sandrivier-Traktaat van 1852 is hierdie Boererepubliek offisieel deur die Engelse regering erken en het die Trekkers uiteindelik hulle onafhanklikheid verkry. 26)

Hierdie onafhanklikheid waarvoor die Trekkers so baie opgeoffer het, het ook 'n dankbare gevoel by Cronje gewek, sodat hy baie jare later kon sê:-

> " Groot was de blijdschap onder de burgers toen wij ten laaste - na vele jaren van vermoeiend rondtrekken door de wildernis, na aanhoudend strijd tegen wilde dieren en nog wilder menschen, na ongelooflik zwaar lijden - erkend werden als een vrij volk. Het bloed van dapperen mannen en vrouwen was niet tevergeefs gestort; onze God had onze gebeden verhoord. Hij had ons geleid door eene wildernis van strijd en bevonden dat wij de vrijheid waardig waren waarnaar wij so hard gestreefd en waarvoor wij soveel geleden hadden. En wij waren dankbaar jegens Hem en gaven Hem alle lof en liefde." 27)

Andries Cronje het na sy aankoms in die Transvaal 'n plaas naby Potchefstroom gekoop en dit Goedgevonden genoem. 28) Hier het die familie baie jare gewoon en hier het Piet sy jeugjare deurgebring. Hy was nou 'n sterkgeboude seun en kon sy vader baie help om die nuwe plaas bewoonbaar te maak en te bewerk. Gedurende al die jare van trek en swerwe het die opvoeding van die jeug natuurlik nie veel aandag/.....

---

26). Dr.W.J.Leyds: De Eerste Annexatie van de Transvaal, bls.95.

27). Herinneringen, 15 Augustus 1913.

28). Boedel Nr. 2084(Oud) - Boedelpapiere van Andries Petrus Cronje, vader van Piet Cronje - Hooggeregshof, Pretoria.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aandag geniet nie. Piet Cronje se skoolopvoeding was om hierdie rede uiters gering. Op Goedgevonden het hy 'n tydjie onderwys ontvang van meester Willem A. de Villiers, wat van huis tot huis gereis het om die jeug te leer. Dit wil voorkom asof Piet, alhoewel verstandelik nie besonder begaafd nie, tog 'n ywerige leerling was. Veral in sy eie volk se geskiedenis het hy baie belang gestel.[29]

Die voorreg om onderrig te ontvang, het hy nie lank gesmaak nie. Vir studie was daar nie tyd, geleentheid en geld nie. Hy het in die voetstappe van sy voorvadere gevolg en boer geword. Die familie was groot en hy moes help om in hulle behoeftes te voorsien. Hy het dus maar min boekgeleerdheid gehad, maar kon nietemin redelik goed lees en skryf. Sy handskrif was onreëlmatig, bewerig, effens kinderagtig maar tog baie duidelik leesbaar.[30] Hoewel nie vaardig met die pen nie, kon hy wanneer dit vereis word sy gedagtes goed neerskryf. Hy het nooit veel van skryf gehou nie en daarom is daar nie veel oorspronklike geskrifte van hom bewaar gebly nie.[31]

Op Goedgevonden het Cronje opgegroei tot volwasse man. Ooreenkomstig die gewoonte van die tyd het hy 'n volle baard/.....

---

29). Herinneringen, 15 Augustus 1913.

30). B.V. 12 : Kopieboek van genl.P.A. Cronje gedurende die Eerste Vryheidsoorlog, 1880 -1881 . In hierdie kopieboek is ongeveer 130 kladblaaie, baie daarvan in genl.Cronje se eie handskrif geskrywe. Gedurende hierdie tyd het hy meer briewe as voorheen of daarna geskryf.

31). Sy kinders en kleinkinders kon geen dokumente in sy handskrif vind nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

baard gedra en tot ongeveer dertigjarige leeftyd sy bolip kaal geskeer. Daarna het hy ook sy snor laat groei en vir die res van sy lewe 'n volle pikswart krullerige baard en snor, wat op hoë ouderdom deur grys hare verkleur is, gedra.[32)]

Van kindsbeen af was hy stil van geaardheid, miskien effens teruggetrokke, het nooit veel gepraat nie, gewoonlik baie gou kwaad geword, maar wanneer dit vereis was, het sy weinige woorde kragtig en oortuigend ingeslaan.[33)] Hy was kort en skraal van liggaamsbou, daarby besonder rats en beweeglik. Met verloop van jare het hy meer geset geword, maar het selfs in sy sestigerjare as Boere-generaal aktief en beweeglik gebly.[34)]

W.T.Stead gee van hom die volgende beskrywing:-

> " He is of smallish stature and somewhat delicate appearrance. His face, embellish with the national beard of the Dutch Republic, is pleasant to look upon. It is not the face of a warrior or of a killer of men, but suggests homelike precepts against violence of any kind. Looking, indeed, at some schools of sacred painters to be met with in art tramps upon the Continent, I should, without intentional irreverence, describe Cronje's as a Christ-like face. It's expression is rather of sorrowing kindliness, of a wistful desire to be at peace with the world."35)

In/.....

---

32). Portrette wat op verskillende ouderdomme van Cronje geneem is, toon dit aan.

33). W.T.Stead:The Review of Reviews, bls. 215. Die beskrywing van Cronje is deur 'n sekere Mnr. Robinson, wat hom goed geken het, gegee.

34). Vgl. die laaste dae voor die oorgawe te Wolwekraaldrift.

35). W.T.Stead: The Review of Reviews, bls. 215.Beskrywing van Alfred Kinnear, 'n Engelse joernalis, kort na die oorgawe van genl. Cronje, 27 Febr. 1900.

'n Ander joernalis beskryf hom as volg:-

> " In person he is short in stature, very active, but reserved in speech. His face, with the heavy black beard, reminds one of the type Rubens and other old masters loved to paint. He is a member of the Executive, but I know that he rarely speaks, though when he does his words carry great weight. He is, in fact, one of those strong, silent natures, of a masterful disposition and the greatest determination. He is of fearless courage, and his men have the utmost confidence in him."

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In 1856, toe Cronje twintig jaar oud was, is hy vir die eerste keer opgeroep om teen 'n moorddadige k fferstam op kommando te gaan. Die moordbende het daarin gesl om hulle bergvestings te bereik voordat die kommando h on agterhaal. Sonder om 'n skoot te skiet het die burger toe gery. Vir Cronje was sy eerste ondervin- op kom ding teleurstelling.[36]

In dieselfde jaar, 1856, het M.W. Pretorius 'n poging aangewend om die Suid-Afrikaanse Republiek op 'n ferm basis te plaas deur die aanname van 'n nuwe Grondwet te bepleit.[37] Op 16 Desember 1856 is daar 'n Volks- en Volksraadsvergadering te Potchefstroom gehou om die nuwe Grondwet te bespreek en om 'n regering te kies.[38] Die Grondwet is aangeneem en M.W.Pretorius is tot President, S.Schoeman tot Kommandant-generaal, J.N.Visagie tot Staatsek gekies en M.A. Goetz en H.S.Lombardt as lede van die Uitvoerende Raad benoem.[39]

M.W. Pretorius was baie begerig om presid die Suid-Afrikaanse Republiek te wees, want dit sou hom in sy voorneme om die Transvaal en die Oranje-Vrys verenig. Toe die presidentsverkiesing plaasgevind het, was Lydenburg reeds afgeskei en Zoutpansberg afkerig. Dit sou dus onnodig wees om onder sulke omstandighede 'n algemene presidentsverkiesing/.....

---

36). Herinneringen, 15 Augustus 1913.
37). Op 11 Nov. 1855 is M.W.Pretorius met 85 stemme deur die Wes-Transvalers tot president verkies.
38). Notule van die vergadering, 16 Desember 1856; Soutter-Kollekcie,Pkt.2, Nr. 11.
39). Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis Jaargang,Deel 11. 1941. Dr.F.A.F.Wichmann: Die dingsgeschiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek. 1838 - 1860.(Voortaan word hierna as volg verwys: Argief-jaarboek 1941.)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

presidentsverkiesing uit te skryf.[40]

M.W.Pretorius, die pasgekose president, is op 5 Januarie onder blyke van groot belangstelling ingesweer, terwyl die Republikeinse vlag by dieselfde geleentheid gehys is.[41] Die Volksraad het daarna in sy sitting opdrag gegee dat nuwe lede gekies moes word en dat die Volksraad onder die nuwe Grondwet in 1857 sitting sou hê.[42] Omdat die Wes-Transvalers gehoop het dat die Lydenburgers hulle aan die nuwe Grondwet sou onderwerp, is hulle van hierdie besluite in kennis gestel.S.Schoeman het die inswaringsplegtigheid nie bygewoon nie en kon dus nie as Kommandant-generaal bevestig word nie. 'n Deputasie is op 12 Januarie 1857 afgestuur om hom tot ander sienswyses oor te haal , maar hy wou nie gehoor gee nie en het die nuwe vlag wat aan hom gegee is, nie aangenoem nie.[43] Hierdie houding van Schoeman het die gevoelens in die Transvaal hoog laat loop.

Terwyl die kieme vir party politiek en broedertwis in die Suid-Afrikaanse Republiek gebore is, het Cronje sy aandag aan die plaswerk te Goedgevonden gewy.Hy was nog ongehuud en het nie aan die openbare lewe deelgeneem nie.Omdat Potchefstroom die hoofstad van die Suid-Afrikaanse Republiek was en al die vergaderings hier gehou is , kon Cronje die gebeurtenisse haarfyn volg en so 'n mate van insig in die politieke woelinge van daardie dae kry. Hierdie gebeurtenis het/.....

40). De Zuid Afrikaan, Febr. 1857; De Hervormer, 23 Julie 1926,bls. 21.
41). Notule van die vergadering,16 Desember 1856,art.8. Soutter-Kollekslo,Pkt. 2 Nr.11.
42). Argief-jaarboek 1941,bls.176.
43). Kommissieraadsnotule,17 Febr. 1857.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het later baie daartoe bygedra om sy politieke oortuiging te bepaal.

Teen hierdie tyd was Pretorius ook begerig om sy verenigingsplanne met die Oranje-Vrystaat deur te voer. Op 20 Desember het daar in die "Bloemfontein Gazette" 'n proklamasie verskyn , waardeur Transvalers wat grond in die Oranje-Vrystaat besit het, verplig sou wees om binne ses maande die grond te verkoop of dit anders sou verbeur. Hierdie bepalings het die nodige aanleiding tot Pretorius se inmenging in die Vrystaatse aangeleenthede gegee.[44)]

Voordat Pretorius na die Oranje-Vrystaat afgereis het, het hy op 17 Februarie 1857, met toestemming van twee Uitvoerende Raadsledé, 'n Kommissieraadsvergadering te Potchefstroom gehou om die genoemde ordonnansie te bespreek.[45)] Op hierdie vergadering is besluit om M.W.Pretorius en M.A. Goetz na die Vrystaat af te vaardig. Hulle het na afloop van die vergadering vertrek.[46)]

By sy aankoms in Bloemfontein was dit die Vrystaat se jaardag. Alhoewel hy uitgenooi is om die plegtighede by te woon, het hy die uitnodiging van die hand gewys en voorgegee dat dit nie in ooreenstemming met sy instruksie sou wees nie. Dieselfde nag het daar 'n opskudding in die strate van Bloemfontein plaasgevind en is getrag om die Vrystaatse presidentwoning/.....

---

44). Argief-jaarboek 1941, bls.182.

45). Kommissieraadsnotule,Potchefstroom, 17 Febr. 1857: SS.9, R.1334/57.

46). The Friend of the Free State, 28 Febr. 1857.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

presidentswoning binne te dring. Die volgende môre het president Boshoff aan die voorsitter van die Volksraad verslag gedoen en te kenne gegee dat Pretorius gekom het om hom as president van die Oranje-Vrystaat te laat uitroep.[47]

Boshoff het die Volksraad aangeraai om Pretorius nie aan te hoor nie, maar onmiddellik uit die land uit te beveel. Die Volksraad het hom tog agter geslote deure aangehoor. Pretorius het verklaar dat hy in die eerste instansie gekom het om protes aan te teken teen die ordonnansie van 20 Desember 1856 en om te bewys dat hy 'n stem in die Vrystaat gehad het. Hy het die Volksraad gewys op briewe van Sir George Cathcart en die Hertog van Newcastle oor die kwessie van die opheffing van Britse gesag oor die Oranjeriviergebied. Die Raad is ook verwys na die brief wat Andries Pretorius in verband daarmee aan die Engelse Koningin gerig het.[48] Hierin het hy die opheffing van die Britse gesag oor die gebied heftig bepleit.

Sy vader was indirek vir die onafhanklikheid van die Oranje-Vrystaat verantwoordelik. Op grond van hierdie bewyse het hy gekom om die Oranje-Vrystaat namens die Suid-Afrikaanse Republiek op te eis.[49]

Die Vrystaatse Volksraad het Pretorius versoek om sy buitensporige eise terug te trek of anders die land te verlaat/.....

---

47). Argief-jaarboek 1941, bls.184.

48). SS.4, R.514 a/53: Andries Pretorius aan Hare Majesteit, 25 Maart 1853.

49). Kommissieraadsnotule, 6 Maart 1857 in SS.9, R. 1374/57, art.3.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verlaat. Onverrigtersake het hy na die Transvaal teruggekeer. Op 'n Kommissieraadsvergadering te Potchefstroom het hy van sy sending verslag gedoen. Die Kommissieraad was erg verontwaardig en het 'n skrywe aan die Vrystaatse regering gerig waarin Pretorius se optrede goedgekeur en sy protes ondersteun word. Daarna is 'n Volksvergadering[50] gehou. Nog 'n skrywe is aan die Vrystaatse regering gerig waarin die Volksraad sy verontwaardiging oor die belediging Pretorius aangedoen, beklemtoon. As Pretorius onwettig gehandel het, moes die Vrystaatse Volksraad hom voor 'n Geregshof gedaag en nie beledig het nie.[51]

Die Vrystaatse president het intussen met S. Schoeman begin saamwerk. Dit het die Transvalers met agterdog bejeën. Dit het hulle onder die indruk gebring dat Boshoff vir Schoeman teen die Transvaal wou steun. Die Vrystaatse president het die Winburgers opgekommandeer. Op 'n skrywe van 'n veldkornet langs die Vaalrivier waarin hy vra watter reëlings hy moes tref i.v.m. 'n moontlike inval vanuit die Vrystaat, het die Transvaalse regering handelend opgetree. Goetz het opdrag gegee dat 'n kommando op 25 April 1857 na die Vaalrivier moes vertrek.[52]

Sake het nou 'n ernstige wending geneem. President Boshoff het sy burgers beveel om die Transvaalse grens oor te steek, met die Lydenburgse kommando's te verenig en op die manier Pretorius se regering tot 'n val te bring. Die Vrystaatse/.....

50). Dit was nie 'n verteenwoordigende vergadering nie maar meestal ondersteuners van Pretorius.
51). Volksraadsnotule, 7 Maart 1857.
52). SS.9, R.1476/57 : M.A. Goetz aan Oud-kommandant Scholtz.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vrystaatse kommando was al 'n hele ent op pad toe die Transvaalse burgers finaal opgekommandeer is.[53] Die botsing het egter nie plaasgevind nie. Van beide kante is skikkings getref voordat vyandelikhede begin is. Pretorius het die eerste politieke stryd te bowe gekom en daarin geslaag om tydelik rus en vrede te herstel.[54]

Cronje was ook een van die opgekommandeerde Transvalers maar hy het nie met die kommando saamgegaan nie. Hy het voorgegee dat hy nie lus gevoel het om teen sy eie mense te veg nie.[55] Teen hierdie tyd wou hy ook nie graag van die plaas weggaan nie, want hy was besig om voorbereidingsplanne vir 'n huwelik te maak. Hy het so pas aan Hester Susanna Visser, dogter van Johannes Hendrik[56] en Jacomina Margaretha (gebore Esterhuizen) verloof geraak en die huwelik sou nog in dieselfde jaar voltrek word.[57]

Cronje het fluks gevorder. Teen die end van die jaar het hy sy planne agtermekaar gehad. Op 24 Desember 1857, is hy in die Nederduits Hervormde kerk, Potchefstroom, met die agtienjarige Hester Visser in die eg verbind. Die huwelik is deur Ds. Dirk van der Hoff bevestig.[58] Dit was 'n gelukkige/...

---

53). R.1538/57 en R.1540/57 : Oproep van M.W.Pretorius 14 en 15 Mei 1857.
54). Argief-jaarboek 1941 , bls.184 e.v.
55). Herinneringen, 15 Augustus 1913.
56). Prof.Dr.S.P.Engelbrecht: Eeufees-Album van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. 1842 -1942,bls.24. In die omgang was hy as Jan Boomplaas bekend. Hy was een van die stigters van die Potchefstroom-gemeente, en het jare lank as ouderling gedien.
57). Boedel Nr.17206: Boedelpapiere van wyle Mevr. H.S.Cronje- Hooggeregshof, Pretoria. Hester Susanna Visser is te Weenen, Natal, gebore.
58). Huweliksregister van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Potchefstroom.1838 - 1885. Die oorspronklike register is in die Nederduitse Hervormde Kerk te Potchefstroom te vind.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gelukkige huwelik waaruit nege kinders, vyf seuns en vier dogters, gebore is.[59]

Na die huwelik het Cronje 'n gedeelte van sy vader se plaas, Goedgevonden, gekry om op te boer. Eiehandig het hy 'n woonhuis gebou, landerye aangelê en hom so goed as moontlik vir die toekoms ingerig. Sy eggenote was 'n stil, minsame en deeglike huisvrou. Gasvryheid en vriendelikheid was haar vernaamste kenmerke. Vir vreemdes en bloedverwante was dit 'n plesier en 'n voorreg om by haar aan huis te kom.

Haar en haar man se lewe het 'n pragtige eenheid gevorm. Hulle het mekaar se lief en leed gedeel. Net soos in hulle ouerlike huise, het daar vanuit die staanspoor 'n streng godsdienstige atmosfeer geheers. Hulle kinders is in die vrees van die Here opgevoed.[60]

Die egpaar was baie geheg aan mekaar en dit het slegs in buitengewone gevalle gebeur dat hulle lank van mekaar geskei is, soos wanneer daar bv. kafferonluste plaasgevind het en Cronje van sy plaas weggeroep is om daar sy plig te doen.

---

59). Boedel Nr. 17249 : Boedelpapiere van genl.P.A.Cronje-Hooggeregshof, Pretoria;
Boedel Nr. 17206 : Boedelpapiere van Mevr. H.S.Cronje-Hooggeregshof, Pretoria.

60). P.A. Cronje aan skrywer, 22 Desember 1943: P.A.Cronje is die enigste nog lewende seun van wyle genl.P.A. Cronje. Hy is op 22 Desember 1866 gebore en woon tans te Rhenosterfontein, Pk.Kuilfontein, oor Zeerust.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 2.

ASSISTENT-VELDKORNET.

Piet Cronje het in 1857 sy openbare lewe begin deur die betrekking van Assistent-veldkornet te aanvaar.[1] Dit was 'n betrekking wat net onder die van die veldkornet gestaan het. Die Assistent-veldkornet het presies dieselfde werk as die veldkornet gedoen en het tydens sy afwesigheid in sy plek opgetree.[2]

As Assistent-veldkornet het Cronje in 'n half- militêre en half- siviele hoedanigheid in die wyk Schoonspruit opgetree.[3] Sy pligte was menigvuldig van aard, sodat hy nie al te veel van sy tyd aan die boerdery kon wy nie. Hy moes al die goewermentskennisgewings in sy wyk bekendmaak en ook vir die uitvoering van die wette sorgdra. Dit was 'n vermaende plig en om behoorlik hieraan te voldoen, moes hy noodwendig baie rondry om persoonlik die kennisgewings af te lewer en toe te sien dat die opdragte van die regering nagekom word. Hy het sy wyk en die inwoners baie goed geken. Dit was ook een van sy pligte om lyste te hou van persone wat die wyk inkom of verlaat. In- of wegtrekkende burgers was verplig om hom kennis te gee. Dit was ook sy taak om lyste van diensplichtige burgers, wat in drie verskillende groepe ingedeel is, te hou.[4] Die landdros het van hom twee maandelikse verslae/.....

---

1). Herinneringen, 15 Augustus 1913; De Volksstem, 7 Febr. 1911.(Oorsig van die lewe van genl.Cronje); The Klerksdorp Mining Record,10 Febr.1911.(Ibid.).

2). G.W.Eybers: Select Constitutional Documents Illustrating South African History. 1652 - 1910, bls. 410, art. 2. Hulle word vir 5 jaar of langer aangestel en is herkiesbaar.

3). J.D.Vorster: Die Verdedigingstelsel van die Suid-Afrikaanse Republiek tot 1864, bls.46.(M.A. verhandeling,Univ.v.Pret. Ongepubliseerd).

4). Die drie groepe was : Burgers van 16 tot 30 jaar.
Burgers van 30 tot 45 jaar.
Burgers van 45 tot 60 jaar.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

slae van al die belangrike gebeurtenisse in sy wyk ontvang. In geval van onnatuurlike sterfgevalle het hy 'n lykskouing gehou en daarna verlof toegestaan om die oorledene te begrawe.[5]

As daar misdade in sy wyk plaasgevind het, het hy dit aan die landdros of die Staatsprokureur gerapporteer en intussen self ondersoek ingestel. In sekere gevalle kon hy mediese hulp inroep. Van elke misdaad of lykskouing is behoorlik aantekening gehou en later aan die Staatsprokureur opgestuur.[6]

Dit was ook sy plig om misdadigers te arresteer en aan die gereg uit te lewer. Slegs wanneer hy in besit van 'n lasbrief is, die misdadiger op heterdaad betrap word of as die persoon homself by hom kom oorgee, kon hy 'n oortreder in hegtenis neem. Rondlopers en verdagte inboorlinge kon sonder meer gearresteer word. Die gevangenes is sonder versuim na die Landdroskantoor gestuur. As 'n Assistent- of veldkornet sy plig in hierdie verband versuim het, het hy homself aan 'n boetestraf blootgestel.[7]

Die Assistent-veldkornet was ook belas met die toesig op die behoorlike bevordering van die poswese en instandhouding van paaie binne sy wyk. Dit was sy plig om die belange van sy wyk te bevorder, heelhartig met die amptenare van ander wyke saam te werk, in 'n onpartydige hoedanigheid op/.....

---

5). G.W.Eybers, bls. 411; J.D.Vorster, bls.47.

6). Ibid., blse.411 en 412; Ibid., bls.48.

7). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

op te tree, geskille uit die weg te ruim en sover as moontlik te probeer om hofsake te voorkom.[8]

Die inboorlinge in sy wyk het onder sy toesig gestaan. Hy het passe aan hulle uitgereik en by hom is aansoek gedoen voordat naturelle in diens genoem is. Sendelinge het van hom verlof gekry as hulle onder die naturelle in sy wyk wou arbei. Hy het gesorg dat sterk drank nie onder die naturelle versprei word nie en dat diensbodes behoorlike behandeling van hulle werkgewers ontvang. By verontagsaming of oortreding van hierdie regulasie het hy teen die betrokke persone opgetree.[9]

As daar nuwe inwoners sy wyk binne getrek ..., het hy plase afgemeet en dit vir hulle aangewys. Smokkelhandel in ammunisie en wapens is deur hom onderdruk. Al die inwoners van sy wyk was gehoorsaamheid aan hom verskuldig. Sy gesag kon hy alleen stiptelik binne die grense van sy wyk handhaaf.[10] Gedurende oorlogstye het hy as aanvoerder van die burgers van sy wyk opgetree en as offisier het hy sitting op die krygsraad gehad.[11]

Uit hierdie werksaamhede wat op die skouers van 'n assistent-veldkornet geplaas is, blyk dit duidelik dat sy pligte veelvuldig van aard was. Dit was 'n byna voltydse werk en om hierdie veelsydige pligte behoorlik uit te voer, moes hy sy ander belange soms afskeep. Dit was meer 'n erebetrekking/.....

---

8). G.W.Eybers, bls.413, artt. 26 en 27; J.D.Vorster, bls.49.

9). Ibid., bls.414, artt.39,40 e.v.; J.D.Vorster, bls.49.

10). Ibid.

11). Ibid., bls.389, art.112.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

betrekking en slegs 'n sport op die leer om later die hoër militêre betrekkings van kommandant en Kommandant-generaal te bereik. Die vergoeding van 200 Rds. per jaar was verreweg nie genoeg om dit 'n aanlokkelike betrekking te maak nie.[12)]

Cronje se ampspligte het baie van sy tyd in beslag geneem, maar sy boerdery het nie stilgestaan nie. Hy was hardwerkend en het genoeg tyd gevind om sy plaas te bewerk. Die toekoms het belowend gelyk. Tog was die rus en vrede wat deur Pretorius herstel is, slegs tydelik van aard. In die begin van Maart 1859 het die moeilikheid opnuut begin. Na die Volksraadsvergadering van 4 Maart 1859 het die Vrystaatse president met verlof na Natal vertrek en gedurende sy verloftyd sy bedanking ingestuur. M.W.Pretorius is deur die Unie-party, wat tenguns te van vereniging met die Suid-Afrikaanse Republiek was, versoek om hom vir die presidentskap verkiesbaar te stel. Dit het Pretorius geredelik gedoen, want sy verenigingsideaal het nog net so sterk as voorheen in hom gebrand. Met 'n groot meerderheid van stemme is hy gekies.[13)]

Hy het onmiddellik ses maande verlof van die Volksraad aangevra om hom buite die land te begewe met die doel om sy nuwe betrekking te gaan aanvaar.[14)] Die verlof is toegestaan en J.H.Grobler, lid van die Uitvoerende Raad, het waarnemende/.....

---

12). Locale Wetten, bls.68,art.231.

13). J.H.van Dyk : Die Burgeroorlog in die Suid-Afrikaanse Republiek. (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Univ. van S.A., blse.34 -35.).
Pretorius het 1282 stemme teenoor E.R.Snyman, wat die tweede meeste ontvang het, se 191 behaal.

14). Staatscourant der Z.A.Republiek,17 Februarij 1860.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waarnemende president geword.[15]

Nadat Pretorius op 8 Februarie 1860 die ampseed afgelê het,[16] was sy eerste stap om die Vrystaters se gevoelens oor die vereniging met die Suid-Afrikaanse Republiek te pols. 'n Referendum is gehou en die uitslag was 1076 stemme vir en 104 teen vereniging.[17] Hierna is 'n kommissie gekies om saam met Pretorius na die Transvaal af te reis om met die Volksraad die verenigingsplanne te bespreek. Op 4 April 1860 het Pretorius en die Vrystaatse Verenigingskommissie die Volksraad ontmoet, maar hulle kon nie tot 'n ooreenkoms geraak nie. Baie ingesetenes van die Suid-Afrikaanse Republiek was teen Pretorius gekant omdat hy hom die presidentskap van die Oranje-Vrystaat laat welgeval het. Die Verenigingskommissie moes onverrigtersake terugkeer, terwyl die Volksraad besluit het dat Pretorius hom tydens sy verlof nie in sake ten noorde van die Vaal moes meng nie.[18] Hy is opgeroep om voor die e.v. vergadering van die Volksraad in September 1860 verantwoording te doen van sy verrigtinge gedurende sy verloftyd en is van sy amp ontslaan.[19]

Op 10 September 1860 het die Volksraadsitting begin. Die gedrag van Pretorius is druk bespreek. Na hewige woordewisseling is ses dae later besluit dat alle sake of transaksies tussen hom en die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek/.....

15). Staatscourant der Z.A.Republiek, 17 Februarij 1860.

16). Notulen O.V.S.Volksraad, 8 Febr. 1860.

17). J.H.van Dyk, bls.40.

18). Ibid., bls.42.

19). Ibid., bls.43.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Republiek definitief afgebreek is.[20]

Pretorius het hierna al sy kragte ingespan om sy verlore invloed te probeer herwin. Hieruit is burgeroorlog gebore.[21]

Andries P.Cronje, Piet Cronje se vader, is by die Volksraadsitting van 10 September 1860 as pasgekose lid vir Potchefstroom voorgestel.[22] Hy was 'n man van aansien wat op politieke gebied die Pretorius-party geopponeer het. Hy was 'n ou inwoner van Potchefstroomdistrik en het vir homself veral op kerklike gebied naam gemaak. Hy was vir jare agtereenvolgens ouderling van die Nederduits Hervormde kerk en ook lid van die Algemene Kerkvergadering.[23]

Cronje het netsoos sy vader 'n politieke teenstander van Pretorius en sy party geword.[24] Gedurende hierdie tyd het hy sy aandag aan sy plaaswerk en aan die uitvoering van sy pligte as veldoffisier gewy. Hy het nog nie aktief aan die politieke lewe deelgeneem nie. Sy vader het hom in hierdie verband voorgegaan en hom seker van tyd tot tyd oor die toestande van die land ingelig.[25]

Aan die begin van die burgeroorlog wou Cronje hom nie in die stryd werp nie. Netsoos voorheen het hy beweer dat/.....

---

20). E.V.R.6,art.144,par.6, Volksraadsbesluite,Sept.1860.
21). J.H.van Dyk, bls.62.
22). Notulen der verrigtingen van den H.Ed. Achtbaren Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek,te Pretoria, den 10 den September,1860.; Gouvernements Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek, Potchefstroom, October 26, 1860.
23). Prof.Dr. S.P.Engelbrecht: Eeufees-Album van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.1842 - 1942, bls.24; Lidmaatsregister van die Ned.Herv., Potchefstroom, 1838 - 1885: Piet Cronje was ook lidmaat van dieselfde gemeente.
24). Herinneringen, 15 Augustus 1913. Hy het later eers aan die burgeroorlog deelgeneem en kant gekies vir die regering teen Pretorius.
25). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dat dit vir hom 'n nare gedagte is om teen sy eie mense te veg.[26] Vir eers het hy hom buite die twiste gehou. Op sy plaas het hy die gebeurtenisse gevolg en verdere verwikkelings afgewag. Die Pretorius-party onder Schoeman, wat in April 1860 met Pretorius versoen geraak het, het die stryd met Kruger, leier van die teenparty, begin. Van beide kante is pogings aangewend om 'n oplossing te vind, maar die moeilikhede wat hieruit voortgevloei het, was so ingewikkeld van aard dat daar slegs meer verwarring geskep is.[27] Die vyandskap tussen die twee partye het vererger en wapengeweld het gevolg. Na 'n reeks van skermutselings tussen Kruger en Schoeman was laasgenoemde genoodsaak om teen die end van 1862 na die Vrystaat uit te wyk.[28]

Dit het hierna gelyk of die moeilikhede opgelos is., te meer omdat M.W. Pretorius in Maart 1863 die presidentskap van die Oranje-Vrystaat bedank het. Hy het egter dadelik weer die kandidatuur vir die presidentskap van die Suid-Afrikaanse Republiek aanvaar. Met 'n geringe aantal stemme het hy teen W.C. Janse van Rensburg uitgeval.[29] Die Pretorius-party was baie ontevrede met die uitslag en noudat Schoeman van die toneel verdwyn het, het 'n ander vurige ondersteuner van Pretorius, nl. kommandant J. Viljoen van Marico, na vore getree, die leiding op hom geneem en opnuut die stryd met Kruger begin. Met 'n aantal gewapende Maricoaners het/.....

26). Herinneringen, 15 Augustus 1915.

27). J.H. van Dyk, bls. 62.

28). R.181/63: Schoeman het twee kanonne en 'n vlag met hom saamgeneem.

29). Die uitslag van die verkiesing was: Van Rensburg - 1106 stemme en Pretorius 1065 stemme.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het hy na Potchefstroom vertrek waar hy teen die end van November 1863 aangekom het.[30]

Paul Kruger het nadat hy van Viljoen se bewegings in kennis gestel is, vinnig van Rustenburg na Potchefstroom opgetrek om die kwaadgesindes te straf. By sy aankoms vind hy dat Viljoen reeds die dorp beset het. Hy probeer skikkings tref maar word onverwags aangeval en 140 van sy manskappe gevange geneem. Kruger was verplig om in alle haas oor die Vaalrivier te vlug en 'n tydlank daar te vertoef met die hoop dat sy manskappe mettertyd vrygelaat sou word.[31]

Teen die middel van November het Viljoen na Pretoria vertrek. Sake het so 'n ernstige wending geneem dat baie burgers wat tot dusver tuisgebly en nog nie aan die burgeroorlog wou deelneem nie, ook verplig was om kant te kies.[32] Cronje was een van hierdie persone. Sonder twyfel het hy hom aan die kant van die regering geskaar. Hy het sy eggenote en kindjie[33] op die plaas agtergelaat en hom by die kommando van Kruger wat intussen weer na die Transvaal teruggekeer het, gevoeg.[34]

By sy aankoms in Pretoria het Viljoen gevind dat Kruger en sy leër na die kant van die Krokodilrivier uitgewyk/.....

---

30). Van Dyk, bls. 95.

31). Staats-Courant, 16 Februarij, 1864. Verslag van die president, 10 Febr. 1864.

32). J.H. van Dyk, bls. 95.

33). Boedel Nr. 17429 - Hooggeregshof, Pretoria. (Boedelpapiere van genl. P.A. Cronje): Johannes Hendrik is in 1861 gebore. In genl. Cronje se boedel word hy as oudste kind genoem - ook in die boedel van wyle Levr. Cronje. Die seun het sy moeder se vader se naam. Die oudste seun moes Andries Petrus geheet het. Daar moes dus 'n ouer seun gewees het. Hy moes vroeg gesterf het.

34). Herinnoringen, 15 Augustus 1913.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

uitgewyk.het. Van hierdie geleentheid het hy gebruik gemaak om op 29 Desember 1863 te Pretoria 'n proklamasie uit te vaardig waarby hy die publiek waarsku om nie by die party van Kruger aan te sluit nie. Die burgers het hulle nie daaraan gesteur nie en by Krokodilrivier by Kruger se kommando aangesluit. In begin Januarie 1864 het Viljoen na die Krokodilrivier opgetrek om uit te vind waarom daar nie aan sy oproep gehoor gegee is nie.[35)]

By sy aankoms daar op die 5 e het daar 'n ernstige botsing plaasgevind. Beide kante het getrag om 'n sekere koppie stormenderhand in te neem. 'n Kort maar hewige geveg het gevolg, waarin Viljoen en sy manskappe verplig was om die aftog te blaas. Etlike gewondes en gesneuweldes het op die slagveld agtergebly.[36)]

Die volgende dag het M.W.Pretorius as bemiddelaar opgetree en is besluit om vredesonderhandelinge aan te gaan. Op 8 Januarie 1864 het die afgevaardigdes van beide leërs by die Krokodilrivier bymekaargekom en is die broedertwis en burgeroorlog beëindig.[37)] Die afgevaardigdes het ooreengekom dat die bestaande regering tot die verkiesing erken/.....

---

35). Staats-Courant,16 Februarij 1864. Kennisgewing deur J.W.Viljoen en H.Stiemens namens die krygsraad van die Volksleër(die leër van Viljoen en die Pretoriusparty).

36). Van Dyk, bls. 96; Theal : Progress of South Africa in the Century,bls.376.

Van Dyk toon die verliese as volg aan:-

VILJOEN: Gesneuwel: S.du Preez,W.Bester,M.W.Pretorius (veld.van Pretoria), P.De la Rey en P.Winnaard.Gewond: 40.

KRUGER: Gesneuwel: J.Enslin,Jan Viljoen (kommandant van Waterberg),P.Snyman en 6 gewond.

37). Ibid. Die afgevaardigdes was die volgende:-

KRUGER.	VILJOEN.
S.J.P.Kruger.	M.W.Pretorius.
S.J.Grobler.	T.F.J.Steyn.
S.T.Prinsloo.	J.J.Fourie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

erken sou word en tot dan ongehinderd met sy werksaamhede sou voortgaan.[38]

Pretorius is kort hierop met 'n meerderheid van stemme tot president van die Suid-Afrikaanse Republiek verkies en op 10 Mei 1864 het hy die ampseed afgelê.[39]

Die broedertwis en burgeroorlog was afgedaan. Cronje het na die vrede herstel is, na sy plaas teruggegaan. Die stryd en tweedrag van die afgelope jare is vergeet. Op sy plaas en in sy wyk kon hy sy gewone pligte onbelemmerd waarneem. Maar lank sou hy nie op die plaas bly nie. Die volgende jaar was hy weer in die veld. Op 27 Junie 1865 het die Basoeto's 'n gesselskap Boeretransportryers wat op weg was na Pretoria by die Drakensberge op verraderlike wyse aangeval, die mans vermoor, die konvooi buitgemaak en slegs 'n weduwee Pretorius gespaar.[40]

Die Suid-Afrikaanse Republiek was baie verontwaardig oor die koelbloedige moord en het daarom op 5 Julie 1865 teen Moshesh, opperhoof van die Basoeto's, oorlog verklaar. Aan die hoof van die Transvaalse kommando, 300 man sterk het Paul Kruger gestaan. Cronje het hierdie ekspedisie meegemaak.[41]

By/.....

---

38). J.H.van Dyk, bls.96.

39). Ibid. Die uitslag van die verkiesing was:-
Pretorius : 1519 stemme.
Van Rensburg : 1118 stemme.

40). J.J.G.Grobbelaar : Die Verhouding tussen die Vrystaat en Basoetoeland, 1854 - 1869, bls.53.(Ongepubliseerde M.A. Verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika).

41). Ibid.; Basoetoland Records 111; Kruger se oproep was as volg:- "Daarom op dan broeders! Op dan mede-burgers! Verleent hulp waar het gevaar dreigt !"

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

By Nauwpoort het die kommando laer getrek. Vandaar het Kruger 'n boodskapper na Molapo, seun van Moshesh, gestuur om hom te versoek om die moordenaars van die transportryers uit te lewer. Terwyl die Boere sy antwoord afgewag het, het die Basoeto's in die nag van 28 September 'n onverwagte aanval gemaak.[42] Die aanval is afgeslaan, die kommando het verder getrek en op 6 Oktober met die kommando van generaal Fick van die Oranje-Vrystaat verenig. Die gesamentlike Boeremagte het die Basoeto's op 23 Oktober te Cathcartsdrif op die Caledonrivier aangeval.[43]

In die geveg wat gevolg het, het Cronje en vier burgers 'n twintigtal Basoeto's , wat met 'n klompie vee op vlug was, aangeval. Nadat hulle amper van die kommando afgesny was en gevaar geloop het om omsingel te word, het ander burgers daarin geslaag om hulle oop te veg. Cronje en sy maats het al die vee bemagtig.[44]

Die Transvalers en die Vrystaters het daarna oor die verdeling van die buitgemaakte vee getwis. Die Transvaalse kommando kon, nadat hierdie twisappel gewerp is, nie verder veg nie en het na die Transvaal teruggekeer.[45]

Cronje het hom hierna vir 'n tydlank ongestoord aan sy boerdery gewy. In die Transvaalse grondgebied is in die tyd diamante ontdek. 'n Periode van ekonomiese welvaart het hierna ingetree. Ook Cronje het daarin gedeel want deur/.....

---

42). J.J.G.Grobbelaar, Ibid. Die ongevalle was: Ses Boere en 54 Basoeto's gesneuwel.

43). Ibid.; Manfred Nathan: Paul Kruger and his Times, bls. 77 .

44). Herinneringen, 15 Augustus 1913.

45). J.J.G.Grobbelaar, Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

deur sy ywer en die goeie afsetgebied wat die Boere vir hulle plaasprodukte gehad het, het hy daarin geslaag om binne 'n paar jaar tot 'n selfstandige boer te ontwikkel.[46]

As assistent-veldkornet het hy sy pligte ook getrou nagekom. Die belange van sy wyk het hy goed behartig. Die rus en vrede binne die wyk is strong gehandhaaf. Gedurende hierdie tyd was daar geen oorloë in die Republiek nie en kon die burgers hulle aandag aan die plaaswerk bestee. Die belastings is goed betaal want die transportryery het baie geld ingebring. Onder sulke omstandighede kon hy sy pligte sonder veel moeite vervul.[47]

Teen die end van Julie 1869 het Cronje sy magte as assistent-veldkornet te buite gegaan en as gevolg hiervan voor die hof van Landdros en Heemrade te Potchefstroom te r g gestaan.[48] Die aanklag teen hom was dat hy met 30 gewapende burgers die grens van sy wyk oorgegaan en aan die oorkant van die Hartsrivier 'n kafferkraal opgeruim het. Die kaffers, meide, kinders en die vee het hy saamgeneem en onder die mense van Schoonspruit verdeel.[49]

Dit was 'n ernstige oortreding want in die instruksies vir assistent- en veldkornette word dit duidelik bepaal dat hierdie amptenare verplig was om hulle stiptelik binne die grense van hulle partikuliere wyke te hou. Hulle moes/.....

---

46). Herinneringen, 15 Augustus 1913.

47). Argief van die Landdros van Potchefstroom. Diverse Stukke.

48). Landdros Potchefstroom: Bundel 34, 24 Augustus 1869.

49). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moes hulle nie bemoei met aangeleenthede van ander wyke nie.[50]

Cronje was haastig van geaardheid, daarby baie eiesinnig en sou hom nie maklik van koers laat bring as hy eenmaal 'n besluit geneem het nie. Daarom het hy in die geval die landswette oortree en hom aan 'n ernstige aanklag skuldig gemaak.

Die saak is op 4 Augustus 1869 verhoor. Veldkornet B.H.Swart, wyk Schoonspruit, het verklaar dat Cronje die opdrag sonder sy toestemming uitgevoer het en hom dus aan wangedrag skuldig gemaak het. Cronje is skuldig gevind en 'n boetestraf opgelê.[51]

Hieroor was hy boos. Hy het Swart se aantyging as 'n growwe belediging beskou en hom versoek om sy woorde terug te trek. Dit wou Swart nie doen nie. Cronje het nie kans gesien om onder sulke omstandighede sy betrekking langer te hou nie. Twee dae later het hy die regering in 'n skrywe versoek om hom eervol uit sy betrekking te ontslaan.[52]

Die/.....

---

50). J.D.Vorster, bls. 49; G.W.Eybers, bls.415, art.54:-
" De Veldcornetten zullen stiptelijk waken voor de wet waarbij die zich schuldig maakt aan het vervoeren van kleurlingen, of hunne kinderen over de grenzen der Republiek , of die gemelde jonge kleurlingen verhandelen of verkoopen,beide, koopers en verkoopers zullen gestraft worden met ontneming der kleurlingen en eene boete van £100 tot £500, of bij onvermogen met gevangenisstraf."

51). Landdros Potchefstroom: Bundel 34, 24 Aug.1869; U.R.3, 26 Oktober 1869, art.13.

52).
Landdros Potchefstroom: Bundel 4: Brief van P.A. Cronje Potchefstroom, 6 Augustus 1869;
BB.782/69: Brief van die Staatsekretaris aan Landdros, Potchefstroom inhoudende kopie van brief van P.A. Cronje, Pretoria 17 Augustus 1869.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die regering het die saak ondersoek en besluit om aan Cronje se versoek te voldoen. 'n Ander assistent- veldkornet is gekies.[53] en op 26 Oktober 1869 is hy as assistent-veldkornet eervol ontslaan.[54]

---

53). Staats-Courant der Z.A.Republiek ,15 Maart 1870, Nr. 317, bls.1.
S.D.J.van der Merwe is as assistent-veldkornet in Cronje se plek gekies.

54). Uitv. Raadsbesluit, artt. 12 en 13, 26 Oktober 1869
Staats-Courant der Z.A.Republiek Nr.303, kennisgewing Nr. 189, 7 December 1869.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK. 3.

BOEREVOORMAN.

Nadat Cronje sy ontslag ontvang het, het hy hom op sy plaas teruggetrek en vir etlike jare nie aan die openbare lewe deelgeneem nie. Daarvoor was sy gevoelige gees en eiewysheid nie bereid nie. Sy eer was gekrenk. Gedurende die sewentiger jare het hy hom nie weer as assistent- of veldkornet verkiesbaar gestel nie.[1] Hy het hom in sy boerdery verdiep en hard gewerk sodat hy vinnig vooruitgeboer het.[2]

Terwyl Cronje hom op sy plaas teruggetrek het, het die Suid-Afrikaanse Republiek met ernstige moeilikhede te kampe gehad. In 1871 het Pretorius as president bedank weens die ongelukkige afloop vir die Transvaal van die moeilikhede op die diamantvelde. Die Keate-uitspraak teen die Republiek het Pretorius se posisie onmoontlik gemaak. Die Republiek het op die tydstip behoefte aan 'n meer geskoolde staatshoof gehad. Die keuse het op Dr. Thomas Francois Burgers geval.[3]

Een/.....

---

1). Staats-Courant der Z.A.Republiek Nr. 317, 15 Maart 1870, bls.1: S.D.J.van der Merwe is in Cronje se plek as assistent-veldkornet vir die wyk Schoonspruit gekies.

Gedurende die sewentiger jare het die volgende persone die betrekkings beklee:-

VELDKORNET - Schoonspruit.

S.D.J.van der Merwe - Staats- Courant,Nr. 335,19 Julie 1870,bls.1;
P.L.Bezuidenhout - Staats-Courant Nr. 548,21 Okt. 1874, bls.1;
J.G.Röscher - Staats-Courant Nr.668,17 Jan.1877,bls.2;
A.P.Cronje (Cronje se vader)-Staats-Courant Nr.16,1881, bls.34.

Assistent-veldkornette.

J.P.Delport - Staats-Courant Nr.361,17 Jan.1871,bls.1;
N.J.Theunissen- Staats-Courant Nr.567,3 Maart 1875,bls.1;
G.J.Lombaard - Staats-Courant Nr.113,15 April 1879, bls. 139.

2). Herinneringen, 15 Augustus 1913.

3). Dr. S.P.Engelbrecht: Thomas Francois Burgers, bls. 90.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Een van Burgers se groot ideale was om 'n spoorweg van Pretoria na Delagoabaai te bou. Van die Volksraad het hy magtiging verkry om in Europa 'n lening van £300,000 vir hierdie doel aan te gaan. Met hierdie opdrag het hy na Europa vertrek en daarin geslaag om 'n lening te kry en in België 'n ooreenkoms met 'n firma te tref om spoorwegmateriaal tot 'n waarde van £63,000 vir die Suid-Afrikaanse Republiek te lewer.[4]

Na sy terugkoms uit Europa het daar moeilikheid met die Bapedi-opperhoof, Sekoekoeni, ontstaan. Die Volksraad het die saak deeglik bespreek en die regering gemagtig om die rebellie te onderdruk.[5] Toe die oorlog uitbreek, was daar geen leier nie, want in Mei 1873 het die Volksraad besluit dat die betrekking van Kommandant-generaal in vredestyd afgeskaf word.[6] President Burgers het Paul Kruger, Piet Joubert e.a. genader om die Kommandant-generaalskap aan te neem, maar almal het geweier. Burgers was verplig om persoonlik die kommando te vergesel, terwyl M.W.Pretorius en N.J.Smit respektiewelik as Kommandant-generaal en Luitenant-generaal opgetree het.[7]

Hierdie stap van Burgers het hom baie onpopulêr gemaak. In September 1876 het die Volksraad in 'n buitengewone sitting veral sy Onderwyswet en spoorwegpolitiek teen hom uitgespeel. Die Boere op die platteland was erg teen die spoorwegplan/.....

---

4). Dr.S.P.Engelbrecht: Thomas Francois Burgers, bls.184.

5). Ibid., blsc.197 - 199.

6). Volksraadsnotule, artt. 111 en 112, Mei 1876.

7). Dr.S.P.Engelbrecht, bls. 201.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

spoorwegplan gekant, omdat hulle daardeur baie minder transportwerk sou kry.[8] Cronje het hulle sienswyse gedeel. Hy was teen Burgers gekant en het die opinie gehuldig dat Burgers, omdat hy in Europa gestudeer het, die Transvaal op Europese model wou inrig. Die spoorwegbeleid van Burgers het hom afkerig gemaak. Cronje was oortuig dat die Transvaal nog nie in staat was om spoorwë te bekostig nie.[9] Spoorwegontwikkeling sou hom ook benadeel. Transportwerk het hom gedurende hierdie tyd baie geld in die sak gebring. Hy het ook nie aan die ekspedisie teen Sekoekoeni deelgeneem nie.[10]

Kort hierna is die Transvaal deur Sir Theo. Shepstone geannekseer.[11] Die anneksasiedaad het 'n geweldige opskudding veroorsaak. Oorlogswolke het gedreig om oor die Republiek los te breek. Op hierdie stadium kon daar nie aan gewapende verset gedink word nie, omdat die Republiek nie daarvoor gereed was nie. Op 10 Mei 1877 het Paul Kruger en Dr. Jorissen die Transvaal as Eerste Deputasie na Engeland verlaat met die vaste oortuiging dat as die Britse owerhede die ware toedrag van sake vernem, hulle die handelwyse van Shepstone sou afkeur.[12]

Die deputasie het onverrigtersake teruggekeer. In Januarie 1878 het Kruger voor ongeveer duisend Boere verslag uitgebring te Pretoria. Hier is 'n Volkskomitee gekies om/.....

---

8). Dr. S.P. Engelbrecht, blse. 190 - 191.
9). Herinneringen, 15 Augustus 1913; Volksraadsnotule, art. 1077, 25 Julie 1890. (Cronje i.v.m. spoorwegontwikkeling).
10). Herinneringen, 15 Augustus 1913.
11). Dr. S.P. Engelbrecht, bls. 353.
12). Dr. M. Heyns: Die Eerste Vryheidsoorlog. 1880 -1881, bls. 80. (Ongepubliseerde Doktorale proefskrif, Univ. van Pretoria. 1941);
J.D. Naude: Paul Kruger en die Eerste Anneksasie van Transvaal, 1877 -1881, bls. 83. (Ongepubliseerde M.A. verhandeling, Univ. van S.A., 1937).
Hy gee die datum foutiewelik as 9 Mei 1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

om verder in die saak te handel.[13] Aan Lord Carnarvon is 'n brief gerig waarin hy verwittig is dat die Volkskomitee ontevrede is omdat die deputasie niks uitgerig het nie. Op 23 Januarie het Kruger op die plaas Nauwpoort, distrik Potchefstroom, nog 'n vergadering toegespreek, waar 'n kommissie gekies is om naamtekeninge vir en teen die anneksasie op te neem. Op 4 April sou hulle 'n gesamentlike vergadering te Doornfontein, distrik Pretoria, hou.[14] Dit was die eerste Volksbyeenkoms waar die kommissie die volgende dag verslag gedoen het.[15]

Hier is besluit om nog nie geweld te gebruik nie, maar om 'n Tweede Deputasie na Engeland te stuur om langs vreedsame weg 'n oplossing te probeer vind. Hierdie Tweede Deputasie het bestaan uit Kruger en Joubert. Ook hulle het geen sukses behaal nie. Die deputasie het op 10 Januarie 1879 aan tussen 2,000 en 3,000 mense by Wonderfontein in die Potchefstroomse distrik 'n verslag van hulle sending gelewer.[16] Die gevoelens het hoog geloop. Baie burgers wou met geweld die wapens opneem, maar Kruger het aangetoon dat die tyd daarvoor nog nie aangebreek het nie. Daarop is Piet Joubert afgevaardig na Sir Bartle Frere, die Engelse Hoë Kommissaris, wat toe i.v.m. die Zoeloe-oorlog in Natal was om 'n oplossing te vind.[17] Sy sending was ook vrugteloos. Op 18 Maart 1879 het/.....

---

13). Dr. M.Keyns, blse.106 - 108.
14). Van Oordt: Paul Kruger en de Opkomst van de Zuid-Afrikaansche Republiek, bls.192; Dr. M.Keyns, bls.110.
15). J.A.Mouton: Generaal Piet Joubert in die geskiedenis van Transvaal tot 1884, bls.31. (Ongepubliseerde M.A.verhandeling, Univ. van Pretoria).
16). De Volksstem, 25 Jan. 1879; Dr.M.Keyns, bls.171; J.A.Mouton, bls.36 en Van Oordt, blse.243 -244.
17). Van Oordt, bls.245; Dr. M.Keyns, blse. 171 -172 en Mouton, bls. 37.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het hy op 'n vergadering te Kleinfontein, 36 myl van Pretoria, verslag gelewer. Daaruit het geblyk dat Sir Bartle Frere verwag het dat die Boere hulle aan die Britse kroon moes onderwerp.[18]

Op 4 Maart 1879 is Sir Owen Lanyan as Administrateur van die Transvaal ingesweer en kort daarna het hy agtien afgevaardigdes van die Volkskomitee ontmoet.[19] Die besprekings het op niks uitgeloop nie. Lanyan het beweer dat die Boere moes wag totdat Sir Bartle Frere hulle kon ontmoet. Op 10 April het hy 'n samespreking met die Volkskomitee gehou waar besluit is dat hy op 12 April die Komitee te Erasmusspruit (Kennopsrivier) alleen sou ontmoet.[20] Die volk het hierop geantwoord dat hulle ontevrede was met die uitstel, maar intussen sou wag met die hoop dat Haar Majesteit reg sou laat geskied.[21]

Sir Garnet Wolseley, die opvolger van Lord Chalmsford in die Zoeloe-oorlog in Natal en Hoë Kommissaris om Zoeloe- en Transvaalse sake te beslag, het op 'n skrywe van die Volkskomitee geantwoord dat die Koningin nie van plan is om die anneksasie ongedaan te maak nie.[22] Die Volkskomitee belê nou 'n vergadering vir 10 Desember 1879 te Wonderfontein.[23] Wolseley het probeer om die byeenkoms te belet deur/.....

---

18). De Volksstem, 25 Maart 1879; Dr. A. Keyns, bls. 180; J.A. Louton, bls. 40.
19). Staats-Courant, 27 Maart 1879, bls. 115. Die plaas waar die ontmoeting plaasgevind het, het aan 'n sekere Strydom behoort en dit was 14 myl van Pretoria geleë.
20). Staats-Courant, 12 April 1879, blse. 161 -169.
21). B.V.6: Antwoord van die volk aan die Komitee, Kleinfontein, 18 April 1879.
22). Dr. E.J.P. Jorissen: Transvaalsche Herinneringen, bls. 48.
23). B.V.6: Nr. 34: Notule van die vergadering te Wonderfontein, 30 September 1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

deur te proklameer dat deelneming aan die byeenkoms 'n persoon aan hoogverraad skuldig maak. Die Boere het hulle nie hieraan gesteur nie en op 10 Desember 1879 was daar meer as 6,000 burgers bymekaar. Vir die eerste keer sedert 1877 is die Vierkleur onder 'n salwo van geweerskote gehys.[24]

Cronje was ook by hierdie vergadering teenwoordig. Saam met sy landgenote het hy in die afgelope twee jaar teen die annekseasiedaad van Groot Brittanje geprotesteer, die vergaderings bygewoon en langs vreedsame weg probeer om 'n oplossing te vind. Maar dit alles het niks gehelp nie.[25] Die tyd om handelend op te tree, het nou aangebreek.

By hierdie byeenkoms het Kruger die aanwesiges gewaarsku dat die weg wat hulle wou inslaan, op lewe en dood, uitgeloop het; daarom moes hulle hulle woorde weeg en die gevolge van 'n onbesonne daad goed bedink.[26] Die wapens moes nie ligvaardiglik opgeneem word nie; Engeland was magtig.[27]

Op die vergadering is dertig voormanne gekies: vir elke wyk van elke distrik een persoon, in die meeste gevalle die veldkornet. Alhoewel J.G.Röscher en N.J.Theunissen die poste van veldkornet en assistent-veldkornet in die wyk Schoonspruit/...

---

24). Dr.M.Heyns, bls.230; J.A.Louton, bls.52; J.D.Naudé, bls. 144; J.G.Kotze: Biographical Memoirs and Reminiscences, bls.668 en 669; J.E.F.Jorissen, bls.49.

25). Herinneringen, 15 Augustus 1913.

26). De Volksstem, 16 Desember 1879.

27). B.V.2 , Nr. 13: Verslag van die vergadering van Wonderfontein, 10 Desmmber 1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Schoonspruit beklee het,[28] het die keuse op Cronje as Boere-voorman vir hierdie wyk geval.[29] Hy was onder die Schoonspruiters goed bekend en het hulle vertroue weggedra. By vorige geleenthede het hy hom reeds as 'n dapper krygsman onderskei. As assistent-veldkornet het hy hulle vir jare gedien; daarom was hulle bereid om die belange van hulle wyk en die behoud van die onafhanklikheid van hulle land ook aan hom toe te vertrou.[30]

Die volgende dag het hierdie dertig Voormanne onder voorsitterskap van M.P.Malan van Rustenburg, 'n brief aan die Volkskomitee gerig waarin hulle die komitee bedank het vir die werk wat tot dusver gedoen is. Hulle was begerig om 'n nuwe weg aan te wys om die anneksasie ongedaan te kry en hulle ou regering weer op te rig.[31] Voorts verklaar hulle dat, aangesien die Britse kommissarisse en ministers doof was vir geregtigheid en dat hulle verlore onafhanklikheid blykbaar nie teruggekry sou word nie, hulle eis dat die Vise-president dadelik as president moes optree; dat die president in ooreenstemming met die Grondwet die Volksraad moes oproep; hulle verklaar dat hulle nooit onder Britse gesag sou staan nie; hulle bly protesteer teen alle proklamasies; hulle wou niks anders as hulle onafhanklikheid hê nie; hulle was bereid om hulle lewes daarvoor op te offer; hulle eis dat hulle regering volgens die Grondwet herstel moes word. Dit/.....

28). Staats-Courant Nr.668,17 Jan.1877,bls.2 en Staats-Courant Nr.567,3 Maart 1875,bls.1.
29). B.V.2,Nr.13 : Verslag van die Vergadering van Wonderfontein, 10 Des. 1879.
30). Cronje was nou 43 jaar oud.
31). B.V.6. Nr.55: Brief van Boere-Voormanne aan die Volkskomitee, 12 Desember 1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit was die volk se begeerte dat die Volkskomitee die nodige stappe moes doen om hulle onafhanklikheid te herwin. As die komitee 'n beter weg daartoe weet, was dit hulle wens dat die Komitee dit dadelik aan die volk moes voorstel.[32)]

Hierdie beroemde besluit is op 15 September 1879 geneem. Die Volkskomitee was bereid om die besluite uit te voer, maar omdat dit 'n geruime tyd sou duur om al die maatreëls te tref, is 'n kommissie aangestel om alle voorkomende sake tot 6 April 1880 te behandel. Op hierdie datum sou weer 'n vergadering te Paardekraal, die plaas van M.W.Pretorius, gehou word.[33)] H.P.Malan, gesteun deur Cronje, het voorgestel dat, as daar nie voor 6 April uitvoering aan die voorstel gegee ... en die onafhanklikheid nie herstel is nie, alle verhoudings met Engelssprekendes en Engelsgesindes afgebreek sou word. Alle boeke, geskrifte en dokumente in die Engelse taal sou verbrand word, kinders uit Engelse skole geneem en geen herberg aan Engelssprekende en Engelsgesinde persone gegee word nie.[34)] In hierdie voorstel kom Cronje se minagting vir almal wat Engels of Engelsgesind is op die voorgrond.

Om sake te vererger en die Boere meer te verbitter, is W.E.Bok op 3 Januarie en M.W. Pretorius op 5 Januarie 1880 op beskuldiging van hoogverraad gearresteer omdat hulle onderskeidelik as sekretaris en voorsitter van die Volkskomitee die/.....

---

32). B.V.6.Nr.55 : Brief van Boere-voormanne aan die Volkskomitee, 12 Des. 1879.

33). Dr. M.Heyns, bls.233.

34). B.V.6 : Brief van Boere-voormanne aan die Volkskomitee, 15 Desember 1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die skrywe aan Sir Garnet Wolseley om hom in kennis te stel van die vergadering wat te Wonderfontein gehou sou word, onderteken het.[35]

Die gevangeneming van Bok en Pretorius het groot opgewondenheid onder die Boere veroorsaak. Cronje en sowat 300 gewapende burgers het by Mooirivier, naby Potchefstroom, bymekaargekom om die inhegtenisname te bespreek en planne te beraam om die gevangenes te bevry.[36]

Die ander Voormanne van die verskillende wyke van die distrik Potchefstroom het saam met Cronje vergader.[37] Nadat die vergadering geopen is, het Cronje opgestaan en daarop gewys dat die Voormanne almal van dieselfde rang en stand is. Dit was wenslik om een uit hulle midde as algemene of hoofvoorman te kies, sodat hy kon optree as die hoogste gesaghebbende persoon in die distrik met mag om beskerming te verleen aan diegene wat dit nodig het en verder algemene toesig te hou oor al die wyke in die distrik. Ongereeldhede in die distrik moes aan hom gerapporteer word. Cronje het P.Venter, lid van die Volkskomitee voorgestel, maar die wys dit van die hand omdat die verantwoordelikheid aan die pos verbonde vir hom te groot was. Willem Schoeman beskou die persoon wat eerste die nuttigheid van soiets ingesien het, die geskikste en stel Cronje voor. Die voorstel is met algemene/.....

---

35). Joubert-Kollekse, 2337 : M.W.Pretorius aan S.J.P.Kruger, Rustenburg, en P.J.Joubert, Wakkerstroom, Potchefstroom, 16 Maart 1880.

36). Dr. M.Heyns, bls.235; Kotze, bls.672; J.D.Naude, bls 65; Herinneringen, 15 Augustus 1913.

37). Die ander Voormanne was :-

P.Bezuidenhout	- wyk Mooirivier.
W.Schoeman	- wyk Vaalrivier.
A.Oosterhuizen	- wyk Gatsrand.
C.Kamfer	- wyk Makwassie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

algemene stemme aangeneem. Cronje het die pos van hoofvoorman aanvaar.[38] Die keuse was goed. Van nouaf het daar groot verantwoordelikheid op sy skouers gerus. Cronje was 'n man op wie sy medeburgers kon staatmaak; daarom kon hy die verantwoordelikheid dra.

Kruger het van die samekoms van Cronje en sy burgers te hore gekom. Hierdie onderneming kon maklik tot opstand en oorlog lei. Onder die onvoorbereide omstandighede waarin die volk verkeer het, sou so 'n oorlog baie nadelige gevolge gehad het. Om die rede het Kruger haastig na Mooirivier gereis om Cronje se voorgenome planne te belet. Op 10 Januarie 1880 het Kruger in Cronje se laer aangekom. Na baie moeite het hy daarin geslaag om die gewapende burgers van hulle plan te laat afsien. Hulle moes nie geweld gebruik nie en voorlopig na hulle huise terugkeer. Die raad is opgevolg. Kruger het ook daarin geslaag om Pretorius en Bok onder borgtog vry te kry.[39]

Die Volkskomitee het in 'n moeilike posisie verkeer. Hulle kon Engeland bra nie die oorlog aansê nie en het besluit om voorlopig maar eers 'n bietjie te wag. Op 'n volgende byeenkoms by Wonderfontein het hulle besluit om vir Kruger en Joubert as 'n deputasie na Kaapstad af te stuur. Sir Bartle Frere het gepoog om sy federasieskema deur die Kaapse parlement aangeneem te kry en die Boere wat hom met die Britse regering vereenselwig het, was beslis om dit te probeer/.....

---

38). Herinneringen, 15 Augustus 1913.

39). Dr. M.Heyns, bls.235; J.D.Naude, bls.146; Kotze, bls.673; Gedenkschriften, bls. 90; Van Oordt, bls. 291; Herinneringen, 15 Augustus 1913.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

probeer verhoed.[40] Dit is verder besluit om die Volksvergadering wat vir 6 April 1880 te Paardekraal beplan is, vir 'n onbepaalde tyd uit te stel.[41]

Die uitstelling van die vergadering moet toegeskryf word aan die verkiesingsveldtog wat daar in Engeland aan die gang was . Die leier van die opposisie, W.E.Gladstone, het geweldig teen die anneksasie geprat en die Boere het gedink dat hy, as hy eerste minister word, die anneksasie ongedaan sou maak. As die federasie-skema van Frere sou slaag, sou die verkryging van hulle onafhanklikheid moeiliker gemaak word. Daarom moes hulle alle moontlike kragte inspan om dit te laat misluk. Die sending na die Kaap het die regte uitwerking gehad. Hulle het daarin geslaag om soveel invloed uit te oefen en simpatie te wen dat die stelsel verval het.[42]

Die deputasie het aan die begin van Mei 1880 te Kaapstad aangekom.[43] Hier het hulle die berig ontvang dat Gladstone die oorwinning behaal en eerste minister van Engeland geword het.[44] Onmiddellik het hulle 'n brief aan die nuwe eerste minister gerig waarin hulle 'n kragtige beroep op hom gedoen het vir die herstel van die onafhanklikheid van die Transvaal. In die begin van Junie is sy antwoord ontvang.[45] Sy antwoord was duidelik en beslis:-

"Our judgment is that the Queen cannot be advised to relinquish her sovereignty over the Transvaal." 46)

Hierdie/....

40). John Nixon: The Complete Story of the Transvaal, bls.142.
41). Joubert Kolleksie ,2337, 18 Maart 1879; Dr.M.Heyns, bls. 236; Gedenkschriften, bls. 90.
42). Dr. M.Heyns, bls.236; Van Oordt, bls. 295.
43). J.D.Naude, bls. 148.
44). Dr. M.Heyns, bls.236.
45). De Volksstem, 3 Augustus 1880; Van Oordt, blse. 297 298.
46). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie antwoord is gegee as gevolg van 'n skrywe van Sir Garnet Wolseley in Maart 1880, waarin hy beweer het dat die Boere na die byeenkoms te Wonderfontein tevrede was.[47] Hy het die verkeerde gevolgtrekking gemaak toe die Boere besluit het om alleen onder protes belasting aan die Britse regering te betaal.

Na die aankoms van die deputasie uit die Kaapkolonie en nadat hulle van hulle sending verslag gedoen het, is besef dat die onafhanklikheid van die land langs vreedsame wyse nie verkry sou word nie. Nou is besluit om so stagig- aan vuurwapens in die hande te kry. Sommige Boere het haastig geword. Op aandrang van 'n paar Voormanne, van wie Cronje een was, is besluit om die vergadering te Paardekraal op 8 Januarie 1881 , i.p.v. 6 April, te bolê.[48]

Die Engelse regering het in die waan verkeer dat die Boere tevrede is omdat hulle so stil was en het besluit om die skroef 'n bietjie aan te draai op die persone wat nie hulle belastings wou betaal nie. Hierdie optrede van die Engelse het die vet in die vuur geblaas.[49]

In Oktober 1880 is 'n aantal burgers aangeskryf om hulle belastings te betaal. Sommige het gehoor gegee maar die meeste, veral uit die distrikte Potchefstroom, Rustenburg, Middelburg, Wakkerstroom en Zeerust, het die belasting onder protes/.....

47). Four Years of Protest, blse. 49-50.

48). Joubert-Kolleksie 7 - 2384: M.W. Pretorius aan P.J. Joubert, Lid van die Volkskomitee, 27 November 1880.

49). Dr. L.Keyns, bls. 237.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

protes betaal. Veral in die distrik Potchefstroom, wat die grootste aantal patriotte bevat het, was baie burgers agterstallig. Landdros Goetz van Potchefstroom het hulle aanmanings gestuur om die belasting te betaal. Die aangeskrewe burgers het hom laat weet dat hulle op 7 Oktober self te Potchefstroom sou wees. Die man wat hulle raad gegee het, was Cronje,

> " een Afrikaner van uitnemend dapperheid, doch eenigzins voortvarend van geest, en die derhalve al meer dan moe was van het naar zijn oordeel onnoodige getalm van het Volks-Comite". 50)

Op 7 Oktober 1880 ry Cronje en ongeveer 130 burgers uit die wyk Schoonspruit, distrik Potchefstroom, die dorp binne, hou voor die Landdroskantoor stil en oorhandig 'n brief van die volgende inhoud aan die landdros:-

Hulle erken die ontvangs van die aanskrywings om hulle agterstallige belastings te betaal en gee te kenne dat hulle bereid is om aan hulle eie wettige regering belasting te betaal; hulle is van mening dat Landdros Goetz in belang van die Britse regering optree, 'n regering wat op onwettige wyse meester van hulle land geword het. As gevolg hiervan beskou hulle die Britse regering onwettig; daarom het die regering ook nie reg om van hulle belasting te vorder nie; hulle is gewillig om onder protes te betaal. Goetz moes kwitansies aan hulle uitreik en uitdruklik daarop meld dat die betaling onder protes geskied het; hy moes beloof om die betaalde geld in bewaring te hou totdat dit weer aan hulle of hulle wettige regering oorbetaal kon word. Indien Goetz weier om/.....

---

50). R.4264/80 by R.4168/80 ad R.176/81: Brief onderteken deur P.A.Cronje, Voorman, J.H.Visser, H.R.Lemmer, P.F.Ernst en 124 ander. Van Oordt, blse.301 -302; J.D.Weilbach en C.L.N.du Plessis: Geschiedenis van de Emigranten-Boeren en van den Vrijheidsoorlog, blse. 126 - 127.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

om aan hulle billike versoek te voldoen, verklaar hulle dat hulle alleen vir geweld sou buig.[51]

Cronje het hier opgetree as 'n Voorman wat sy naam werd is. Terwyl duisende burgers gesit en wag het op die Volksvergadering wat vir 8 Januarie 1881 belê is, het hy en sy burgers die voortou geneem en die Britse regering getoon dat hulle nie met sy optrede gediend is nie. Hy en sy burgers was bereid om met wapengeweld hulle reg te verkry.

As gevolg van Cronje se optrede het Goetz op 6 November 1880 'n brief aan die Koloniale Sekretaris te Pretoria gerig, waarin hy meld dat 130 Boere uit die wyk Schoonspruit aangeskryf is omdat hulle nog nie hulle agterstallige belasting betaal het nie.[52] As antwoord het hy ontvang dat die gereg sy gang moos gaan.

Pieter Lodewyk Bezuidenhout, een van die burgers wat saam met Cronje aangeskryf is, is vir 'n tweedekeer aangesê om voor Landdros Goetz te verskyn. Die bedrag van £27 - 5s. is van hom geverg, maar hy was beginselvas en was gewillig om £14, soos deur die Suid-Afrikaanse Republiek van hom ingevorder is, te betaal.[53] Goetz het geweier om £14 te ontvang en het opdrag gegee om Bezuidenhout se wa in beslag te neem. Die wa sou op 11 November 1880 deur publieke veiling verkoop word om nie alleen die verskuldigde bedrag te/.....

---

51). R.4264/80 by R.4168/80 ad R.176/81 : Brief onderteken deur P.A.Cronje, Voorman, J.H.Visser, H.R.Lemmer, P.F.Ernst en 124 ander; Van Oordt, blse.301 - 302; J.D.Weilbach en C.J.N.du Plessis, blse. 126 - 127.

52). R.4774/80 by R.4168/80 ad R.176/81: Landdros Goetz aan die Koloniale Sekretaris, Potchefstroom, 6 November 1880.

53). R.5449/80 : Verklaring van P.A.Cronje voor die verklaring te Kaalfontein, 1 Desember 1880; De Volksstem, 7 Desember 1880. (Verslag van verg. te Kaalfontein).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

te dek nie, maar om terselfdertyd die hofonkoste uit te wis.[54]

Hierdie optrede van Goetz was 'n uitdaging vir die Schoonspruiters. Cronje het die uitdaging met beslistheid aangeneem. Onverskrokke het hy na vore getree en besluit om ten alle koste die verkoop van die wa te belet. Op die môre van 11 November het Cronje aan die voorpunt van sy kommando Potchefstroom binnegery en by die wa wat verkoop moes word, stilgehou. Kort voordat die balju na die wa gestap het, het Bezuidenhout die wa bestyg en die omstanders toegespreek. Hy het verduidelik dat hy gewillig is om belasting te betaal, maar onwillig om die verhoogde som deur Goetz op hom gelê, te vereffen. 'n Paar van die ander burgers het gepraat en daarna het Cronje aan die woord gekom. Hy het soos gewoonlik min gepraat maar baie duidelik laat verstaan dat hy nie sou toelaat dat die wa verkoop word nie.[55]

Vir 'n oomblikkie het daar 'n doodse stilte geheers. Almal was diep onder die besef van die erns van die oomblik. Op die gesette tyd het die balju, Mouquette genaamd, sy verskyning gemaak, die wa bestyg, volgens prosedure iets voorgelees en aangekondig dat die wa verkoop moes word. Nadat hy 'n bod gevra het, het twee van Cronje se burgers op die wa gespring en Mouquette aan die hande gegryp, maar voordat hulle iets kon doen, het hy met 'n woeste sprong op die grond te lande/.....

---

54). R.5449/80 : Verklaring van Cronje voor die vergadering te Kaalfontein, 1 Des. 1880; De Volksstem, 7 Desember 1880. Ibid.
Dr. M. Heyns noem die bedrae wat gevorder is £27 terwyl Bezuidenhout gewillig was om £18 te betaal. Hierdie verkeerde bedrae vind hy in sy enigste bron, Weilbach en du Plessis, blse. 126 en 127.

55). Dr. M. Heyns, bls. 242; Van Oordt, bls. 302; Herinneringen, 15 Augustus 1913.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

lande gekom. Op bevel van Cronje het die burgers die wa gepak en weggetrek. Mouquette het 'n laaste vrugtelose poging aangewend om die wa te verkoop deur al roepende agterna 'n bod te vra, totdat een van die burgers hom gepak en in 'n poel modderige water gewerp het.[56]

Cronje het sy burgers beveel om die wa na Bezuidenhout se plaas terug te neem. Die Engelse regering was van plan om Cronje en sy volgelinge behoorlik te straf oor die Potchefstroom-voorval en daarom het W.B.Morcom, Prokureur-generaal van die Transvaal, 'n skrywe aan die publieke vervolger te Potchefstroom gerig om hom te beveel om die outoriteit van die landdros te handhaaf. Die rebelle, soos Cronje en sy medepligtiges genoem is, moes so gou as moontlik gearresteer en verhoor word. Die leiers moes tronkstraf sonder opsie van boete ontvang en na Pretoria gestuur word om hulle vonnisse daar uit te dien.[57]

Intussen het kaptein Raaff as bode van die hof opgetree en was die inhegtenisname van Cronje en sy medepligtiges aan hom opgedra.[58]

Op 14 November het Sir Owen Lanyon aan kolonel Bellairs, bevelvoerende offisier van die Engelse garnisoen te Pretoria, 'n breedvoerige uiteensetting van die gebeurtenis per brief toegestuur. Hy word versoek om onverwyld 'n troepemag na Potchefstroom te stuur om die tronk te bewaak en later/....

56). Enclosure 1 in Nr.61.C - 2740, bls.10:(Verslag van die Potchefstroomse gebeurtenisse); Wellbach en du Plessis, blse. 128 - 130; Herinneringen, Augustus 1813.

57). C - 2740. Enclosure 3 in Nr.61, bls.111:(Ibid.).

58). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

later die gevangenes na Pretoria te begelei.[59] As voorsorgmaatreël het die 21 ste regiment van Pretoria na Potchefstroom vertrek. Die regiment het onder kolonel Winsloe gestaan en kort na hulle aankoms te Potchefstroom kamp opgeslaan.[60]

Die Engelse het intussen ook uitgevind dat Cronje 'n gewapende mag by sy huis op die plaas gehad het.[61] Kaptein Raaff het Cronje 'n mondelinge boodskap gestuur dat hy hom oor 'n paar dae sou kom besoek. Cronje het geweet wat die doel van die besoek was en het hom vroegtydig gereed gemaak. 'n Paar dae hierna het Raaff en tien gewapende Engelse op die plaas opgedaag. Die spruit naby Cronje se huis was vol sodat die Engelse nie kon deurkom nie. Hy het om hulp gesein waarop Cronje 'n aantal burgers gestuur het om die besoekers deur te help.[62]

Nadat aan beide kante heelwat gepraat is, het Raaff sy bes gedoen om Cronje en sy burgers tot oorgawe te beweeg en hom na Potchefstroom te vergesel. Cronje het geantwoord:-

> " Raaff, dink jy ek is sôn lafaard, ek sal nooit gewilliglik oorgee nie, en as die regering my wil hê, moet hy my met geweld vat, ons Afrikaners het geweer om mekaar te verdedig tot die laaste druppel bloed, en om nie toe te laat dat jou regering enigeen van die manne wat deelgeneem het in die wa-saak, arresteer nie. Vir maande het ek noual moeite gehad om my manne te verhoed om wapens op te neem teen die regering, ek het hulle altyd verhoed, maar nou het die tyd aangebreek waardeur ons saamgekom het om onsself te verdedig." [63]

Cronje het ook verklaar dat hy nie vir verdere moeilikheid/.....

59). C.-2740. Enclosure 2 in Nr.6L. Ibid.
60). Ibid.
61). Herinneringen, 15 Augustus 1913. Cronje het gedurende die sewentiger jare na die plaas Palmietfontein, Schoonspruit, getrek.
62). Ibid.
63). Dr. M. Heyns, bls.245.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Cronje en sy eggenote meer of min 1880

(Foto P. Cronje)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

likheid sou instaan nie, veral nie as die Engelse regering die Boere dwing om verdere belastings te betaal nie, want die Boere is bereid om hulle tot die uiterste te verdedig. Raaff het te min manskappe by hom gehad om sy plan voer en moes sonder die gevangenes na Potchefstroom terugry.[64]

Landdros Goetz het na hierdie gebeurtenis verklaar dat volgens sy opinie daar nou 'n algemene opstand sou plaasvind.[65] J.B.Gray van Ventersdorp het rapporteer dat daar tussen 300 en 400 Boere baby Cronje se plaas vergader het. Dit was 'n algemeen uitgemaakte saak dat die Boere geweld gaan gebruik om hulle onafhanklikheid terug te kry, en dat die Engelse regering te swak is om hulle dit te belet.[66]

'n Paar dae na die samesprekings met Raaff het Cronje en 'n patrollie van 93 man in die rigting van Ventersdorp vertrek om die bewegings van Raaff dop te hou. Langs die pad het een van Cronje se geheime agente van Potchefstroom by hom gekom en vertel dat Raaff baie boos is omdat Cronje hom uitoorlê het.[67] Raaff het belowe om al die rebelle aan die gereg uit te lewer as aan hom 200 manskappe en twee kanonne gegee word. Sy voorstel het byval gevind en hy sou nog dieselfde nacht na Cronje se plaas vertrek om sy opdrag uit te voer. Terwyl die agent met die informasie op weg na Cronje was, het een van Raaff se spioene vinnig te/.....

64). C - 2740, bls.123.(Verslag van die Potchefstroomse gebeurtenisse); Dr.M.Heyns, bls.245.

65). Ibid.

66). Ibid.

67). Herinneringen, 15 Augustus 1913. Cronje se agent het 'n kamer langsaan Raaff se kantoor gehuur sodat hy alles kon hoor wat daar gepraat is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

te perd in die rigting van Potchefstroom verbygejaag.[68]

Nadat Cronje hierdie informasie ter hand gehad het, het hy sy oorspronklike plan laat vaar en na Potchefstroom i.p.v. Ventersdorp gery. Hy het sy manskappe so geplaas dat hulle beide paaie wat van die dorp na sy plaas gelei het, kon beheers. Dog Raaff en sy kommando het nie opgedaag nie. Hy het ook nie weer probeer om Cronje te arresteer nie.[69]

Na hierdie voorval het Kruger ook besef dat daar met groter spoed gehandel moes word. Hy het dadelik na Potchefstroom afgereis om 'n uitbarsting te voorkom. By sy aankoms het hy 'n onderhoud met majoor Clarke, bevelvoerende offisier van die Engelse garnisoen aldaar, gehad. Nadat hy alles gehoor het wat te Potchefstroom gebeur het, het hy besluit om 'n buitengewone vergadering van die Volkskomitee byeen te roep om besluite te neem. Die vergadering het op die 25 ste November en die volgende dae te Elandskuil sitting gehou.[70] Pretorius was afwesig en Kruger is in sy plek as voorsitter gekies. Kruger het die vergadering geopen deur te sê dat hy gekom het om oor die toestand van sake te beraadslaag en om te sien of daar nog kans was om bloedvergieting te voorkom.[71]

Cronje, wat die voortou in die wa-saak en daarna geneem het, is opgeroep om van die gebeurtenisse verslag te doen. Na sy verslag aangehoor is, is op voorstel van Paul/.....

---

68). Herinneringen, 1 September 1913.
69). Ibid. Die rede was dat die spioen aan Raaff vertel het dat Cronje 'n kommando van 550 man by hom gehad het. Raaff het nie vir hierdie mag kans gesien nie.
70). R.5449/80 : Notule van die vergadering te Elandskuil, 25 Nov. 1880 e.v. dae.
71). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Paul Kruger besluit om die Volksvergadering van Paardekraal na 8 Desember 1880 te vervroeg,

"aangezien de toestand van zaken schijnt te dreigen op bloed." 72)

Daar is verder besluit om 'n subkomitee, met Kruger as leier, te benoem om George Hudson, Koloniale-Sekretaris van Transvaal, in 'n onderhoud te ontmoet. Hierdie onderhoud het op 29 November 1880 te Kaalfontein plaasgevind.P.J. Joubert is van Wakkerstroom ontbied.M.W.Pretorius was ook teenwoordig. Kruger het vir Hudson o.a. gevra waarom die Engelse regering die mense probeer keer omdat hulle protesteer. Sover het die Komitee altyd vir vrede gewerk en hulle wil geen bloedvergieting hê nie. Maar nou het sake 'n baie ernstige wending geneem. 73) Kruger het Hudson goed laat verstaan dat dit nou nie meer 'n saak tussen die Britse regering aan die een kant en Cronje en Bezuidenhout met die wa-saak aan die anderkant was nie. Dit was nou 'n kwessie tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en die Engelse regering.Hiermee was die onderhoud op 'n end en as die Boere nog hulle onafhanklikheid wou terughê, was oorlog onvermydelik. Voordat hulle uitmekaar is, het die Komitee besluit dat die Volksvergadering wat vir 8 Januarie gereël is, nou op 8 Desember 1880 moes plaasvind. 74)

Daar was nie meer tyd vir lydelike verset nie. Die tyd/.....

---

72). R.5449/80. Verslag van P.A.Cronje.
73). Ibid. ; De Volksstem, 7 Desember 1880.
74). C - 2783 - 12 Januarie 1881:(Verslag van die Potchefstroomse gebeurtenisse).
75). Joubert Kolleksie 7 - 2384 : M.W.Pretorius aan P.J. Joubert, Lid van die Volks-Comite,27 Nov. 1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tyd om die wapens op te neem het aangebreek. Engeland het die beleid om met 'n sterk hand reg te laat geskied uitgevoer toe drie lasbriewe teen Cronje, Basson en Coetzee, Schoonspruiters wat die leiding geneem het in die Potchefstroomvoorval, vir die misdaad van oproer uitgereik is.[76]

Cronje het gesien dat die oorlogswolke dreigend saampak en daarom het hy sonder versuim die burgers in sy wyk kennis gegee om op 8 Desember 1880 te Paardekraal te verskyn. Diegene wat sonder skriftelike kennisgewing wegbly, sou as teenparty aangesien word. Cronje was beslis. Hy eindig met:-

> "Onze goed en bloed zal ons inzetten voor het vrijdom van onze Transvaal."[77]

Sir Owen Lanyon het die dreigende botsing verhaas deur die uitvaardiging van 'n proklamasie op 6 Desember 1880 waarin hy verklaar dat hy kennis ontvang het dat sekere persone in die Potchefstroomse distrik, bedoelende Cronje en sy volgelinge, die outoriteit van die Koningin getart het deur die wa van Bezuidenhout met geweld uit die hande van die bode van die hof te geneem het. Lasbriewe is teen die oproermakers uitgereik maar hulle word deur sekere onderdane van die Koningin beskerm. Daar is ook 'n byeenkoms op 8 Desember 1880 bepaal, waar besluit sal word om die oproermakers uit te lewer of om voort te gaan om die gesag van die/.....

---

76). B.V.8. F. Lasbriewe teen Cronje, Basson en Coetzee, 16 November 1880.

77). B.V.5 : Bekendmaking van P.A.Cronje aan die burgers van Schoonspruit.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Koningin verder uit te tart. Hy waarsku die mense dat hulle 'n groot verantwoordelikheid op hulle skouers pak deur die wettige gesag van die wet in die openbaar uit te daag. Die voormanne en raadgewers van die volk sou in persoon en eiendom verantwoordelik gehou word vir hulle handelwyse en optrede in hierdie saak. Die proklamasie wat deur Sir T. Shepstone op 11 Maart 1878 uitgevaardig is, is in sy geheel weer aangehaal om Lanyon se waarskuwing te sterk. Daarna gaan hy voort en wys daarop dat sekere persone onwillig is om belasting te betaal. Die wet kon egter nie onderskeid tussen gewilliges en onwilliges maak nie. Almal moes eenvormig behandel word. Plase en eiendomme van onwillige persone sou verkoop word om hulle belastings aan te suiwer. Tenslotte wys hy daarop dat dit ten voordele is dat die Koningin haar oppergesag moes behou. Die plaaslike amptenare sou alles in hulle vermoë doen om die gesag van die Britse kroon te handhaaf.[78]

Die byeenkoms is tog gehou. Op die tiende dag van Desember 1880 het Cronje met nagenoeg 500 burgers by Paardekraal aangekom, waar intussen 4,000 tot 5,000 Boere versamel het. Die volgende dag, 11 Desember 1880, het die volk in 'n openbare vergadering besluit dat die Volkskomitee sou aftree en dat die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek weer sou fungeer.[79] Daar is ook briewe uitgestuur om op Maandag, 13 Desember, 'n buitengewone sitting van die Volksraad te hou.[80] Die Vise-President het 'n besielende toespraak/.....

78). Staats-Courant Nr.228, 6 Desember 1880, bls.868; Dr. M.Heyns, blse. 250 - 253.
79). B.V._. Paardekraal, 11 Desember 1880; Uit die notule van die Volkskomitee, in De Volksstem, 6 April 1881.
80). De Volksstem, 6 April 1881: Uit die notule van die Volkskomitee, Paardekraal, vanaf 9 (of 8) Des. 1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

spraak gehou. Hy het daarop gewys dat die saak van die land wettig is. Alhoewel die volk geprotesteer het, het hulle nooit die weg van die wet uit die oog verloor nie. Hulle het hulle lydelik verset en sou miskien nog met die Engelse regering versoen geraak het as die outoriteite in Pretoria dit nie vir hulle onmoontlik gemaak het nie. Kruger was oortuig dat hulle reg gehandel het, daarom het hy met die kragtige woorde gesluit:

> " Het regt der volken is aan onze zijde en hoe zwak wij zijn, onze God is een regvaardig God. Mijne heeren, de Heer zegene uwe werksaamheden en bescherme ons Vaderland."81)

Die Volksraad het al sy werksaamhede in een dag afgehandel en op voorstel van die Uitvoerende Raad, is die bestuur van die land aan 'n Driemanskap opgedra. Paul Kruger, Piet Joubert en Marthinus Wessel Pretorius is hiertoe verkies.[82] In elke distrik is 'n kommandant benoem, terwyl P.J. Joubert op 14 Desember deur die vergaderde burgers tot Kommandant-generaal verkies is.[83] Cronje het kommandant van die distrik Potchefstroom geword.[84]

Onmiddellik nadat die regering van die ou Suid-Afrikaanse Republiek herstel is, het die Driemanskap 'n proklamasie/.....

---

81). De Volksstem, 6 April 1881: Uit die notule van die Volkomitee, Paardekraal, vanaf 9 (of 8) Desember 1880.

82). B.V.3 : Notule van die vergadering te Paardekraal, 13 Desember 1880.

83). B.V.6 : Brief van kommandante en veldkornette aan die Driemanskap, 14 Desember 1880; Gedenkschriften, blse. 94 - 95

84). Herinneringen, 1 September 1913.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

proklamasie uitgevaardig waarin al die voorafgaande gebeurtenisse tot op daardie moment haarfyn opgesom is. Hulle was beslis tot die einde toe. Dit het hulle onomwonde aan Sir Garnet Wolseley geskryf:-

> "Wij zullen volharden tot het einde toe. Wij vertrouwen op de Koning der Koningen... Met vertrouwen leggen wij onze zaak open voor de geheele wereld. Hetzij wij overwinnen, hetzij wij sterven: de vrijheid zal in Afrika rijzen als de zon uit de morgenwolken, als de vrijheid rees in de Vereenigde Staten van Noord-Amerika. Dan zal het zijn van Zambesi tot Simonsbaai: Afrika voor den Afrikaner."85)

Hierdie uiters belangrike dokument moes onder begeleiding van 'n sterk gewapende mag na Potchefstroom geneem word om deur J.P.Borrius, Editeur van " De Transvaal", gedruk te word.[86] Na rype oorweging is hierdie ernstige en belangrike taak aan die sorg van kommandant Cronje toevertrou.[87]

---

85). De Volksstem, 6 en 20 April 1881; J.A.Mouton, bls.62.

86). B.V.3, art.4 : Notule van die vergadering te Paardekraal, 13 Desember 1880.

87). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 4.

POTCHEFSTROOM.

Kort na die middag van die 14de Desember 1880 het die Driemanskap en lede van die Uitvoerende Raad aan kommandant Cronje sy instruksies voorgelees. Daarna het hy en sy 400 perderuiters die laer te Paardekraal verlaat en die weg na Potchefstroom ingeslaan.[1]

Dieselfde dag het die Uitvoerende Raad besluit dat die laer Paardekraal op Woensdag 15 Desember moes verlaat om so spoedig moontlik 'n vaste punt te beset, waar die vlag van die Republiek gehys en die setel van die regering gevestig kon word. Heidelberg is gekies.[2]

Cronje en sy kommando het vinnig aangery en te Wonderfontein afgesaal. Hier het hy sy instruksies weer deurgelees. Hy het ook die titel van Assistent- Kommandant-generaal ontvang.[3] In sy instuksies is hy beveel om met spoed na Potchefstroom te ry waar hy op die drukpers beslag moes lê, die proklamasie waarvan kopieë ingesluit was, laat druk, afskrifte na Heidelberg opstuur en daarna weer moes terugkeer.[4]

Die kommando het opgesaal, tot middernag deurgery en teen dagbreek weer vertrek en om eenuur die middag te Potchefstroom/.....

---

1). B.V.4 : Uitvoerende Raadsbesluit 10A, Notule van die Uitvoerende Raad, Paardekraal, 14 Dec. 1880;
B.V.2 : Rapport van P.A.Cronje te Potchefstroom aan die Vice-president en lede van die Uitv.Raad, 21 Des. 1880;
Joubert Kolleksie : 7 : 2485 : Verslag van P.A.Cronje, 12 Jan. 1882, Schoonspruit;
Joubert Kolleksie: 7 : 2473 : Rapport van P.A.Cronje aan P.J.Joubert, Potchefstroom, 20 Desember 1880.
Cronje beweer in sy verslag dat hy Paardekraal omtrent twaalf uur verlaat het. Dit is foutief. Om 1 uur het die Driemanskap eers sy instruksies voorgelees. Dr. M.Heyns, bls. 276 begaan dieselfde fout omdat hy Cronje se verslag as enigste bron neem.
2). Ibid.
3). Herinneringen, 1 September 1913.
4). B.V.2 : Rapport van P.A.Cronje, 21 Des. 1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

chefstroom aangekom. Die grootste gedeelte van die kommando het buite die dorp gelaer, terwyl Cronje en 'n klein geselskappie na die drukpers van J.P.Borrius gery het.[5]

Cronje het Borrius gelas om sonder versuim die proklamasie te druk. Om hom in sy werk te steun, het Cronje alle verantwoordelikheid aanvaar en die drukpers goed laat bewaak. Die nuus van die aanwesigheid van die dorp het soos 'n veldbrand versprei. Sonder versuim het die Britse troepe die kamp, Landdroskantoor en Algemene Boerewinkel in 'n staat van verdediging gebring.[6]

Volgens instruksie moes Cronje nie met vyandelikhede begin nie, maar die proklamasie ten koste van alles, indien moontlik sonder bloedvergieting, laat druk. Hy moes ook 'n brief wat spesiaal aan majoor Clarke, bevelhebber van die Engelse garnisoen, gerig is, oorhandig indien Clarke sou trag om die druk van die proklamasie te verhoed. In hierdie brief is Clarke in kennis gestel dat die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek herstel is, en sy samewerking vir die druk van die proklamasie gevra.[7]

Cronje het hierdie brief nie aan Clarke oorhandig nie omdat vyandelikhede na sy bewering begin het voordat hy dit kon doen.[8] Dit is nie juis nie, maar in elk geval sou dit die posisie nie die minste verander het nie. Netso bes as wat Cronje was om die proklamasie gedruk te kry, netso beslis/....

5). B.V.2 : Rapport van P.A.Cronje, 21 Desember 1880.
6). Ibid.; Lady Bellairs: The Transvaal War, bls. 246.
7). B.V.2. Ibid.; Staats Courant gedurende den Vrijheidsoorlog, 12 Januarij, 1881, bls.3.
8). B.V.2. Ibid. Die vyandelikhede is eers die volgende môre om negeuur begin. Daar was dus genoeg tyd om die brief af te lewer.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

beslis was Clarke om dit te belet. Om sesuur die middag het Borrius 'n brief van Clarke ontvang waarin hy Borrius waarsku dat hy verantwoordelik gehou sou word vir enige onwettige of rebellieuse dokument wat deur hom gedruk word en dat hy uiters streng deur die wet gestraf sou word indien hy toelaat dat sy pers vir soiets gebruik word.[9] Cronje het behoorlike maatreëls getref om met die drukkery aan te gaan en die dag het daar verder niks noemenswaardig voorgeval nie.[10]

Ongeveer nege-uur die môre van 16 Desember 1880 is 'n kommandant Frans Robbertse van Rustenburg en vyf burgers na die dorp uitgestuur om die posisies van die Engelse in oënskou te neem. Op 'n afstand van 150 tree het hulle tussen die fort en die tronk deurgery en toe na die dorp se kant weggedraai. Ses man van die Mounted Infantry, gevolg deur nog twaalf ruiters, het agter die geselskap aangery en op hulle gevuur, waardeur die kommandant ernstig in sy arm verwond is.[11]

Die Engelse ruiters het vinnig na die fort teruggeja , terwyl drie burgers die kommandant na Dr.Poortman se huis vir verpleging vervoer het. Voordat die ander twee burgers na Cronje gestuur is om hom van die voorval te verwittig/.....

---

9). Staats Courant, 12 Januarij 1881, bls.3.
10). Ibid.

11). Joubert-Kollekssie : 7 : 2485 : Verslag van P.A. Cronje, 12 Jan. 1882, Schoonspruit.;

Joubert-Kollekssie : 7 : 2473 : Rapport van P.A. Cronje aan P.J.Joubert, Potchefstroom, 20 Desember 1880

B.V.2 : Rapport van P.A. Cronje aan die Driemanskap en lede van die Uitv.Raad, 21 Dec.1881;

Lady Bellairs, bls. 248.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wittig, het kommandant Robbertse hulle gewaarsku om nie terug te skiet nie. Die vyandelike skote het dus van die kant van die Engelse gekom. Nou was die vet in die vuur. Die Engelse het die Eerste Vryheidsoorlog begin.[12)]

Na/.....

12). Dr.M.Heyns, blse. 278 - 279.

Dit is 'n saak van groot belang om met sekerheid vas te stel wie hierdie eerste skote gevuur het want dit was 'n direkte oorlogsverklaring.
Lady Bellairs, bls.246, gee die volgende interessante beskrywing van die aankoms van Cronje en sy kommando:-
"About noon on the 15th, two scouts came in to report to Major Clarke that a large body of Boers, fully armed, were approaching the town. Majot Thornhill was at the time proceeding to take his seat in the postcart to rejoin headquarters at Pretoria, when he was sent back by Major Clarke at full gallop to warn the camp. Major Clarke appears to have followed and caused troops to be confined within their lines. The tents were quickly struck, horses placed in the ditch, the guns - in pits two feet deep, at the northeast corner of the fort facing the cemetry - prepared for action, and the parapets manned".

Alhoewel daar nie oorlog verklaar is nie, het Clarke en sy manskappe vir 'n aanval gereed gemaak. Verder kom dit presies ooreen met die verslag van die Boere en het Sir Owen Lanyon 'n telegram aan die Goewerneur van Natal op 16 Desember erken dat die Boere rustig en kalm die stad ingekom het. Verder in die telegram erken hy ook dat toe die Boere op 150 tree tussen die tronk en fort vertygery het, 'n afdeling ruiters uitgestuur is "to inquire their business and to acquaint them that no armed body could be permitted to approach so close to the fort." Toe die ruiters naby die Burgers kom, het een afgeklim en op hulle geskiet. Kommandant Robbertse is gewond. "An ambuscade being feared, the retire sounded from the fort, and the party brought back". Dis vreemd dat die Boere tussen die Engelse deurry en nie skiet om vyandelikhede te begin nie; vreemder dat die Engelse agter hulle aanry om geskiet te word. Die Boer agter die muur is by die Engelse en skiet verskeie skote mis. Ons kan dit nie aanneem nie; ook nie dat Robbertse deur sy eie mense gewond is nie.

Nadat Robbertse gewond is, word die ruiters beveel om na die kamp terug te gaan. Waarom het hulle nie aangehou veg as die Boere hulle uitgedaag het nie? Hulle was bang dat hulle sou omsingel word. Vyf burgers kon tog nie 18 ruiters omsingel nie, want die ander Boere was toe nie naby nie. Die saak is vir ons duidelik.
Op bls. 249 van dieselfde boek probeer die skryfster in 'n voetnoot om die Engelse vry te pleit. Sy wys daarop dat die garnisoen te Potchefstroom voor die vyandelikhede begin is, geen kennis van Sir Owen Lanyon se kennisgewing gedra het nie. By Cronje se aankoms het Clarke nie op hom laat skiet nie. Dit is 'n bewys dat hy nog nie die kennisgewing ontvang het nie. Ongeveer 8-uur op 16 Desember het die poskoets van Pretoria arriveer en is die kennisgewing afgelewer, want 'n uur daarna het die Engelse op die Boere geskiet. Hulle het Lanyon se kennisgewing ontvang en die letter van die wet uitgevoer deur die eerste skotegal te vuur.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Na die berigtvan kommandant Robbertse se verwonding Cronje bereik het, het hy onmiddellik sy manskappe uit die laer ontbied en binne 'n halfuur daarna in vier afdelings teen die Britse troepe opgeruk.Een afdeling het hy by Borrius se drukpers agtergelaat om te sorg dat die werk daar behoorlik en sonder steuring van Engelse kant kon aangaan.

'n Tweede afdeling onder 'n veldkornet is gestuur om die Landdroskantoor en twee ander geboue aan te val.Dit was die Criterion Hotel en die huis van die winkelier Schikkerling wat gedurende die nag van 15 Desember deur die Engelse in besit geneem is.Die derde afdeling het onder aanvoering van kommandant Oosthuizen gestaan. Hulle moes die dorp van die suidekant aanval, terwyl Cronje en sy afdeling die aandag van die vyand op hulle sou trek deur voorwaarts te beweeg en daarna moes probeer om die kerkhof aan die noordelike kant in besit te neem.[13)]

Op die oomblik toe die tweede afdeling op die kerkplein by die hoek van Kerkstraat aangekom het, het die Engelse uit die versterkte Landdroskantoor 'n sarsie op hulle geopen. Die burgers het by die Kaapse Bank, die Nederduits Hervormde Kerk en die winkel van Charles Rocher posisie ingeneem om die vuur te beantwoord. By sy aankoms by Dr. Poortman se huis, was Cronje en sy hele afdeling vanuit die Engelse kamp sigbaar blootgestel aan kanonvuur, waardeur twee perde gedood en een gewond is. Cronje het daarin geslaag/.....

13). B.V.2 : Rapport van P.A.Cronje aan die Vice-president en lede van die Uitvoerende Raad, 21 Des. 1880;
Joubert Kollekcie 7. 2485 : Verslag van P.A.Cronje aan P.J.Joubert, Potchefstroom, 12 Jan. 1882;
Dr. M.Heyns, bls.279.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geslaag om die kerkhof te bereik. Tevergeefs het hy kommandant Oosthuizen afgewag. Oosthuizen en sy manskappe kon nie betyds by die versterkte geboue verbykom nie. Dit het Cronje van sy plan om die Engelse kamp te storm, laat afsien.

Dieselfde dag toe die vyandelikhede begin is, het Cronje aan Paul Kruger, Piet Joubert en lede van die Uitvoerende Raad geskryf dat die Engelse op sy burgers geskiet het. Onder omstandighede was hy genoodsaak om sy pligte na te kom. Terwyl hy die verslag skryf, is hulle nog besig om te veg. Verskeie perde is al gedood. Hy vra dat hulp van Heidelberg gestuur moes word om hom te help.[14]

Cronje het hom hier in sy eerste geveg nie as 'n groot veldheer openbaar nie. Hy was te haastig en eiewys van natuur. Pas nadat die geveg begin is, het hy versterking van die regering te Heidelberg gevra sonder om vooraf krygsraad te hou om oor die wenslikheid van so 'n stap te besluit. Hy het 'n uitsoek perdekommando van 400 man onder sy bevel gehad, terwyl die Engelse garnisoen in Potchefstroom 'n gesamentlike mag van ietwat oor die tweehonderd man getel het.[15] Miskien was Cronje nie hiervan bewus nie, want in sy brief meld hy nie die sterkte van die vyand nie. Daarom antwoord Joubert van Heidelberg dat Cronje moes uithou; as dit nodig was, sou hy hom met sy hele mag te hulp snel.[16]

Die/.....

14). Joubert-Kollieksie 7 :- 2471 : P.A. Cronje aan S.J.P. Kruger, Joubert en lede van die Uitvoerende Raad, Potchefstroom, 16 Desember 1880.

15). Lady Bellairs : The Transvaal War, bls. 243 gee die sterkte van die Engelse as 10 offisiere en 203 manskappe.

16). B.V. 8 : P.J. Joubert aan P.A. Cronje, Heidelberg, 17 Desember 1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die geveg het twee dae voortgeduur en intussen het Cronje se manskappe gevorder tot op so 'n afstand van die Landdroskantoor dat hulle vuurballe op die grasdak gegooi het. Clarke en sy manskappe kon nie meer langer weerstand bied nie en op die môre van 18 Desember 1880 het orals by die vensters van die gebou witvlae uitgewaai as teken van oorgawe.[17)]

Majoor Clarke en Cronje het mekaar in die huis van advokaar G.H.Buskus ontmoet om die terme van oorgawe te bespreek. Gedurende die onderhoud het Buskus as tolk vir Cronje opgetree omdat hy 'n beperkte kennis van Engels gehad het. Cronje het van Clarke onvoorwaardelike oorgawe verlang en beloof dat hy en sy manskappe goed behandel sou word solank hulle sy gevangenes is, en dat hulle lewes gewaarborg word. Majoor Clarke wou nie hiervan hoor nie, maar toe Cronje vir hom sê om terug te gaan na sy stellings en dit te verdedig, het hy erken dat hy nie langer kon uithou nie. Hy was bereid om die terme van oorgawe aan te neem.[18)]

Majoor Clarke, die spesiale kommissaris vir die Potchefstroomse distrik, het onderneem om aan Cronje oor te gee omdat 'n gedeelte van die geboue wat hy beset het, in die hande van die Boere geval het en sy posisie onuithoudbaar geword het. Hy het ook beloof om die geboue, d.w.s. die Landdroskantoor/.....

---

17). B.V.2 : Rapport van genl Cronje, Potchefstroom, 21 Desember 1880.

18). B.V.2 : Ibid.; Staats Courant , 12 Jan. 1881. Kaptein Falls, die bevelvoerende offisier, het gesneuwel.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Landdroskantoor en Algemene Boerewinkel, te ontruim en aan Cronje af te gee. Hy sou ook sorg dat 'n duplikaat van die terme van oorgawe aan kolonel Winsloe, bevelvoerende offisier van die Engelse kamp gestuur word.[19] Cronje het die onvoorwaardelike oorgawe aangeneem.[20]

Na die ondertekening van hierdie ooreenkoms is daar 'n duplikaat aan kolonel Winsloe in die Engelse kamp gestuur. Hy het geantwoord dat hy nie onder die voorwaardes inbegrepe was nie, maar was gewillig om voldoende tyd vir die uitvoering van die ooreenkoms toe te staan. Alle vyandelikhede is daarom tot die middag om vieruur gestaak. Daarna is die stryd weer hervat.[21]

Te Heidelberg het die regering verwikkelings aangewag. Intussen is kommandant Jan Viljoen van Marico aangesê om Cronje te gaan help. Van Heidelberg is eers vyf-en-twintig man as versterking gestuur, daarna kommandant Greeff van Lichtenburg met honderd man en toe nog tien manne met karre om ammunisie te gaan aflewer.[22]

Cronje het na die oorgawe van majoor Clarke baie sterk teen verdagte persone opgetree. Eerstens het hy die landdros van Potchefstroom gearresteer en gevange gehou tot nadere instruksies van die Driemanskap. Daarna het hy die/.....

---

19). Na die Potchefstroom-voorval het die Engelse regering 'n Engelse mag onder bevel van kolonel Winsloe na Potchefstroom gestuur om in geval van nood die dorp te beskerm. Hierdie mag het na hulle aankoms daar 'n kamp geslaan. Cronje het voorlopig nie teen die kamp opgetrek nie, slegs teen die Engelse garnisoen onder majoor Clarke, die spesiale kommissaris vir Potchefstroom-distrik opgetree.

20). Staats Courant, 12 Jan. 1881; Dr. Heyns, bls, 280; B.V.2 : Rapport van Cronje, 21 Des. 1880. Die mag wat aan Cronje oorgegee het, was 26 Engelse troepe, Raaff, 10 vrywilligers, Moucuette, sekere M.Hale, 2 swart konstabels, 2 kaffers en 4 man uit die hotel. Saam 47.

21). Ibid.

22). B.V.8: Joubert aan Cronje, Heidelberg, 18 Des. 1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die huis van die winkelier Schikkerling en die Criterion Hotel laat deursoek, baie gewere en ammunisie daarin gevind en as gevolg hiervan nog 'n aantal persone, wat moontlik deur die Engelse as spioene gebruik is, in hegtenis geneem.[23]

Cronje het behoorlike maatreëls getref om te belet dat kolonel Winsloe van buite af hulp kon kry. Om die rede is kommandant Greeff van Lichtenburg met ongeveer honderd manskappe te Kommandodrif aan die Mooirivier geplaas.[24] Dieselfde dag berig Cronje aan Joubert te Heidelberg dat die Boere te Potchefstroom meester van die dorp is. Hulle sou die Engelse kamp aanval , en Joubert is spoedig daar verwag. Cronje het versterking gevra om die gevangenes op te pas.[25] Hy versoek Joubert ook om 'n sekere Dr. Woite, wat onder die Boere as spioen vir die Engelse werksaam was, te arresteer en so gou as moontlik na Potchefstroom te stuur om verhoor te word.[26] Cronje het nou reeds meer as vyfhonderd man onder sy bevel gehad. Nietemin dring hy op versterking aan om sewe-en-veertig gevangenes op te pas om sodoende al sy burgers in die stryd teen die minder as twee honderd Engelse troepe in die kamp te werp. Vanuit die staanspoor het hy die belangrikheid van Potchefstroom oorskat en daarom later verskeie kere met die regering te Heidelberg gebots.

Op/.....

23). Staats Courant, 12 Jan. 1881; B.V.2. Ibid.
24). B.V.2. (Ibid.).
25). Joubert-Kolleksie: 7: 2472: P.A.Cronje aan P.J.Joubert. Boeren Kamp, Potchefstroom, 19 Des. 1880.

26). Joubert-Kolleksie: 7 : 2472. (Ibid.).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op 20 Desember 1880 het Cronje en sy ondergeskikte offisiere hulle eerste krygsraad gehou. Eerstens is bepaal dat alle handelaars, winkeliers en drankverkopers belet word om sterk drank aan burgers sonder 'n permit te verkoop. Die drank kon Cronje nie duld nie. Tweedens is J.A.M.Kock, kommandant van Bloemhof, as veggeneraal aangestel. Namens die Kommandant-generaal kon hy alle krygsoperasies in die veld uitvoer. Sy bevele moes deur al die offisiere stiptelik uitgevoer word.[27)]

Vise-president Kruger en M.W.Pretorius het dieselfde aand in Potchefstroom aangekom. Die volgende dag is weer krygsraad gehou. Cronje het saam met Kruger en Pretorius ân sy hoedanigheid as Assistent-Kommandant-generaal in die plek van die Kommandant-generaal as lid van die Driemanskap sitting geneem. G.H.Buskus, sy sekretaris, is weens die afwesigheid van W.E.Bok, as waarnemende goewermentsekretaris en as sekretaris van die Krygsraad aangestel. In teenwoordigheid van die Vise-President en M.W. Pretorius moes Cronje die ampseed aflê.[28)]

Vier dae later het Cronje en sy Krygsraad besluit om al die soldate, behalwe majoor Clarke, 'n sers ant en die korporaals wat as gyselaars agtergehou is, op vrye voet te stel op voorwaarde dat hulle onmiddellik die grondgebied van die Suid-Afrikaanse Republiek verlaat. Solank as die vyandelikhede/.....

---

27). B.V.2 : Notulen van de Krijgsraad gehouden te Potchefstroom, den 20 ste December 1880.

28). B.V.2 : Notulen van de Vergadering van het Driemanschap te Potchefstroom op Dinsdag den 21 ste December 3 uur's namiddags.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vyandelikhede tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en Haar Majesteit se regering voortduur, moes hulle nie binne die genoemde grondgebied kom nie. Hulle moes beloof om geen daad van geweld teenoor die burgers van die Suid-Afrikaanse Republiek of hulle eiendom te pleeg nie. Indien hulle hierdie voorwaardes verbreek, sou hulle as vyande aangesien en doodgeskiet word.[29]

Op 27 Desember skryf Cronje aan Joubert om hom twintig man met waens in ruil vir twintig perderuiters wat hy na Heidelberg stuur, te gee. Die burgers te Potchefstroom was ontevrede omdat hulle in die nag sonder waens moes wagstaan.[30] Hiertoe was Joubert gewillig en het die waens na Potchefstroom gestuur.[31]

Dit was noodsaaklik om die orde in die dorp streng te bewaar. Daarom het Cronje aan die ingesetenes van Potchefstroom bekend gemaak dat elke persoon en elkeen se eiendom behoorlik beskerm sou word; iedereen is gewaarsku om geen persoon te molesteer of eiendom te beskadig nie. Kommunikasie met die vyand is ten strengste verbied. Enige persoon wat in besit van iemand anders se eiendom betrap word, hetsy perde, beeste of iets anders, sonder om behoorlik daarvan rekenskap te kan gee aan die aangestelde outoriteite, sou baie streng gestraf word.[32]

Verder/.....

---

29. B.V.5 : Notulen van de Krijgsraad gehouden te Potchefstroom, den 25 ste Dec. 1880; Ibid. : Resolution passed by the Court Martial on this 25 th day of Dec., 1880.

30. B.V.5 : P.A. Cronje aan die lede van die Driemanskap, Potchefstroom, 27 Desember 1880.

31). B.V.8 : P.J.Joubert aan P.A. Cronje, Heidelberg, 27 Des. 1880.

32). B.V. 2 : Bekendmaking aan de Ingezetenen van Potchefstroom, P.A. Cronje, Boeronkamp, 19 Dec. 1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Verder het die krygsraad besluit dat dit aan geen dorpsbewoner toegelaat sou word om in die dorp gewapen rond te loop nie, tensy daartoe opgekommandeer of van 'n permit deur die veldkornet voorsien. Ongewapende burgers sou nie in die dorp toegelaat word nie, behalwe tussen sewe-uur môrens en sesuur saans met dien verstande dat hulle van 'n behoorlike permit deur die veldkornet uitgereik, voorsien was. Op die permit moes vermeld word aan wie dit uitgereik is, waarheen die persoon gaan, hoelank dit geldig is en wanneer dit hernu moes word. Sodra 'n militêre beweging binne of buite die dorp aan die gang is, of sodra daar op of uit die kamp geskiet word, moes almal in die huis bly en nie op die strate verkeer nie. Oortreders sou streng volgens krygswet gestraf word.[33)]

Nadat Cronje vir die veiligheid van die dorpsbewoners gesorg het, het hy sy aandag aan geldelike sake gewy. Op 'n vergadering van die Finansiële Subkommissie[34)] is in ooreenstemming met die Uitvoerende Raadsbesluit van 16 Desember 1880 te Heidelberg, 'n voorstel aangeneem om van al die burgers in die Potchefstroomse distrik te vorder om in die eerste geldelike behoeftes van die regering te voorsien. Die gestorte geld sou later in rekening gebring word met die bedrae wat aan belasting aan die regering van die Suid-Afrikaanse/.....

---

33). B.V. 5 : Bekendmaking van P.A. Cronje aan die ingesetenes van Potchefstroom, 27 Desember 1880.

34). B.V. 5 : Notulen van de Finansiële Sub Commissie te Potchefstroom op Dinsdag den 28sten Dec. 1880.
Dit was 'n kommissie wat Cronje in die lewe geroep het om te sorg vir die insameling van fondse in sy distrik.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kaanse Republiek verskuldig was.[35] Cronje het hierop voorgestel dat aan die verskillende veldkornette opdrag gegee word om die burgers van die regeringsbesluit in kennis te stel en om van hulle vrywillige bydraes te vra.[36]

Die reaksie op hierdie voorstel was nie volgens verwagting nie; daarom het Cronje en sy krygsraad stappe gedoen om die fondse te styf. Elke burger wat in die Potchefstroomse distrik onder die wapen gestaan het, moes in sy eie behoeftes voorsien. Siviele amptenare wat geen ander middel van bestaan gehad het nie, sou van die noodsaaklikste middele voorsien word. Solank die oorlog duur, moes hulle nie aanspraak maak op salaris nie, tensy anders deur die Uitvoerende Raad besluit word. Die Provisie-sekretaris moes sorg dat sy magasyn die nodige lewensmiddele bevat om die burgers solank hulle onder wapen is, te voorsien. Siviele persone sou van lewensmiddele voorsien word indien hulle 'n permit van hulle offisiere toon. Al die opgekommandeerde goedere sou kosteloos verdeel word. Om die staatskas te styf, is besluit om passe aan dorpsbewoners teen 6d. elk te verkoop. Indien enige burger of vreemdeling die land wou verlaat moes hy £1 vir so 'n pas betaal.[37]

Cronje het ook gesorg dat sy burgers nie gebrek aan/.....

---

35). B.V.2 : Notulen der Vergadering van de Finansiële Sub Commissie te Potchefstroom op Dinsdag den 28 sten December 1880.

36). Ibid.

37). B.V.5 : Notulen van de Krijgsraad gehouden te Potchefstroom den 12 de Januarij 1881;
B.V.7 : Ongeregistreerde stukke, 20 Jan. 1881. Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aan voedsel sou hê nie. Die burgers in Potchefstroomdistrik is aangesê om al hulle lewensmiddele, soos koring, mielies, voer en brandhout na die mark te stuur waar dit in die openbaar verkoop sou word. H.P.Kluever is as markmeester aangestel.[38)]

Intussen is vyandelikhede ook op ander plekke begin. Op 20 Desember 1880 het kommandant Frans Joubert kolonel Anstruther in sy opmars na Pretoria te Bronkhorstspruit verslaan.[39)] 'n Paar dae daarna het die Boere Rustenburg ingeneem.[40)] Maar die groot gevaar het van die kant van Natal gekom.[41)] Generaal G.Colley het met 'n sterk mag na die Transvaalse grens opgeruk, terwyl meer versterking van Engeland op see na Durban was. Die Suid-Afrikaanse Republiek het besef dat die Britse troepemag by die Drakensberge gekeer moes word. Daarom is die Boeremagte in verspreide orde op die nekke wat die oorgange na Transvaal beheers het, opgestel. Op 30 Desember 1880 het Kommandant-generaal Piet Joubert persoonlik na die Natalse grens afgereis om die opperbevel te neem.[42)]

Gedurende hierdie tyd het Cronje oorgegaan om die Engelse in die kamp te Potchefstroom te beleër. Hy was 'n swak/.....

38). B.V. 12 : Kopieboek van P.A.Cronje, bls.93; Krygsraadsnotule, Potchefstroom, 18 Jan.1881.
39). Dr. M.Heyns, blse. 314 - 315. Cronje het later eers van hierdie oorwinning gehoor.
40). Rustenburg is op 27 Desember 1880 ingeneem, maar die Engelse kamp wat buite die dorp geleë was, het tot na die vrede uitgehou.
41). Colley het meer as 5,000 Britse troepe onder sy bevel gehad.
42). B.V.8 : P.J.Joubert aan P.A. Cronje, Heidelberg, 30 Dec. 1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

swak strateeg. Daarom het hy die belangrikheid van Potchefstroom heeltemal oorskat. Vir hom het die stryd in Potchefstroom ontbrand en daar moes dit beëindig word. Sy eiesinnigheid was oorsaak dat hy soms sy magte te buite gegaan het en onvermydelik met die regering te Heidelberg gebots het. Op 30 Desember 1880 het hy 'n skrywe aan president Brand van die Vrystaat gerig waarin hy meld dat J.J.Hoffman, sekretaris van die Finasiële Subkommissie, deur die krygsraad van die Suid-Afrikaanse Republiek afgevaardig is om met hom 'n persoonlike onderhoud te voer. Die krygsraad vertrou dat die president hom as sodanig sou ontvang en nie sou aarsel om hom die verlangde informasie en hulp te verskaf nie.[43)]

Die volgende dag stel Cronje Hoffman in kennis dat die krygsraad hom na die president van die Vrystaat afgevaardig het. Hy het nie 'n definitiewe opdrag nie, maar moes sy eie diskresie gebruik om alles in belang van die Suid-Afrikaanse Republiek te doen. Sy vernaamste taak was om Brand se gevoelens uit te vind. Dan moes hy die posdeurvoer na Transvaal bespreek en uitvind waarom die posmeester van Kroonstad geweier het om die Transvaalse pos deur te stuur.[44)]

Cronje het vir homself hier mag toegeëien wat nie aan hom verleen is nie en sy eie belangrikheid heeltemal oorskat. Eerstens het hy gehandel asof hy en sy krygsraad te Potchefstroom die wettige regering van die Suid-Afrikaanse Republiek was en op eie gesag opgetree sonder om vooraf die regering te Heidelberg oor die wenslikheid van sy handelwyse te/.....

43). B.V. 12 : Kopieboek van Genl.P.A. Cronje, bls.2: Brief van P.A. Cronje aan J.H.Brand, Staats President Oranje-Vrystaat, Potchefstroom, 30 Dec. 1880.

44). B.V. 7 : Ongeregistreerde Stukke : P.A. Cronje aan J.J. Hoffman, 1 Jan. 1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

te raadpleeg.[45]

By Hoffman se aankoms in die Vrystaat het Brand dadelik sy spyt te kenne gegee dat die Boere in Transvaal die wapens teen Engeland opgeneem het. Vir byna 'n uur het hy oor die mag van Engeland gepraat.[46] Hoffman het hom meegedeel dat die Transvaalse regering begerig is om 'n posverbinding met die Vrystaat in te stel. Brand het geantwoord dat hy geen ander regering as dié van Engeland in die Transvaal kon erken nie, maar meegedeel dat hy die posdeurvoer sou toelaat.[47]

Toe Hoffman die kwessie van uitlewering van gevangenes en Brand se houding i.v.m. die handhawing van neutraliteit aangeraak het, het Brand geantwoord dat hy hom nie as 'n regeringsverteenwoordiger kon beskou nie, en dus nie offisieel oor sulke sake kon praat nie. Brand se optrede bevestig dat Cronje hom met 'n saak bemoei het waarmee hy niks te doen gehad het nie. Hoffman het nie moed verloor nie en by Brand aansoek gedoen om 'n paar groot kanonne om in die stryd teen die Engelse te gebruik. Aan hierdie versoek wou Brand ook nie gehoor gee nie, want as hy kanonne aan die Transvaal afstaan, sou Engeland dit as 'n direkte oorlogsverklaring beskou. Hy kon ook nie aan die versoek om ammunisie na Transvaal te laat deurvoer, voldoen nie. Hoffman het darem daarin/.....

45) B.V.7 : Ongeregistreerde stukke: Ibid.

46). Dr. M.Heyns, bls. 286.

47). B.V. 7 : Ongeregistreerde stukke: Verslag van J.J.Hoffman, 14 Januarie 1881;
Dr. M.Heyns, blse. 287 - 288.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daarin geslaag om 'n bietjie ammunisie van die Vrystaatse Boere te koop. Origens was sy sending 'n mislukking.[48)]

Cronje wat self nie die gesag van die regering geëerbiedig het nie, het anders streng dissipline voorgestaan. Gedurende die oorlog het die Boere heelwat met spioene en verraaiers te doen gehad, maar in hierdie opsig het Cronje ferm opgetree. Tydens die oorgawe van majoor Clarke het hy die gevangenes laat deursoek. Die volgende dag is aan hom twee briewe oorhandig. Die eerste brief was aan kaptein Raaff gea dresseer. Die skrywer was 'n sekere Johannes van der Lingen, wat as korporaal in diens van die Suid-Afrikaanse Republiek werksaam was maar vir die Engelse spionasiewerk verrig het. In die brief het hy 'n volledige verslag van die Paardekraalbyeenkoms aan Raaff gestuur.[49)] Johannes van der Lingen is voor die krygsraad verhoor en op 31 Desember 1880 weens hoogverraad doodgeskiet.[50)]

Die tweede brief is deur Dr. Woite vanaf Paardekraal aan majoor Clarke gerig. Daarin het Dr. Woite die volgende minagtende uitlatings gemaak:-

" Here at Paardekraal are about four thousand bigmouthed cowardly Boers. Don't let the number frighten you; for I am sure that you could with three hundred undisciplined troops chase them in all directions, with less than half an hour's fighting. I have taken service under them as doctor so that I will be in a position to inform you from time to time regarding their movements."51)

Die/.....

---

48). B.V. 7 : Ongeregistreerde stukke. Ibid.

49). B.V.2 : Notulen van de Krijgsraad gehouden te Potchefstroom, 31 Dec. 1880.

50). Ibid.; Weilbach en du Plessis, bls.184: Kommandant Lemmer is deur die krygsraad opgedra om die vonnis uit te voer. Volgens krygsraadsbesluit moes hy ses skote skiet.

51). B.V. 5 : Dr. Woite to Major Clarke, Paardekraal, 12 th December, 1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die teregstelling van Dr. Woite was vir Cronje 'n pynlike saak aangesien hulle intieme vriende was. Advokaat van Eck het Woite se saak waargeneem, terwyl advokaat Buskes namens die Staat opgetree het. Uit die verhoor is bewys dat Dr. Woite op 12 Desember 1880 te Paardekraal aanwesig was en vandaar die brief aan majoor Clarke geskryf het.[52] Hy was ook teenwoordig toe Cronje sy burgers voor sy vertrek na Potchefstroom toegespreek het. Hy het die wat spyt was dat hulle na Paardekraal gekom het, aangeraai om huis-toe te gaan. As daar burgers was wat dit verkies het maar bang was dat hulle meer patrioties-gesinde medeburgers hulle kwaad sou aandoen, verseker hy hulle dat hulle onder sy toesig die laer veilig kon verlaat. As hulle mog verkies om in die laer te bly staan, hulle onder krygswet en moes hulle hulle plig as burgers getrou nakom. As daar 'n verraaier onder hulle was, sou hy indien betrap word, al is hy ook 'n vader of 'n broer, die dood van 'n verraaier sterf.[53]

Nieteenstaande hierdie ernstige waarskuwing het Dr. Woite gewaag om verraad te pleeg. Die getuies teen hom was so oortuigend en verpletterend, dat hy nadat die brief aan hom getoon is, onmiddellik skuld erken het. Cronje het aan hom gevra of hy enigiets te sê gehad het waarom die doodstraf nie oor hom uitgespreek sou word nie. Hy het geantwoord dat Cronje seker nie 'n ou vriend van hom sou veroordeel nie. Woite het ook beweer dat hy saam met die burgers gegaan het om die land van diens te wees. Op die brief wysende het Cronje/.....

52). Herinneringen, 1 September 1913.

53). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Cronje gevra of dit 'n diens aan die land was. Dr. Woite het geswyg.[54] Cronje was oortuig van sy vriend se skuld en kon alleen die doodstraf toepas. In die namiddag van 6 Januarie 1881 is hy doodgeskiet.[55]

Na hierdie reëlinge het Cronje en sy krygsraad die minder ernstige gevalle van verdagte persone onder behandeling geneem. Landdros Goetz en R.G. Impey, Landdrosklerk en Publiekeaanklaer, is onder borgtog vrygelaat. Hulle moes beloof om nie sonder-verlof die dorp te verlaat nie. Hulle moes ook beloof om te eniger tyd voor 'n hof te verskyn indien hulle daartoe geroep word.[56]

Buitengewone tye eis buitengewone maatreëls. Ander ernstige sake het Cronje se aandag geëis. Sy verantwoordelikheid was nie alleen beperk tot Potchefstroom nie; maar die hele westelike Transvaal het onder-hom geressorteer. Op hierdie tydstip was daar Engelsgesinde persone wat die omliggende kafferstamme teen die Suid-Afrikaanse Republiek aangehits het. Cronje het opdrag gegee om twee verdagte persone, 'n sekere Lane van Lichtenburg te arresteer en die ander 'n seker Scholtz op borgtog te stel. Indien hulle enige misstap begaan, moes hulle met die dood gestraf word.[57]

Vyandiggesinde kafferstamme is streng gewaarsku terwyl kommandant J. Viljoen van Marico na hulle gestuur is om beweerde klagtes te ondersoek. Na sy terugkoms het hy gerapporteer dat alles rustig en stil is . Daarom het Cronje dit raadsaam/.....

54). B.V.2 : Notulen van de Krijgsraad gehouden te Potchefstroom, 6 Jan. 1881.
55). Ibid. Kommandant Weilbach het die terggstelling uitgevoer.
56). Ibid. Dieselfde dag is nog 'n hele aantal ander persone verhoor en gestraf omdat hulle die vyand in minder of meerdere mate gehelp het.
57). B.V.12 : Kopieboek van genl. Cronje, bls. 5, 2 Jan.1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

raadsaam geag om van die burgers in die buite-distrikte as versterking na Pretoria te stuur. Aan kommandant Kook van Bloemhof is opdrag gegee om die burgers van sy distrik op te kommandeer en om vir die bewaking van die grens aldaar te sorg. Kommandant Greeff van Lichtenburg het 'n soortgelyke opdrag ontvang om die burgers van Lichtenburg op te roep, maar daarna moes hy na Potchefstroom terugkeer. Al die ammunisie wat hy in die hande kon kry, moes hy met hom saambring.[58]

Kommandant Kock en Greeff moes met mekaar vereenig, slagvee kommandeer en onwillige persone beboet tot stywing van die landskas. Om die eerste dringende uitgawes uit te wis is Kock gelas om vrywillige bydraes te vra. 'n Sekere Coulter en Green het opsetlik teen die duidelike instruksies van Cronje die vrye posdeurvoer na die Vrystaat belet. As tugmaatreël is hulle posperde vir die regering in beslag geneem. Ammunisie en wapens is ook in die winkels opgekommandeer. Cronje het gehoop dat kommandant Kock op die manier sy eie mag in stand sou hou om 'n vyandelike leër uit daardie rigting te weerstaan. Hy sou die grens ook veilig bewaak.[59]

Die gevaar van die kant van die naturelle het Cronje baie hoofbrekings besorg. Aan kaptein Dawid Massouw, Malmoesa aan die Hartsrivier, het hy geskryf dat daar sekere kwaaddoeners rondgaan om ander stamme op te hits, asook om valse gerugte te versprei en die mense op te maak. Cronje gelas hom om hulle te vang en aan kommandant Kock uit te lewer.[60]

58). B.V.12 : Kopieboek van genl. Cronje, bls. 10, Brief P.A.Cronje aan komdt. Kock, 2 Jan. 1881.
59). Ibid. P.A.Cronje aan D.F.Peterson, veldkornet, Potchefstroom, 2 Jan. 1881.
60). Ibid., bls. 11: Brief van P.A.Cronje aan David Massouw, Potchefstroom, 3 Jan. 1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die swak finansiële posisie van die regering het Cronje ontevrede gestem. Hy het baie van sy tyd en kragte ingespan om die toestand te verbeter, maar het in hierdie verband sake aangeraak wat hom die ongenoeë van die regering op die hals gehaal het. Hy het die regering versoek om die Uitvoerende Raad die wenslikheid te laat bespreek om voorbereidende planne te beraam om 'n geldlening met die Kaapse Handelsbank te sluit. Die bestuurder van Potchefstroom was gewillig om dit op hom te neem om die saak voor die direksie te bring.[61] Kruger het Cronje se houding afgekeur en hom geskryf dat hy hom met 'n saak bemoei waarmee hy niks te doen gehad het nie. Die regering was nie met die voorstel ontevrede nie, maar het Cronje se houding in die saak afgekeur. Hy het op eie houtjie met die bestuurder van die Potchefstroomse bank reëlings getref om die saak voor die direksie te bring. Hy vra ook nie vooraf die regering se toestemming nie maar versoek die Driemanskap om die saak voor die Uitvoerende Raad te bring. Kruger het Cronje se optrede afgekeur, want dit het gelyk asof hy die regering geïgnoreer het, alhoewel hy dit heeltemal goed bedoel het.

Cronje was nog nie tevrede nie. Die geldkwessie was by hom 'n brandpunt, daarom stel hy weer aan die regering voor om 'n sekere som geld van die Boere Nationale Handelsvereniging[62] te leen om voorlopig aan die dringendste/.....

---

61). B.V. 12: Kopieboek van genl. Cronje, blse. 22 -23; Brief van P.A. Cronje aan die regering te Heidelberg, Potchefstroom, 3 Jan. 1881.

62). Handelsvereniging wat met kapitaal van Boere opgerig is in Desember 1879 met die doel om onafhanklik van die Engelse te wees.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ste behoeftes van die land te voorsien. Dit was 'n billike voorstel en die regering het dit tog van die hand gewys. Cronje het in hierdie brief Dr. Jorissen se naam aan die vereniging en die gebruik van die geld vasgeknoop en daarop nadruk gelê dat die regering liewer die geld kon gebruik. Dit het Kruger nie aangestaan dat Cronje so 'n bewering maak nie en hy het hom gewaarsku dat soiets nie weer moes gebeur nie.[63)]

Cronje het die geldkwessie nie weer aangeraak nie. Dit skyn asof sy sekretaris, advokaat Buskus, ontevrede was met foutiewe spelling en taalfoute wat in die rapporte wanaf Heidelberg voorgekom het. Dit het onnodige werk vir hom veroorsaak om die stukke van foute te suiwer voordat dit gedruk word. Cronje het dit onder die aandag van die regering gebring en weer het Kruger hom streng aangespreek. Hy het Cronje laat verstaan dat dit instruksies is wat aan hom gestuur word en dat hy dit stiptelik moes uitvoer.[64)] Kruger het Cronje verwyt dat hy hom te veel met onbelangrike dingetjies besig gehou het. Dit was sy taak om die Engelse in Potchefstroom te onderwerp en nie om die handelwyse van die regering te kritiseer nie.[65)] Cronje weer het nooit geskroom om iets te sê as hy dit dig geag het nie. Hy het gewoonlik nie baie gepraat nie maar wanneer dit vereis was, het sy woorde ingeslaan.

Vog/.....

63). B.V. 8: Brief van S.J.P.Kruger aan P.A.Cronje, Heidelberg, 6 Jan.1881.

64). Ibid.

65). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nog 'n bron van wrywing tussen die regering te Heidelberg en Cronje was die kwessie van toesending van versterking aan Kommandant-generaal P.J.Joubert by die Drakensberge. Die regering het verskeie kere by Cronje aangedring om van sy manskappe te Potchefstroom vir hierdie doel vry te laat.Aan al hierdie opdragte het hy uitvoering gegee en afdelings gestuur . Hy het sorg gedra om sy eie mag sterk genoeg te hou. Teen die middel van Januarie 1881 het hy op versoek van die regering kommandant H.R. Lemmer van Makwassie opdrag gegee om vyftig burgers uit Schoonspruit en Makwassie op te roep om binne drie weke van Potchefstroom na Heidelberg te vertrek.[66] Kommandant J.M.A. Wolmarans het 'n soortgelyke opdrag gekry om uit Mooirivier en Potchefstroom op te kommandeer.[67]

Kruger het geoordeel dat Cronje te min versterking gestuur en te veel manskappe nutteloos te Potchefstroom aangehou het. Hy het Cronje op die vingers getik omdat hy minder belangrike aangeleenthede , soos bv. die geldkwessie, bo besonderes gestel het.Hy was besig om die planne van die regering te laat skipbreuk ly.[68]

Cronje was wrewelig en het nie versuim om in sy verdediging sy prestasies op te som nie.Hy het verduidelik dat hy reeds 300 man na Heidelberg gestuur het. Miskien/.....

66). B.V.12: Kopieboek van genl.Cronje, bls.107 : Brief van P.A. Cronje aan komdt. H.R.Lemmer,Komdt. van Schoonspruit en Makwassie , Potchefstroom, 18 Jan. 1881.

67). B.V.12: Ibid.,bls.108: Brief van P.A.Cronje aan komdt. J.M.A.Wolmarans,Mooirivier en Potchefstroom, 18 Jan.1881.

68). B.V.7 : Brief van S.J.P.Kruger,M.W.Pretorius en P.J. Joubert aan P.A.Cronje, Heidelberg,24 Jan. 1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kien het Kruger nie daarvan geweet nie of andersins het hy dit vergeet. Te Potchefstroom het hy 400 man gehad wat nie te veel was as in aanmerking geneem word dat hy nog vir ander distrikte ook verantwoordelik was nie. Hy moes die oog hou op 'n moontlike inval van die kant van Kimberley en die opstandige naturelle op die suidwestelike grens van die Republiek. As Kruger enigsins 'n denkbeeld gehad het van die oorlogsterrein te Potchefstroom, sou hy nie beweer het dat Cronje te veel manskappe nutteloos aanhou nie. Die Engelse in die kamp sou nie ingee tensy hulle deur honger, siekte of 'n oormag daartoe geforseer word nie. Cronje se eer was gekrenk. Hy het Kruger sy leedwese uitgespreek omdat die regering voorgegee het dat hy aan besondere belange bo die van die land voorkeur gegee het.[69)]

Cronje het gevoel dat as hy te lig bevind word, hy gewillig is om hom aan 'n bekwamer generaal te onderwerp. Hy het die geleentheid te baat geneem om hom teenoor Kruger uit te praat. Hy het niks opgekrop nie. Hy was ontevrede omdat die regering te Heidelberg al driekeer 'n beroep op hulle kas gedoen het. M.W. Pretorius aan wie hy £50 reisgeld na die Oranje-Vrystaat gegee het, het hom verseker dat daar minstens £3,000 in die kas te Heidelberg was. Te Potchefstroom sukkel hulle hard om die fondse deur middel van die verkoop van dorps- en buitelandse passe, lisensies/.....

---

69). B.V.12 : Kopieboek van genl. Cronje, blse. 145 -147: Brief van P.A. Cronje aan S.J.P. Kruger, M.W. Pretorius en P.J. Joubert, Potchefstroom, 25 Jan. 1881;
B.V.7 : Ongeregistreerde stukke: Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

lisensies,ens. te styf.Hulle het geen fondse uit vrywillige bydraes ontvang nie en die publiek het nog nie hulle belastings betaal nie, omdat hulle ontevrede was omdat hulle Heidelberg moes voed.Die regering het geweier om aan hulle waens te stuur, sodat die burgers sonder klere, geld en ammunisie wat daarin gebêre was, moes klaarkom.Sy mense is gewillig en geduldig en sal geld, liggaam en goed opoffer vir die behoud van hulle land, maar murmureer as hulle van Heidelberg hoor en as dit geweier word om hulle waens te stuur.[70]

Kruger se bewerings was nie almal ongegrond nie. Wat die toesending van versterking betref, het Cronje die bevele van die regering nie streng geëerbiedig nie. Sy fout was dat hy meer as vierhonderd perderuiters aangehou het om die Engelse kamp te beleër. Met die helfte minder gewone burgers kon hy die beleg nêtso suksesvol deurvoer. Hy sou dan nie so baie burgers en perde nutteloos aangehou het nie. Hy moes minstens die helfte van sy berede mag na die Natalse grens weggestuur en hulle met gewone burgers vervang het. Terwyl hulle die kamp beleër het, kon die perdekommando die omgewing patrolleer, 'n oog op die naturelle op die suidwestelike grens en 'n moontlike Engelse inval uit die rigting van Kimberley hou. Dit kon Cronje nie insien nie.Dit was oorsaak dat die regering hom verskeie kere op sy plig moes wys.

Kruger het dit dan ook weer nodig geag om op 30 Jan./..

70). B.V. 12 : Kopieboek van genl.Cronje,blse.145 - 147. Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

30 Januarie 1881 in 'n privaatskrywe as antwoord op Cronje se vorige brief, sy hart aan hom uit te praat. Hy het erken dat Cronje se briewe 'n pynlike indruk op hom en die regering gemaak het. As op die briewe gelet word, dan het hulle nie geweet wie die regering - Cronje of die Driemanskap - is nie. Sekere gedeeltes uit Cronje se brief het die indruk geskep dat hy nie die nodige respek en eerbied betoon nie en dat hy bevelgewend opgetree het. Hy het die regering met die term "Heidelberg" aangespreek en op kort maar duidelike verslae om in die Staatskoerant te publiseer, aangedring. Verder het hy geskryf:-

> "Onze menschen murmureren wanneer zij van Heidelberg hooren;" en ook: "dat uw publiek nog geen vrijwillige bijdragen heeft gedaan, omdat het ontevredenis dat Heidelberg geregeld door ons (Potchefstroom) gevoerd moet worden"; en ook: "het is nu al de derde maal dat Heidelberg een beroep doet op onze kas". 71)

Kruger het in sy brief nadruk gelê op die feit dat Cronje nie die juiste toedrag van sake gegee het nie. Volgens hom was daar 'n aansienlike aantal mense in Heidelberg en was dit nie nodig om van sy burgers as versterking te stuur nie. Dit was nie so nie. Daar was ongeveer 200 man. Die regering het meer as 3,000 man na Pretoria, Standerton en die Natalse grens gestuur. Cronje was ontevrede dat die regering van hulle fondse te Potchefstroom gebruik het. Die geld is ten behoewe van die land gebruik, want die regering moes in alles voorsien. Cronje praat van hulle kas, maar die regering van die landskas. Alles wat Cronje gestuur het was nie vir Heidelberg nie, maar vir die burgers van die land. 72)

Cronje/.....

71). B.V.8 : Brief van S.J.P.Kruger aan P.A.Cronje, Heidelberg, 30 Jan. 1881.

72). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Cronje het die brief baie deeglik gelees. Hy was nie van plan om die teregwysings onwoorwaardelik aan te neem nie. Vir elke oortreding van sy kant het hy 'n verskoning gevind. Kruger se brief, so skryf hy, het by hom dieselfde indruk geskep as wat syne by Kruger nagelaat het. Hy en sy offisiere het die hoogste respek vir die regering wat deur die volk gekies is, maar wys daarop dat die verantwoordelikhede oor die wesgrens swaar op sy skouers rus. Dit doen hom leed dat sy verskillende briewe uit verband geruk word om verkeerde bedoelings te laat posvat. Hy vra verskoning omdat hy oneerbiediglik die regering wat te Heidelberg gevestig is, as Heidelberg genoem het. Hy het ook nie gedink dat die woorde

> "wij zullen uw ammunitie sturen van de in de Oranje Vrijstaat gekochte, zoveel wij kunnen missen,"73)

aanstoot sou gee nie, want dit is sy bedoeling om met die inkomste van die distrik die ander dele van die land behulpsaam te wees. Hy skryf ook dat dit nie sy begeerte was om te bewys dat hy die toedrag van sake beter as Kruger begryp het nie. As 'n getroue offisier het hy dit sy plig geag om die sienswyses van sy offisiere en manskappe onder die aandag van die regering te bring.74)

Cronje het ook nie nagelaat om Kruger se bewerings te kritiseer nie. Volgens Kruger was daar 200 man te Heidelberg en 3,000 of meer na Standerton en die Natalse grens gestuur. As in aanmerking geneem word dat te/.....

---

73). B.V. 12: Kopieboek van genl. Cronje, blse. 175 -181: Brief van P.A. Cronje aan S.J.P. Kruger, Potchefstroom, 2 Febr. 1881.

74). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

te Potchefstroom 400, te Bloemhof 100, Marico 150 en te Rustenburg 100 manskappe was, dan is daar slegs 3,750 onder wapen. Kruger het tog opdrag gegee dat die laaste man opgekommandeer word. Waar is die ander getroue burgers wat by Paardekraal byeen was?[75] Cronje wou hier maar net bewys dat Kruger se briewe ook nie die juiste toedrag van sake weergegee het nie.

Die feit dat Kruger beweer het dat die geldkwessie van die Boere Handelsvereniging Cronje nie aangegaan het nie, het hom ook nie aangestaan nie. As hy niks met die geld te doen gehad het nie, wou hy graag weet waarom hy dan gedurig daaroor lastig geval is. Dit doen hom leed dat die regering meer waarde heg aan gerugte as aan sy rapporte. Op 'n vraag van die regering of dit waar is dat sy sekretaris Buskus in die Engelse kamp was , het hy ontkennend geantwoord. Hy was oortuig dat hy sy pligte getrou vervul het.[76]

Hiermee was die korrespondensie tussen Cronje en die regering op 'n end. Die teregwysings het die regte uitwerking gehad. Cronje het van nou af sy aandag meer aan die beleëring van die Engelse gewy en goed nagedink voordat hy aan die regering geskryf het. Die samewerking was van beide kante beter, want die regering en Cronje het onlangs skuld gehad.

---

75). B.V.12: Kopieboek van genl.Cronje, blsel75.Ibid; B.V.7: Ongeregistreerde stukke.Ibid.

76). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK. 5.

DIE TIRAN VAN POTCHEFSTROOM

Vir 'n maand het Cronje met die beleg voortgegaan en nog niks uitgevoer nie. Toe op die 22 ste Januarie 1881

" deden de rooijes een onverwachten uitval op onze schansen"1)

skryf Cronje. By hierdie geleentheid het die Engelse twee van sy burgers gevange geneem en twee ander het sommer oorgegee. Na die skermutseling is op versoek van die Engelse aanvoerder ooreengekom om 'n wapenstilstand van een uur toe te staan sodat wedersyds gewondes en gesneuweldes uitgelewer kon word. Die Engelse het Cronje ook gevra om medisyne en verbandlinne aan hulle te stuur wat hy gewilliglik gedoen het. 2)

" We thanked the Boer Commander for his thought of our wounded," skryf kolonel Winsloe," and so this affair ended. Civilities like these take the sting off warfare, and I must say for the Boers that they were never behind in such things. They are a fine, manly, sturdy race, such as I should like to live among. Who can blame them for fighting for their independence? We, at least, did not do so." 3)

Na hierdie skermutseling het die beleg eentonig voortgegaan. Cronje was oortuig daarvan dat die Engelse nie meer lank kon uithou nie. Teen die end van Januarie 1881 skryf hy aan Joubert dat hy binnekort meer versterking sou stuur, want

" de rot (die Engelse) zit nog/....

1). B.V. 12 , bls.139 : Brief van P.A.Cronje aan die Driemanskap, Potchefstroom, 25 Jan. 1881.
2). B.V.12,bls.135: Brief van P.A.Cronje aan Kol.R.W.C. Winsloe,Potchefstroom, 22 Jan. 1881.
3). Lady Bellairs: The Transvaal War, bls.260.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Oorlogsterrein te Potchefstroom (1880-1881.)



Bron: B.V. 12, blse. 154 - 157, 27 Januarie 1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nog altijd in de val, en zoodra hij zijn neus uitsteekt wordt hij geknipt. Ik verwag dat het niet meer lang zal duren." 4)

Die Engelse kamp was so ingerig dat die Boere moeilik tot 'n aanval koh oorgaan. 5) Vanaf die kamp na die kruithuis het die Engelse 'n diep sloot gegrawe waaruit hulle die Boere gedurig onder vuur gehou het. Cronje het een afdeling van sy manskappe tussen Jeugd- en Du Toitstraat geplaas. Vanuit Smithstraat het hy 'n sloot weswaarts om die Engelse gegrawe met 'n fort aan die end wat vyf-en-twintig man kon huisves. Op hierdie punt is hy dikwels deur die Engelse aangeval, omdat dit weens die gebrok aan ruimte vir 'n groter bemanning swak verdedig is. 'n Tweede sloot is van Potgieterstraat, naby Jooste se huis verby die tronk om die skutkraal en deur die/.....

---

4). B.V. 12, blse. 154 - 157: Brief van P.A. Cronje aan P.J. Joubert, Komdt.-genl. naby M.W. Wakkerstroom, 27 Jan. 1881.

5). Ibid. Die Engelse kamp was as volg ingerig:-



a. is die twee kanonne. b. is die vrouetent en van die familie Forsman.
c. is die offisierstent. d. en e. hospitaal.

Buite om die kamp is 'n diep sloot gegrawe met toue daaromheen gespan. Van die groot sloot is klein slootjies na die gate O gegrawe, waarin snags Engelse wagte geplaas is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die kerkhof tot by die fort noordoos van die kruithuis gegrawe. In hierdie sloot, die tronk, skutkraal en kerkhof het Cronje 'n sterk afdeling geplaas sodat die Engelse deeglik omsingel was.[6]

Kolonel Winsloe het by Cronje geprotesteer teen die gebruik van ontplofbare koëëls deur die Boere. Hy het beweer dat dit in stryd is met die traktaat van Geneve[7]. Cronje het dit vreemd gevind dat die Engelse beswaar aangeteken het. Hulle het die Boere as rebelle beskou en self met ontplofbare kanonkoëëls geskiet. Buitendien is die koëëls na die oorgawe van majoor Clarke in die Landdroskantoor gevind. Cronje het erken dat hy van genoemde traktaat geen kennis gedra het nie. Die saak is na die regering verwys. Totdat hy die beslissing van die regering verneem, sou hy voortgaan om die patrone te gebruik.[8] Op 'n tweede klag van Winsloe is hom meegedeel dat reeds aan die burgers opdrag gegee is om voortaan die gebruik van die patrone te staak.[9]

In die begin van Februarie het Cronje tyding gekry[10] van die Boere-oorwinnings by die Drakensberge. Dit was opwekkende nuus. Hy en sy manskappe het die Engelse kamp nouer ingesluit, maar dit het nie maklik gegaan nie. Winsloe was 'n dapper krygsman wat elke duim grond hardnekkig verdedig het.[11] Cronje se taak sou makliker gewees het as hy 'n kanon tot sy beskikking gehad

het/.....

6). B.V.12, blse. 154 - 157. Ibid.
7). Die traktaat dateer vanaf 1864.
8). B.V.12, blse. 154 - 157. Ibid.
9). B.V. 11: Brief van P.A. Cronje aan Kol. Winsloe, Potchefstroom, 5 Febr. 1881.
10). Laingsnek en Ingogo.
11). Herinneringen, 1 September 1913.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het.Kommandant Greeff het hom meegedeel dat in Lichtenburg 'n kanon was wat aan 'n ryk winkelier behoort het.Die kanon is gebruik om by plegtige geleenthede saluutskote te vuur. Greeff is gestuur om die kanon in beslag te neem en na Potchefstroom te bring. Die kanonvuur van die Engelse kon toe beantwoord word.[12)]

Die Kommandant-generaal het die posisie te Potchefstroom nietemin nie vertrou nie.Hy het dit as onmoontlik beskou dat die ellendige Engelse kamp nog kon staan. Daar moes verraad op die spel wees.Daar was te veel kos in die dorp. Dit is ongetwyfeld in donker nagte in die kamp ingebring.Cronje moes tot groter versigtigheid gemaan word. Die kamp moes beter bewaak word en sorg gedra word dat persone nie in en uit die kamp loop nie.[13)]

Cronje moes gedurig op sy hoede wees,want gedurende hierdie tyd is baie gerugte versprei.Op 23 Februarie waarsku hy kommandant Kook van Bloemhof dat hy in 'n lokale koerant gelees het van die voorneme van die Britse regering om vierhonderd gevangenes uit die onlangse Basoeto-oorlog na Kimberley te stuur. Tweeduisend troepe is op weg na Basoetoland om vandaar deur die Oranje-Vrystaat te trek. Hy beskou dit as 'n set van die Engelse om Potchefstroom aan te val.[14)] Dit was egter nie so nie.

Aan/.....

---

12). Herinneringen, 1 September 1913.
13). B.V.3 : P.J.Joubert per brief aan S.J.P.Kruger, Hoofdkwartier, 21 Febr. 1881.

14). B.V.12 , blse 276 : Brief van P.A.Cronje aan Komdt. Kook van Bloemhof,Potchefstroom,23 Febr. 1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Aan die Natalse grens het generaal Colley hom vir die beslissende slag gereed gemaak. In die nag van 26 Februarie 1881 het hy met 800 troepe en enige kanonne daarin geslaag om bo-op die kop van Majosba posisie in te neem. Die volgende dag het 150 vrywilligers van die kommandantskappe van Nicolaas Smit, A. Pretorius en G.Meyer onder aanvoering van veldkornette D.J.Malan, Stephanus Roos en Joachim Ferreira die kop bestorm. Na 'n hewige geveg is die Engelse verpletterend verslaan. Generaal Colley het in die geveg gesneuwel.[15]

Sir Evelyn Wood is as Colley se opvolger aangestel. Op 4 Maart stel president Brand aan Wood en Joubert per telegram voor om 'n wapenstilstand te sluit. Albei generaals het met die voorstel ingestem. Op 6 Maart is die voorwaardes van die wapenstilstand onderteken.[16] Vyandelikhede sou vanaf 6 Maart tot middernag 14 Maart 1881 gestaak word. Gedurende hierdie tyd sou beide partye geen voorwaartse beweging buite sy teenswoordige posisie maak nie; binne sy grense kon elkeen na willekeur optree. As hy dit nodig ag, kon Wood of sy opvolger kosvoorrade en brandhout vir agt dae aan die Britse garnisoene in Transvaal stuur. Geen ammunisie mog versend word nie. Die Boere-aanvoerders onderneem om die voorrade deur te stuur, maar moes netsoos die Britse garnisoene vyandelikhede vir agt dae staak eers nadat die voorrade gearriveer het.

Die/.....

15). Dr. M.Heyns, blse.376 -378; J.A.Mouton, bls.72; H.P.van Coller: Stephanus Johannes Roos. Historiese Studies, bls.155. Jaargang 2, Nr.3. Jan.1941.
16). Dr.M.Heyns, bls.384; J.A.Mouton, blse.74 -75; Jorissen; bls.73.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Leiers van die Eerste Vryheidsoorlog.

—(Foto Uit Andriessen.)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die persone wat die waens begelei, moes weer teruggestuur word. Hulle sou ook nie toegelaat word om die kampe binne te gaan of om daar as versterking agter te bly nie. Hulle sou as neutraal beskou word totdat hulle weer binne die Britse grense terug is. Generaal Joubert het onderneem om dadelik aan die garnisoene sowel as aan die Boere-aanvoerders aldaar, die voorwaardes van die wapenstilstand bekend te maak. Hy sou ook sy invloed gebruik om die verskillende aanvoerders te beweeg om die gewondes van die Engelse na die Britse grenslyn in Natal te stuur.[17]

Op 10 Maart 1881 het die regering te Heidelberg 'n brief van generaal Joubert ontvang waarin hy Kruger van die ooreenkoms tussen hom en Wood verwittig. Hy bepaal Kruger se aandag by die feit dat die wapenstilstand by die kampe begin op die dag wanneer die waens met kosvoorrade daar sou aankom en nie voor die tyd nie. Die waens moes ongehinderd deurtog verleen word, maar teen verraaiers bewaak word. Die leiers en drywers moes nie in die kampe toegelaat wf die geleentheid geskenk word om met die Engelse te onderhandel nie. Die mense om en by die kamp moes gedurende die wapenstilstand verhinder word om naby die kamp te kom. Binne in die kamp moes dieselfde regulasies gehoorsaam word. Joubert het vermoed dat die waens eers oor tien of twaalf dae by Potchefstroom sou aankom. Teen daardie tyd sou hulle 'n meer gedetermineerde vrede of oorlog hê. Hy versoek Kruger om volgens akkoord al/.....

---

17). Joubert-Kolleksie.7.2529: Akte van ooreenkoms tussen Sir Evelyn Wood, Majoor Fraser, R.E., Kaptein Maude, Mnr. Thorburgh en P.J.Joubert, D.C.Uys, C.J.Joubert en G.H.Fouche, 5 Maart 1881; Staats-courant, Nr.10, 16 Maart 1881; Dr.M.Heyns, bls.384.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

al die garnisoene en Boere-aanvoerders aldaar die terme bekend te maak.[18]

Hierdie brief tesaam met ander instruksies is onmiddellik aan Cronje afgestuur. Kruger het hom ook meegedeel dat hy gereed was om na die Drakensberge te vertrek. Hy wys Cronje daarop dat dit sy plig is om Winsloe van die wapenstilstand tussen Wood en Joubert kennis te gee, maar dat die wapenstilstand te Potchefstroom eers nadat die waens daar aangekom het, sou begin. Voor die tyd kon krygsoperasies voortgaan. Die provisie is slegs vir agt dae, daarom moes Cronje 'n noukeurige opgaaf maak van die aantal persone in die kamp om daarvolgens die kos uit te deel. Wanneer die waens aankom en die kos afgelewer is, vang die wapenstilstand aan. Soos uit die brief van Joubert gesien kon word, beteken die wapenstilstand slegs stilstand van stryd om die troepe geleentheid te skenk om te eet. Die troepe moes in hulle posisies bly en niemand moes toegelaat word om naby hulle te kom nie. Hy vestig Cronje se aandag op Joubert se brief. Die tyd het aangebreek dat die Boere moes volhou. Al die orige manskappe moes opgekommandeer word, want as die Engelse nie 'n behoorlike vrede wou sluit nie, moes die Boere gereed wees om tot die dood toe vir hulle vryheid te veg. Cronje moes dadelik aan Joubert se bevele uitvoering gee. Aan Winsloe moes hy voorstel om sy gewondes na die Britse linies in Natal te stuur.[19]

Cronje/....

18). Buitengewoon nommer der Staats-Courant. Pretoria, 27 Junij 1881, blse. V - VI; Dr. M. Heyns, blse. 302 -303.

19). B.V.8: Brief van S.J.P. Kruger aan P.A. Cronje, Heidelberg, 10 Maart 1881;
Buitengewoon nommer der Staats-Courant, Pretoria, 27 Junij 1881, bls. VI;
Dr. M. Heyns, blse. 302 -303.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Cronje het hierdie brief van Kruger op 12 Maart ontvang. Hy was net besig om afskrifte van die brief te maak om na Rustenburg, Marico en Bloemhof te stuur, toe G.P.Mollett daar aankom en hom 'n brief van president Brand van die Oranje-Vrystaat oorhandig. Brand het 'n telegram wat hy van Sir E.Wood ontvang het by sy brief ingesluit. In die telegram versoek hy president Brand om die Engelse garnisoen te Potchefstroom van die wapenstilstand in kennis te stel. Brand het Cronje se toestemming gevra om Mollett persoonlik met 'n soortgelyke brief waarin die terme van die ooreenkoms tussen Wood en Joubert uiteengesit is, na Winsloe deur te stuur. Hierdie versoek was regstreeks in stryd met die opdrag wat hy van Kruger en Joubert ontvang het. Daarom het hy besluit om die saak eers voor die krygsraad te bring. Hy het die regte prosedure gevolg.[20]

Op 14 Maart is krygsraad gehou. Aan Brand is geskryf dat voor sy brief afgelewer is, volledige instruksies reeds van die regering te Heidelberg ontvang is. Daarom is besluit om die regering te Heidelberg die toedrag van sake te verduidelik en op verder instruksies te wag. Voorlopig sou die Engelse aanvoerder nog nie in kennis gestel word nie. Brand se brief sou in bewaring gehou word totdat die regering duidelike bevele uitreik.[21]

Op/.....

20). Dr.M.Heyns, blse.303-304; buitengewoon nommer...., 27 Junij 1881, bls.VIII.

21). B.V.12, blse.316 -321: Brief van P.A.Cronje aan S.J. P.Kruger, Potchefstroom, 16 Maart 1881;
B.V.5 : Notulen van den Krijgsraad te Potchefstroom op den 14 den Maart 1881; M.Nathan; Paul Kruger. His Life and Times, bls.172 stel Cronje in 'n verkeerde lig. Cronje sou dan aangehou het met skiet nadat hy geweet het dat die wapenstilstand gesluit is. Hy skryf:
" There was subsequently a great dispute because/.....

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op 16 Maart het die poskoets na Heidelberg vertrek en daarmee is die brief aan die regering gestuur waarin instruksies gevra word. Voordat die regering se antwoord ontvang is, het 'n brief van Winsloe Cronje bereik. Die brief is laat die aand van 18 Maart geskryf en vroeg die volgende môre afgelewer. Winsloe skryf dat dit onder sy aandag gebring is dat Wood en Joubert tot 'n wapenstilstand van agt dae ooreengekom het. In die tweede klousule merk hy op dat Wood of sy opvolger geregtig is om lewensmiddele en brandhout vir agt dae deur die Boerelinies na die Britse garnisoene te stuur. Hy merk ook op dat die Boereamptenare onderneem om die lewensmiddele deur te stuur en dat die vyandelikhede vir agt dae gestaak sou word eers nadat die waens aangekom het. Joubert het onderneem om die terme van ooreenkoms dadelik aan die garnisoene en die aanvoerders bekend te maak. Uit konfidensiële bron het Winsloe verneem dat die waens aangekom het en buite die dorp wag om ingelaat te word. Cronje is versoek om hom 'n persoonlike onderhoud toe te staan om die terme van die ooreenkoms te bespreek.[22)]

Cronje/...

---

because Cronje, who commanded the Boers at the siege of Potchefstroom, which was defended by Colonel Winsloe - continued firing at the fort after he knew that armistice had been concluded. Rumours that an armistice was comtemplated were circulated at Potchefstroom as early as March 7. On March 13 two messengers arrived bringing news to Cronje from President Brand of the conclusion of armistice. Cronje refused to deliver their letter to Winsloe, though the Free Stae messengers remonstrated. The next day the news was confirmed. Two days later the Staats Courant published the agreement for the armistice, but still Cronje did not notify the garrison in the fort. The next day Colonel Winsloe and Cronje discussed the terms of British capitulation. On the following day (March 21) the capitulation was agreed to; but Winsloe, on hearing that he had agreed upon surrender while kept ignorant of the armistice, insisted that his mens should leave with the honours of war, and his officers should retain their side of arms". Hierdie beskrywing is vol onjuisthede en vooroordeel; Lady Bellairs, bls.275; T.F.Carter: A Narrative of the Boer War, bls.243.

22). B.V.8 : Brief van kol. Winsloe aan Cronje, Potchefstroom, 13 Maart 1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Cronje het op hierdie brief geantwoord dat hy hom stiptelik aan die voorwaardes van die wapenstilstand sou hou. Hy het Winsloe verseker dat die kosvoorrade nog nie gearriveer het nie, maar sodra dit aankom hy met hom sou onderhandel.[23]

Winsloe het die brief waarin die terme van die ooreenkoms uiteengesit is, ter hand gehad.[24] Hy het dus nie in onkunde verkeer nie,-maar alles nêtso goed as Cronje geweet. Kort na die ontvangs van Cronje se antwoord het hy weer op 'n onderhoud aangedring. Dit was nie om die terme van die wapenstilstand te bespreek nie, maar om sekere gewigtige dokumente voor Cronje te lê.[25]

Cronje het ingewillig om die onderhoud toe te staan 'n Plek halfweg tussen die Engelse kamp en die Boereskanse is vir die samekoms aangewys. Vanaf twaalfuur die middag sou vyandelikhede wedersyds gestaak word totdat die onderhoud afgeloop is. Cronje het Winsloe duidelik laat verstaan dat gedurende die tyd van staking van vyandelikhede, die posisies aan beide kante dieselfde moes bly. Niemand sou toegelaat word om naby die Engelse kamp of Boereskanse te kom en gesprekke aan te knoop nie.[26]

Generaal Cronje het 'n tent vir die samekoms laat/.....

---

23). B.V.12,bls.322: Brief van P.A.Cronje aan Kolonel Winsloe,Potchefstroom, 19 Maart 1881;
Staats-Courant,27 Jun. 1881,bls.V11.

24). Dit is die brief wat Mollett moes aflewer. Hy is toegelaat om met Raaff te praat em moes toe die brief aan hom oorhandig het; T.F.Carter,bls.243.

25). Dr.M.Heyns,bls.304; Staats-Courant, Ibid.

26). B.V.12,bls.322.Ibid.; Charles L.Norris-Newman: With The Boers in the Transvaal and Orange Free State, blse. 360 -361.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

laat opslaan en vergesel van Volksraadslid C.Bodenstein, kommandante J.Kock en J.M.Wolmarans met advokaat G.H. Buskus as tolk, het hy op die vasgestelde tyd daarheen gegaan om Winsloe te ontmoet. Kolonel Winsloe, vergesel van luitenante Rundell, Wollies en 'n burger Nelson, het na die tent gestap. Almal het buite die tent gebly. Winsloe het twee dokumente in sy hand gehad, die een na die ander voorgelees terwyl Cronje geluister het. Dit was 'n kopie van die wapenstilstandvoorwaardes en van Sir Evelyn Wood se telegram aan president Brand.[27]

Winsloe het daarop gewys dat generaal Joubert onderneem het om dadelik aan die garnisoene kennis te gee en het gevra waarom Cronje dit nie gedoen het nie. Cronje het geantwoord dat nadat hy sy instruksies ontvang het daar iets voorgeval het wat hom genoodsaak het om die kennisgewing uit te stel totdat die regering hom verdere instruksies toegestuur het. Winsloe het ook verklaar dat hy berig gekry het dat die waens met die kosvoorrade te Potchefstroom aangekom het. Dit is deur Cronje ontken. Winsloe was nog nie tevrede nie en het gevra of die waens dan nie op die oewers van die Vaalrivier in die Oranje-Vrystaat is nie. Weereens het Cronje geantwoord dat hy daarvan geen kennis dra nie.[28]

Hierna is Winsloe en sy staf versoek om in die tent te kom. 'n Onderhoud oor die wapenstilstand het begin.

Winsloe/.....

27). Dr.M.Heyns, bls.304; Buitengewone nommer der Staatscourant, Pretoria.27 Jun.1881, bls.VIII.

28). Ibid.; Herinneringen, 1 September 1913; Charles L.Norris-Newman, bls.361.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Winsloe was oortuig dat op die wapenstilstand vrede sou volg. Hy was begerig dat hy en Cronje verdere bloedvergieting in Potchefstroom moes verhoed. Hy versoek Cronje om die wenslikheid van 'n afsonderlike wapenstilstand tussen hulle te Potchefstroom te oorweeg. Dit sou nie nodig wees om te wag totdat die waens aankom nie. Dit is ook nie nodig om hom van voedsel te voorsien nie aangesien hy agt dae kon volhou. Cronje se antwoord was dat die terme van die wapenstilstand hom nie toegelaat het om die voorstel aan te neem nie en sy nadere bevele belet hom ook om dit te doen.

Winsloe en sy staf het vir 'n rukkie na buite gegaan, teruggekeer en gevra of dit moontlik is om 'n wapenstilstand van vier-en-twintig uur toe te staan, gedurende welke tyd hy en sy offisiere oor 'n moontlike oorgawe wou besluit. Cronje en sy gevolg het ook vir enkele oomblikke buite die tent beraadslaag. Hy het 'n wapenstilstand goedgekeur. Vyandelikhede sou wedersyds tot die volgende middag om twaalfuur gestaak word, terwyl elke afdeling in sy posisie moes bly.[29)]

Sondagmiddag, 20 Maart om twaalfuur, het die tweede samekoms plaasgevind. Winsloe het verklaar dat hy en sy offisiere besluit het om oor te gee, as dit met militêre eer kon geskied en as sy offisiere hulle wapens en privaateiendom kon behou. Cronje het die voorwaardes aangeneem. Advokaat Buskes en luitenant Rundell is aangese om/.....

---

29). B.V.12: Brief van P.A.Cronje aan Kolonel Winsloe, Potchefstroom, 19 Maart 1881;
Dr. M.Heyns, bls.304; Buitengewoon nommer der Staats-courant, Pretoria, 27 Jun.1881, bls.VIII; Herinneringen, 1 Sept. 1913.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

om die memorandum bevattende die vredesvoorwaardes op te stel. Winsloe het versoek dat die krygsgevangenes, deur Cronje op 18 Desember geneem, ook ingesluit moes word. Dieselfde dag is Winsloe meegedeel dat die krygsraad sy versoek toegestaan het.[30] Winsloe het Cronje per brief bedank vir die billike manier waarop hy hierdie saak afgehandel het.[31]

Op 21 Maart 1881 is die voorwaardes van oorgawe in dieselfde tent waarin die vorige twee samekomste gehou is, deur beide partye onderteken. Kolonel Winsloe het onderneem om al die posisies wat deur die Britse troepe te Potchefstroom beset is, te verlaat, alle wapens en ander goedere wat aan die Britse regering, asook goedere wat aan privaat persone behoort het, aan Cronje te oorhandig. Winsloe en sy offisiere kon hulle privaateiendomme behou. Die Engelse garnisoen kon die kamp onder hulle eie vlag verlaat en hulle sou nie as krygsgevangenes beskou word nie. Solank as vyandelikhede voortduur, moes hulle beloof om nie weer die wapens teen die burgers van die Suid-Afrikaanse Republiek op te neem nie. Winsloe moes al die ammunisie wat hy uit die kruithuis verwyder het, behalwe kruit, teruggee, wat aan die president van die Vrystaat ter bewaring gegee sou word totdat vyandelikhede wedersyds beëindig is. Winsloe moes Cronje van 'n volledige lys van sy offisiere, manskappe en ander persone in sy kamp voorsien/.....

30). B.V.5 : Notulen van den Krijgsraad te Potchefstroom gehouden op den 19 den Maart 1881; Charles L.Norris-Newman, bls.362.

31). B.V.12, bls.327: Brief van P.A.Cronje aan Kol.Winsloe, Potchefstroom, 20 Maart 1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voorsien . Die Engelse garnisoen wat die kamp binne 'n bepaalde tyd moes verlaat, sou na die Vrystaat onder 'n vredesvlag uitgelei word. Gedurende die ontruiming moes daar geen kommunikasie tussen die dorp en die kamp wees nie. Uitsondering sou gemaak word in die geval van personè wat deur hulle offisiere daartoe reg verleen is. Solank as Winsloe se afdeling marsjeer, mog daar geen gewapende mag nader as twee myl van hulle af kom nie. Cronje het onderneem om al die gewonde Engelse in die Boerehospitaal te verpleeg.[32)]

Cronje het die gunstigste voorwaardes onder die omstandighede denkbaar aan die Engelse garnisoen gemaak. Die Engelse het erken dat die behandeling wat hulle van Cronje en sy manskappe ontvang het, uiters vriendelik was.

> " Great kindness was shown by the Boers", skryf kolonel Winsloe,"and every assistance given in procuring provisions for the garrison, and medicines and comforts for the sick the moment hostilities ceased. Gifts of every kind were showered upon them, no soldier going away emptyhanded. One Boer sent fifty ducks to the sick and wounded, of whom there were respectively eight and fifteen".33)

Die aand van 21 Maart 1881 het Cronje en sy staf Winsloe en sy offisiere op 'n dinee onthaal.Herhaaldelik het Winsloe gewag gemaak van die vriendelike manier waarop Cronje hulle onthaal het.Die volgende dag het Cronje die landdros van Kroonstad,Oranje-Vrystaat, van die oorgawe te Potchefstroom in kennis gestel.Hy versoek die/.....

---

32). B.V. 5 : Memorandum der Voorwaarden betreffende de Capitulatie te Potchefstroom,21 Maart 1881;
Dr. M.Heyns, blse.306 - 307;
Staats-Courant gedurende de Vrijheidsoorlog van 1881, 30 Maart, bls.49.

33). Lady Bellairs, blse. 272 - 273.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die landdros om kolonel Winsloe die nodige hulp en steun te verleen en om sy depêche onverwyld aan die bevelvoerende offisier te Newcastle, Natal, te stuur. Winsloe moes die ammunisie aan hom afgee sodat hy dit in bewaring kon hou totdat Brand definitiewe bevele daaromtrent kon uitreik. Hy moes ook sorg dat Brand hiervan in kennis gestel word.[34] 'n Brief met volledige besonderhede is vir die doel vir Brand ingesluit.[35]

Die dag hierna het die Britse troepe onder eskortering van kommandant Wolmarans en 'n klein berede mag die dorp verlaat. Aan kolonel Winsloe is 'n perd en aan majoor Thornhill wat ongesteld was, 'n rytuig geleen. Op versoek van Winsloe het Cronje aan hom 'n portret as aandenking gegee.[36]

Terwyl die garnisoen die dorp verlaat ..., het Winsloe in sy slotaanmerking die Boere " a fine soldierly lot of men", genoem.[37] Luitenant Rundle het hom ook die gedrag van Cronje en sy manskappe geroem:-

> " Every mark of respect was shown by the Boers to H.M.troops, and neither by sign nor word was any discourtesy shown them whilst marching through the town. In short, the courtesy shown by the Boers after the cessation of hostilities to those who a few days before had been their enemies, could not have been exceeded by any European nation." 38)

Die /...

34). B.V. 12, bls.328: Brief van P.A.Cronje aan die Landdros van Kroonstad, Potchefstroom, 22 Maart 1881.
35). Ibid., bls.329: Ibid . aan pres. Brand.
36). Ibid., bls. 333: Brief van P.A.Cronje aan komdt.Wolmarans van Mooirivier, Potchefstroom, 24 Maart 1881;
Staats-Courant, 1881, Aanhangsel, bls.lX;
Herinneringen, 1 September 1913.
37). Lady Bellairs, bls.273.
38). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die vyandelikhede te Potchefstroom was beëindig en nou kon die manskappe vir 'n paar dae met verlof na hulle huise gaan. Op 24 Maart het Cronje van Potchefstroom vertrek. Al die manskappe sou weerrop 1 April te Potchefstroom bymekaar kom om vandaar na Heidelberg te vertrek. Indien daar intussen nog nie vrede gesluit is nie, sou hy en sy kommando na die Drakensberg opruk om Joubert te gaan versterk. Gedurende sy afwesigheid van Potchefstroom sou kommandant Greeff met 'n patrollie van dertig man agterbly om die orde te handhaaf.[39]

Terwyl Cronje op sy plaas was, is die vrede finaal gesluit.[40] Joubert was reeds op weg na Potchefstroom. Cronje het daarom die kommandante en burgers beveel om daar bymekaar te kom om die Kommandant-generaal te ontmoet.[41] Op 2 April het Joubert sy opwagting gemaak.[42] Joubert het Cronje en sy manskappe bedank vir hulle aandeel aan die stryd en namens die regering is hy en sy kommandante uitgenooi om op 14 April 1881 die Volksraadsitting te Heidelberg by te woon.[43] Dieselfde dag het Cronje sy kommandante van hierdie regeringsbesluit in kennis gestel.[44]

Intussen het Sir Evelyn Wood die regering te Heidelberg/.....

---

39). B.V.12: Brief van P.A.Cronje aan W.E.Bok, Staatsekretaris Heidelberg, Potchefstroom, 24 Maart 1881.

40). B.V.12, bls.344 : Brief van P.A.Cronje aan komdt. A.J.G.Oosthuizen, Gatsrand, Potchefstroom, 1 April 1881.

41). B.V.12, bls.348: Brief van P.A.Cronje aan komdt.J.P. Snyman, Parico, Potchefstroom, 1 Apr.1881.

42). B.V.12, bls.349: Brief van P.A.Cronje aan A.M.Goetz, Potchefstroom, 2 April 1881.

43). B.V.12, bls.351 : Brief van Buskus aan Cronje, Potchefstroom, 6 April 1881.

44). B.V. 12, blle. 353, 354 en 355 : Briewe van P.A.Cronje aan kommandante Kock, Greeff en Snyman, Potchefstroom, 6 April 1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

delberg meegedeel dat Cronje sy plig versuim het en nie die bepalings van die wapenstilstand te Potchefstroom nagekom het nie. Die regering het Wood verseker dat indien sy gegewens juis is, hulle sou toesien dat die oorgawe te Potchefstroom ongedaan verklaar word. Die eiendomme van die Engelse geneem, sou teruggegee word. As Wood dit nodig geag het, kon hy die garnisoen na Potchefstroom laat teruggaan. Hiermee was Wood tevrede en hy het onderneem om die garnisoen nie weer te laat teruggaan nie. Te Newcastle is dit weer noodsaaklik geoordeel om die Britse garnisoen onder toesig van 'n vrygeleide na Potchefstroom te laat terugmarsjeer. Twee van die Boere se beste manne moes te Newcastle agterbly totdat die geleide weer veilig terug is. J.S.Joubert en J.Cronje, twee van P.J.Joubert se burgers, het as gyselaars agtergebly.[45]

Die saak sou seker hierby borus het, maar in Mei 1881 het minister Gladstone in die Britse Laerhuis weer die kwessie aangeraak. Hy het die oorgawe te Potchefstroom as 'n daad van verraad bestempel en beweer dat Cronje opsetlik die terme van die wapenstilstand verswyg het. Hy het ook verduidelik dat die Boereleiers tenvolle ingestem het om die oorgawe te vernietig deur toe te laat dat die garnisoen na Potchefstroom kon teruggaan.[46]

Die Driemanskap was hieroor verontwaardig. Hulle afkeuring van Gladstone se toespraak is per telegram aan J.J.Pratt/...

45). B.V. 10, Nr.104 : Verslag van die byeenkoms te Newcastle, 28 Mei 1881;
Dr. M.Heyns, bls.308; Du Plessis en Weilbach, blse. 373 - 390.
46). European Mail, bls.15, 5 Mei 1881: Aangehaal in Buitengewoon nommer der Staats-Courant, Pretoria, 27 Jun. 1881, bls.VIII.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

J.J.Pratt, konsul vir die Suid-Afrikaanse Republiek in Londen, meegedeel.Hulle is diep gegrief omdat die oorgawe te Potchefstroom deur Gladstone verraad genoem is. Tot op die oomblik is hulle belet gewees om 'n behoorlike uitleg van die saak te gee, maar hulle het by die Koninklike Kommissie[47] aansoek gedoen om die nodige uitleg te gee en om hulle teen kwaadwillige rapporte te beskerm.[48]

Die Koninklike Kommissie het ingewillig om aan die versoek van die Driemanskap te voldoen. Op Maandag, 20 Junie 1881, het die Driemanskap hulle verslag van die oorgawe te Potchefstroom voor die Kommissie gelê. Die verslag het onweerlegbaar bewys dat Cronje hom stiptelik by die instruksies van die regering gehou het. Van verraad aan Boerekant was geen sprake nie.[49]

Cronje het nie 'n buitengewoon belangrike aandeel aan die Eerste Vryheidsoorlog gehad nie. Die stryd het 'n Potchefstroom ontbrand, maar daarna het hy vir drie maande lank die Engelse beleër sonder dat daar enige noemenswaardige gevegte plaasgevind het. Die vernaamste veldslae[50] is op die Natalse grens gelewer. As gevolg van die Boere se skitterende weerstand en uiteindelike oorwinning te Majoeba is vredesonderhandelinge van Engelse kant begin. Dis maar 'n geringe aandeel wat Cronje in die staking van vyandelikhede gehad het. Was dit nie vir die sogenaamde/.....

47). Die lede was Sir Evelyn Wood, Sir Hercules Robison en Sir Henry de Villiers.
48). Buitengewoon nommer van de Staats-Courant,27 Jun. 1881, bls.VIII.
49). Ibid.
50). Laing's Nek, Ingogo en Amajoeba.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sogenaamde verraad nie, dan sou sy naam nie so blywend onder die Engelse posgevat het nie. Maar die Britse jingo-skrywers het van hierdie Potchefstroom-voorval gebruik gemaak om Cronje in hulle geskrifte in 'n vals lig voor te stel as hulle daarop uit was om die Engelse publiek op te hits en rassehaat tussen die twee nasies te saai. Die belangrikheid van die oorgawe te Potchefstroom en die rol wat Cronje daarin gespeel het, is oordryf. Die naam van Cronje het by die Engelse onvergeetlik geword. "The undoubtable Cronje" en " the tyrant of Potchefstroom" sou hulle nie gou vergeet nie.[51)]

---

51). Louis Creswicke: South Africa and the Transvaal War, Vol. IV, bls. 71.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK. 6 .

KRYGSMAN IN NATURELLE - OORLOë.

Nadat die Eerste Vryheidsoorlog beëindig is, het die naturelle-moeilikhede op die suidwestelike grense van die Suid-Afrikaanse Republiek Cronje se aandag in beslag geneem. Die oorlog het die vrede ook onder hierdie naturelle-stamme verstoor. Reeds op 5 Februarie 1881 het die Baralong-opperhoofde, Moshette en Montsioa, bymekaar gekom om te besluit aan wie se kant hulle sou staan - die Boere of die Engelse. Moshette wou nie sommer kant kies nie. Hy het verklaar dat hy sy gewig by die oorwinnende party sou inwerp.[1] Montsioa is deur die Engelse as hoofkaptein erken en daarom het hy sonder omweg verklaar dat hy Engelsman is.[2]

Hy het dit as 'n geleentheid beskou om op een van die klein Baralong-opperhoofde, Machabi,[3] wraak te neem. Hy het in die nag van 2 Mei 1881 'n onverwagte aanval op Machabi gemaak en 'n hele aantal mans en vrouens, baie waarvan aan die stam van Moshette behoort het, vermoor.[4]

Omdat Cronje gedurende hierdie tyd vir die suidwestelike grens verantwoordelik was , het hy, nadat hy van die voorval in kennis gestel is, 'n kommando onder kommandant Greeff van Lichtenburg opgeroep en die na die grens gestuur om/.....

---

1). Dr.W.J.Leyds: Het Insluiten ...,Deel 1, bls.108; J.A.Mouton, bls.121; C.3098,bls.28.

2). Ibid.

3). Sy vader het met die Boerekommando's teen Moselikatze opgetrek. Op 'n vergadering van 5 Febr. 1881 het hy geweier om hom aan Montsioa te onderwerp.

4). Dr.W.J.Leyds: Het Insluiten....,Deel 1,blse. 108 -109; J.A.Mouton,bls.121. In die nag is 72 mans en 12 vrouens gedood.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

om die orde te herstel en verdere moeilikhede te voorkom.[5]

Toe hierdie handelswyse van Cronje bekend geword het, was die Koninklike Kommissie ontevrede. Die optrede was met die ooreenkoms van 21 Maart 1881 in stryd.[6] Die slotsom waartoe die Koninklike Kommissie gekom het, was om P.J.Joubert en majoor Butler na die grens te stuur om die geskil uit die weg te ruim. Cronje se kommando moes ontbind word en het opdrag gekry om nie weer onder die wapen te kom voordat behoorlik deur die Driemanskap opdrag daartoe gegee is nie. Hy en kommandant Greeff moes na Newcastle gestuur word om aan die Koninklike Kommissie verslag te doen.[7]

Die suidwestelike grensgeskil sou nie dadelik opgelos word nie. Nog 'n aantal jare sou dit 'n bron van moeilikheid vir die Suid-Afrikaanse Republiek wees. Terwyl daar gepoog is om 'n oplossing te vind, het die toestand onder die naturelle in die noordelike Transvaal ook sorgwekkend geword.[8] In die Lydenburgse distrik het die opstandigheid van die/.....

---

5). B.V.2 , Nr. 267: Brief van P.A. Cronje aan kommandant Greeff van Lichtenburg, 12 Mei 1881.

6). Dr. M.Heyns, bls.401; C.3219, bls.25, 12 Mei 1881:

In klousule 2 van die ooreenkoms van 21 Maart 1881 het Kruger, Joubert en Pretorius die Susereiniteit van Groot Brittanje en Ierland erken. Hulle het ook onderneem om aan die kommissie die reg te verleen om voorsorg vir die beskerming van belanghebbende inboorlinge te maak; en wat die grenssake betref het hulle die voorbehoud, met betrekking tot Buitelandse moondhede aan die Suserein oorgelaat.

7). B.V.10, Nr.47 : Koninklike Kommissie aan P.J.Joubert, 12 Mei 1881; Dr.M.Heyns, bls.401; J.A. Mouton, bls.121.

8). K.G.271: R.746/82 : Brief van B.J.Vorster, Rhenosterpoort aan die regering, 23 Aug.1882;
H.P.van Coller: Mampoer in die Stryd om die Bapedi-troon, bls.23. (M.A.verhandeling, Univ. van Pretoria. 1942. Gepubliseer in Historiese Studies, Jaargang 3 Nr.3-4.Okt.-Des. 1942.).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Mapoch-stam[9] moeilikheid voorspel.[10]

Terwyl die regering sy hande met hierdie veelvuldige naturelle-moeilikhede vol gehad het, het Mampoer[11] en 'n paar van sy volgelinge in die nag van 13 Augustus 1882 die Bapedi-opperhoof, Sekoekoeni, vermoor.[12]

Kommandant-generaal P.J. Joubert het as gevolg hiervan op 1 September 1882 aan Niabel, die Mapochopperhoof, 'n skrywe gerig waarin hy hom waarsku om nie vir Mampoer onder sy beskerming te neem nie. Hy moes die voortvlugtende moordenaar opspoor en aan die regering uitlewer.[13] In dieselfde brief word hom meegedeel dat die Lokasie-Kommissie[14] eerdaags na Mapochsland sou afreis om volgens die bepaling van die Pretoria-Konvensie 'n begin te maak met die afbakening van die lokasie vir sy onderdane.[15] Hy vra vervolgens 'n opgaaf van die aantal naturelle onder Niabel om daarvolgens die grootte van die lokasie te bepaal.[16]

Niabel/.....

---

9). 'n Naturelle-stam wat sy kraal in die Republiek sestig myl reg noord van Middelburg en 40 myl wes van Lydenburg gehad het.

10). S.N.8 : Brief van Landdros A.T.Janse, Lydenburg, aan P.J.Joubert, 23 Augustus 1882.

11). Mampoer was 'n half-broer van Sekoekoeni en 'n aanspraakmaker op die Bapedi-troon.

12). R.3688/83 in SS.576: Verslag van D.J.Erasmus, Magalis Stad, 15 Aug.1882.

13). K.G.271 : Brief van Kommandant-genl.P.J.Joubert aan Niabel, 1 September 1882.

14). Volgens die Pretoria Konvensie in die lewe geroep. Dit het bestaan uit P.J.Joubert, Die Britse Resident Hudson en H.J.Schoeman.

15). K G.271: Brief van Joubert aan Niabel, Ibid.

16). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Niabel het beslis geweier om die kommissie te ontmoet omdat hy homself as 'n onafhanklike opperhoof beskou het. Hy het die tweede opdrag van die regering ook opsetlik verontagsaam deur aan Mampoer beskerming te verleen.[17] Die Lokasie-kommissie het by hom aangedring om met sy werksaamhede voort te gaan, maar moes onverrigtersake terugkeer nadat Niabel hulle gruwelik beledig het.[18]

Hierdie brutale houding van Niabel het die regering genoodsaak om die Kommandant-generaal op 2 Oktober 1882 te gelas om sovdel manskappe as wat hy vir die komende stryd nodig ag, op te kommandeer.[19]

Cronje en sy burgers in die Potchefstroomse distrik is as gevolg van hierdie regeringsbesluit ook aangesê om na die vesting van die vyand op te trek. Die opgekommandeerde burgers het pragtig gehoor gegee; slegs die Schoonspruiters was onwillig om dadelik op te trek. Gedurende die Eerste Vryheidsoorlog was hulle geruime tyd van hulle plase op kommando weg. Hulle het dit dus as onbillik beskou dat hulle so gou hierna weer aangesê word om krygsdiens te verrig. Cronje het 'n verskoning vir hulle optrede gevind. Op 17 Oktober 1882 rig hy 'n skrywe aan die regering waarin hy meedeel dat sy burgers besig is om hulle graan te oes. Hulle is nie onwillig om aan die oproep/.....

17). Bijvoegsel tot de Staats-courant der Z.A.Republiek, 17 Mei 1883.(Uit die toespraak van die Staatspresident voor die lede van die Volksraad, 8 Mei 1882).
18). Ibid.
19). Uitvoerende Raad 6: Uitvoerende Raadsbesluit, art. 318, 12 Oktober 1882.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

roep van die regering gehoor te gee nie, maar behalwe dat hulle baie besig was met die insameling van die oes, word hulle distrik ook erg deur 'n maselepidemie geteister. Sy kommando sou op 24 Oktober te Wonderfonteinoog in die Potchefstroomse distrik bymekaarkom om daarvandaan na Mapochsland te gaan. Hy self kon op daardie tydstip nie sy burgers vergesel nie, want sy hele huisgesin het aan die masels platgelê. So gou as toestande dit toelaat, sou hy volg.[20]

Cronje kom hier weer netsoos voorheen teen die regering in opstand. Die redes waarom sy burgers nie onmiddellik aan die oproep gehoor gee nie, is nie oortuigend genoeg nie. Hy was nie onwillig om die opdrag uit te voer nie, maar wou sy eie tyd daarvoor gebruik. Hy het daarvan gehou om sy eie sin deur te voer. Die verskoning wat hy vir homself aangevoer het, blyk oortuigend genoeg te wees.

Cronje se manskappe het op die bepaalde tyd vanaf Wonderfonteinoog vertrek en teen die end van Oktober by Hoedspruit, 'n paar myl ten weste van Niabel se hoofstat, by Joubert se kommando, wat direk teen die vesting van die vyand opgetrek het, aangesluit. Joubert se getalsterkte het toe uit ongeveer 2,000 manskappe bestaan.[21]

Op/.....

---

20). R.11/82 in K.G.271 : Brief van P.A.Cronje aan die regering, 17 Okt. 1882.

21). De Volksstem, 18 Oktober 1882; Van Oordt, bls.390; Theal, bls.137.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op 4 November 1882 het Joubert sy ultimatum aan Niabel gestuur.[22] Die Kommandant-generaal het hom gewaarsku om die bevele van die regering stiptelik uit te voer. Hy kry tyd tot die volgende môre om die ultimatum te beantwoord.[23] Niabel het versuim om sy plig na te kom.[24] Hy was vir die stryd wat op 7 November ontbrand het, gereed.[25]

'n Paar dae nadat die stryd teen die Mapochstam begin is, was Cronje se huislike omstandighede so gunstig dat hy self na die oorlogsterrein kon gaan. Teen die middel van November het hy daar aangekom en die bevel oor sy burgers oorgeneem. Sy manskappe het hulle laer regs van die pad na Bothasberg, aan die oostekant van die hoofstat van Niabel opgerig en dit Potchefstroomlaer genoem.[26]

As kommandant het Cronje op die krygsraad sitting gehad waar die aanvalsplanne en oorlogstaktiek bespreek is.[27] Die krygsraad het besef dat die stryd teen Niabel en Mampoer nie maklik gevoer sou word nie. Die naturelle was/.....

---

22). De Volksstem, 15 November 1882. Die ultimatum is deur 'n Duitser, kaptein Riedel, geneem. Hy was baie lief vir 'n sopie.

23). R.4598/82 : Brief van P.J.Joubert aan die regering, 5 November 1882.

24). Ibid. Niabel het voorgegee dat hy te siek was om met die Kommandant-genl. te onderhandel, maar sou die volgende môre sy tolk en 'n paar hoofgeneraals stuur om sake te bespreek. Hy het egter die tolk en 'n paar gewone naturelle gestuur, en sy ooreenkoms dus verbreek.

25). R.4598/ 82: Brief van die Komdt.-genl. aan die regering, 7 November 1882.

26). Vgl. sketskaart.

27). G.W.Eybers, bls. 389, art.112 van die Grondwet: " De krijgsraad zal bestaan uit al de officieren en ambtenaren die aanwezig zijn."

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

was deeglik van vuurwapens voorsien.[28] Niabel se hoofstat was ook op 'n byna oninneembare bergvesting geleë.[29] Orals rondom die hoofstat en omliggende rotsagtige koppies en aan die hange van die ruigbegroeide berge, was ander goedverskanste krale, wat buitendien deur 'n netwerk van grotte, spelonke en slote uitstekende skuiling aan die opstandige naturelle gebiod het.[30]

Dit sou dus nie maklik gaan om die stam deur middel van openlike gevegte tot oorgawe te dwing nie. Die mees voor die handliggende plan was om die terrein van die vyand stelselmatig deur 'n reeks forte te omring, hulle weg te hou van die landerye om sodoende hulle voedselvoorrade uit te put en dan te onderwerp, of, as dit nie slaag nie, die vestings te ondermyn en deur middel van dinamiet in die lug te laat spring.[31]

Cronje het vanaf Potchefstroomlaer aan die oostekant van die hoofstat sy aanvalle teen die vyand gemaak. Ooreenkomstig die beleid deur die krygsraad neergelê, het hy dadelik 'n fort op Steenkampsberg begin bou. Die werk het vinnig/.....

28). Prof.Dr.S.P.Engelbrecht: Thomas Francois Burgers, bls.192. Die vuurwapens is in groot hoeveelhede deur Engelse smokkelaars ingevoer. Die smokkelhandel het so erg toegeneem dat daar binne vier en 'n half jaar 400,000 gewere aan naturelle verskaf is. Daarvan het die Mapochers ongetwyfeld 'n groot hoeveelheid in hulle besit gehad.

29). Theal, bls.135; H.P.van Coller, bls.118.

30). Ibid.

31). De Volksstem, 15 November 1882. (Korrespondent uit Hooflaer aan die regering te Pretoria).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vinnig gevorder want klippe was daar volop. Op 8 Desember is die fort voltooi, wat die Potchefstroomfort genoem.is Cronje en sy burgers het hulle intrek geneem en hiervandaan die stellings van die vyand onder kanonvuur gesteek. Die uitwerking was voortreflik.[32)]

Op die môre van 18 Desember het Cronje met drie honderd man en tweehonderd naturelle helpers 'n koppie waarin baie vyandelike naturelle skuiling gesoek het, aangeval. Na 'n hardé geveg het hy nie daarin kon slaag om die vyand uit hulle skuilplekke te verdryf nie. Die enigste oplossing was om vuur in die openinge van die spelonke te maak en deurmiddel van rook die naturelle uit die skuilings te dryf. Hierdie proses het geen uitwerking gehad nie. Hy het toe oorgegaan om dinamiet te gebruik. Die uitwerking was suksesvol. Baie naturelle is gedood, hulle graan is verniel en sestig bokke wat in die spelonk verskuil was, is buitgemaak, sodat Cronje en sy burgers van vars vleis voorsien was.[33)]

Weens gebrek aan grofgeskut en omdat die naturelle in onderaardse vestings verskuil gebly het, het die krygsraad besluit om voorlopig die aanvalle te staak en die vyand verder uit te honger deur hulle landerye te verwoes en nog meer forte te bou. Baie burgers is teen hier die tyd verlof toegestaan om na hulle plase terug te gaan. Sodra daar weer ander manskappe hulle plekke opgevul het/.....

---

32). K.G.271 : Brief van P.A.Cronje, Laager Steenkampsberg, 8 Des. 1882.

33). De Volksstem, 24 Jan. 1883.(Korrespondent, Mapochsland.).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het , sou die aanvalle voortgesit word.[34)]

Terwyl die gevegte tydelik gestaak is , het Cronje met 'n maand verlof na sy plaas teruggegaan.Op 10 Januarie 1883 het hy die laer verlaat terwyl kommandant Theunissen tydelik sy plek gevul het.[35)]

Gedurende sy afwesigheid van Mapochsland het Cronje al sy kragte ingespan om al die agtergeblewe burgers in sy distrik op te kommandeer om saam met hom na die oorlogsterrein te gaan. Sy ondervinding op die slagveld het hom laat besef dat dit noodsaaklik is dat elke burger sy plig moes doen. Met 'n groot mag tot sy beskikking sou die Kommandant-generaal daarin slaag om gou 'n einde aan die oorlog te maak.[36)]

Op 14 Februarie 1883 het Cronje aan die hoof van 'n sterk kommando uit Potchefstroomdistrik sy opwagting in Mapochsland gemaak. Sy laervwat uit honderd-en- vyftig waens bestaan het, het hy suid van die ou Potchefstroomlaer opgestel.[37)]

Die lewe het teen hierdie tyd ondraaglik vervelig geword omdat daar byna niks geveg is nie.Baie burgers was so terneergedruk dat hulle die waens wou inspan om huis-toe te ry.Die aankoms van Cronje en sy manskappe het sommige weer met moed besiel, want nou kon die gevegte weer/.....

34). K.G.271 : Rapport van die Komdt.-genl. aan M.W. Pretorius, Hooflaer, 3 Jan. 1883.
35). De Volksstem, 24 Jan. 1883.(Verslag van die korrespondent uit Hooflaer).
36). Brief van P.A.Cronje, Rhenosterfontein, Pk.Kuilfontein, dist. Marico, 10 April 1942 aan skrywer.
37). De Volksstem, 24 Jan. 1883.(Korrespondent uit Hooflar).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Slagveld- Mapochsland. 1852-1883.

D.V.S., 11 Maart 1883.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

weer voortgesit word. Cronje het die algehele neerslagtigheid raakgesien en die burgers uitgenooi om by 'n samekoms deur die Kommandant-generaal toegespreek te word. Dit het hulle laat besluit om die stryd opnuut voort te sit.[38]

Cronje het op 20 Februarie 1883 van sy burgers wat op die punt gestaan het om met verlof na hulle huise te vertrek, toegespreek en bedank vir die getroue dienste wat hulle aan die land bewys het. Sy nuwe kommando wat saam met hom gekom het, het hy gelas om die waens in te span, hulle goedere op te laai en die laer twee myl hoër op tot by Steenkampsvleipoort te verplaas. Op die manier sou die burgers nader aan die terugtrekkende vyand wees en sou die aanvalle makliker van stapel gestuur kon word. Die vegtende burgers in die forte sou makliker en vinniger van lewensmiddele en ammunisie voorsien kon word. Die nuwe laer is netsoos die oue gevorm.[39]

Op die namiddag van dieselfde dag het Cronje en sy offisiere na die hooflaer oorgery om by die krygsraadsitting teenwoordig te wees.[40] Hier is op voorstel van die Kommandant-generaal besluit om een van die sterkste vestings, Spitskop, in te neem. Dit was 'n deeglik verskanste kop wat deurmiddel van voetpaadjies direk met die hoofstat verbind was. Cronje het hom met hierdie voorstel verenig en op 25 Februarie weereens die vergadering bygewoon/.....

---

38). Ibid.

39). De Volksstem, 3 Maart 1883.(Korrespondent uit Hooflaer); Sketskaart van oorlogsterrein te Mapochsland.
Die laer was as volg gevorm:- Komdt. Weilbach se kommando met 58 waens is op die oosflank geplaas, terwyl Cronje se manskappe met 75 waens die wesflank uitgemaak het. Tussen die waens is 'n straat van 175 tree wydte gelaat.

40). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gewoon om te besluit hoe die aanval gemaak sou word.[41]

Verskeie pogings is aangewend om Spitskop in te neem, maar dit het telkens op 'n mislukking uitgeloop.[42] Die naturelle het geen weerstand meer gebied nie, maar het nog die volgende paar maande hardnekkig bly weier om uit hulle skuilplekke te kom en oor te gee. Die Boere het ewe hardnekkig met hulle omsingelings- en uithongeringstaktiek volgehou. Op 8 Julie kon Niabel dit nie langer volhou nie en het hy die geboeide Mampoer aan Joubert uitgelewer.[43] Twee dae later het hy met agt duisend van sy volgelinge onvoorwaardelik aan Joubert oorgegee.[44]

Die Mapoch-oorlog is dus na 'n stryd van agt maande ten gunste van die Suid-Afrikaanse Republiek beëindig. Gedurende hierdie tyd het Cronje as krygsman sy regmatige aandeel aan die verdediging van sy land geneem. In hierdie oorlog het hy nie 'n buitengewoon belangrike rol gespeel nie en daar het niks voorgeval om hom op die voorgrond/.....

---

41). K.G.272: Krygsraadsnotule, 20 en 25 Febr. 1883. Dit is besluit om die kop te ondermyn. Daar moes 'n loopgraaf na die kop gegrawe word, vanuit die loopgraaf weer 'n onderaardse tonnel tot by die kop sodat dit met 'n lading dinamiet opgeblaas kon word.

42). K.G.272 : Brief van die Komdt.-genl. aan die regering, Hoofkwartier, 27 Junie 1883. Die kop kon weens ondeurdrinbare rotslae nie opgeblaas word nie.

43). De Volksstem, 8 Julie 1883; Theal, bls.138; Van Oordt, bls. 392 gee die datum foutiewelik 6 Julie 1883.

44). De Volksstem, 18 Julie 1883; Theal, Ibid.; Van Oordt, Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voorgrond te plaas nie. Maar sy optrede in die vorige vryheidstryd en nou ook weer in hierdie oorlog, het hom 'n belangrike plek in die ry van vername persone besorg. Kort hierna is hy as kandidaat vir die belangrike pos van Kommandant-generaal teenoor Piet Joubert, H.P.Malan en tien ander krygsmanne gestel.[45] Joubert het die pos beklee maar op 30 Januarie 1883 het hy aan die regering geskryf dat hy nie 'n krygsman is nie en nooit begeer het om offisier te word nie. Daarom versoek hy die regering om 'n verkiesing vir die pos Kommandant-generaal uit te skryf.[46]

Die Volksraad het die brief in sy sitting van 12 Mei 1883 behandel. Daar is baie geredeneer voordat daar besluit is om aan die versoek van Joubert te voldoen.[47] Die verkiesing is tussen 15 Oktober en 15 November 1883 gehou. Joubert het 'n oorweldigende meerderheid van stemme ontvang, terwyl daar slegs 21 en 15 op Malan en Cronje onderskeidelik uitgebring is.[48] Joubert was naas/.....

45). Staatscourant der Z.A.Republiek, 17 Jan. 1884.Nr. 153, kennisgewing Nr.17.
Die ander kandidate was:- D.J.Erasmus, I.P.Ferreira, N.J.Smit, D.Weilbach, P.P.Roets, F.J.Joubert, H.P.N. Pretorius, P.W.Jordaan, P.S.Steenkamp en A.J.Vorster.

46). K.G.271: Brief van P.J.Joubert aan die regering, Hoofkwartier Niabelsstat, 30 Jan.1883.

47). De Volksstem, 23 Mei 1883; Volksraadsnotule, art.63, 12 Mei 1883 in Staatscourant der Z.A.Republiek, 31 Mei 1883.

48). De Volksstem, 16 Oktober 1883 en 22 Jan.1884; Staatscourant der Z.A.Republiek, 17 Jan. 1884.Nr.153, Kennisgewing Nr.17.
Die stemming was as volg:-

P.J.Joubert	3260.	F.J.Joubert	2.
H.P.Malan	21.	H.P.N.Pretorius	2.
P.A.Cronje	15.	P.W.Jordaan	1.
D.J.Erasmus	14.	P.S.Steenkamp	1.
I.P.Ferreira	13.	A.J.Vorster	1.
N.J.Smit	4.	D.Weilbach	5.
P.P.Roets	4.		

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

naas Kruger die mees vertroude en gewilde persoon in die Suid-Afrikaanse Republiek. Cronje was nie teen hom opgewasse nie en moes noodwendig teen hom 'n verpletterende neerlaag ly.

Alhoewel Cronje by hierdie verkiesing uitgeval het, sou hy tog kort hierna deur die regering in die pos aangestel word. Joubert is die volgende jaar saam met H.J. Schoeman[49] andermaal na die suidwestelike grens van die Republiek gestuur om die grensgeskil daar te probeer oplos.[50] Op 15 September 1884 is hy deur die regering teruggeroep omdat sy teenwoordigheid op die oostelike grense en Zoeloeland, volgens bewering, dringend noodsaaklik was. Ds. S.J.du Toit, die Superintendent van Onderwys in Transvaal, is in sy plek as plaasvervanger na die suidwestelike grens gestuur.[51]

Joubert het hierdie handelswyse van die regering as 'n belediging beskou en daarom sy bedanking ingedien.[52] Hierdie stap van hom het die regering in 'n moeilike posisie geplaas. Hy het so pas met byna eenparige stemme die oorwinning oor Malan, Cronje en die ander kandidate behaal/.....

---

49). Lid van die Lokasie-kommissie.
50). Uitvoerende Raad 6: Uitvoerende Raadsbesluit, art. 204, 9 Augustus 1884.
51). Volksraadsnotule, 28 Aug.1884, art.291, in Staatscourant der Z.A.Republiek, 18 September 1884; Volksraadsnotule, 22 September 1884, art.531, in Staatscourant der Z.A.Republiek, 30 Oktober 1884; J.A. Mouton, bls.134.
52). Joubert-Kolleksie. 1995 : Brief van P.J.Joubert aan die regering, 29 September 1884; Van Oordt, blse. 438 - 439; De Volksstem, 7 Oktober 1884.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

behaal. Die vertroue wat die inwoners van die Suid-Afrikaanse Republiek in hom gestel het, sou deur hierdie stap geweldig geskok word. Daarom is sy bedanking in 'n geheime sitting van die Volksraad behandel. Kruger was bang dat die publiek hom sou verdink as die saak agter geslote deure behandel word en het heftig gepleit vir die opheffing van die geheime sitting en vir bekendmaking aan die publiek.[53] Cronje het die sienswyse van die president gedeel en wou ook graag hê dat die saak in die openbaar behandel word. As daar werklik griewe bestaan, moes probeer word om dit uit die weg te ruim. Dit sou nie billik teenoor Joubert en ook nie teenoor die publiek wees as die werklike redes vir sy optrede verswyg word nie.[54] Cronje het van die waarheid gehou.

Die gevolg hiervan was dat daar 'n kommissie van vyf lede gekies is om 'n vertroulike onderhoud met die Kommandant-generaal te hê om die redes vir sy bedanking uit te vind.[55] Hulle het Joubert op 2 Oktober en daarna weer op 7 Oktober ontmoet, maar die besprekings is sonder sukses beëindig. 'n Tweede kommissie[56] is benoem om 'n konsepbesluit/...

53). Volksraadsnotule, Geheim 88, art.691; De Volksstem, 30 September en 7 Oktober 1884.

54). Cronje as Volksraadslid word in die volgende hoofstuk behandel.

55). Volksraadsnotule, art.696, 1 Oktober 1884.

Die kommissielede was:-
N.J.Smit, J.J.Hoffman, A.A.Stoop, C.L.Neethling en N.S. Malherbe.

56). Volksraadsnotule, art.860, 13 Oktober 1884.
Hierdie kommissie het bestaan uit J.J.Hoffman, N.J. Smit en C.L.Neethling.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n konsepbesluit op te stel om Joubert te versoek om op sy pos te bly totdat die Raad voldoende voorsiening vir die opvulling van die vakature gemaak het.[57]

Die kommissie het daarop gewys dat, aangesien daar geen bepalings in die Grondwet of ander landswette gevind kon word waardeur die Kommandant-generaal verplig word om sy betrekking te hou totdat 'n nuutgekosene sy plek kon vul nie, die Volksraad hom moes versoek om die betrekking waar te neem totdat iemand anders aangestel is. Indien hy weier, moes die Volksraad die regering opdra om onmiddellik iemand tydelik in die pos aan te stel.[58]

Joubert was beslis en wou nie aan die versoek voldoen nie. Die Volksraad was dus verplig om die regering op te dra om die pos tydelik te vul. Dit was 'n maklike taak. Die mees voor die handliggende plan was om een van die medekandidate van Joubert in die vorige verkiesing aan te stel. Malan en Cronje het, alhoewel daar weinig stemme op hulle uitgebring is, tog die meeste stemme ontvang. Van hierdie twee persone het Cronje hom reeds in die verdediging van die onafhanklikheid van sy land in vorige oorloë meer as Malan onderskei en die regering se voorkeur geniet. Op 21 Oktober 1884 het die regering hom in die plek van Joubert as waarnemende Kommandant-generaal van die Suid-Afrikaanse Republiek aangestel en as sodanig was hy ook lid van die Uitvoerende Raad.[59]

Cronje/.....

---

57). Volksraadsnotule, art.836, 9 Oktober 1884.
58). Ibid., art.860, 16 Oktober 1884.
59). Staats-Courant der Z.A.Republiek, 30 Oktober 1884. Kennisgewing Nr.298; R. 288/ 84 : Brief van Cronje aan die regering, Pretoria, 22 Oktober 1884.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Cronje het met hierdie aanstelling die hoogste militêre betrekking in die land beklee. Hy het as sodanig oor die oppergesag van die militêre magte van die Republiek beskik. Hy het direk onder die Staatspresident en die Uitvoerende Raad gestaan, maar was ook aan die Volksraad, veral vir die uitslag van 'n kommando, verantwoordding verskuldig. Hy het op die Volksraad sitting gehad en moes as lid van die Uitvoerende Raad by die behandeling van kryg[60] sake teenwoordig wees.

Die Kommandant-generaal het gelyktydig die pos van Superintendent van Naturelle beklee.[61] 'n Paar dae voordat Joubert bedank het, en wel op 22 Oktober 1884, het die Volksraad besluit om die pos van Superintendent van Naturelle van die van Kommandant-generaal te skei. Die Superintendent van Naturelle sou voortaan ex-officio lid van die Uitvoerende Raad wees.[62] Maar voordat hierdie besluit deurgevoer is, het Joubert bedank en is die vakature tydelik deur die heer C.J.Joubert gevul. Cronje het dus nie opgetree as Superintendent van Naturelle nie maar slegs die pos van Kommandant-generaal beklee.

Cronje het die betrekking met bekwaamheid waargeneem. Gedurende die paar maande het daar rus en vrede binne die grense van die Republiek geheers. Dit was dus nie nodig om ekspedisies teen naturelle-stamme of ander vyande van die Republiek te lei nie. Hy het sy aandag veral/.....

---

60). G.W.Eybers: Select Constitutional Documents..., bls.301, art. 121 van die Grondwet van 1858.

61). Op 8 Augustus is die Sekretaris van Naturellesake deur 'n Superintendent van Naturelle vervang.

62). Uitvoerende Raadsbesluit, art.179, Junie 1885.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

al aan die administratiewe hoedanighede van die pos bestee. As lid van die Uitvoerende Raad het hy op 24 Oktober 1884 sitting geneem.[63] Hy het die vergaderings getrou bygewoon totdat hy op 30 Junie 1885 deur P.J.Joubert in hierdie hoedanigheid vervang is.[64]

Omdat die Volksraad besluit het om die Kommandant-generaalskap slegs tydelik te vul, het hy in die begin van 1885 daartoe oorgegaan om 'n eleksie vir die verkiesing van 'n permanente persoon uit te skryf. Joubert, wat intussen die griewe teen die regering opsy gestoot het, het hom die kandidatuur hiervoor laat welgeval. Cronje, Malan en nog sewe ander kandidate het hulle vir die betrekking verkiesbaar gestel.[65] Joubert het andermaal met 'n groot meerderheid van stemme die oorwinning behaal, terwyl Cronje die tweede meeste stemme op hom verenig het, 'n bewys dat hy as militêre leier naas Joubert die mees vertroude persoon in die Suid-Afrikaanse Republiek was, alhoewel hy nog geen tien persent van die totale aantal stemme ontvang/.....

---

63). Uitvoerende Raadsnotule, 27 Oktober 1884.

64). Uitvoerende Raadsnotule, 30 Junie 1885.

Op die sittings van 23 Maart en 22 April 1885 was Cronje afwesig; origens was hy altyd teenwoordig. Omdat slegs die besluite van die Uitvoerende Raad genotuleer is, kon ons nie vasstel of hy enige invloed hier uitgeoefen het nie.

65). Staats-courant der Z.A.Republiek, 29 April 1885. Die ander kandidate was:-
H.P.N.Pretorius, J.H.M.Kock, N.J.Smit, D.J.Erasmus, H.S.Schoeman, J.J.Fourie en L.D.Fourie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ontvang nie.[66]

Die uitslag was vir Cronje teleurstellend. Joubert het sy kanse om as blywende Kommandant-generaal aangestel te word, verongeluk. Daarom was hy ontevrede om langer sy pos van kommandant vir Potchefstroom-distrik waar te neem. Hierdie betrekking lê hy op 6 Julie 1885 neer en vra die regering om sy agterstallige salaris aan te suiwer.[67] Die redes vir sy bedanking word verswyg. Sy bedanking kan alleen aan sy naywer op Joubert toegeskryf word.

Netsoos Joubert het hy sy teleurstelling gou vergeet en weer sy betrekking aangeneem om gedurende Desember 1885 teen Dawid Massouw Riet Taaibosch, opperhoof van die Korannastam te Mamoesa aan die Hartsrivier, te velde te trek.[68]

Dawid het astrant geword en die gesag van die Suid-Afrikaanse Republiek uitgetart deur herhaaldelik veediefstalle binne die grense van die Republiek te pleeg. As gevolg hiervan is Kommandant-generaal Joubert na die wesgrens gestuur om die beweerde klagtes te ondersoek.

Joubert/.....

---

66). Uitvoerende Raadsbesluit, art.179, Junie 1885; R.4535/84 inhoudende uitslag van verkiesing van Komdt.-genl. Die stemme was as volg:-

P.J.Joubert	3915.	P.A.Cronje	396.
H.P.Malan	24.	H.P.N.Pretorius	22.
J.H.M.Kock	10.	N.J.Smit	5.
D.J.Erasmus	3.	H.S.Schoeman	2.
L.D.Fourie	1.	J.J.Fourie	1.

67). R.5189 by R. 3678/85: Brief van P.A.Cronje aan P.J. Joubert, Schoonspruit, 6 Julie 1885.

68). Herinneringen, 15 September 1913.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Joubert het gou tot die besef gekom dat die toestande kritiek is en dat Massouw se houding moeilikheid voorspel. As gevolg hiervan het Joubert dit raadsaam geag om 'n aantal burgers op te kommandeer om die weerspannige opperhoof tot gehoorsaamheid te dwing. Cronje is beveel om met sy burgers na die Hartsrivier op te trek. Met 'n kommando van oor die tweehonderd man het hy die Kommandant-generaal te hulp gegaan.[69] Op 21 November spreek Joubert sy dank uit teenoor hom omdat hy so gou aan die oproep gehoor gegee het. Joubert beveel hom om op die plek waar hy die brief ontvang, met sy kommando te wag totdat hy verdere bevele kry.[70]

Op 26 November 1885 rig Joubert aan Massouw 'n brief waarin al sy oortredings opgesom word. Hy moes binne vier-en-twintig uur voor Joubert verskyn. Indien hierdie opdrag verontagsaam word, sou hy vir die gevolge verantwoordelik wees.[71]

Terwyl die Kommandant-generaal op Massouw se antwoord wag . . , het hy en Cronje die vyand se stellings verken en opgemerk dat baie gewapende Korannas agter die klippe skuilhou . . . Massouw het nie opgedaag nie. Oorlog was onvermydelik. Op die aand van 1 Desember is krygsraad gehou en besluit om die Korannas die volgende môre aan te val.[72]

Vroeg/...

69). K.G.282(a): R.447/86: Brief van P.A.Cronjé aan Komdt.-genl.P.J.Joubert, 18 Mei 1886.
70). K.G.282(a): Brief van P.J.Joubert aan P.A.Cronje, van Niekerksrust, 21 November 1885.
71). K.G.282(a): Brief van P.J.Joubert aan Kaptein Dawid Massouw, van Niekerksrust, 26 November 1885.
72). K.G.282(a): Notulen Eener Krijgsraadsvergadering gehouden op den 1 sten dag van Dec.1885.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vroeg die môre van 2 Desember 1885 was Cronje en sy manskappe in die saal, gereed om aan te val. Op daardie oomblik het 'n adjudant van Joubert verskyn en meegedeel dat die Korannas na hulle bergvesting terugtrek. Joubert het Cronje gelas om die drie voetpaaie wat na die berg gelei het, te bewaak. Twee van die paadjies is beset, terwyl veldkornet De la Rey die ander paadjie bewaak het.[73]

Cronje was nie van plan om die hele dag daar te sit en niks te doen nie. Sy burgers het ongeduldig op 'n teken gewag om die vesting van die vyand te bestorm. Hy het na die kant van die rant gery en die teken gegee. Hals-oor-kop het die burgers gestorm. Aan die voet van die rant was 'n waterstroompie. Die burgers met goeie perde het oorgespring maar sommige het in die water te lande gekom.[74]

Na 'n rukkie het die manskappe die berghang beklim en oor die eerste vyandelike skanse gegaan. Cronje het opgemerk dat sy manskappe in klein klompies bymekaar gery het. Hy het net omgedraai om hulle tot groter versigtigheid te maan toe 'n klompie Korannas byna vlak voor hom met gewere in die hande opgestaan het. Hulle het gevra waarheen die Boere gaan. Cronje wie se hele lewe deur onverskrokkenheid gekenmerk was, het sy teenwoordigheid van gees behou en vinnig tussen die gewapende Korannas/.....

73). De Volksstem, 10 Desember 1885. Dit was die latere bekende Boeregeneraal.

74). De Volksstem, 31 Desember 1885: Brief van Ds. Radloff aan De Express hierin herdruk;

Herinneringen, 15 September 1913.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

rannas ingery.Met sy geweer in die holster, die sterk vingers van die linkerhand om die teuels gekrul,sy karwats in die regterhand, beveel hy Dawid Massouw en sy volgelinge om hulle wapens neer te lê en oor te gee.Oomblikke van spanning het gevolg.Met 'n uitdaende geskreeu en gevloek het hulle Cronje se bevel beantwoord. Cronje het sy perd vinnig omgeruk om die koeëls wat op hom losgewars het, te ontduik.Sy perd is onder hom doodgeskiet.[75] 'n Woeste geveg het ontbrand. 'n Hele aantal Boere het gesneuwel. Aan die kant van die Korannas was die slagting groot. Baie lyke het die veld bedek.Dawid Massouw en sy seun het albei in hierdie skermutseling die lewe ingeskiet.[76]

Teen sononder het die Korannas na hulle bergvestings uitgewyk en kon Cronje en sy afgematte burgers na die laer terugkeer. Dieselfde nag nog het die Korannas 'n tweede aanval gewaag en probeer om deur die Boerelinies te breek, maar na 'n kort geveg is hulle weereens teruggeslaan.[77] Om tienuur die volgende môre, 3 Desember 1885, het die Korannas oorgegee en daarmee is die oorlog beëindig.[78]

Die volgende dag is op die krygsraadsvergadering besluit/.....

---

75). P.A.Cronje, seun van die generaal aan skrywer, Cyferfontein, Pk.Kuilfontein, Dist.Marico,10 Febr. 1943.

76). De Volksstem, 31 Desember 1885: Die verliese word as volg aangegee:- Korannas: Gedood 150.
Gewond 100.

Boere gedood: 10.
gewond: Etlikes.

77). De Volksstem, 31 Desember 1885; Herinneringen, 15 September 1913.

78). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

besluit om 210 oproerlinge na Pretoria te vervoer terwyl Cronje en veldkornet J.H.De la Rey 369 meide en kinders na Potchefstroom en Lichtenburg moes neem.[79]

'n Week later het die krygsraad sy werksaamhede afgehandel. Cronje het kort hierna met sy afdeling van die krygsgevangenes na Potchefstroom vertrek.[80]

---

79). K.G. 282(a): Notule Eener Krijgsraadsvergadering gehouden op heden den 5 den dag van December 1885.

80). K.G.282(a): Ibid., 11 December 1885.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK. 7.

VOLKSRAADSLID.

Piet Cronje het hom gedurende die Eerste Vryheidsoorlog en die jare direk daarna nie alleen op militêre gebied onderskei nie, maat van toe af 'n leidende aandeel aan die politieke lewe begin neem. Hy was 'n man van aansien en sy betroubaarheid is deur almal hooggeag. As kommandant van die Potchefstroomse distrik het hy die vertroue en hoogagting van sy distriksgenote geniet.[1)]

Kort nadat die amptelike teruggawe van die land op 6 Augustus 1881 aan die Republikeinse owerhede, plaasgevind het, het die regering 'n verkiesing vir 'n nuwe Volksraad uitgeskryf. Om dat Cronje die welvaart en vryheid van die Suid-Afrikaanse Republiek in die afgelope jare op die hart gedra het, het die burgers in die wyk Mooirivier oortuig gevoel dat hy die regte persoon is aan wie hulle die belange van hulle distrik kon toevertrou Cronje was gewillig om hom verkiesbaar te stel.[2)]

Op 21 September 1881 is hy as lid van die Volksraad vir Potchefstroomdorp verkies.[3)] Hy was dus teenwoordig toe die warm debatte oor die Pretoriase Konvensie in/.....

---

1). Staatscourant der Z.A.Republiek Nr.18, 3 September 1881, Kennisgewing Nr. 27.

2). Ibid. Rekwisie onderteken deur J.H.de Kock, P.L.Bezuidenhout,Snr., L.C. Freislich en 9 ander. Wyk Mooirivier, distrik Potchefstroom, 18 Augustus 1881; Ibid., Antwoord van P.A.Cronje, Schoonspruit, 24 Augustus 1881.

3). E.V.R. 14, bls.15.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in die Volksraad plaasgevind het, want in hierdie maand is die nuwe Konvensie vir bekragtiging voor die Volksraad gelê. Vise-president Kruger het in sy toespraak reguit verklaar dat die Driemanskap hulle nie kon vlei met die gedagte dat die Konvensie in sy verskillende bepalings die Volksraadsledo sou bevredig nie, want hulle was ook nie met al die punte eens nie.[4] Maar hy kon die versekering gee dat hulle dit onderteken het omdat hulle deur omstandighede daartoe verplig was. Die toekoms van Suid-Afrika was op die spel en hulle opregte vaderlandsliefde kon hulle ondertekening nie weerhou nie.[5] Die verantwoordelikheid het swaar op elke raadslid gerus. Die Voorsitter het in sy rede ook op die erns van die saak gewys. Die landsbelange het groot versigtigheid en wysheid geverg. Baie van die raadslede het reeds in die oorlog getoon dat hulle dapper krygsmanne is, maar hulle moes nie vergeet nie dat hier vir hulle 'n nuwe veld geopen is waar versigtigheid aan die dag gelê moes word. Die oë van die wêreld was op elke lid gevestig en die toekoms van die land en volk het in hulle hande berus.[6]

Hierdie woorde het ingeslaan. In die besprekings wat hierop gevolg het, het die gevoelens hoog geloop. Cronjé het onder alles geswyg. Hy het nooit baie gepraat nie. Dit was ook sy eerste vergadering wat hy bygewoon het en hy wou seker eers luister wat die ander lede te sê gehad het voordat hy self aan die besprekings sou deelneem.

Die/.....

4). Die lede van die Driemanskap: S.J.P.Kruger, P.J.Joubert en M.W.Pretorius.
5). Volksraadsnotule, art.1, 22 September 1881.
6). Ibid.(Uit die Voorsittersrede).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Volksraad het 'n Comite Generaal[7] gekies om die gewenste wysigings en veranderings in die Konvensie aan te bring. Op 3 Oktober is hulle voorstelle telegrafies aan Gladstone bekend gemaak. Die Konvensie was in stryd met die Konvensie van Sandrivier en ook met die terme van wapenstilstand met Sir Evelyn Wood aangegaan.[8] Buitelandse betrekkinge was nie 'n saak vir die Suserein nie, en die Konvensie tas ook die binnelandse selfbestuur aan. Die skuldreëling was nie bevredigend nie en veel is in die Konvensie vervat wat kwetsend is vir die nasionale gevoel van die Boere.[9]

Die Britse regering was egter nie bereid om enige wysinge te oorweeg nie, maar wou eers sien hoedat die Konvensie in die praktyk sou werk.[10] Die Volksraad het onmiddellik sy spyt oor die antwoord te kenne gegee. Nogeens is die besware betreffende die skuld en kompensasie onder die aandag van die Britse regering gebring, maar die vorige besluit is gehandhaaf.[11] Die konsepbesluit is op 25 Oktober voor die Volksraad gelê. Die lede het verlang dat daar slegs toeslig i.p.v. leiding oor die buitelandse beleid van die Republiek, geen inmenging in die binnelandse bestuur moet wees nie en dat die Resident slegs as 'n Britse verteenwoordiger moes optree.[12] Daar sou egter nie verder oor die Konvensie beraadslaag word nie. Al die besware soos in die Koninklike Kommissie aangetoon en in die sitting van die Volksraad/.....

---

7). Volksraadsnotule, art.41, 28 September 1881.
8). BB.1080/81; C.3098, bls.97; Leyds, blse.381 - 382; Groenboek, 1884; Dr. P.Botha: Die Staatkundige.., blse. 110-111.
9). Ibid.
10). R.4303/81 by R.5666/81; C.3098, bls.91; Dr.P.Botha, bls.111.
11). V.R.B. 51/81 by R.566/81.
12). Volksraadsnotule, art.186, 25 Oktober 1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volksraad , sou gehandhaaf word.Aan die versoek van die Engelse regering sou voldoen word.Die Konvensie sou aan 'n praktiese toets onderwerp word.Hierna het die raad oorgegaan om die Konvensie te ratifieer.[13)]

Nadat hierdie belangrike besluite geneem is, het die Volksraad tot die volgende jaar verdaag.Cronje het op hierdie eerste sitting nog op die agtergrond gebly.omdat dit vir hom 'n nuwe terrein was.Maar hierdie ondervinding was vir hom leersaam.As verteenwoordiger vir Potchefstroom op die hoogste wetgewende liggaam van die land, sou hy met die volgende sitting sy regmatige aandeel in die besprekings en besluite van landsake neem.

Op 1 Mei 1882 het die Volksraad sy jaarlikse sitting in Pretoria begin.Cronje, C.J.Bodenstein en H.R.Lemmer het as verteenwoordigers van Potchefstroomdorp en -distrik sitting geneem.[14)] Nadat Bodenstein as voorsitter gekies is, het hy 'n kommissie bestaande uit Cronje, F.G. Joubert en C.L.Neethling benoem om die lede van die Driemanskap die middag om twee-uur die Raadsaal binne te lei.[15)]

As Volksraadslid het Cronje vanaf hierdie tyd op baie verskillende kommissies gedien waar ernstige landsake en probleme aan hom en die ander lede om 'n oplossing toevertrou is.In Mei 1882 was hy lid van 'n kommissie van vyf lede om ondersoek in te stel en rapport uit te bring oor die skuld van die Republiek aan Engeland.[16)]

Die/.....

13). Volksraadsnotule,art.186,25 Oktober 1881.
14). Notule van die Volksraad, 1 Mei 1882 in Bijvoegsel tot de Staatscourant,Nr.61, 1882.
15). Ibid.
16). Volksraadsnotule,art.23,3 Mei 1882. Die ander lede was:- F.G.Joubert, H.P.N.Pretorius,C.J.L.Birkenstock en C.L.Neethling(Voorsitter).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die kommissie het 'n moeilike taak gehad om te vervul. Hulle moes al die dokumente met betrekking tot die eise vir kompensasie van die Koninklike Subkommissie teen die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek nagaan. Dit was 'n taak wat die grootste noukeurigheid vereis het. Daarom kon die voorsitter van hierdie kommissie eers op 11 Julie 1882 die rapport by die Volksraad indien.[17)]

Uit die nagegane stukke het dit geblyk dat daar 1941 eise wat 'n som van £1,346,590 -.1 - 9d. bedra het, ingekom het. Dit is besluit om slegs 920 van hierdie eise, wat 'n totale bedrag van £150,049 - 0 - 1d. beloop het, uit te betaal. Hiervan moes die Suid-Afrikaanse Republiek 'n bedrag van £136,960 - 2 - 1d. betaal, terwyl die Britse regering vir die balans £13,088 - 18 s., verantwoordelik sou wees.[18)]

Die kommissie het daarop gewys dat die regering met hierdie skuldelas tevrede sou moet wees omdat die Volksraad reeds die Konvensie bekragtig het. Daarin is bepaal dat die uitspraak van die Koninklike Subkommissie finaal sou wees.[19)]

Die kommissie het die taak wat hom opgelê is, met bekwaamheid en ywer uitgevoer. Die Raad het hom dan ook met hierdie aanbevelings vereenselwig.[20)]

Die/.....

---

17). Volksraadsnotule, 11 Julie 1882, art.804.
18). V.R.R. 260/82: Rapport van de Commissie benoemd bij Volksraadsbesluit, art.23, 3 Mei 1882; Staatscourant der Z.A.Republiek, 7 Sept. 1882, blse. 366 - 377.
19). Ibid.
20). Volksraadsbesluite, art.805, 11 Julie 1882.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Vise-president het in sy toespraak voor die Volksraad ook op die praktiese werking van die Konvensie gewys, want die rus en vrede onder die naturelle-stamme op die suidwestelike grens van die Republiek het nog altyd veel te wense oorgelaat. Die oorsaak daarvan moes in die onpraktiese bepaling van die grenslyne gesoek word.[21] Dit is onder die aandag van die Britse regering gebring, maar die antwoord was dat die Konvensie onveranderd moes bly voortbestaan. Die Transvaal moes 'n strenge neutraliteit handhaaf. Die regering was nie met hierdie antwoord tevrede nie. Die Volksraad het daarom 'n spesiale kommissie benoem om die toestande op die suidwestelike grens te ondersoek en 'n volledige rapport daaroor uit te bring. Saam met F.G. Joubert as voorsitter en J.J. Spies was Cronje ook lid van hierdie belangrike kommissie.[22]

Die keuse van Cronje was goed. Hy het 'n uitgebreide kennis van naturelle-aangeleenthede op die grens gehad en dit kon dus verwag word dat hy die kommissie met eerstehandse kennis kon dien.

Die kommissie het nie gras onder sy voete laat groei nie. Direk na die besluit geneem is, het die lede na die grens vertrek en binne twee-en-twintig dae rapport uitgebring. Hierdie rapport is op 3 Junie 1882 voor die Volksraad gebring. Die bron van al die moeilikheid moes, volgens die kommissie, in die ondoeltreffende grensreëling gesoek word.[23] Hierdie wantoestand is in 1871 met die Keate-uitspraak/.....

21). Volksraadsnotule, art. 4, 1 Mei 1882 in E.V.R. 15; J.A. Mouton, blse. 126 - 127.
22). Volksraadsbesluite, art. 151, 17 Mei 1882.
23). R. 3297/82 by R.2899/82: Verslag van Joubert, Cronje en Spies, Mei 1882.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Keate-uitspraak geskep.Die Engelse owerhede het hierna beslis ie die regmatige naturelle-opperhoofde op die suid-westelike grens sou wees.[24]

Deur die Keate-uitspraak het die Suid-Afrikaanse Republiek 'n groot gedeelte van sy grondgebied verloor. President Burgers het van die grondgebied teruggekry deur traktate met naturelle-opperhoofde aan te gaan, maar Engeland het dit nie erken nie.[25]

Die kommissie het in sy rapport beweer dat die grond wat van die land afgesny is, wettiglik aan die Suid-Afrikaanse Republiek behoort het.[26] Dit was 'n belangrike beslissing, want dit het die Republiek laat besluit om nie alleen toe te sien dat wet en orde in die gebied gehandhaaf word nie, maar hom laat besef dat die tyd aangebreek het om sy gesag oor die gebied te laat geld.Die kommissie wys ook daarop dat die grens so sonder die minste sorg afgesny is , sodat nie/.....

---

24). Mankoroane is erken as die wettige opperhoof van die Batlapins en die Korannas terwyl Montsioa as opperhoof van die Baralongs aangewys is.Dawid Massouw het die opperhoofskap van die Korannas toegeëin. Gasibone en Moshette het sy voorbeeld gevolg en respektiewelik op die Batlapin - en Barolong-opperhoofskappe aanspraak gemaak.Hierdie laasgenoemde opperhoofde se aansprake was ook heeltemal wettig. Die naturelle was onderling ontevrede en sou nie in die bepalings van die Britse regering berus nie. Hulle is as gevolg hiervan in twee sterk vyandiggesinde kampe verdeel.

25). Eric Walker: History of South Africa, bls.357; D.J. Pieterse:Transvaal en Britse Soesereiniteit. Argiefjaarboek, Derde jaargang. - Deel 1. , bls.306.(M.A.-verhandeling, Potchefstroom).

26). R. 3297/82 by R.2899/82: Verslag van Joubert, Cronje en Spies, Mei 1882.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie een van die kafferstamme geweet het waaraan hulle hulle moes hou nie. Die Koninklike Kommissie het die beskerming wat die stamme van die Republiek geniet het, weggeneem en geen onderlinge beslissing bewerkstellig nie. Daar is geen verdeling van grond tussen die stamme gemaak nie en buitendien het die Koninklike Kommissie die Suid-Afrikaanse Republiek belet om tussenby te kom, sodat hulle self onmagtig was om die moeilikheid op die grens op te los. In Europa is die blaam verwek dat die naturelle-stamme op die grense verdruk word.[27)]

Hierdie rapport is deur die Volksraad bespreek. Die slotsom waartoe hulle geraak het, was om die Britse Resident onmiddellik te vra om 'n kommissie na die grens te stuur om 'n einde aan die onluste te maak, en die grenslyn in ooreenstemming met die bestaande verdrae tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en die verskillende naturelle-stamme te reël.[28)]

Hiermee was die vernaamste werksaamhede van die Volksraad vir hierdie jaar afgehandel. Aan die einde van die sitting is Cronje en P. Roos as 'n kommissie benoem om Ds. H.S. Bosman af te haal om die vergadering die middag van 12 Julie 1882 met gebed te sluit.[29)] En so het Cronje in kleiner en groter sake steeds onder die oog gebly.

Op/.....

---

27). R.3297/82 by R.2899/82. Ibid.

28). Ibid.

29). Volksraadsnotule, art. 824, 12 Julie 1882.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op die volgende sitting van die Volksraad was Cronje weer trou op sy pos. Dit was 'n belangrike jaar en gedurende hierdie sitting sou gewigtige sake bespreek en besluite daaromtrent geneem word. S.J.P. Kruger, die nuutgekose president, sou by hierdie geleentheid ingesweer word. Volgens die Grondwet moes vier lede van die Raad en die Staatsekretaris by hierdie plegtigheid aanwesig wees. Dit was 'n besondere eer wat Cronje te beurt geval het en dit bewys ook die hoogagting wat die Raad vir hom gekoester het, toe hy saam met Raadslede Neethling, Smit en Hattingh hiertoe benoem is.[30]

Op 12 Mei 1883 het die Volksraad Kommandant-generaal Joubert se brief, waarin hy daarop aangedring het dat 'n nuwe Kommandant-generaal gekies moes word, onder behandeling geneem.[31] Dit is besluit om 'n kommissie te benoem om op die saak in te gaan. Cronje, wat op militêre gebied reeds naam verwerf het, is as voorsitter saam met nog twee ander lede[32] hiertoe aangestel. Hy en sy kommissie moes 'n konsepbesluit oor die saak opstel en per latere geleentheid voor die Volksraad lê.[33] Twee maande later het hy die konsepbesluit vir die opening van 'n eleksie vir die betrekking ingedien.[34] Die rapport is goedgekeur en besluit om vanaf 15 Oktober tot 15 November 1884 die verkiesing te laat plaasvind. Die kieslote moes voor 1 Desember 1883/.....

---

30). Volksraadsnotule, art.25, 8 Mei 1883; Volksraadsnotule, art.11, 7 Mei 1883: Cronje en D.J.E. Erasmus is ook as 'n kommissie benoem om die president die vergadering binne te lei.

31). K.G.271: Brief van P.J. Joubert, Hoofdkwartier, Niabels Stad, 30 Jan. 1883.

32). Raadslede Lombaard en Rabe.

33). Volksraadsnotule, art.916, 26 Julie 1883; V.R.R.219/83: Rapport van Cronje, Lombaard en Rabe.

34). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1883 by die Uitvoerende Raad ingelewer word.[35]

Cronje was 'n baie nuttige kommissieman. Aan die end van Mei 1883 is hy as voorsitter van 'n kommissie benoem om 'n konsep-voorstel in verband met die krygsdiens in te dien.[36] Op 31 Mei het hy die konsep-artikel in die hande van die Volksraad gestel.[37] Dit is met eenparige stemming goedgekeur.[38]

Die Volksraad het teen hierdie tyd ook besef dat die tyd nou aangebreek het om Engeland op die onpraktiese werking van die Konvensie te wys. 'n Deputasie bestaande uit President Kruger, S.J.du Toit en N.J.Smit is gekies om die belangrike sending te onderneem.[39] Met definitiewe opdragte moes hulle vertrek.[40] Maar omdat dit sdn gewigtige sending was en omdat die toekoms van die Suid-Afrikaanse Republiek baie deur die uitslag van die sending geaffekteer sou word, het die Volksraad 'n kommissie van vyf lede gekies om geheime instruksies vir die deputasie op te stel. Dit was een van die belangrikste kommissies wat tot dusver/.....

35). Volksraadsbesluite,art.935,26 Julie 1883.
36). Ibid., art.171, 29 Mei 1883; paragraaf 1, art.12 .
37). Ibid., art.180, 31 Mei 1883. Die konsep-artikel het geluit:dat die landdros die mag het om, ingeval die veldkornet boete opgelê het of by wanbetaling tronkstraf toegedien het, die invordering van boete of gevangestraf te skors mits gegronde redes aangetoon word. Hy kon die beslissing aan die krygsraad, aan wie hy dadelik moes rapporteer, oorlaat. As iemand tot gevangestraf veroordeel is, sou hy dadelik gevange geneem . en na die kommando gestuur word om die straf uit te dien.
38). Volksraadsbesluite,art.181, 31 Mei 1883.

39). Dr. W.J.Leyds: Het Insluiten...Deel 1, bls.140.
40). V.R.R. 211/83: Rapport der Commissie, gekozen door den E.A.Volksraad, ten einde de noodige instructien op te stellen voor de Deputatie naar Europa, overeenkomstig art. 856 en 857, Volksraadsbesluiten,dd.20/7/83.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dusver gekies is en daarom moes die lede manne wees op wie vertrou kon word. Cronje is tot voorsitter van hierdie belangrike kommissie benoem.[41)]

Cronje en sy kommissie het dadelik aan die werk gegaan . S.J.du Toit, wat die kommissie as sekretaris gedien het, het ongetwyfeld 'n reuseaandeel in die opstel van die instruksies gehad.[42)] Cronje het ook sy deel bygedra, want onder sy voorsitterskap is die belangrike dokument opgestel.Binne drie dae het die kommissie 'n omvattende rapport met volledige instruksies aan die deputasie by die Volksraad ingedien.[43)]

Die lede van die deputasie moes gesamentlik onderhandel oor die hersiening van die Konvensie van 1881 en die verlenging van die Handelsooreenkoms met Portugal. Aan S.J.du Toit en N.J.Smit is spesiaal opgedra om 'n geldlening in Nederland of elders vir die Suid-Afrikaanse Republiek te sluit;[44)] om 'n bekwame en ervare finansier vir hierdie doel aan te stel; om voorlopige onderhandelinge aangaande die aanlê/.....

---

41). Ibid. Die ander lede was: L.Neethling, J.M.Malan, C.C. van Heerden en D.Taljaard.

42). Charles van der Walt: S.J.du Toit in die diens van die Suid-Afrikaanse Republiek.(1882 - 1890), bls.51.(M.A.-verhandeling ,'Universiteit van Pretoria, Des. 1944). In voetnoot 51 skryf hy:-

"Dat S.J.du Toit as sekretaris gedien het, is die konklusie waartoe gekom word op grond van die feit dat die hele lywige rapport in die bekende handskrif en styl van S.J.du Toit by die Volksraad ingedien is."

43). Volksraadsnotule, art.869, 23 Julie 1883.

44). Staats-courant der Zuid-Afrikaansche Republiek, 5 Julie 1883.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aanlê van 'n spoorweg na Delagoabaai aan te knoop; om reëlings vir die oprigting van 'n Bank vir die Suid-Afrikaanse Republiek te tref en ingeval die hersiening van die Konvensie geen opening tot die onderhandelinge met Portugal laat nie, moes hulle probeer om deur bemiddeling van die Susereine regering onderhandelinge tot bevordering van die belange van die Republiek te voer.[45)]

Nadat Cronje en sy kommissie hierdie opdragte vir die deputasie voorgeskryf het, het hulle oorgegaan om die afsonderlike opdrag nader te omskryf. Die deputasie moes in verband met die hersiening van die Konvensie 'n tweërlei standpunt inneem. Eerstens moes hulle probeer om die minister te oorreed om die Konvensie van 1881 te herroep en die betrekking tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en die Ryksregering opnuut ooreenkomstig die Traktaat van Sandrivier te reël.[46)]

As die minister gewillig is om veranderings aan te bring, moet die depustasie al sy krag inspan om daarin 'n voorsiening te kry dat Haar Majesteit se regering geen beswaar sal maak teen 'n moontlike vereniging tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat of teen 'n offensiewe of defensiewe verbond tussen die twee Republieke nie.[47)]

Vind die minister dit egter onmoontlik om hieraan te/.....

---

45). V.R.R. 211/83: Officiële Instructie A.

46). Ibid. Wijse van handeling In zake Herziening die Conventie.

47). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

te voldoen, moes die deputasie inwillig om wysigings te bespreek eers nadat sekere voorwaardes, soos nader omskryf sou word, verkry is. Nadat hietoe ooreengekom is, kon die deputasie tot verdere onderhandelinge toetree.[48]

As die voorafgaande hersienings in die Konvensie dit toelaat, moes die deputasie direk met die Portugese regering oor die Handelsooreenkoms onderhandel. Indien dit nie die geval is nie, moes hulle die bemiddeling van Groot Brittanje inroep. Hulle moes die wenslikheid van die aanleg van 'n spoorlyn van Pretoria na Delagoabaai bespreek en op die verlenging van die handelsooreenkoms aandring.[49]

Tenslotte moes die deputasie probeer om 'n lening in Nederland of België te sluit. As dit misluk, moes hulle hulle na Frankryk, Portugal, Duitsland, die Verenigde State van Amerika of Groot Brittanje wend om hulle doel te bereik. Hulle moes trag om 'n som van £500,000 te leen. As waarborg moes hulle al die onbelaste eiendomme van die Staat stel, behalwe ongeveer vyftig plase in die Wakkerstroom- en Utrechtse distrikte, wat vir kompensasie van die burgers gereserveer word. Die bepaling van die rentekoers asook die tyd van terugbetaling is aan die diskresie van die deputasie oorgelaat.[50] Indien die lening misluk, moes die deputasie met enige buitelandse moondheid oor die oprigting van 'n Bank onderhandel. Op koste van die Republiek kon 'n bekwame finansier in diens geneem word om die deputasie met die nodige raad en advies by te staan.[51]

Met/.....

48). V.R.R. 211/83 : Instructie B.
49). Ibid. Instructie C.
50). Ibid. Instructie D.
51). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Met hierdie opdragte, deur Cronje en sy kommissie opgestel en deur die Volksraad goedgekeur, het die deputasie na Europa vertrek. Die werksaamhede van die Volksraad was afgehandel. Op 31 Julie is die Raad tot latere oproeping verdaag.[52]

Net 'n jaar later, op 28 Julie 1884, was die Volksraad weer in sitting want die deputasie het toe van Europa teruggekeer. Nadat 'n welkomsadres[53] voorgelees is, het die president meegedeel dat die onafhanklikheid van die land in die eerste instansie verkry is en dat die Susereiniteit nie meer bestaan nie. Die deputasie het ook ander Europese moondhede besoek om die Suid-Afrikaanse Republiek opgeneem te kry in die Statery en het daarin geslaag.[54] Die volledige verslag is hierna voor die Volksraad gelê. Die deputasie het hulle opdragte getrou nagekom en daarin geslaag om 'n gewysigde Konvensie te verkry. Die nuwe Konvensie, die Londen-Konvensie, is op 8 Augustus 1884 deur die Volksraad bekragtig.[55]

In Augustus 1884 is die gewone jaarlikse sitting begin en het Cronje sy plek ingeneem. Hy was opvliegend van geaardheid en het gou kwaad geword. Maar daarby was hy 'n teerhartige en gevoelige persoon. In die Volksraad het hy altyd simpatiek opgetree teenoor die armes en gewondes wat hulp verlang het. Vir hulle het hy altoos 'n goeie woordjie gehad. Toe die geval van burger P.J.Oosthuizen, wat gedurende die oorlog sy regterarm verloor het en daarom by/.....

52). Volksraadsnotule, art.993, 31 Julie 1881.
53). V.R.B.B. 16/84: Welkomsadres van die Volksraad aan die deputasie, Pretoria, 28 Julie 1884.
54). Volksraadsnotule, 28 Julie 1883.
55). Volksraadsnotule, 8 Augustus 1884, in De Volksstem, 19 Augustus 1884.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

by die regering om 'n plaas aansoek gedoen het, behandel is, het Cronje voorgestel dat hy 'n tegemoetkoming uit die fondse vir gewondes moes kry.[56] Die Volksraad het as gevolg hiervan besluit om die regering opdrag te gee om uit te vind hoeveel gewondes daar is en hoeveel grond vir hulle afgesonder kon word.[57]

Wanneer salarisse van Staatsamptenare behandel is, was Cronje in sy element. Dit is een van die onderwerpe waaroor hy lief was om te praat en voorstelle te maak. Hy wou die bestuur van die land so deeglik moontlik ingerig hê. Die beste amptenare moes aangestel word, want daardeur sou die beste werk gelewer word. Hy het tereg van die standpunt uitgegaan dat as die Staat verlang dat 'n amptenaar sy beste kragte moes inspan, die Staat verantwoordelik is om toe te sien dat die persoon die beste besoldiging vir sy dienste ontvang. Toe die begroting voorgelê en die pos van posmeester vir Potchefstroom behandel is, het Cronje daarop gewys dat die werksaamhede aan die pos verbonde groot is en dat 'n salaris van £175 ontoereikend is. Hy het voorgestel dat die salaris na £200 verhoog word.[58] Die Volksraad het dit goedgekeur maar die assistent van die posmeester afgeskaf.[59]

Die belange van sy distrik het hy goed behartig. Toe die pos van landdros onder bespreking kom, het hy daarop aangedring dat die salaris van £400 na £450 verhoog/.....

56). BB. 1250/82: Brief van die Staatsekretaris 11 Mei 1882 aan die Voorsitter v.d. Volksraad, bevattende Uitv. Raadsbesluit, art.176/82 i/s memorie P.J.Oosthuizen.
57). Volksraadsbesluit, art.245, 30 Mei 1882.
58). Ibid. art.371, 12 Junie 1882.
59). Art. 372, Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hoog moes word. Potchefstroom was die hoofstad en sy ligging het baie deurvoer en sy grootte baie werk veroorsaak.[60] Dit is goedgekeur.[61]

Die tweede klerk in die Landdroskantoor het gelyktydig die pos van assistent in die poskantoor beklee. As gevolg van die skraping van die pos het die landdrosklerk £25 aan salaris verloor. Cronje het dit as onbillik beskou en aangedring dat die salaris van £125 na £150 verhoog word.[62] Dit is ook goedgekeur.[63]

Dit is nie net in verband met salarisse in sy eie distrik dat hy opgetree het nie. Hy was 'n regverdige man wat 'n beginsel konsekwent gehandhaaf het. Daarom was hy nie net tenguns te van salarisverhoging by die ondergeskikte amptenare nie maar wou sien dat die beginsel tot by die hoogste pos van Staatspresident deurgevoer word. Toe die salarisskaal van die president behandel is, het Cronje 'n maksimum van £2,500 bepleit. Na lang besprekings is die salaris op £2,000 per jaar vasgestel.[64] Benewens hierdie salaris het die president 'n toelae van £120 ontvang. Cronje het dit as onvoldoende beskou, want die president het nie vry woning ontvang nie. Hy het voorgestel dat die bedrag na £300 verhoog moes word.[65] Die voorstel is druk bespreek voordat dit aangeneem is.[66]

Alhoewel/.....

60). Volksraadsbesluite, art.414, 16 Jun.1882.
61). Ibid. ,art.415, 16 Junie 1882.
62). Ibid., art. 417, 16 Junie 1882.
63). Ibid, art 418.
64). Volksraadsbesluite,art.476,30 Aug.1883.
65). Ibid., art.486,29 Junie 1883.
66). Ibid., art. 490.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Alhoewel die landdros van Potchefstroom 'n salarisverhoging ontvang het, was hy nog nie tevrede nie. Die volgende jaar het hy weer om verhoging en vry inwoning aansoek gedoen. Cronje het weer vir hom in die bres getree. Hy het aangevoer dat die landdros van Pretoria 'n salaris van £500 ontvang en boonop nog 'n assistent gehad het om hom met die uitvoering van sy pligte behulpsaam te wees. Die sake te Potchefstroom was netso dringend. Die landdros was 'n regskape Afrikaner alhoewel hy hom nie daarop beroem het nie. Dit maak ook nie verskil aan watter nasionaliteit hy behoort het nie; die perd wat die hawer verdien, moet dit kry. Die landdros het 'n groot familie . hy moes sy kinders behoorlik laat opvoed. As hierdie dinge in aanmerking geneem word, is dit duidelik dat die salaris ontoereikend was.[67)]

Cronje se regverdige houding het die saak beklink. Die salaris is met £25 verhoog en omdat die landdroskantore meer kamers bevat het as wat deur die regering benodig was, is die agterste gedeelte as woonhuis aan die landdros gegee.[68)]

In die Volksraad het Cronje hom as 'n vurige ondersteuner van Kruger getoon. Die behoud van die onafhanklikheid van sy land het vir hom alles beteken. Netsoos Kruger het hy besef dat hulle moes waak vir die toekoms. Hulle moes ag gee op die groot uitlandse bevolking wat weldra die land sou binnestroom. Daarom was hy daarvoor dat daar 'n wet gepasseer moes word waardeur Uitlanders belet sou word om/.....

---

67). Volksraadsbesluite, art.631, 26 September 1884.

68). Ibid., art.632.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

om lede van die Volksraad te word.[69] Hy het hom ook heelhartig met die voorgestelde wysiginge in die kiesreg vereenselwig.[70] Die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek moes sy kieswette so verander dat dit nie makkik sou wees vir Uitlanders om gou genaturaliseer te word nie. Die meeste van hierdie persone sou slegs na die Transvaal kom om rykdom na te jaag en sou daarna weer die land verlaat. Dit sou dus onbillik wees om hulle dadelik seggingskap in die regering van die land te gee.

Van langdradige besprekings en argumente het Cronje nie gehou nie. Hy het dikwels gepraat maar sy gedagtes meestal in min woorde weergegee. Wanneer 'n saak bespreek is en dit het onnodig lang besprekings uitgelok, was hy altyd die eerste wat voorgestel het dat die diskussies gesluit moes word. Dit het hom ongeduldig gestem sodat hy soms driftig geword en voorgestel het dat die besprekings stopgesit moes word.[71] Wanneer 'n saak volgens sy opinie geboegsaam bespreek is en daar tot 'n voorstel oorgegaan is, was hy dikwels die eerste om te sekondeer.

Cronje was 'n man wat in sy alledaagse lewe dissipline en ordelikheid beoefen het. Daarom het hy in die Volksraad ook van stiptelikheid gehou. In die jare wat hy Volksraadslid was, het hy die vergaderings klokslag bygewoon. Slegs by een sitting was hy om onbekende redes afwesig.[72] Hy het dus goed geweet wat daar aangegaan het en

het/.....

69). Volksraadsbesluite, art. 711, 5 Julie 1882.
70). Ibid., art 758, 10 Julie 1882.
71). Ibid., art. 369, 18 Junie 1883; art. 371, 19 Junie 1883 e.v.
72). Volksraadsnotule, 8 Julie 1882. Hier was Cronje by die middagsitting afwesig.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het sy kiesers se belange na die beste van sy vermoë behartig. Op 21 Okt. 1884 was hy verplig om sy bedanking as Volksraadslid in te dien omdat hy deur die regering as waarnemende Kommandant-generaal aagestel is nadat Joubert die betrekking neergelê het.[73]

Cronje het hierdie betrekking tot Junie 1885 beklee toe Joubert met 'n groot meerderheid van stemme herkies is. 'n Paar maande later het 'n aantal kiesers uit Lichtenburgdistrik vir Cronje 'n rekwisie vir die Volksraad geteken. Hulle het hom versoek om hom verkiesbaar te stel in die plek van H.J.Schoeman wat bedank het.[74] Cronje het ingewillig.[75] Sy teenkandidaat was A.J.J.van der Walt wat met 'n meerderheid van stemme verkies is.[76] Dat Cronje teen van der Walt uitgeval het, is te verstaan. Omdat hy in Potchefstroomdistrik woonagtig was en voorheen hier verkies is, moes hy noodwendig in 'n ander distrik teen 'n ou inwoner die onderspit delf.

Vir die volgende twee jaar het daar nie 'n verkiesing vir die Volksraad plaasgevind nie, omdat daar die lede afgetree of bedank het nie. Aan die end van 1888 sou die dienstyd van die lede verstreke wees en daarom is daar aan die end van daardie jaar rekwisisies vir kandidate geteken. Cronje het by hierdie geleentheid eers twee rekwisi-
sies/.....

---

73). R.288/84: Brief van P.A.Cronje aan die regering, Pretoria, 22 Okt. 1884; Staats-courant der Z.A. Republiek, 30 Oct. 1884, Kennisgewing Nr. 298.
74). Staats-courant der Z.A.Republiek,Nr.253,25 Nov. 1885; Kennisgewing Nr.231. Rekwisisie van J.H.Maartens, G.P.Visser en 20 ander, Lichtenburg, 29 Oct. 1885.
75). Ibid., Antwoord van P.A. Cronje,Schoonspruit, 13 Nov. 1885.
76). R.B.B. 447/ 86, Pretoria April 1886: Uitslag van die verkiesing.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sies uit die wyk Makwassie[77] en daarna een van Stomppoortfontein ontvang.[78] As gevolg hiervan het hy hom weer verkiesbaar gestel.[79]

Cronje het die volle vertroue van sy kiesers weggedra. Met 'n groot meerderheid van stemme is hy teen H.R. Lemmer verkies.[80] N.M.S. Prinsloo het 'n meerderheid van stemme oor M.J.Wolmarans behaal, terwyl P.L.Bezuidenhout herkies is. Hierdie lede sou dan vir die volgende vier jaar die verteenwoordigers van Potchefstroom-distrik in die Volksraad wees.

Soos gewoonlik het Cronje die vergaderings gereeld bygewoon. Hy het hom nie veel oor onderwysaangeleenthede uitgelaat nie maar veral baie tengunste van spoorwegontwikkeling gepraat. Vroeër, toe President Burgers die aanlê van spoorweë bepleit het, was Cronje stork daarteen gekant.[81] Hy erken dat hy destyds teen spoorwegaanlê was, omdat die Republiek nog nie daarvoor ryp was nie. Toestande het egter so verbeter dat die Republiek dit kon bekostig.[82]

Toe 'n memorie in Julie 1890 ingedien is om, nadat die Delagoabaaispoorlyn tot by Komatiedrif voltooi is, vandaar/.....

---

77). Staats-courant der Z.A.Republiek.Nr.408,14 Nov.1888. Kennisgewing Nr. 682; R. 10217/88: Rekwisisie wijk Makwassie,26 October '88 van C.J.Campher,D.G.J.Bosman en 52 ander; A.P.J.Cronje,Veldkor., H.C.Visser,as.-veld. en 20 ander.

78). Ibid., Stomppoortfontein,P.J.Botha,W.Huyzers en 12 ander.

79). Ibid., Antwoord van P.A.Cronje.

80). V.R.R. 68/89: Brief van die Staatsekretaris aan Voorsitter van die Volksraad, 4 Mei 1889, inhoudende uitslag van die verkiesing; B.B. 1072/89: Ibid., Volksraadsnotule,art.3, 6 Mei 1889.

81). Herinneringen, 15 Augustus 1913.

82). Volksraadsnotule, art.1077, 25 Julie 1890.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vandaar 'n spoorweg na die laeveld van Zoutpansberg te bou, het Cronje dit heelhartig ondersteun.[83] Hy het verklaar dat hy goed bekend was met die streek waardeur die spoorlyn gebou moes word. Dit was 'n vrugbare landstreek wat baie produkte kon oplewer as dit meer bewoonbaar gemaak word. As die spoorweg gebou word, sou meer mense hulle daar gaan vestig en kon die goudvelde beter ontgin word. Nuttige houtsoorte wat in die bosgedeeltes aangetref word, kon vir verwerking na die stede versend word. As die spoorweg diesèlfde dag gereed kon wees, sou hy nie nog wou wag tot die volgende dag nie. Die regering moes egter eers die publiek 'n kans gee om 'n mening oor die saak uit te spreek. Later kon die spoorlyn van Selatie aangebou en verleng word.[84]

In hierdie jaar het die Volksraad besluit om 'n Tweede Volksraad in die lewe te roep en het 'n kommissie benoem om die aantal lede vir elke raad te bepaal.[85] Die kommissie het besluit dat daar vier lede , twee vir elke raad, in Potchefstroomdistrik gekies moes word. In die distrik sou gedurende hierdie jaar geen lede aftree nie, daarom moes een van die drie lede weggeloot en 'n eleksie vir twee lede van die Tweede Volksraad geopen word.[86] By die loting het Cronje op 4 Augustus 1890 uitgeval en dus opgehou om Volksraadslid te wees.[87]

Cronje/...

---

83). Volksraadsnotule, art.1075, 24 Julie 1890; V.R.R. 59/90: Memorie van B.J.Vorster, T.J.van Dyk en 112 ander, Zoutpansberg, 7 April 1890.
84). Volksraadsnotule, art.1077, 25 Julie 1890.
85). Volksraadsbesluite, art.466, 23 Junie 1890.
86). Ibid. Die kommissielede was :- S.W.Burger, J.M.Malan, F.G.H.Wolmarans, J. van der Merwe en J.P.L.Lombard.
87). Volksraadsbesluite, art.1170, 4 Augustus 1890.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die volgende maand het hy teen Ewald Esselen as lid vir die Tweede Volksraad in die verkiesing vir Potchefstroomdorp uitgeval.[88] Hy kon hom gedurende hierdie jaar ook nie vir die Eerste Volksraad verkiesbaar stel nie, want die twee verteenwoordigers se dienstyd sou eers teen die end van 1892 verstreke wees. Teen die end van 1892 is daar vir hom geen rekwisisie geteken nie en is N.M.Prinsloo herkies en P.J. Schutte in die plek van P.L.Bezuidenhout verkies.[89] Hierdie lede het vir vier jaar sitting geneem sodat daar nie weer voor die end van 1896 'n verkiesing plaasgevind het nie. Cronje het toe reeds die pos van Superintendent van Naturelle beklee sodat hy nie weer genomineer kon word nie.

---

88). Volksraadsnotule, art.7, 4 Mei 1891; Staats-courant der Z.A.Republiek, Kennisgewings Nrs. 324 en 325; LO September 1890; BB. 1280/91, 4 Mei 1891,Regeringsbrief. E.V.R. 149.Ibid.

89). E.V.R. 87/93; R.2259/93; BB.906/ 93: Staatsekretaris aan die voorsitter van die Volksraad, Sept. 1892 inhoudende uitslag van die verkiesing.

HOOFSTUK. 8.

DIE JAMESON-INVAL.

Piet Cronje het nadat hy in Augustus 1890 deur loting opgehou het om lid van die Volksraad te wees,[1] vir die volgende ses jaar opgetree as kommandant vir Potchefstroomdistrik.[2]

Sy vernaamste werk was om toe te sien dat die rus en orde in sy distrik bewaar word, dat die veldkornette en assistent-veldkornette hulle veelvuldige pligte behoorlik nakom en om die driemaandelikse vegaderings van die Volksraad by te woon.[3] Om dit behoorlik te kon doen, het 'n kommandant sy hande vol gehad. Daar was min tyd om na eie belange om te kyk.

Die kommandant het in oorlogstye die kommando's aangevoer. Cronje het gedurende hierdie tyd nie aan veldtogte deelgeneem nie omdat die Suid-Afrikaanse Republiek as gevolg van die ontdekking van goud op die Witwatersrand 'n periode van vrede en voorspoed beleef het en die regering nie aan enige noemenswaardige krygsoperasie hoef te deelneem nie.[4] Die instroming van duisende fortuinsoekers uit al die dele van die wêreld, maar meestal uit Engeland en die Engelse kolonies/....

1). Volksraadsnotule, art.1170, 4 Augustus 1890.
2). BB. 2215/96: Brief van die Staatsekretaris aan P.J.Joubert, Pretoria, 9 September 1896. Cronje het op 9 Sept. 1896 Superintendent van Naturelle geword.
3). J.D.Vorster, bls. 54.
4). D.J.Pieterse : Die Kommandeer Vraagstuk. Gepubliseer in Historiese Studies, Jaargang 6 ,Nr.1,Maart 1945, bls.9;
L.S.Amery:The Times History of the War in South Africa. 1899- 1900, Vol.1, bls.108.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nies., het nuwe probleme laat ontstaan. Die Uitlanders, soos hulle genoem is, het op politieke regte aanspraak gemaak. Die regering was verplig om gedurende hierdie jare meer aandag aan politieke vraagstukke te skenk.[5]

Cronje se werksaamhede het hom binne sy distrik gehou. Die meeste van sy tyd het hy aan die belange van sy distrik opgeoffer. Op sy plaas Palmietfontein, wyk Schoonspruit, het hy gewoon en vandaar die stryd wat die Uitlanders met Kruger aangeknoop het, gevolg. Hy het buite die stryd gestaan en het nie gedink dat dit sulke ernstige gevolge sou aanneem nie, want Kruger het te midde van hierdie politieke woelinge daarin geslaag om by die derde presidentsverkiesing in 1892 met 'n gering meerderheid stemme aan die hoof van die regering te bly.[6]

Die uitslag van die presidentsverkiesing was vir die Uitlanders 'n groot teleurstelling. Die stryd tussen hulle en Kruger is nie hier beëindig nie. Hulle het aangehou agiteer. Die gebeurtenisse wat hieruit voortgevloei het, het Cronje nie direk geraak nie maar dit was faktore wat die Jameson-inval, waarin hy 'n vername rol gespeel het, veroorsaak het.[7]

Die Malaboch-oorlog van 1894[8] was een van die gebeurtenisse wat bygedra het om gevoelens hoog te laat loop. Die regering het ook 'n paar Engelse onderdane van Pretoria opgekommandeer/.....

5). Ibid.
6). L.S.Amery, Vol.1, bls.139.
7). Herinneringen, 15 September 1913.
8). Malaboch, 'n weerspannige naturelle-opperhoof in die Zoutpansbergse distrik, het die rus en vrede daar tot sdn mate versteur dat Kommandant-generaal Joubert verplig was om die regering se goedkeuring te vra om 'n kommando op te roep om hom tot sy plig te bring.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kommandeer om aan die veldtog deel te neem. Toe die handelwyse van die regering rugbaar word, het dit baie sterk teenkanting van die Britse onderdane ontlok omdat hulle deur die regering as vreemdelinge behandel is en dus nie wou veg vir 'n land waarin hulle geen politieke regte gehad het nie.[9] Dit het alles niks gehelp nie. Die moeilikheid het vererger toe die veldkornet van Pretoria vyf van die onwillige onderdane laat arresteer en in die gevangenis geplaas het. Hulle het by die Hooggeregshof aansoek gedoen om vrylating. Op 17 Junie is hulle saak voor Hoofregter Kotze en twee assessore, regters Jorissen en Morrice, verhoor. Die uitspraak van die hof was dat hulle verplig is om krygsdiens te verrig.[10] Onder 'n gewapende mag is hierdie persone na die oorlogsterrein geëskorteer.[11] Dit het groot opskudding in Pretoria veroorsaak.

Die moeilikheid het ernstiger geword. Sir Henry Loch, die Engelse Hoë Kommissaris, het na 'n geleentheid gesoek om Kruger in Pretoria te spreek sodat die kommandeervraagstuk behandel kon word. Hy het aan Kruger geskryf dat hy begerig is om met hom die Swasieland-ooreenkoms te bespreek, waarop Kruger hom uitgenooi het om na Pretoria te kom.[12] Die uitnodiging is met graagte aangeneem, want die Britse onderdane sou onder die indruk kom dat Haar Majesteit se regering hom hulle lot aangetrek het as Loch sy opwagting in Pretoria maak. Hy het Kaapstad op 22 Junie verlaat en op pad na Pretoria amptelik opdrag ontvang om ook die kommandeervraagstuk met Kruger te/.....

9). Witboek 470, blse. 11 en 12.
10). De Volksstem, 20 en 23 Junie 1894; Van Oordt, blse. 590 en 591.
11). Witboek 470, bls.32; Ibid.
12). R.B.795/94; Historiese Studies. Jaargang Nr.6 Nr.1, Maart 1945, bls.15.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

te bespreek.[13]

Groot opgewondenheid het in Pretoria en Johannesburg geheers toe die Uitlanders van Loch se aankoms te hore gekom het. Toe die trein op 25 Junie Pretoriastasie binnestoom, het die opgewondenheid geen perke geken nie en het die Britse onderdane hulle vyandigheid in 'n demonstrasie vrye teuels gegee, op so 'n wyse dat dit beslis beledigend was vir die president.[14]

Die kommandeervraagstuk is doeglik bespreek. Loch het daarop aangedring dat die kommandeerwette so verander moes word dat Britse onderdane van verpligte militêre diens vrygestel word. Hy het ook versoek dat die straf teen die veroordeelde Britse onderdane opgehef word en dat hulle saam met die ander opgekommandeerde persone na Pretoria moes terugkeer. Kruger het ingewillig.[15]

Die sluiting van die driwwe was 'n tweede gebeurtenis wat die moeilkheid vermeerder het. Nadat die Delagoabaaispoorlyn in 1895 voltooi is, was Kruger verplig om die Kaapse lyn deur die Oranje-Vrystaat na die Rand te verleng. Hy wou die handelaars egter forseer om die eersgenoemde lyn te gebruik daarom het hy die spoorbelasting tussen Vereeniging en Johannesburg verhoog. Die handelaars wou die Delagoabaailyn nie gebruik nie omdat die koors daar geheers en dit onder Portugese administrasie gestaan het. Om die hoë spoorbelasting te ontduik, is goedere per spoor tot by Vereeniging gebring en daarvandaan/.....

13). Witboek 470, blse. 12 en 13; Historiese Studies. Ibid.
14). De Volksstem, 27 Junie 1894; The Star, 25, 26 en 27 Junie 1894.
15). Witboek 470, blse. 36 en 37.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daarvandaan na Johannesburg per transportwagery. In Augustus 1895 het Kruger deur proklamasie verbied dat oorsees goedere vanaf 1 Oktober 1895 per ossewa deur die Vaalriviordriwwe transporteer word.[16]

Die sluiting van die driwwe is as 'n direkte verbreking van die Londense-Konvensie beskou. Die Uitlanders was magteloos maar die Kaapse regering het ten sterkste by Kruger geprotesteer.[17] Engeland het aangedring dat die Konvensie gehandhaaf moes word. Oorlogswolke het oor die Republiek toegesak. Kruger was egter nie vir die stryd gereed nie. Op 7 November het hy geantwoord dat hy nie verdere proklamasies sou uitvaardig voordat hy Haar Majesteit se regering geraadpleeg het nie.[18]

Die Uitlanderbriewe het nou 'n hoogtepunt bereik. 'n Aantal persone , onder wie Cecil John Rhodes, die Kaapse Premier en Dr. L.S. Jameson, sy boesemvriend , 'n prominente rol gespeel het, het by hierdie tyd hulle planne agtermekaar gehad om 'n opstand of revolusie in Johannesburg te organiseer waardeur Kruger en sy regering tot 'n val gebring kon word. In Oktober 1895 het Rhodes 'n samespreking met die vernaamste samesweerders[19] te Groote Schuur gehad waar die komplot finaal gesmee is. Hy het beloof om 'n mag van 1,200 tot beskikking van Jameson te stel om hulle te steun. Jameson moes met sy troepemag die Transvaal vanaf Pitsani, 'n dorpie op die westelike grens tussen Transvaal en Bechuanaland, inval sodra die revolusie in Johannesburg uitbreek met die verskoning dat hy die onbeskermde bevolking van die stad kom verdedig.[20]

Terwyl/..

16). D.J.Coetzee: Die Driftegeschil,bls.39.(M.A.verhandeling, Universiteit van S.A.); R.6226/95 by Ra. 1434/95 by SS.a.43.
17). Ibid. , blse. 39 en 41.
18). Ibid., bls.43.
19). C.E. Villiamy: Outlanders,bls.205: Die vernaamste samesweerders was Phillips,Hammond, Leonard en Frank Rhodes.
20). Ibid.,bls.205; L.S.Amery,Vol.1,bls.160.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Terwyl Jameson op die Transvaalse grens gewag het om die inval te begin, het daar verdeeldheid onder die samesweerders geheers. As die opstand plaasvind, moes hulle 'n vlag hys. Hulle was nie seker of dit die Engelse vlag of die Vierkleur moes wees nie. Oor die finale doelstelling was hulle ook nie eens nie. Moes hulle vir hervorming of anneksasie streef? Die hele beweging was op die punt om in duie te stort. Leonard, een van die vernaamste samesweerders, het haastig na die Kaap afgereis om die vlagkwessie met Rhodes te bespreek. Op 26 Desember 1895 is twee boodskappers na Jameson gestuur om hom te belet om die inval te begin. Leonard het by Rhodes aangedring om die inval uit te stel omdat die Uitlanders nog te swak bewapen was. Rhodes het belowe om Jameson terug te hou en genoeg vuurwapens aan te stuur.[21]

Die boodskappers het Jameson agtereenvolgens op 28 en 29 Desember ontmoet en hulle boodskappe afgelewer. Jameson het intussen ook verskeie telegramme ontvang om nie te beweeg nie, want daar was nie opstand in Johannesburg nie. Die hele komplot het op 'n vernederende mislukking uitgeloop. Jameson wou nie gehoor gee nie en was beslis om sy plan uit te voer. Hy het Rhodes met sy plan bekend gemaak, maar geen berig na Johannesburg deurgestuur nie.[22]

Op Sondagaand, 29 Desember 1895, om halfsewe het hy en sy mag Pitsani verlaat en die Transvaalse grens oorgesteek/...[23]

21). C.E. Villuamy : Outlanders, bls. 216.
22). Ibid., blse. 219 en 220; J.P.Fitzpatrick: The Transvaal from Within, bls. 176. Toe Cecil Rhodes van die inval hoor, het hy verklaar dat Jameson sy lewenswerk geruïneer het.
23). Ibid., blse. 213 en 214: Sy totale mag het uit ongeveer 40 offisiere en 470 troepe bestaan. Die grootste gedeelte hiervan was Masjonaland Berede Polisie - 16 offisiere en 356 manskappe. Kolonel Grey met sy Bechuanaland Border Police sou te Malmani, net oorkant die Transvaalse grens, by hom aansluit.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

steek.[24] Voordat hy sy tog begin het, het hy die telegraafdrade geknip sodat hy nie kon terugbeveel word nie. Die meer ernstige taak om die verbindings na Pretoria uit werking te stel, het misluk omdat die twee soldate aan wie die taak toevertrou was, in hulle besope toestand gewone heiningdraad geknip het.[25]

Om kwart oor vyf die volgende môre het Jameson en sy troepe by Malmani aangekom. Hier het kolonel Grey met sy Bechuanaland Border Police met twee seweponders en twee meksims by hom aangesluit. Die môre om sesuur het hulle verby Malmaniesoog in die rigting van Johannesburg getrek. Die mynkommissaris van Ottoshoop het die Kommandant-generaal te Pretoria onmiddellik telegrafies van die inval verwittig.[26] Die kommandant van Marico het 'n soortgelyke telegram gestuur sodat Pretoria die nuus voor Johannesburg ontvang het.[27]

Pretoria was vol allerhande gerugte. Die spanning was groot. Gewapende burgers het die strate gepatrolleer. President Kruger het 'n opgesaalde perd gereed gehou en angstig nuwe verwikkelings afgewag.[28] Kommandant-generaal Joubert was bedrywig. Onmiddellik nadat hy die berig van die inval ontvang het, het hy die burgers opgekommandeer. Cronje het nog niks van hierdie geveurtenisse geweet nie. Na sononder die aand van 30 Desember het 'n ruiter op sy plaas aangekom en hom 'n telegram van die landdros van Potchefstroom oorhandig.[29] Dit was/.....

---

24). K.G.322: Telegram Nr.13 : Myncommissaris, Ottoshoop, aan Commandant-generaal, 30 Dec. 1895; C.E.Villuamy, blse. 222 en 223.
25). L.S.Amery, Vol.1, bls.166.
26). K.G.322. Telegram Nr.13. Ibid.
27). K.G.322. Telegram Nr.15: Kommandant Zeerust aan Komdt.-genl., 30 Des. 1895. Hy maak melding van 6 meksims en 4 kanonne, terwyl die mynkommissaris 6 meksims en enige kanonne noem.
28). Van Oordt, blse. 697 - 698; C.E.Villuamy, bls.224.
29). Herinneringen, 15 September 1913; N.J.Hofmeyr: De Afrikaner-Boer en de Jameson-Inval, bls.167.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

was 'n telegram ~~wat~~ die Kommandant-generaal van Pretoria via Potchefstroom aan hom gestuur het. Daarin word meegedeel dat 'n Britse troepemag die grense van die Republiek oorgesgaan het en na Johannesburg in aantog was. Die telegraafdrade is afgeknip sodat geen rapport kon deurkom nie. Cronje word gelas om onmiddellik al sy burgers op te kommandeer. Intussen moes hy uitvind waar die troepe hulle bevind en hulle dadelik gaan voorkeer. Hy moes 'n sterk wag met hom saamneem en soveel as moontlik rapport stuur.[30)]

Die aangename stemming van die namiddag is verbreek. 'n Paar oomblikke tevore het hy nog gesit en kyk hoe die jong mense druk besig was om voorbereidings vir die Oujaars- en Nuwejaarsvieringe te tref. Hy het wel van die moeilikhede met die Uitlanders gehoor, maar nooit gedink dat daar soiets as 'n inval in die Republiek gemaak sou word nie. Maar hy het besefvdat die land in gevaar verkeer het. Hy was krygsman en het nie oor die waarheid sit en twyfel nie, maar sonder versuim sy veldkornette laat weet om al die burgers op te roep om na Krugersdorp te gaan.[31)]

Die volgende môre, 31 Desember, het hy en sy vier seuns vinnig na Ventersdorp gery waar die burgers op sy bevel bymekaar moes kom. Om elfuur het hulle daar aangekom. Daar het sewentig burgers reeds op hulle gewag.[32)]

Omdat/.....

30). K.G.322: Telegram van die Kommandant-generaal, Pretoria, aan kommandant Potchefstroom, 30 Des. 1895;
Groenboek Nr.1, 1896, bls.2.(Correspondentie van de Zuid-Afrikaansche Republiek met betrekking tot de beroeringen in de aanvang van 1896); Herinneringen, 15 September 1913.
31). Ibid.
32). N.J.Hofmeyr, bls.191; Herinneringen, 15 Sept.1913.

Omdat hy toe reeds vir ses ure lank in die saal gesit het, het hulle eers 'n rukkie gerus en daarvandaan met sy burgers toe na Mooirivierdrif vertrek waar hulle die middag om drie-uur aangekom het. Die burgers het op sy bevel hier afgesaal om vir Veldkornet Bodenstein en sy manskappe te wag. Na sy aankoms het die kommando die aand om sesuur die rigting na Krugersdorp ingeslaan.[33)]

Cronje was haastig. Hy was onrustig, want Jameson kon miskien voor hulle by Krugersdorp verbytrek, daarom het hy sy manskappe dwarsdeur die nag laat ry. Op Nuwejaarsmore 1896 het hy teen dagbreek Krugersdorp binnegery met ongeveer 300 manskappe, wat langs die pad by hom aangesluit het.[34)]

Om vyfuur die more het hy vanaf die hoogste punt naby die stasie, die omgewing verken om uit te vind waar Jameson en sy mag was, maar daar was geen teken van hulle nie. Cronje het die burgers laat afsaal en hyself het na die Poskantoor gegaan om die Kommandant-Generaal met sy bewegings bekend te stel. Hy het berig dat hy die more in Krugersdorp aangekom het om die troepemag voor te keer. Vanaf Krugersdorp sou hy hulle tegemoetgaan. Hy verwag nog 'n paar veldkornette met hulle burgers. Baie van sy manskappe is sonder gewere; die regering moes sonder versuim vir hom 'n kas gewere stuur sodat hy hulle kon bewapen.[35)]

Om negeuur die more het hy vanuit Krugersdorp in 'n suidwestelike/...

---

33). N.J.Hofmeyr, bls. 191; Herinneringen, 15 Sept. 1913.
34). K.G. 322. Telegram Nr. 11. Comdt. Cronje aan die Comdt.-Genl., 1 Jan. 1896; N.J. Hofmeyr: De Afrikaner-Boer.., bls. 192.
35). K.G. 322. Telegram Nr. 11. Telegram van Comdt. Cronje aan die Comdt.-Genl., 1 Jan. 1896.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

suidwestelike rigting die vyand tegemoet gegaan. Ongeveer vier uur te perd van die dorp, by die plaas Waterval, het hy kommandante Malan en Potgieter met ongeveer drie-honderd manskappe ontmoet. 'n Paar van die burgers het meegedeel in watter rigting Jameson getrek het. Cronje het die omgewing goed bekyk en sy krygsmansinsig het hom in staat gestel om die marsroete wat deur die Britse troepe gevolg sou word, vas te stel. Daarop het hy die Boeremagte posisie by die "Queens Battery" en die plaas Waterval laat inneem.[36)]

Intussen het die vyand tot op 'n afstand van drie myl genader en vandaar op die Boereverkenners geskiet. By Rietspruit het die Britse troepe halt gemaak en het die bevelvoerende offisier, Kolonel Willoughby, laat weet dat hy op Cronje se manskappe sou skiet indien hulle sy deurtog na Krugersdorp wou belet. Hy het hulle tot vieruur die middag tyd gegee om die vrouens en kinders te verwyder.[37)]

Aan hierdie bevel het Cronje hom nie gesteur nie, maar posisie ingeneem om hulle vooruitgang nie alleen te stuit nie, maar om hulle gevange te neem. Om twee-uur die middag het Willoughby op die Boerestellings begin vuur. Die Boere het op bevel van Cronje nie teruggeskiet nie, maar die aanmarsjerende Engelse kans gegee om tot naby hulle stellings te kom. Per ongeluk het 'n skoot afgegaan, waardeur/.....

---

36). K.G. 322. Telegram 73. Comdt. Cronje aan die Comdt.-Genl., 1 Jan. 1896; K.G.322: Telegram 122. Telegram van die Wn. Landdros, Krugersdorp aan die Comdt.-Genl, Pretoria, 1 Jan. 1896.

37). Herinneringen, 15 September 1913. In 'n plaashuis daar naby was 'n paar ou mense, vrouens en kinders. In die geveg wat gevolg het, is die huis gebombardeer sonder dat iemand beseer is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waardeur Jamesen betyds gewaarsku is. 'n Kort maar hewige geveg het ontbrand. Aan beide kante het gesneuweldes en gewondes in die slag gebly. Die Engelse troepe het in 'n suidelike rigting na Randfontein getrek.[38)]

Toe Cronje bemerk dat hulle die rigting na Luinaardsvleidrif geneem het, het hy besluit om hulle voor te keer. Met 'n deel van sy manskappe en veldkornet Bodenstein het hy hulle voorgery en een gevang. In die skermutseling wat gevolg het, is twee soldate dood en ewe gewond.[39)] Hierna het Kommandant Potgieter met Cronje verenig en hulle twee het beraadslaag. Hulle sou wag totdat dit donker is , dan moes die posisie van die vyand verken word.[40)] Cronje se seun Klaas is die aand in sy maag verwond.[41)]

Teen dagbreek die volgende dag het Cronje en sy burgers die geveg hervat met die Engelse wat in beweging gekom het. Al vegtende het die troepe by Randfontein verbygetrek. Hulle is egter teruggedryf en deur kommandant Pogieter by Vlakfontein voorgekeer. Cronje het vinnig om die Engelse gery en 'n heuwel, Doornkop, in besit geneem.[42)] Hier is/....

---

38). K.G. 322. Telegram Nr. 73. Telegram van Comdt. Cronje aan die Comdt.-Genl, Krugersdorp, 1 Jan.1896.

39). K.G. 322. Telegram Nr. 73. (Ibid.)

40). Herinneringen, 15 Sept. 1913. Uit hierdie besluit het 'n tragiese ongeluk gebeur. 'n Jong burger, van Tonder, het saamgery om te verken. In die donker nag ry hy op die Boerestellings af en hulle roep: "Halt, who goes there?" Hy kom onder die indruk dat dit Engelse was, pluk sy perd om en jaag weg. Die Boere is oortuig dat dit 'n Engelse verkenner is en skiet hom dood.

41). K.G. 322. Telegram Nr. 146. Myncommissaris, Krugersdorp, aan Comdt.-Genl., 2 Jan. 1896. Hy is dieselfde aand na Krugersdorp se hospitaal geneem en deur die latere bekende Dr. van der Merwe geneeskundig behandel.

42). K.G. 322. Telegram Nr. 164. Comdt. van Marico, Krugersdorp, aan Comdt.-Genl., 2 Jan. 1896.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

is die Engelse troepemag van verskillende kante nouer ingesluit. Hulle was uitgeput en Jameson het besef dat verder weerstand nutteloos is. Om kwart oor nege het hy 'n wit voorskoot as teken van oorgawe gehys.[43] Die inval het misluk. Sy verliese was 16 man gedood, 55 ernstig gewond en 35 vermis. Aan die kant van die Boere was die verlies gering.[44]

Direk nadat Jameson die witvlag gehys het, het Cronje een van sy burgers beveel om na hom te gaan om die terme van die oorgawe te verneem. Maar een van kommandant Potgieter se manskappe, Hans Kloppers was reeds op weg na die vyand. Hy het 'n briefie van Willoughby gedring waarin hy sy bereidwilligheid verklaar het om oor te gee, mits die Boere veilige uittog oor die grens aan elke lid van sy geselskap sou verseker.[45] Kommandant Potgieter het verstandig opgetree. Hy het terug-geantwoord dat hy onmiddellik al die Boereoffisiere bymekaar sou roep om oor die Engelse voorstel te besluit. Die kennisgewing/...

---

43). K.G. 322. Telegram Nr. 136. Telegram van Comdt.-Genl, 2 Jan. 1896.
Ra. 1056/96. Getuienis van Schroder, een van die burgers, voor die Staatsprocureur Coster.

44). K.G. 322. Telegram Nr. 291. Telegram van die Wn. Landdros, Krugersdorp, aan die Comdt.-Genl., 3 Jan 1896. Hy gee die Boereverliese as volg: 5 gewond en 3 gedood; C.E. Williamy, bls 233. Hy se 5 gedood en 3 gewond.

45). Ra. 1056/96. Beëdigde verklaring van P.A.Cronje, voor H.J. Coster, Staatsprocureur, 7 Maart 1896. F.J. Potgieter, 5 Maart 1896; Groenboek Nr.1, 1896, bls 95. (Correspondentie van De Zuid-Afrikaansche Republiek met betrekking tot De Beroeringen in den aanvang van 1896); Ra. 1056/96. Brief van Staatsekretaris van Boeschoten aan H. Cloete, Wn. Britse Agent, Pretoria, 10 Maart 1896; J.P. Fitzpatrick, bls 405; Hugh Marshall Hole: The Jameson Raid, bls. 189.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kennisgewing is dadelik aan al die offisiere gestuur. Die briefie van Willoughby is saam met die kennisgewing aan Cronje oorhandig.[46] Cronje het skriftelik aan Willoughby geantwoord dat as hy gewillig sou wees om die onkoste deur die inval aan die Transvaal veroorsaak, te dra en sy wapens neerle, hy hulle lewes sou spaar. Willoughby moes binne 30 minute antwoord.[47] Hy het sy burgers beveel om hulle posisies te behou en om gereed te wees om vyandelikhede voort te sit indien sy voorstel van die hand gewys word. Willoughby het die terme aangeneem en laat vra hoe Cronje die oorgawe wou laat geskied.[48] Vergesel van veldkornette Maartens en Van Vuuren het Cronje na die Engelse bevelvoerder gery om volgens Potgieter se kennisgewing die ander offisiere daar te ontmoet.[49]

Cronje is aan Jameson voorgestel. Op hierdie oomblik het Potgieter sy opwagting gemaak en alles aangehoor wat tussen Jameson en Cronje ooreengekom is.[50] Aan Jameson is deur middel van die tolk Adendorff gevra of hy gewillig is om sy vlag of wapens neer te lê. Jameson, skynbaar vreesbevange, het onder eed verklaar dat hy geen vlag gehad het nie.[51] Hy was gewillig om sy wapens neer te lê maar omdat hy dit nog nooit voorheen gedoen het nie, het/.....

---

46). Ra. 1056/96. Beëdigde verklaring van F.J.Potgieter op 5 Maart 1896; Groenboek Nr. 1, 1896, bls. 96.
47). Ra. 1056/96. Brief van Staatsekret. aan Britse Agent, 10 Maart 1896. Vgl. beedigde verklaring van P.A.Cronje, 7 Maart 1896; Groenboek Nr. 1, 1896 blse. 90, 91 en 95; D.V.S., 7 Jan. 1896 en J.P.Fitzpatrick, bls. 405.
48). Groenboek Nr. 1. 1896, bls. 95.
49). Ra. 1056/96. Beëdigde verklaring van P.A.Cronje voor die Staatsprok. 7 Maart, 1896.
50). Ra. 1056/96 Beëdigde verklaring van F.J. Potgieter voor H.J.Coster, 5 Maart 1896; Groenboek Nr.1.1896, bls. 96.
51). Ra. 1056/96. Brief van die Staatsekret. aan die W[illegible] Britse Agent, Pretoria, 10 Maart 1896; Ra. 105[illegible]/96 Beëdigde verklaring voor H.J. Coster van:- P.A.Cronje op 7 Maart 1896. E.J.Potgieter op [illegible]/96. J.S.Celliers op 6 Maart 1896; J.P.Fitzpatrick, [illegible]lse 405 tot 409.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het hy nie geweet hoe dit moes geskied nie.[52]

Cronje het daarop sy manskappe nader laat kom. Op hierdie oomblik het kommandant Malan op die toneel verskyn. Hy het gekom om saam met die ander offisiere te beraadslaag en het nog niks van die voorwaardes tussen Cronje en Jameson geweet nie. Cronje het sy mag hier as gevolg van sy haastige natuur te buite gegaan en op sie gesag onderhandelinge aangeknoop voordat al die bevelvoerende Boereoffisiere saam vergader het om 'n besluit te neem. Malan het dadelik aan Cronje gevra waaroor hy en Jameson gepraat het. Hy wou dit ook graag hoor. Cronje het meegedeel dat hy en Jameson ooreengekom het dat laasgenoemde die veroorsaakte onkoste sou betaal op voorwaarde dat die lewes van die aanvallers gespaar sou word totdat hulle aan die Kommandant-generaal te Pretoria afgelewer is. Malan het die saak in die regte perspektief gesien en geantwoord dat hulle nie die reg gehad het om hier voorwaardes te stel nie. Jameson moes hom onvoorwaardelik oorgee. Hulle kon sy lewe alleen waarborg totdat hy aan die Kommandant-generaal besorg is. Dan moes hy hom by die uitspraak van die hoogste offisier en die regering neerlê.[53] Kommandant Potgieter het hiermee ingestem en Cronje het hom met die besluit verenig.[54]

Adendorff/.....

---

52). Herinneringen, 15 September 1913.
53). Ra. 1056/96: Ibid;
Ibid. Beëdigde verklarings van kommandante:-
H.P.Malan op 9 Maart 1896;
G.F.Potgieter op 5 Maart 1896;
P.A.Cronje op 7 Maart 1896;
J.S.Celliers op 6 Maart 1896;
Groenboek Nr.1,1896, blse. 95 - 97.

54). Ra. 1056/96 : Ibid. H.P.Malan 9 Maart 1896.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Adendorff is versoek om die saak aan Jameson te verduidelik. Jameson het beleefd sy hoed afgehaal, gebuig en die voorwaardes aangeneem.[55] Cronje het daarop sy manskappe in gelid oorkant die pad opgestel, die Engelse troepe verby laat marsjeer, met die geweerkolwe na die Boere gerig en so hulle gewere voor die Boere laat neersit.[56]

Kommandant Stephanus Trichardt van die Staatsartillerie het op daardie oomblik met 'n telegram van die Kommandant-generaal verskyn. Daarin word opdrag gegee dat die Britse troepe die wapens moes neerlê en onvoorwaardelik oorgee. Hulle moes slegs vyf minute tyd kry om te besluit. Die vyandelikhede moes voortgesit word indien hulle sou weier om onder die voorwaardes oor te gee. As hulle oorgee, moes die soldate ontwapen na Krugersdorp en die offisiere na Pretoria geneem word.[57]

Die oorgawe was dus onvoorwaardelik. Cronje het sy taak volvoer, alles in die hande van Trichardt en Malan gelaat en na Krugersdorp vertrek, waarvandaan hy sy offisiële verslag aan die regering versend het.[58] Dieselfde aand was die offisiere veilig in die Pretoriase gevangenis opgesluit.[59]

Telegrafies/...

---

55). Ra. 1056/96: Beëdigde verklarings. Ibid.

56). Ibid. P.A. Cronje op 7 Maart 1896.

57). Ibid.

58). K.G. 322 : Telegram Nr. 211 : Telegram van komdt. P.A. Cronje aan die Kommandant-genl., Krugersdorp, 2 Jan. 1896.

59). C.E. Villuamy: Outlanders, bls. 233.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Telegrafies deur die Kommandant-generaal ontbied, het Cronje op 4 Januarie 1896 na Pretoria vertrek. By sy aankoms in Pretoria is hy deur President Kruger gelukgewens.[60] Hy het 'n groot diens aan sy land bewys en vir homself onsterflike roem as krygsman verwerf. Nie alleen in sy eie land nie, maar ook deur oorsese moondhede is sy dapperheid geroem. Uit Rusland het 70,000 Russe aan hom en sy burgers 'n Broederskapsbeker aangebied. Dit is van porfier, edel metale en edelgesteentes gemaak. Daar is driehonderd-ses-en-veertig handgetekende adresse met 70,000 naamtekeninge daarop saamgestuur.[61] Duitsland en Frankryk het hom ook hulde betoon.[62]

Op die aand van 9 Januarie het die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek lasbriewe vir die inhegtenisname van die leiers van die Hervormingsbeweging uitgereik. Hulle was gou agter slot en grendel.[63]

Tussen/.....

---

60). Herinneringen, 15 Sept. 1913. Cronje deel mee dat hy by sy aankoms in Pretoria koel deur Joubert ontvang is. Nadat Cronje en sy offisiere hom gegroet het, het Joubert meegedeel dat hy nie vir hulle slaapplek het nie. Hulle moes maar in 'n hotel tuisgaan. Cronje het vererg geantwoord dat hy nie gekom het om huisvesting te kry nie. Wat hom baie ontevrede sou gestem het, is dat Joubert volgens Boeregewoonte nie eens na die toestand van sy gewonde seun verneem het nie. Hy het geweet dat Klaas in die geveg teen Jameson gewond is.
Cronje en Joubert het nooit goed klaargekom nie. Hulle was naywerig op mekaar. Joubert was populerder as Cronje en het in Cronje se weggestaan om Kommandant-generaal te word. Joubert weer het in Cronje 'n gevaarlike mededinger gesien. Na die roem van Doornkop is dit natuurlik dat Joubert jaloers gevoel het op Cronje se sukses.

61). Hierdie Broederskapsbeker is in die Voortrekkermuseum te Pretoria te besigtig.

62). Vgl. die beroemde Keiserstelegram, Vertoonkas, Staatsargief, Pretoria.
Frankryk het Cronje 'n swaard aangebied met 'n beeld van 'n Boer wat 'n tier met 'n Britse kroon op die hoof, verwurg. (Dit word bewaar in die Voortrekkermuseum, Pretoria).

63). Staats-Prokureur: 2022/96 : Saak teen Lionel Phillips en 63 ander; C.E.Villuamy, bls. 233.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tussen 5 Februarie en 24 April 1896[64] is die saak teen Lionel Phillips, George Ferrar, Francis Rhodes, John Hays Hammond en 59 ander persone verhoor. Vier genoemde persone is weens hoogverraad deur regter Gregowroski tot die dood veroordeel, die ander persone is twee jaar gevangestraf en £2,000 boete opgelê.[65] Die volgende dag is die doodvonnis verander en elkeen van die vier moes £25,000 boete betaal.[66]

Die oorgawe van Jameson en sy invalsbende het in Londen 'n naklank gevind. Mnr. Hawksley, die prokureur van die Chartered Company wat Jameson verdedig het, het in Maart 1896 'n brief publiseer dat Jameson se oorgawe nie onvoorwaardelik geskied het nie, omdat Cronje beloof het dat indien hulle die wapens neerlê en beloof om die koste deur die inval veroorsaak, te dek, die lewes van almal gespaar sou word. Hierdie brief het groot opspraak en verontwaardiging onder die Engelse publiek in Londen verwek. Veral omdat Cronje, wat sedert die Potchefstroom-oorgawe baie berug onder die Engelse geword het, se naam met hierdie saak geassosieer is, het dit groot opskudding veroorsaak.[67]

Chamberlain was begerig om die saak aan die Britse Laerhuis te verduidelik. Daarom het hy die Hoë Kommissaris[68] opdrag/.....

64). C.E. Villuamy, bls. 233. Hy gee die datum foutief.
65). S.P.2022/96: Ibid.
66). Ibid.; C.E.Villuamy, bls.233.
67). R. 2349/96: F. Bourguenon aan die Staatsekretaris, Johannesburg, 3 Maart 1896; Dr. P. Botha: Die Staatkundige Ontwikkeling..., bls.[illegible].

68). Sir Hercules Robinson.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

opdrag gegee om die saak te laat ondersoek om die ware toedrag van sake bloot te lê. Op 4 Maart het die Britse Hoë Kommissaris aan die Britse Agent[69] te Pretoria geskryf om die president dadelik te spreek en te vra of die oorgawe van Jameson onvoorwaardelik was.[70]

Na aanleiding hiervan het die regering kommandante Cronje, Potgieter, Malan, veldkornet Maartens, assistent-veldkornet Van Vuuren en andere ontbied om beëdigde verklarings voor die Staatsekretaris, H.J.Coster, af te lê.[71]

Hierdie verklarings het presies ooreengekom met die voorwaardes waaronder Jameson en sy troepe die wapens neergelê het. Die pogings van die Britse pers om die waarheid te verdraai en die oorgawe in 'n verkeerde lig te stel, is deur hierdie getuienisse vir goed die kop ingeslaan. Cronje se optrede is geregverdig en sy goeie naam het ongeskonde gebly.

---

69). H.Cloete, waarn. Britse Agent.

70). Ra.1056/96: Telegram van die Britse Hoë Kommissaris aan die Staatsekretaris en waarn. Brit. Agent, Pretoria, 4 Maart 1896.

71). Ra. 1056/96: Beëdigde verklarings. Ibid.; Groenboek Nr. 1, 1896, blse.95 - 97; J.P.Fitzpatrick, blse.405 - 409.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK. 9.

SUPERINTENDENT VAN NATURELLE.

Piet Cronje, wat sedert die Eerste Vryheidsoorlog 'n vernaame rol in die geskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek gespeel het, het sy krygsmansroem met die slag van Doornkop verhoog. Hy was 'n bekende figuur, 'n man met 'n standvastige karakter in wie Kruger 'n sterk aanhanger gevind het. Veral i.v.m. militêre en naturelle-aangeleenthede het hy 'n uitgebreide kennis gehad en hom reeds onderskei. Op hierdie stadium was hy die aangewese persoon om die pos van Superintendent van Naturelle uit Piet Joubert se hande te neem.

Kort na die Jameson-voorval is daar dan ook 'n aantal memories by die Volksraad ingedien om die poste van Kommandant-generaal en die van Superintendent van Naturelle van mekaar te skei.[1] Die memoraliste het in hulle memories verklaar dat die werksaamhede, aan beide poste verbonde, vir een persoon te veel was. Die memories het lang maar interessante besprekings in die Volksraad uitgelok. Die memoraliste het skynbaar 'n grondige rede vir die skeiding van die poste aangevoer maar dit was slegs 'n middel tot 'n doel. President Kruger was die krag agter hierdie beweging. Dit is opmerklik dat die petisies juis uit die distrikte waar sy aanhang baie groot was, gekom het/.....

---

1). E.V.R.N. 494/96. Wyk Elandsrivier, Rustenburg, 7 April 1896. E.V.R.495/96. Wyk Elandsrivier, Rustenburg, 7 April 1896; E.V.R.498/96. Rustenburg, 7 Apr. 1896; E.V.R.573/96. Rust. 1 April 1896; E.V.R. 909/96. Rust. 7 Apr. 1896; E.V.R.1060/96, Rus 9 April 1896; E.V.R.794/96. Zoutpansberg, 13 Apr. 1896; E.V.R.795/96 Zoutpansberg, 15 Apr. 1896; E.V.R.1052/96, Witwatersrand, 6 April 1896.

Joubert het beide betrekkings beklee. Op 22 Okt. 1884 is di twee poste geskei. Na Junie 1885 is die twee poste weer tot een pos verenig en het Joubert in beide betrekkings opgetree.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het .Die ses memo[illegible] dieselfde woorde opgestel en byna gelyktydig vir ondertekening gesirkuleer.[2]

Teen hierdie tyd was Kruger se posisie in die Uitvoerende Raad wisselvallig. Joubert en sy aanhangers het sterk -invloed uitgeoefen.[3] Boonop het Joubert in sy hoedanigheid as Kommandant-generaal, Superintendent van Naturelle en Vise-President te veel mag besit. Hierdie mag moes ingekort word deur een van die twee betrekkings van hom weg te neem en dit aan een van Kruger se sterk ondersteuners toe te vertrou. Toe die saak in die Volksraad bespreek is, het Joubert dit gou raakgesien. Daarom het hy heftig teen die skeiding van die poste geprotesteer.In sy toespraak het hy duidelik te kenne gegee dat hy nie soseer teen die skeiding van die poste gekant was nie, maar dat die voorwendsel waaronder dit moes geskied,hom nie aangestaan het nie. Nooit het hy by die regering vir die poste aanreklop nie. Eintlik moes hy teen wil en dank beide poste aanvaar. Nou word [illegible] die werk wat aan beide poste verbonde is, te veel vir een persoon geag word. Die poste moes dus net geskei word om hom 'n klap in sy gesig te gee en om sy ondergang te bewerk. Hy het openlik verklaar/.....

---

2). Ibid.

3). Staatsalmanak 1896,bls.71. Die Uitvoerende Raad was as volg saamgestel:- President S.J.P.Kruger,Staatsekretaris Dr. W.J.Leyds, P.J.Joubert, J.H.M.Kook, N.J.Smit en J.M.A. Wolmarans.

Die liggaam was in twee sterk groepe verdeel. P.J.Joubert,J.H.M.Kook en N.J.Smit het saamgestaan terwyl Kruger en Leyds, meestal deur Wolmarans gesteun, aan die anderkant gestaan het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

klaar dat hy gehoor het dat 'n sekere persoon[4] aangestel sou word wat vir hom en sy nageslag 'n geswore vyand is. As die persoon aangestel word, sou sekere persone[5] hulle oogmerk bereik, want dan sou hy uit die Uitvoerende Raad geskuif word.[6] Verskeie Volksraadslede was begerig om te weet wie deur Joubert bedoel is, maar hy het verkies om op hierdie stadium die name te verswyg.[7]

Die saak het belangstelling gewek en lang besprekings uitgelok. Die partye teen en vir die voorstel was ewe sterk, daarom is daar netsoveel stemme teen as vir die skeiding uitgebring.[8] Die voorsitter[9] het sy beslissende stem tengunste/.....

4). Volksraadsnotule, 4 Sept. 1896, bls. 591. Hy bedoel hier Cronje. R. 12598/96: Brief van P.J.Joubert aan die regering, Pretoria, 9 Sept. 1896. Joubert het beweer: "Hem was ter oore gekomen het bewezen zou worden dat een man aangesteld of benoemd zou worden als medelid van Piet Joubert, die hem en zijn nageslacht een gezworen doodsvijand was en dan zouden sommigen hun oogmerkt bereik hebben, want dan zou spreker het Uitvoerende Raadskantoor uit moeten."

5). Ibid. Kruger en sy aanhangers.

6). Volksraadsnotule, 4 September 1896, bls. 592.

7). Volksraadsnotule, 4 September 1896, bls. 598. Raadslede L.Meyer, Tosen, Prinsloo en Wolmarans wou graag weet wie deur Joubert bedoeld is. Hulle het dit gebrek aan morele moed genoem, omdat hy die persone se name verswyg het. Dat Joubert gebrek aan morele moed gehad het, val nie te betwyfel nie. (Sien hieroor: Carl Jeppe: The Kaleidoscopic Transvaal, bls. 173; Prof. S.P. Engelbrecht: T.F. Burgers, bls. 174.)

Maar in hierdie geval was dit nie moed wat ontbreek het nie. Hy wou nie die saak vooruit loop nie. Hy wou eers wag dat Kruger die persoon aanstel en dit dan noem.

8). Volksraadsnotule, 4 Sept. 1896, bls. 601; D.V.S., Sept. 1896. Die stemme was as volg:-

Vir skeiding: A.Wolmarans, S.P.Erasmus, N.M.S.Prinsloo, P. J.Schutte, J.M.Malan, Jan de Beer, J.F. de Beer, J.P.Meyer, C.B.Otto, C.J.Tosen, C.J.A.Birkenstöck, S.P.du Toit en die Voorsitter.

Teen skeiding: W.H.van Niekerk, J.P.Coetzer, W.J.Steyn, J.H.Labuschagne, G.de Jager, P.Mare, L.de Jager, J.H.de la Rey, L.J.Meyer, D.J.Joubert, J.L.van Wyk, C.Jeppe en R.K.Loveday.

9). F.G.H.Wolmarans, 'n ondersteuner van Kruger.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ste van skeiding gegee. Op 4 September 1896 is dus andermaal besluit om die poste van Kommandant-generaal en Superintendent van Naturelle te skei. Aan die pos van Superintendent van Naturelle was 'n salaris van £1,000 per jaar verbonde.[10]

Kruger het dus daarin geslaag om sy doel te bereik, maar nou moes hy versigtig wees om die regte persoon te benoem, sodat sy teenparty geen grond kon hê om teen die bekwaamheid van die persoon beswaar te maak nie. Maar Kruger het nie getwyfel nie. Op 9 September 1896 het hy Cronje in hierdie nuwe betrekking aangestel.[11] Die benoeming van Cronje was goed. Niemand kon op die dapper kommandant van Potchefstroom en Doornkop iets aanmerk nie:-

> " Het is een man uit een stuk, met onwrikbare principes, een man die oneindig veel heeft gedaan voor de onafhanklikheid van de Staat en het land dood en door kent. De tijd zal natuurlik nog moeten leren of de held van Doornkop de gaven bezit die vereischt worden voor het moeilike ambt van Superintendent van Naturellen. Verzekerd kunnen wij echter zijn dat de niewe hoofdambtenaar aan de dienst en rust van het land, dat hem so lief is, al zijn krachten zal wijden."[12]

Joubert is dadelik van Cronje se aanstelling kennis gegee.[13] Die regering het hom opdrag gegee om die kantoor van die Superintendent van Naturelle aan Cronje te oorhandig.[14] Nadat Cronje die ampseed afgelê het, het Joubert 'n skrywe aan die regering gerig waarin hy sy teleurstelling en ontevredenheid te kenne gegee het. Nou eers erken hy dat hy in die Volksraad na Kruger en Cronje verwys het.[15]

Eers/.....

---

10). Volksraadsnotule, 4 Sept. 1890, art. 1358; Locale Wetten 1896, bls. 342; D.V.S., 12 Sept. 1896.
11). BB. 2215/96: Brief van die Staatsekretaris aan P.J. Joubert, Pretoria, 9 Sept. 1896; R. 12551/96: Brief van P.A. Cronje aan die regering, 10 Sept. 1896.
12). D.V.S., 12 Sept. 1896.
13). BB. 2215/96: Ibid.
14). R. 2234/96: Brief van die Staatsekretaris aan P.J. Joubert, Pretoria, 9 Sept. 1896.
15). R. 12598/96: Brief van P.J. Joubert aan die regering, Pretoria, 9 Sept. 1896.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Eers die volgende dag het Cronje in 'n brief sy dank aan die regering toegestuur vir die vertroue wat in hom gestel is.[16] Dit sou sy strewe wees om na die beste van sy vermoë die pligte wat aan die betrekking verbonde was, ten alle tye uit te voer. Hy spreek die hoop uit dat die regering hom die nodige steun en advies in die uitvoering van sy pligte sou gee.[17]

As Superintendent van Naturelle het Cronje ook sitting op die Uitvoerende Raad gehad.[18] Die Joubertaanhangers kon niks teen die persoon van Cronje inbring om hom uit die Uitvoerende Raad te hou nie, maar het 'n ander plan bedink om hulle doel te bereik en om te keer dat Kruger sy sin sou kry. Drie memories, twee uit Standerton distrik[19] en een uit Lydenburg,[20] is by die regering ingedien om beswaar te maak, nie teen die persoon van Cronje nie, maar teen die manier waarop hy aangestel is.[21]

Die memoraliste het dit baie duidelik gestel dat hulle nie teen Cronje as persoon was nie; hulle wou slegs belet dat/.....

---

16). R.12251/96: Brief van P.A.Cronje aan die regering, Pretoria, 10 Sept.1896.
17). Ibid.
18). Locale Wetten 1896, art.107 van wet Nr.2 van 1896.
19). W.J.Steyn was Volksraadslid vir Standerton. Hy het die vorige jaar teen die skeiding van die poste gestem omdat hy 'n Joubertman was; Volksraadsnotule, 4 Sept. 1896; D.V.S., 9 Sept.1896.
20). Die Volksraadslede vir Lydenburg was altwee Joubertmanne, nl. W.H.van Niekerk en J.P.Coetzer. Hulle het ook altwee teen die skeiding gestem; D.V.S., 9 Sept.1896 en Volksraadsnotule, 4 Sept. 1896, bls.601.
21). Memories:
E.V.R. 270/97: Memorie uit distrik Lydenburg, April 1897. Onderteken deur P.H.Coetzee, K.P. Mare en 19 ander.
E.V.R. 414/97: Memorie uit dist. Standerton. Onderteken deur G.J.Boshoff, J.G.Basson en 26.
E.V.R. 879/97: Memorie uit dist. Standerton. 1 April 1897. Onderteken deur W.W.J.J.Geldenhuijs, T.F.van den Berg en 90 ander.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dat lede van die Uitvoerende Raad deur die President, in plaas van die Volksraad, aangestel word. Omdat Cronje deur die president aangestel was en hy die ampseed voor die regering i.p.v. voor die Volksraad afgelê het, het hulle ontevrede gevoel. Dit was in strydd met die wet.[22)]

Die memories is lank na die aanstelling van Cronje ingedien; daarom kon die Memorie-Kommissie niks aan die saak doen nie. Die Kommissie kon slegs aanbeveel dat die Superintendent van Naturelle slegs hoofamptenaar, maar nie lid van die Uitvoerende Raad, moes wees nie, omdat dit nie raadsaam was dat 'n amptenaar wat vir lewenslang aangestel is as sodanig as lid van die Uitvoerende Raad sitting sou hê nie.[23)]

Die saak is breedvoerig bespreek. Die lede wat aan die bespreking deelgeneem het, was dit met die memoraliste eens dat dit 'n verkeerde beginsel was dat die president die reg gehad het om lede van die Uitvoerende Raad aan te stel. Hulle was almal oortuig dat Cronje die regte persoon vir die betrekking was en was dus huiwerig om 'n besluit te neem wat hom sou raak.[24)] Eindelik is besluit om die kommissierapport goed te keur, nl. dat die Superintendent van Naturelle slegs voortaan hoofamptenaar en nie lid van die Uitvoerende Raad sou wees nie. Die saak is hierna na die Grondwetkommissie verwys/.....

---

22). Memories: E.V.R. 270/97.
E.V.R. 414/97.
E.V.R. 879/97.

23). Volksraadsnotule, art, 827, II Augustus 1897. Die Memoriekommissie het uit die volgende persone bestaan:-
L.J.Meyer - Voorsitter, W.H.van Niekerk en J.de Clercq.

24). Volksraadsnotule, II Augustus 1897, blse. 512 tot 514. Raadslede A.Wolmarans, Steyn, De Beer, De la Rey en Labuschagne het Cronje se bekwaamheid geroem.
M.Nathan: Paul Kruger.His Life and Times, bls.255. Hy beweer foutiewelik dat Cronje slegs aangestel is omdat hy 'n vriend van Kruger was en nie omdat sy bekwaamheid die rede was nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verwys.[25]

Die Uitvoerende Raad het in onsekerheid verkeer. Die besluit van die Memorie-Kommissie was vir tweërlei uitleg vatbaar. Dit was nie seker of die Superintendent van Naturelle vanaf datum waarop die besluit geneem is, sou ophou om lid te wees van die Uitvoerende Raad of dat hy lid sou bly tot tyd en wyl ander voorsiening in die gewysigde Grondwet gemaak word nie. Om sekerheid te verkry, het die waarnemende Staatsekretaris, C. van Boeschoten, 'n brief hieromtrent aan die Voorsitter van die Volksraad geskryf.[26]

Hierop het die Volksraad geantwoord dat hulle besluit het dat die Superintendent van Naturelle as lid van die Uitvoerende Raad moes aanbly totdat die nodige wysiging in die Grondwet aangebring word en dit in werking getree het.[27]

Cronje het dus lid van die Uitvoerende Raad gebly tot die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog, want toe was die voorgestelde wysiging nog nie in die Grondwet aangebring nie.[28]

Die pos van Superintendent van Naturelle was 'n baie belangrike en tegelykertyd 'n baie verantwoordelike. As sodanig het Cronje ten opsigte van naturellesake net onder die Staatspresident gestaan, wat die opperhoof van al die inboorlingstamme/.....

---

25). Volksraadsnotule, art. 829, 11 Augustus 1897.
26). R.11606/97: Brief van waarn. Staatsekretaris C. van Boeschoten aan die Voorsitter van die Eerste Volksraad, Pretoria, 26 Aug. 1397;
BB.2237/97 en Volksraadsnotule, art. 980, 27 Augustus 1897.
27). Volksraadsnotule, 27 Augustus 1897, art. 981.
28). Staatsalmanak 1899, bla. 39. Die Uitvoerende Raadslede was by die uitbreek van die oorlog die volgende:-
President Kruger, Staatsekretaris F.W. Reitz, P.J. Joubert, P.A. Cronje, J.H.M. Kock, J.M.A. Wolmarans en S.W. Burger.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

boorlingstamme binne die grense van die Republiek gewees het.[29] Met goedkeuring van die Uitvoerende Raad kon hy opperhoofde afsit, verban en ander in hulle plek aanstel. Die beslissings van die president was finaal en aan geen hoër gesag onderhewig nie.[30]

Die behandeling van alle naturellesake was aan Cronje toevertrou. Hy is deur Naturellekommissarisse en Ondernaturellekommissarisse bygestaan. Hierdie amptenare is nie deur hom nie, maar deur die president, aangestel in distrikte wat deur die Volksraad aangedui is. In die distrikte waar die aanstelling van sulke amptenare deur omstandighede nie regverdig was nie, het die Landdros, Veldkornet en Assistent-veldkornet respektiewelik as Naturellekommissaris, Ondernaturellekommissaris en Assistent-onderkommissaris opgetree.[31]

Hierdie amptenare het op hulle beurt weer verantwoordelikhede en pligte gehad. Die Naturellekommissarisse en Onderkommissarisse is vir die invordering van belasting verantwoordelik. Hulle kon ook reg spreek in burgerlike sake tussen kleurlinge, tussen kleurlinge en blankes as blankes dit verlang en in strafsake deur kleurlinge bedrewe. Misdaad moes hier van 'n ligte aard wees.[32]

As beskuldigdes ontevrede was met die uitspraak van Naturellehowe, kon hulle hulle op die Superintendent van Naturelle beroep. Die regering moes alle uitsprake in verband met Naturellesake goedkeur voordat vonnisse uitgevoer kon word. Die president en Uitvoerende Raad kon vonnisse wysig, vernietig/.....

---

29). Wet Nr. 4 van 1885.
30). Wet Nr. 4 van 1885, art.13.
31). Ibid.
32). Ibid., arts. 4,5 en 6;
E.V.R., 25 Augustus 1894, art.1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vernietig of bekragtig.[33]

Cronje het 'n goedgeorganiseerde departement van Joubert oorgeneem, want hy het die naturelleaangeleenthede van die Suid-Afrikaansche Republiek so bekwaam behartig dat dit tot 'n selfstandige departement ontwikkel het. Die toestand onder die naturelle was oor die algemeen gunstig en daar was geen kritiek van buite nie.[34] Joubert en sy Lokasie-kommissie het toe reeds verskeie distrikte besoek en onder die verskillende opperhoofde 31 lokasies afgebaken.[35] Die naturellestamme was teen hierdie tyd in 20 distrikte oor die Transvaal versprei.[36] Cronje/....

---

33). Wet Nr.4 van 1885, artt.4 en 7.

34). Staatsalmanak 1897, bls.52: De Locatie-Commissie bestaat uit den Superintendent van Naturellen en Commissaris van het district als ex-officio Leden en den heer J. Stiemens als Secretaris.

35). Staatsalmanak 1897, bls.52: Dit was die volgende:-

Naam van Kaptein.	Distrik.	Kaptein.	Distrik.
Timagol	Rustenburg.	Cheunie	Zoutpansberg.
Andries Mambaan	Pretoria.	Malib,	" .
Zwartbooi	" .	Mamaboel	" .
Sjambok	" .	Legalie	" .
Hans Makapaan	" .	Ou Matiba	" .
Pokwane	Middelburg.	Matok	" .
Megalie	" .	Segop	" .
K.Goeloek	Lydenburg.	Matala	" .
Sebedela	Waterberg.	Ranagoep	" .
Hans Bakenberg	" .	Majatje	" .
Stam Masibie	" .	Knobneusstam	" .
Klaas Makapaan	Zoutpansberg.	Dabaan	" .
Malietzie	" .	Mochette	Lichtenburg.
Mapaslella	" .	Matjavi	" .
Maraba	" .	Ratchien	" .
		Gopanie	Gopanie.
		Ikallefijn	Marico.

36). Staatsalmanak 1897, bls.51; Groenboek Nr.10, 1896: Verslag van die Sup.van Nat. 1895, Bylaag C:-

Distrikte.	Mans.	Vrouens.	Kinders.
Zoutpansberg.(Klipdam, Kalkbank en Spelonken).	17877	22551	48169
Waterberg	5598	6828	29287
Lydenburg	6591	1332	8706
Utrecht(Nie ontvang nie).			
Marico	3030	1796	2704
Piet Retief	4563	5488	11800
Middelburg	6335	8325	17690
Rustenburg	5484	5466	12173
Bloemhof, wyk Vaalriv.	359	367	91[illegible]
Standerton	1181	1431	3395
Ermelo	1313	2132	4819
Vryheid	5984	9066	13753
Wakkerstroom.wyk Nr.3.	1081	1541	2920
Pretoria, wyk Krokodilrivier en Witw.	2132	2466	5584

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Cronje kon maklik op die werk van sy voorganger voortbou. Die regering het hom opdrag gegee om vir hom 'n aparte kantoor in te rig. Hy het die kamers by die ingang van die Eerste Volksraadsaal gekry. Hierdie kamers het 'n gedeelte van die Eerste Volksraad se biblioteek en Kollege van Kuratore van die Kranksinnige gestig bevat.[37]

In sy kantore te Pretoria het hy 'n sekretaris, 'n boekhouer en sensuskontroleur, drie blanke klerke, twee naturelletolke en een naturellekonstabel gehad.[38] In die buitedistrikte was 'n uitgebreide personeel in sy departement onder die naturellestamme versprei.[39] Met hierdie amptenare almal in hulle verskillende poste aangestel, kon Cronje sy werksaamhede begin. Hy het persoonlik na die distrikte Lydenburg, Rustenburg/.....

---

36). Vervolg:

Distrikte.	Mans.	Vrouens.	Kinders.
Lichtenburg	1357	1494	3080
Heidelberg	1622	1561	2612
Potchefstroom	2687	2523	7830
Carolina	1028	1420	2528
Krugersdorp	387	373	1034
Na skatting nog in Zoutpansberg	59691	73806	154159
	128320	159966	334258.

37). R.12606/96: Brief van P.A.Cronje aan die regering, Pretoria, 11 Sept.1896.

38). Staatsalmanak 1897, bls.50. Die sekretaris was F.C.Stiemens terwyl die boekhouer H.Schomaker was.

39). Staatsalmanak 1897, bls.50. Die personeel was as volg onder die naturelle versprei:-

Waarn.kommissaris -Klipdam -Oscar Dahl	- £300 p.j.
Klerk - D.H.Roodhuyzen -	£225 p.j.
2 de Klerk - P.M.Verneen -	£240 p.j.
Tolk - H.Bronkhorst -	£100 p.j.
Kommissaris - Kalkdam - B.J.Vorster Sr.	£300 p.j.
Klerk - D.J.Brink-	£225 p.j.
Tolk - W.A.Moulder -	£100 p.j.
Kommissaris - Spelonken -J.J.H.Wolmarans	£300 p.j.
Klerk - Max Meyer	£225 p.j.
Tolk - W.J.Grieve -	£100 p.j.
Kommissaris- Waterberg -P.J.Potgieter	£300 p.j.
Klerk en tolk - G.F.Grobler -	£275 p.j.
Kommissaris- Lydenburg - J.A.Erasmus	£300 p.j.
Klerk - W.R. van der Wal -	£225 p.j.
Tolk - Tobijs Malamba -	£ 36 p.j.
Kommissaris-Marico- J.P.Snyman	£300 p.j.
Klerk - W.H.Doorman Jr.	£225 p.j.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Rustenburg , Zoutpansberg en Middelburg afgereis om eerstehandse kennis in verband met die naturelle-aangeleenthede aldaar te verkry. Die toestand onder die naturelle was oor die algemeen bevredigend. Toe die moord op die Knopneuse deur onderdane van Magato (M'Pefu) gepleeg is, het hy die saak self gaan ondersoek. Hy het aan die regering voorgestel om 'n buitengewone amptenaar in Magato se stat aan te stel om die kommissaris met die uitvoering van sy plig behulpsaam te wees.[40]

Die toestand in Sekokoeniesland het moeilikheid voorspel. 'n Opstand is gevrees. Cronje het die bron van moeilikheid hier aan die teenwoordigheid van blanke persone wat die naturelle teen die kommissarisse aangehits het, toegeskryf. Hy het aan die regering voorgestel om in die lokasie 'n blanke persoon met die mag van Onderkommissaris aan te stel. Die spesiale kommissaris kon dan toesien dat ander blanke persone hulle nie met die interne aangeleenthede van die naturelle bemoei nie.[41] Gedurende sy besoek aan die naturelle in die Zoutpansbergse distrik het hy ook 'n nuwe lokasie vir die opperhoof Kive afgebaken.[42]

In Augustus 1896 is die vroukaptein Majatje oorlede en is haar dogter as haar opvolgster deur Cronje aangewys. In Rustenburg het die opperhoof Tamagole Magato gesterf en is sy seun Molotlegi Magato as sy opvolger benoem.[43]

Hierna/.....

---

39). Vervolg:

Kommissaris - Rustenburg- H.P.Malan.	£300 p.j.
Klerk - P.J.Riekert .	£225 p.j.
Kommissaris-Mid'burg - S.P.E. Trichardt	£300 p.j.
Klerk - C.P.Allaart.	£225 p.j.
Tolk - Oortman.	£ 24 p.j.
Klerk-Onderkom.Apiesriv.J.B.Wolmarans	£225 p.j.
Ibid. Kliprivier -H.C.Keyter.	£120 p.j.
Ibid. wyk 2.Vryheid.T.A.Kelly	£145 p.j.
Ibid. " 3 " .W.C.Bennett.	£145 p.j.

40). Groenboek,Nr.15.Rapport oor 1896,bls.2.
41). Ibid.
42). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierna het Cronje sy aandag aan die invordering van belasting gewy. Dit was een van sy vernaamste pligte om toe te sien dat die belastings behoorlik ingevorder word. Dit was 'n vername bron van inkomste vir die land en daarom moes hy baie van sy tyd en werkskrag hieraan bestee. Voor hy sy pos aanvaar het, was die invordering van belastings nog nie op gesonde voet geplaas nie. Daar is egter die vorige jaar bepaal dat elke manlike mondige naturel 'n hutbelasting van IO/- sou betaal. Vir elke ekstra vrou sou hy nog met IO/- ekstra belas word. Behalwe die hutbelasting moes hy ook nog 'n persoonlike belasting van £2 per jaar betaal. Naturelle wat onder blankes diens gedoen het en naturellepolisiemanne onder naturellekommissarisse sou van hierdie belasting vrygestel wees.[43]

Cronje het hierdie regulasies streng toegepas en sy ondergeskikte amptenare beveel om alle kragte in te span om hulle taak so goed as moontlik ten uitvoer te bring. As gevolg hiervan het hy gedurende 1896 'n totale bedrag van £59,936 - 9 - Od. aan hut-, weg- en hondebelasting ingevorder, wat 'n vermindering van £28,475 - IIs. teenoor die vorige jaar was. Die vermindering was toe te skryf aan die droogte, sprinkane en runderpes, waardeur feitlik hongersnood onder sommige stamme ontstaan het en waardeur Cronje verplig was om die regering om uitstel van invordering van belasting te vra.[44] Aan hoofbelasting/.....

43). Locale Wetten 1895, Wet Nr.24, bls.243 e.v.

44). Groenboek Nr.15, 1897: Verslag van den Superintendent van Naturellen over het jaar 1896.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

belasting is 'n bedrag van £46,233 - 10s ontvang sodat die totale bedrag aan belasting gein oor die jaar 1896 £100,169 - 19 s. bedra het, 'n vermeerdering van £11,757 - 19s. op die vorige jaar.[45]

Die opname van sensus onder die naturelle in die Suid-Afrikaanse Republiek het in die nouste verband met die invordering van belasting gestaan. Om 'n deeglike kontrole te kon uitoefen oor die invordering van belastings en om vas te stel of naturelle-opperhoofde hulle verpligtings getrou nagekom het, moes daar statistieke van die naturelle-bevolking en die hutte wat hulle bewoon het, verkry word. Aan die end van 1896 is vasgestel dat daar 148155 manlike, 183280 vroulike en 252894 naturelle kinders, 'n totaal dus van 584329 naturelle in die Transvaal woonagtig was.[46]

Om seker te maak dat belastings gereeld betaal word, het die Volksraad op inisiatief van Cronje 'n kommissie aangestel om aanbevelings te maak ten einde werksaamheid onder die naturelle te bevorder.[47] Die aanbeveling was dat die regering deur die Superintendent van Naturelle al die Kommissarisse en Onderkommissarisse moes opdra om hulle invloed by kafferopperhoofde te gebruik sodat hulle hulle onderdane tot werksaamheid kon aanmoedig. Naturelle moes aangemoedig word om na die delwerye te gaan om in die myne te werk. Diegene wat daarvoor te jonk was, moes plaasarbeid verrig. Die opperhoofde wat hiertoe gewillig was, sou elke jaar van die regering 'n uniform ontvang en boonop 'n beloning wat in verhouding sou wees met die aantal kaffers wat na plase gestuur word om as veewagters op te tree. 'n Beloning van 2/- sou vir elke/.....

45). Groenboek Nr.15, 1897. Verslag van die Superintendent van Naturelle oor die jaar 1896, Bylae A en B.
46). Ibid., Bylaag C.
47). Volksraadsnotule, 27 Julie 1896, art. 1019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

elke naturel wat een jaar diens verrig het aan die opperhoof betaal word. As daar van 10 tot 25 naturelle werksaam was, sou die opperhoof 3/- per stuk ontvang. Die beloning vir 25 tot 50 naturelle sou 4/- pers stuk en vir 50 en meer, 5/- per stuk wees.[48] Hierdie regulasie het op 1 Januarie 1897 in werking getree. Cronje het die landdroste, kommissarisse en onderkommissarisse opdrag gegee om hom van tyd tot tyd in kennis te stel in hoeverre hierdie maatreël aan die behoefte van die naturelle-arbeid beantwoord het.[49]

Gedurende hierdie jaar het hy 'n bedrag van £120,908 - 18 - 6 teenoor £100,169 - 19s. die vorige jaar aan belasting ingevorder, sodat daar 'n vermeerdering van £20,738 - 9 - 6 aangeteken kon word. Die landsomstandighede was nog dieselfde as die vorige jaar. Droogte, sprinkane, runderpes en malariakoors het stremmend gewerk. As al hierdie omstandighede in aanmerking geneem word, het die naturelle hulle belastings bo verwagting goed betaal. Cronje se administrasie was doeltreffend; daarom kon daar nieteenstaande treurige landsomstandighede 'n groot vermeerdering aan inkomste bemerk word.[50]

Gedurende hierdie jaar het hy ook probeer om die sensusopname onder die naturelle op gesonde voet te plaas, sodat belastings hiervolgens nog doeltreffender ingevorder kon word. Die statistieke vir hierdie jaar het 'n groot vermeerdering van bevolking aangetoon. Maar die getalle was nog nie absoluut korrek nie, omdat by sommige groot stamme in Zoutpansberg/.....

48). R.9626/96: Kopie van Gouvernements-Kennisgewing, Dr. W.J. Leyds, Staatsekretaris. Bylaag D. Groenboek Nr. 12, 1898.

49). C.B.1/97: Circulaire aan Landdrosten, Commissarissen en Onder-Commissarissen van Naturellen, van P.A. Cronje, Sup. van Naturellen, Pretoria, 6 Jan. 1897.

50) Groenboek Nr. 12, 1898: Rapport van die Superintendent van Naturelle oor die jaar 1897.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Zoutpansberg nog nie behoorlik sensuropnames gemaak was nie en omdat sommige amptenare hulle pligte in die verband nog nie baie getrou nagekom het nie.[51]

Cronje het in die kort tydjie wat hy die pos van Superintendent van Naturelle beklee het, reeds getoon dat hy die regte man in die regte betrekking was. Die vyande van Kruger het gretig gewag op 'n oomblik om iets teen sy regering te kry sodat hulle die gevoelens teen hom en sy volgelinge kon opsweep. Hierdie geleentheid het gou aangebreek. In Augustus 1897 het Cronje as Superintendent van Naturelle met Toeremetsjani, die weduwee van die Bapedi-opperhoof Sekokoeni, in 'n Hooggeregshofsaak te staan gekom.[52] Die moeilikheid sou voortgespruit het uit die agteloosigheid van Kruger om Cronje in sy handelwyse teen te gaan. Omdat die president en Cronje boesemvriende was, het Kruger hom toegelaat om sy pligte na willekeur na te kom.[53] Die wetlike stappe is teen Cronje geneem omdat hy deur laksheid en wreedheid onregverdig teen onderdane van die vroukaptein Toeremetsjani opgetree het.[54]

Die klagte teen Cronje was dat Toeremetsjani op 30 November 1896 van die Naturellekommissaris van Lydenburg opdrag gekry het om met haar indoenas op 8 Desember 1896 in die lokasie te Malegali voor Cronje te verskyn.[55] Op genoemde datum het sy die Superintendent ontmoet. Hy het 'n aantal klagtes/.....

51). Groenboek Nr.12,1898: Rapport van die Superintendent oor die jaar 1897.
52). Hooggeregshof,Pretoria,Saak Nr.3635 van 1897.(Oorspronklike saak: Toeremetsjani vs.P.A.Cronje); M.Nathan:Paul Kruger.His Life and Times,bls.256 beweer dat daar blykbaar nie 'n oorspronklike rekord van die saak te vind is nie.Hy het met Fitzpatrick,bylaag K gelees en toe die gevolgtrekking gemaak.
53). M.Nathan,bls.255.
54). J.P.Fitzpatrick,bls.432 - 435,bylaag K.
55). J.A.Erasmus.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tes teen haar laat voorlees en sonder meer haar met £147 - 10s. beboet sonder om haar of haar indoenas se getuienisse aan te hoor.Sy het die bedrag uit vrees betaal.Nou het sy versoek dat die geld en boonop rente aan haar terugbetaal moes word omdat hy nie reg gehad het om geld van haar af te pers nie.[56] Die saak is deeglik verhoor maar is eindelik op 24 Augustus, weens gebrek aan getuienis en weens die twyfelagtige verklarings teruggetrek.[57] Op die tweede aanklag dat Cronje aan J A.Erasmus,Naturellekommissaris vir Lydenburg, opdrag gegee het om Segole , Jesaja,indoenas, en 'n aantal ander naturelle sonder verhoor 25 houe lyfstraf toe te dien, het die saakgelastigde van Toeremetsjani[58] om soortgelyke redes die saak teruggetrek.[59] Die poging om die gevoel teen die regering op te sweep[60] het hier misluk.

Aan die begin van 1898 het Cronje 'n hernude poging aangewend om die agterstallige belastings in te vorder en die belastings vir die lopende jaar beter te kontroleer.Op 15 Februarie het hy sy amptenare beveel om die belasting vir 1898, vernaamlik die £2 persoonlike belasting, baie stiptelik in te vorder.[61] Die regering het ook gesorg dat naturelle nie agter raak met die betaling van hulle belasting nie.Op 26 Augustus 1898 het die Uitvoerende Raad besluit dat die amptenare wat vir die insameling van belastings verantwoordelik was, sonder 'n lasbrief of magtiging van die regering beslag kon lê op die eiendom van naturelle wat agterstallig was/.....

56). Hooggeregshof,Pretoria.Saak Nr.3635.
57). Ibid.
58). John Hudson Lamb Finlay.
59).Hooggeregshof,Pretoria.Saak Nr.3635.
60). Die onoffisiële verslaag van Fitzpatrick wat klakloos deur Nathan nageskryf is,was niks anders as 'n poging om die Jingogesindes verder teen die regering van Kruger op te sweep nie.
61). C.B.5/98:Circulaire aan Commissarissen en Onder-Commissarissen van Naturellen en Landdrosten,in Districten waar geene Commissarissen zijn,P.A.Cronje,Supt.van Nat.,Pretoria,15 Febr. 1898.Bylaag E. Groenboek Nr.12,1898.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

was of geweier het om te betaal. Hulle goedere kon dan op 'n publieke veiling verkoop word as die beskuldigde na kennisgewing nog nie sy verpligtings nagekom het nie.[62] Die uitwerking hiervan was voortreflik. Aan belasting is hierdie jaar 'n totale bedrag van £122,659 - 17s. - 6d. teenoor £120,905 - 17s. die vorige jaar ontvang. 'n Vermeerdering van £1,754 - 6s. kon dus deur Cronje oor hierdie jaar aangeteken word.[63]

Teen die einde van die jaar het Cronje daarin geslaag om in die grootste gedeelte van die Republiek die invordering van belastings deeglik te organiseer. Die Staat het hieruit 'n groot bron van inkomste gevind. Die naturelle het teen hierdie tyd ook baie by blankes in diens getree en kon dus maklik hulle belastings betaal. Slegs in die Zoutpansbergse distrik het dit nie vlot gegaan nie. Invordering van belasting in hierdie deel van die land was nog altyd 'n bron van wrywing tussen die regering en die onderdane van die woerspannige opperhoof van die Bawendas, Magato. Dit was een van die vernaamste oorsake van die oorlog teen Magato.[64]

Magato het nie alleen geweier om belasting te betaal nie, maar sy invloed gebruik om ander stamme ook te belet. Die gevolg was dat daar enkele van sy stamme betaal het, terwyl die grootste gedeelte van sy volk bly weier het.[65] In sy distrik was daar na skatting ongeveer 100,000 manlike kaffers wat elkeen £2 hoofbelasting verskuldig was. Daar is slegs £20,000 ingevorder wat daarop neergekom het dat daar gemiddeld slegs 5/- in plaas van £2 per mondige naturel betaal is. Toe Cronje hierdie treurige toestand onder die aandag/.....

62). Uitvoerende Raadsbesluit, 26 Aug. 1898, art. 192; Staatscourant der Z.A.Republiek, 26 Aug. 1898; Groenboek Nr.12, 1898, Verslag v.d. Supt. van Nat. oor die jaar 1898.
63). Ibid.
64). Ibid., bylaag C; R.7057/99: Kap. v.d. Komdt.-genl. 1898.
65). Volksraadsnotule, 14 Julie 1898, blr. 488.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dag van die regering gebring het, is daar besluit om 'n end daaraan te maak. Daar moes 'n sensusopname van Magato se volk gemaak word om volgens wet vir hom 'n lokasie af te baken. Magato het die amptenare wat deur Cronje vir hierdie doel uitgestuur is, verjaag en so ver gegaan om selfs by ander stamme vir hom die belastings in te samel.[66] Die toestand het tot so 'n mate vererger dat die regering verplig was om op 13 September 1898 'n kommando teen hom uit te stuur.[67]

Die oorlog het ongeveer twee maande aangehou. Die Bawenda is verslaan, Magato het ontvlug en daarmee was die onluste in Zoutpansberg uit die weg geruim. Om te voorkom dat daar in die toekoms weer moeilikheid van die kant van die Naturelle in die Zoutpansbergse distrik kon ontstaan en om die Superintendent van Naturelle se kontrole in verband met die opneem van sensus en insameling van belastings te vergemaklik, het die regering besluit om die Bawendagebied in lokasies te verdeel. Maar voordat Cronje hierdie taak kon aanpak, het die Anglo-Boereoorlog uitgebreek en moes hy sy pos van Superintendent neerlê om die opperbevel oor die Republikeinse magte aan die wesfront te aanvaar.[68]

---

66). Historiese Studies. Jaargang 5 Nr.2. Junie 1944, blse. 95 tot 97;
C.R.4277/98: Brief van Buys aan kommandant du Preez. Buys, van 'n basterstam het gekla dat Magato by sy mense belastings ingevorder het.

67). Ibid, bls. 103.

68). Ibid, bls. 118.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK. 10.

OORLOG.

Gedurende die laaste maande van 1899 het oorlogswolke dreigend oor die Transvaal en Oranje-Vrystaat saamgepak. Die samesprekings tussen Kruger en Milner oor die Uitlandergriewe het op 'n mislukking uitgeloop. Chamberlain het aangehou met sy troepeversendings na Suid-Afrika en het gehoop dat die druk wat hy daarmee op die Republieke uitgeoefen het, die verlangde stryd van Boerekant kon laat ontbrand.[1)]

Kruger het ingesien dat oorlog onvermydelik is. Maar hy was bereid om die Transvaal langs hierdie weg te laat gaan. Vir die Europese moond hede was dit ook duidelik dat die gedurige toevoer van Britse troepe na die Transvaalse grense niks anders as stryd voorspel het nie. Op 26 September het die Brusselse gesant van die Suid-Afrikaanse Republiek die regering aangeraai om onmiddellik 'n ultimatum aan die Britse regering te stuur om sy troepemagte binne bepaalde tyd van die grense van die Republieke te verwyder. Indien hy weier om hieraan gehoor te gee, moes die Republikeinse magte dadelik aanval voordat Engeland gereed is.[2)] Die vorige dag het Staatsekretaris F.W.Reitz reeds sdn ultimatum opgestel. Dit sou in die hande van die Britse Agent gestel word nadat die burgers hulle posisies op die grense ingeneem het.[3)]

Op/.....

---

1). M.Hugo: Die Kruger-Ultimatum. Historiese Studies, Jaargang 4 Nr.3 en 4. Okt.-Des., 1943, bls.178. (M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1943).

2). Leyds. Eenige Correspondentie Nr.187; Historiese Studies. Ibid., bls.191.

3). Leyds. Eenige Correspondentie Nr.192; Ibid., bls. 191.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op 27 en 28 September het die Eerste Volksraad in geheime sitting vergader. Die ultimatum is hier nie bespreek nie.[4] Op 28 en 29 September het beide Volksrade 'n gesamentlike sitting gehou.[5] Hier is voorgestel om 'n ultimatum aan die Britse regering te oorhandig. Indien die Britse troepe nie binne agt-en-veertig uur van die Republieke se grense verwyder word nie, sou die oorlog aangesê word.[6] Die voorstel is breedvoerig bespreek en met slegs ses teenstemme aangeneem.[7]

Op 28 September is besluit om volmag aan die regering op te dra.[8] Dieselfde dag is die burgers opgekommandeer en na die grense gestuur om die vernaamste posisies te beheer. 'n Herhaling van die Jameson-strooptog moes verhoed word.[9]

Die opperbevel van die burgers aan die wesgrens van die Republiek is aan generaal Cronje toegesê terwyl hy ook/....

---

4). Uitvoerende Raadsbesluite.(Geheim); Geheime Volksraadsnotules, 27 en 28 Sept. 1899.

5). Die notules van hierdie vergaderings ontbreek in die Argief.

6). Beëdigde verklaring van Pieter Cornelius Joubert lid van die Tweede Volksraad, aan J.H.Breytenbach Argief, Kaapstad, 1943. (Kopie in besit van Mnr. J.A. Mouton, Argivaris, Argief, Pretoria).

7). M.Hugo: Historiese Studies,Ibid., blse. 191 en 192 skryf:-

"Die bewerings dat genls. De la Rey, Botha en Lucas Meyer teen die oorlogsverklaring sou geweet het, kan alleen gegrond wees as dit in die gekombineerde Volksraads-sittings van 28 en 29 September plaasgevind het." Dit is werklik hier bespreek en die volgende ses persone het volgens P.C.Joubert teengestem:- Louis Botha, Loveday, De la Rey, D. Joubert , Barnard en P.C.Joubert.L.Meyer word nie genoem nie.

8). E.V.R.15/99,art.1460a, 28 September 1899.

9). Historiese Studies, bls.186: Sedert 1896 het President Kruger die Republiek stelselmatig bewapen,

J.A.Hobson: The War in South Africa.It's causes and Effects, bls. 128.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Uitvoerende Raad van die Suid-Afrikaanse Republiek in 1899: Agter, van links na regs: J. M. A. Wolmarans, F. W. Reitz (Staatsekretaris), genl. S. W. Burger en genl. J. H. Kock; voor: komdt.-genl. Piet Joubert, pres. Paul Kruger en genl. P. A. Cronjé.

—(Foto uit Penning.)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ook as Assistent-Kommandant-generaal aangestel is.[10] Met hierdie aanstelling het hy die belangrikste militêre betrekking onder Kommandant-generaal Piet Joubert beklee. As lid van die Uitvoerende Raad het hy saam met die ander lede in geheime sittings verkeer om besluite te neem.[11] Netsoos De la Rey en generaal Joubert was hy van die begin af teen 'n oorlog omdat hy Engeland te magtig vir die Republieke geag het.[12]

Nico Hofmeyr wat by die begin van die oorlog deur die Uitvoerende Raad as geskiedskrywer van die Suid-Afrikaanse Republiek aangestel is en Cronje se buurman was, het gedurende hierdie kommervolle dae baie intieme gesprekke met hom gevoer.[13] Met 'n hardnekkigheid wat hom eie is, het Cronje volgehou dat daar geen oorlog sou wees nie. Die Voorsienigheid sou dit nie sover laat kom nie. Selfs toe hy na die wesfront as hoofgeneraal vertrek het, het hy nog vas geglo dat daar 'n oplossing sou kom.[14]

Hy was altyd baie gelowig en het 'n onwrikbare geloof en vertroue in God gehad. Daarom het hy nie geskroom om mee te deel dat dit in 'n droom aan hom geopenbaar is dat daar geen oorlog sou wees nie. 'n Groot dier het hy op hom sien afstorm. Dit was 'n vreeslike monster wat soos 'n beer gelyk het. Hy het in die grootste nood verkeer omdat hy slegs sy kripmes by hom gehad het om hom te verdedig.

Wanhopig/...

---

10). Herinneringen, 1 Oktober 1913.
11). Slegs die besluite en nie die besprekings, is genotuleer sodat dit nie moontlik is om vas te stel wat sy houding in die Uitvoerende Raad was nie.
12). Land en Volk, 20 Jan. 1905; De Volksstem, 7 Febr. 1911; Nico Hofmeyr: Zes Maanden bij de Commando's, bls. 9.
13). Ibid., blse. 9 en 10.
14). Ibid.
15). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wanhopig het hy sy mes oopgemaak , maar net toe die dier hom wou bespring, het hy voor hom neergeval en effens links van hom op sy regtersy doodstil gelê. By nadere onderoek het hy uitgevind dat daar dik drade of toue om die dier se lyf gewikkel was sodat dit nie kon verroer nie. Hy het 'n eenvoudige uitleg aan hierdie droomgesig verbind. Die magtige dier het die Britse Ryk voorgestel, terwyl hy sê die Transvaal, en die toue en drade Europese gebeurtenisse wat Engeland verhinder het om die Transvaal aan te val, was.[16)]

Onder hom op die wesfront van Christiana na Mafeking het Cronje gehad die burgers van Potchefstroom, Lichtenburg, Wolmaranstad, Marico, Bloemhof, Rustenburg en vanaf Mafeking noordwaarts die burgers van Zoutpansberg. Die plan was dat die burgers van Mafeking suidwaarts moes trek om later met die Vrystaatse kommando's teenoor Kimberley aansluiting te vind.[17)]

Op 2 Oktober 1899 het Cronje sy generaals met ongeveer sesduisend burgers te Lichtenburg ontmoet. Die volgende dag het hy generaal Joubert getelegrafeer dat op 'n krygsraadsitting besluit is om die kommando's op die wesfront in twee te verdeel. Die kommando's van Zeerust, Rustenburg en Wolmaranstad moes regs van Mafeking laer trek, die kommando's van Lichtenburg en Potchefstroom links daarvan , terwyl die kommando van Bloemhof 'n geskikte plek moes kies en op verdere instruksies wag. Al die kommando's se/.....

16). Nico Hofmeyr, blse. 9 en 10.

17). Cecil Headlam : The Milner Papers,Vol.11,bls.548; Gustav S. Preller: Talana, bls. 168.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

se posisies moes ongeveer een uur afstand van die grens wees.[18]

Hierna het Cronje met die kommando's van Potchefstroom en Lichtenburg, onder generaals H.R.Lemmer en J.H. De la Rey respektiewelik, na Polfontein, 'n plaas ongeveer vyf-en-twintig myl wes van Lichtenburg, opgetrek. Die kommando's van Zeerust en Rustenburg onder generaal S.P.du Toit van Wolmaransstad, het Cronje na Rooigrond, 'n paar duisend tree van die grens gestuur. Generaal J.P.Snyman aan die hoof van die Marico- en Bloemhof-burgers het veertig myl noord van Lichtenburg aan die Maloporivier posisie ingeneem.[19]

Cronje het gesorg dat die grense deeglik gedek is en alhowel hy geglo het dat die oorlog tog nog verhoed sou word, het hy hom nietemin gereed gehou om sy plig te doen wanneer dit nodig was. As vyandelikhede begin sou word, sou sy eerste taak wees om die verbindingslinies van die vyand uit orde te stel. Dit was sy doel om Mafeking met sy groot voorrade eerste aan te val. Om treinsporе op te breek sou hy 'n paar ysterstawe nodig hê. Hy het die Kommandant-generaal getelegrafeer om hom solank honderd stawe vir hierdie doel te stuur.[20]

Die Vrystaatse kommando's is op 2 Oktober ook opgeroep. Die burgers van Winburg, Vrede en Harrismith moes in /.....

---

18). K.G.332(3): 3/10/1899.(Telegram van genl.Cronje aan die Komdt.-genl.);
Herinneringsaantekeninge van Genl.De la Rey, bls.3.
Hy gee die getalle tussen 7,000 en 8,300;
F.D.Conradie: Met Cronje aan die Wesfront, bls.24.
Hy gee tussen 6,000 en 7,000.
19). Herinneringen, 1 Oktober 1913.
20). Leyds-Archief: S.S.Kabinet G.R. 1807/99; Historiese Studies. Jaargang 4 Nr. 3 en 4. Okt.-Des., bls. 187.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in die rigting van De Beerspas beweeg, terwyl die Bethlehem en Kroonstadkommando's op Bezuidenhoutpad aan die Natalse grens moes konsentreer.[21]

Die Republieke het nou kragdadig begin optree. Die ultimatum sou volgens die oorspronklike plan op 2 Oktober aan die Britse Agent oorhandig word, maar die Oranje-Vrystaat was nog nie gereed nie en het die Transvaalse regering versoek om die oorhandiging twee dae later uit te stel. Die Vrystaat het die verwikkelinge baie vertraag . Op 4 Oktober was hulle nog nie bereid nie. In die Transvaal het dit ook nie te vlot gegaan nie. Kommandant-generaal Joubert het baie moeilikheid met die vervoer van die burgers ondervind. Die treine was oorvol en sy burgers het begin hongerly. Daar was ook 'n groot gebrek aan perdevoer. Wat hom veral baie gehinder het, was die feit dat hy niks van die Vrystaatse bewegings geweet het nie.[22]

Die regering kon slegs antwoord dat die Vrystaat nog nie gereed was nie en dat president Steyn om verder uitstel gevra het.[23] Ook generaal Cronje se kommando's op die wesfront het onrustig geword. Op 4 Oktober het hy meer besonderhede in verband met die bewegings van die Vrystaatse burgers gevra. Aan hom is meegedeel dat gedeeltes van hulle kommando's die grenslyn van Griekwalandwes tussen Jacobsdal en Boshoff beset het.[24]

Cronje/...

---

21). Leyds-Archief: S.S. Kabinet G.R. 1807/99; Ibid.
22). Ibid. : (Telegram van P.J.Joubert aan die regering, 4 Oktober 1899).
23). Ibid. : 1842/ 99a: (Telegram van die regering aan Komdt.-genl.P.J.Joubert, 4 Okt. 1899).
24). K.G.332(4) : 4/10/1899.(Telegram van die regering aan genl.P.A.Cronje).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Cronje was met sy kommando's op 5 Oktober op een uur afstand van die grens slaggereed.[25] Die volgende dag berig hy die regering telegrafies dat dit nie sou help om die water uit die Maloporivier af te keer nie. Die inwoners van Mafeking sou nie op hierdie manier uitgedors word nie, want in en rondom die dorp het hulle genoeg watervoorrade gehad.[26]

Terwyl die burgers van die Suid-Afrikaanse Republiek op verdere bevele gewag het, het die spanning stadig na 'n klimaks gestyg. Die Oranje-Vrystaat se onbeslistheid het sorgwekkend geword. Op die 7de Oktober toe die ultimatum oorhandig moes word, het die Vrystaatse regering vir 'n derde keer versoek om dit twee dae later te doen. Die Transvaalse regering was verplig om aan hierdie versoek te voldoen.[27] Aan die Boeremagte is opdrag gegee om gedurendie hierdie agt-en-veertig uur in hulle posisies te bly en geen beweging uit te voer wat aanleiding tot die oorlog kon gee nie.[28]

Op hierdie tydstip was die Boeremagte as volg versprei: Die Kommandant-generaal met sy hoofmag, bestaande uit die Bethal-, Heidelberg-, Krugersdorp-, Johannesburg-, Germiston-, Boksburg-, Pretoria-, Middelburg-, Standerton-, Ermelokommando's, met die Hollandse, Duitse en Iersе korpse gerugsteun/....

---

25). K.G. 332(5): 5/10/1899. (Telegram van genl.Cronje, Lichtenburg, aan die Komdt.Gen1.).

26). Ibid. : 6/10/1899. (Telegram.Ibid.).

27). Historiese Studies.Ibid., bls.194.

28). K.G.332 (6). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gerugsteun deur die Transvaalse Staatsartillerie, 'n totale sterkte van ongeveer 11,000 man, het by Zandspruit en Wakkerstroomnek gelê naby die noordelike grens van Natal.[29]

Geheraal L.Meyer met die kommando's van Vryheid, Utrecht, Wakkerstroom en Piet Retief het op die oostelike grens van Natal teenoor die Engelse mag te Dundee posisie ingeneem. Sy getalsterkte was ongeveer 2,000 man. 'n Afdeling Vrystaatse burgers met 'n getalsterkte van ongeveer 9,500, het weswaarts uitgestrek gelê. Hulle was die kommando's van Kroonstad, Winburg, Heilbron, Vrede, Harrismith en Bethlehem wat op die 2 de Oktober reeds daarheen opgetrek het.[30]

Onder Cronje op die wesgrens van die Transvaal was ongeveer 7,000 man. Die Vrystaatse magte wat die opmars van die Engelse magte by die Oranje-rivier moes teëhou en wat later by die Transvaalse kommando's moes aansluit, het 'n totale sterkte van ongeveer 7,500 gehad. Dit was die kommando's van Bloemfontein, Hoopstad, Jacobsdal, Boshoff en Ladybrand. Die Fordburgse en Bloemhofse kommando's , ongeveer 1,700 manskappe, was in die nabyheid van Veertienstrome saamgetrek om by die Vrystaatse kommando's aan te sluit. Die ander Vrystaatse kommando's ongeveer/.....

---

29). K.G.353; J.C.G.Kemp: Vir Vryheid en Reg. bls. 189, Historiese Studies, Ibid., bls.189.

30). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ongeveer 2,500 man sterk, het te Bethulie, Aliwal-noord en Donkerspruit saamgetrek terwyl 'n afdeling van byna duisend manskappe die Basoetogrens moes patrolleer.

Die orige gedeelte van die Transvaalse burgers was rondversprei. Die Zoutpansbergers en Waterbergers het die noordelike grens bewaak terwyl generaal Schalk W. Burger die Zwasielandgrens beskerm het.[32]

Toe die ultimatum oorhandig is, het die Britse regering tyd gekry tot Woensdagmiddag vyfuur, 11 Oktober 1899, om dit te beantwoord. Dinsdagmiddag om kwart-voor-elf het Chamberlain gekabel dat die voorwaardes deur die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek gestel van soo aard is dat Haar Majesteit se regering dit onmoontlik geag het om dit verder te bespreek. Hierdie antwoord is deur die Britse Agent in Pretoria aan die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek oorhandig.[33]

In Pretoria is die spanning gebreek. Die 11 de Oktober 1899 het aangebreek, die oorlogswolke het oor die Republieke toegesak:-

> " De ramp waarmede wij zoo lang bedreigd zijn geworden is eindelik over ons gekomen"

skryf F.W.Reitz dieselfde dag in sy ope brief aan die Oranje-Vrystaat,

" en ons land zal in een/.....

31). Maurice: History of the War in Sout Africa, Vol.1, bls.49; J.C.G.Kemp, bls. 189.

32). Ibid.

33). Leyds: Tweede Versameling.Deel 11.Bylage C.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> een bloedbad gedompeld worden. De oorlogzon is gerezen! Wat zal het einde zijn? Een verwoest en geknecht Zuid-Afrika, of- een vrij Vereeniga Zuid-Afrika?"34)

By Cronje op die wesgrens was dit alles stil. Hy en sy kommando's was gereed en het met spanning die tyding van Pretoria afgewag. Hy het nog gehoop dat daar op die laaste oomblik 'n wending in die toestand van sake sou kom en dat bloedvergieting belet sou word. Daarom het hy ongeduldig die pad dopgehou. Fietsryers van Lichtenburg, sy naaste poskantoor, sou die berig bring.35)

Die middag om twee-uur het die langverwagte telegram met die volgende inhoud vir Cronje by Lichtenburg gearriveer: Die regering het meegedeel dat so pas antwoord ontvang is dat Haar Majesteit se regering geweier het om die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek se versoeke van 9 Oktober te oorweeg. Onder hierdie omstandighede sien die regering geen ander uitweg as om die Britse troepe op die grense van die Republiek met alle mag te bestry nie. Die Staatspresident en Uitvoerende Raad het reeds besluit dat hy kon aanval waar hy dit wenslik geag het. Hy moes die regering met sy bewegings op hoogte hou en alles in die werk stel om die onafhanklikheid van die land te verdedig/.....

---

34). Leyds Tweede Versameling. Deel 11. Bylage G; J.Oosthuizen: Die Eerste Slag van die Tweede Vryheidsoorlog - Kraaipan. Historiese Studies. Jaargang 3. Nr.2. Mei 1942, bls.68.

35). Oswald Frank: Artikel in die Huisgenoot, 6 November 1936; Historiese studies. Ibid., bls.69.

Die rapportryers was van fietse voorsien.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dedig. Die Here is met hom en sy burgers en verleen Sy onmisbare seën aan die wapens van die Republiek sodat hulle regverdige saak kon seëvier. Krygswet is reeds afgekondig.[36]

Die telegram is dadelik na generaal Cronje gestuur. Na gewoonte was hy net besig om sy burgers in die aandgodsdiens voor te gaan, toe die twee rapportryers die telegram aan hom oorhandig.[37] Hy het besef dat die langverwagte oomblik aangebreek het. Met 'n kort gebed het hy die verrigtings afgesluit, waarna almal onder die erns van die oomblik uitmekaar gegaan het.[38]

Toe Cronje die telegram lees, moes dit vir hom bepaald slegte nuus ingehou het, want hy het nie verwag dat die oorlog oor die twee Republieke sou losbreek nie. Maar hy het nie geaarsel nie. Noudat die vet in die vuur was, het hy na vore getree om soos voorheen die onafhanklikheid van sy land tot die uiterste te help verdedig. Die nuus is aan die burgers meegdeel.

Dit was oorlog !

---

36). K.G.332 : 11/10/1899. (Telegram van die regering aan genl.Cronje);
Historiese Studies. Ibid., blse. 68 - 69.

37). Oswald Frank: Die Huisgenoot, 6 November 1936. Die twee fietsryers was Neel Maartens, seun van die Landdros van Lichtenburg, en Oswald Frank.

38). K.G.332 : 13/10/1899. Nr.6. (Telegram van genl. Cronje aan die Kommandant-generaal vervat in die telegram van die Staatsekretaris Afd.A. van die Kommandant-generaal).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK . 11 .

M A F E K I N G .

Die Boeremagte op die wesgrens het tot die aanval oorgegaan. Cronje se eerste doelwit was die verowering van Mafeking. Hy het onmiddellik handelend opgetree. Die hoofmag het opdrag gekry om die grens oor te steek en direk op Mafeking af te stuur.[1] Laat die nag het die kommando's oor die grens gegaan. Sterk afdelings van die Rustenburg- en Marico-burgers het vinnig vooruitgery en die spoorlyn 9 myl noord van Mafeking opgebreek. Die ou kamp te Ramathlabama is deur hulle verwoes.[2]

Cronje het Veggeneraal De la Rey beveel om met kommandant Vermaas en Veldkornet Cronje weswaarts voort te ruk na Kraaipanstasie om 'n aantal Engelse daar aan te val en die treinspoor te breek.[3] Kaptein van der Merwe moes met 'n afdeling artillerie en vier kanonne De la Rey se perdekommando volg.[4] Voordat hy die vyand tussen Mafeking en Vryburg aanval, moes hierdie afdeling met De la Rey verenig.[5]

Die sending van De la Rey was 'n vooraf uitgewerkte plan van Cronje om die hoofdorpe van die westergrens, nl. Mafeking en Kimberley, vroegtydig van mekaar te skei sodat hulle apart aangeval en tot oorgawe gedwing kon word. Die doel kon alleen bereik word as De la Rey haastig met sy perdekommando kon aanruk, met spoed die treinspore opbreek en/.....

1). K.G.332: 13/10/99. Nr.6.(Telegram van genl. Cronje aan kommandant-genl. Joubert vervat in die telegram van Staats-sekret. Afd.A. aan komdt.-genl. Joubert.)

2). Leyds-Archief 709(I):13/10/99.(Telegrafis,Hooflaer, Bultfontein aan H.T.D.,Pretoria); L.S. Amery: The Times History..., blse 267 tot 268.

3). K.G.333:15/10/99.Nr.22.(Telegram van genl.Cronje aan kommandant-generaal Joubert).

4). D.V.S., 26 Okt.1899; Schowalter: Im Kampf um S[illegible] Afrika, bls. 15. Hierdie kommando het uit 800 [illegible] bestaan. 200 manskappe uit elkeen van di[illegible] gende veldkornetskappe is saamgevoeg: Lichtenburg, Bo-Schoonspruit, Onder-Schoonspruit en Gatsrand.

5). Schowalter, bls.15.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en telegraafdrade tussen die twee plekke knip. Hierna moes hy met die klompie Engelse te Kraaipanstasie afreken.[6]

De la Rey het die grens 25 myl suid van Mafeking oorgesteek, die hele nag deurgery en die volgende môre by Maritsanie aangekom.[7] Die polisiestasie was reeds verlaat. Nadat hulle die dorstige perde hier laat drink het, het die kommando na Kraaipanstasie aangery. Om 3 uur die middag het hulle daar aangekom. Die klompie Engelse en polisie wat hierdie plekkie bewaak het, het die vorige aand na Mafeking gevlug.[8]

'n Halfmyl aan beide kante van die stasie het die burgers die treinspoor opgebreek, die telegraafdrade geknip waardeur Mafeking van die suide afgesny was.[9] Die kommando het die nag hier geslaap en gewag om kaptein van der Merwe te ontmoet en om verdere gebeurlikhede van die kant van Mafeking af te wag.[10]

Mafeking is vroegtydig in 'n staat van verdediging gebring. In die kort tydjie wat Baden-Powell, die Britse bevelhebber, tot sy beskikking gehad het, het hy loopgrawe/.....

---

6). J.Oosthuizen: Die eerste slag van die Tweede Vryheidsoorlog - Kraaipan. Gepubliseer in Historiese Studies. Jaargang 3 Nr. 2, Mei 1942, bls. 70.
7). L.S.Amery: The Times History..., vol.II, bls.268.
8). D.V.S., 26 Oktober 1899; Schowalter, bls. 15 ; Historiese Studies. Jaargang 3 Nr.2, bls.71 ; M.Davitt: The Boer Fight for Freedom, bls.94.
9). K.G.332 : 13/10/99. (Telegram van genl. Cronje aan Regering te Pretoria, bevattende die rapport van genl. De la Rey).
10). D.V.S., 26 Oktober 1899; Die Huisgenoot, 6 November 1936; Historiese Studies. Jaargang 3 Nr.2, blse. 71 en 72.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

grawe ,skanse en ander verdedigingswerke gemaak.Sommige loopgrawe was soos onderaardse kamers ingerig. In hierdie kamers het die ingesetenes gedurende die beleg die Boere-aanvalle trotseer.[11]

Baden-Powell se mag[12] was klein en daarom was hy begerig om twee kanonne, beter bekend as " seweponders",wat vanaf Kaapstad hom toegestuur sou word, te ontvang voordat Cronje se magte hom omsingel het. Op die môre van 12 Oktober het die kanonne in Kimberley aangekom. Kekewich, opperbevelhebber te Kimberley, het telefonies met Baden-Powell afgespreek om na aankoms van die veldstukke dit tot by Vryburg te stuur waarvandaan dit verder deur 'n gepantserde trein uit Mafeking, vervoer sou word. Ooreenkomstig hierdie afspraak is die kanonne dadelik per gepantserde trein na Vryburg vervoer. Aan die trein is ook 'n gepantserde lokomotief gekoppel. Hierdie lokomotief, met die wa en kanonne daarop, moes by Vryburg aan die bevelvoerende offisier van Mafeking afgelewer word. Die gepantserde trein moes daarna na Kimberley terugkeer terwyl die afgelewerde vrag aan die versorging van die offisier uit Mafeking toevertrou moes word.[13]

Baden-Powell het 'n gepantserde wa, die " Mosquito" genoem, wat in die geheim in die werkswinkels van Mafeking vervaardig is, met 13 man onder kaptein Nesbitt se bevel na Vryburg afgestuur om die kanonne in te haal.[14] Die gepantserde/.....

---

11). P.S. Lombard: Uit die Dagboek van 'n Wilde Boer, bls.19; L.S.Amery:The Times History.., Vol.II. , bls.266.
12). Lord Baden-Powell: Adventures and Accidents, bls. 48. Die mag het bestaan uit: 1000 man, 500 blanke vrouens en kinders en 7,000 naturelle. Dr. van Everdingen:De Oorlog in Suid-Afrika, bls. 44 en L.S. Amery, bls. 266 gee die getalle ook rondom 1,000 manskappe.
13). Luit. O'Meara: Kekewich in Kimberley, bls. 30; Historiese Studies.Jaargang 3 Nr.2, bls.73.
14). L.S.Amery, Vol.II , bls. 267.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gepantserde trein moes ook 'n spesiale passasierstrein met vlugtelinge tot by Vryburg begelei. Op die aand van II Oktober is hierdie trein aan die spoorwegoutoriteite oorhandig om verder suid gestuur te word.[15]

Die Kimberleytrein was 24 uur laat en het eers die volgende aand gearriveer. Nesbitt het die terugtog gou gereël. Die wa, met die twee bergkanonne daarop, is agter aan die "Mosquito" gehak terwyl die gepantserde lokomotief 'n end voor die trein geplaas is.[16] Nesbitt het berig ontvang dat die Boere die verbindingslinies uit orde gestel het en êrens in die nabyheid van die treinspoor was. Hy was haastig en om 6-uur die aand is die terugtog begin. Om II-uur het die trein te Maribogo[17] aangekom. Hier het sersant Matthews van die Kaapse polisie Nesbitt meegedeel dat die Boeremag onder De la Rey by Kraaipanstasie gekampeer was. Nesbitt wou die nag nie hier oorbly nie en ook nie na Vryburg terugkeer nie en het gevolglik na Mafeking vertrek. Die masjinis van die gepantserde lokomotief is beveel om op 'n afstand van 50 tree versigtig voor die gelaaide trein te hou. As hy onraad merk, moes hy die agterste trein betyds verwittig.[18]

Kort na elfuur die aand het die gepantserde lokomotief ten suide van Kraaipanstasie van die spoor geloop. Die "Mosquito" is vroegtydig gewaarsku en tot stilstand gebring. Geen teken van die Boere was te bespeur nie. Nesbitt het gerus gevoel en bevel gegee om die lokomotief weer/.....

---

15). Historiese Studies. Jaargang 3 Nr.2, bls. 74.
16). Lady Sarah Wilson : South African Memories, bls. II7.
17). Halt suid van Kraaipanstasie.
18). Historiese Studies. Ibid. Blse. 74 en 75.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

weer op die spoor te plaas.[19] Die Engelse was vir meer as 'n halfuur besig en nog niks is van die Boere opgemerk nie. Hulle was intussen besig om posisie teen die Engelse in te neem. Veldkornet I.Claasen het regs van die trein agter 'n paar rantjies posgevat, terwyl veldkornette J.C. Coetzee en Cronje links van die trein in 'n diep sloot skuiling gesoek het.[20] 'n Paar minute voor middernag het veldkornet Coetzee en sy manskappe die eerste skote op die Engelse gevuur. Die eerste skote in die Tweede Vryheidsoorlog het geval.[21]

Die Engelse het die vuur dadelik beantwoord, maar sonder enige uitwerking, omdat die Boere deeglik verskans was. Kaptein van der Merwe is direk hierna deur De la Rey ontbied.[22] Die geveg is met tussenposes tot dagbreek onderhou. Voor sonsopgang het kaptein van der Merwe twee kanonne op 'n afstand van 2,000 tree opgestel en die eerste skote op die vyand afgevuur.[23] Teen die kanonvuur was die Engelse nie bestand nie. Nesbitt het gou die witvlag gehys. De la Rey het sy eerste oorwinning behaal. Aan die kant van die Engelse was twee offisiere, vyf manskappe en vier kaffers gewond.[24] Die Boere het geen verliese gely nie.

Na die geveg het De la Rey 'n rapport hiervan aan Cronje gestuur. Assistent-Veldkornet J.Visser is met 200 Lichtenburgers agtergelaat om verder verwikkelings af te wag/.....

---

19). K.G.332:13/10/99. (Rapport van genl. De la Rey aan genl.Cronje).
20). D.V.S., 26 Oktober 1899.
21). K.G.332: 13/10/99. (Ibid.)
22). Herinneringsaantekeninge van genl.De la Rey, bls. 4.
23). K.G.332: 13/10/99. (Ibid.)
24). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wag, terwyl die gewondes, krygsgevangenes en buit per wa na Cronje se laer vervoer is.[25] De la Rey het van Kraaipan na Mafeking gegaan om by Cronje aan te sluit. Sover as wat sy kommando getrek het, het hulle die treinspoor opgebreek. Nadat Cronje De la Rey se rapport oor die geveg ontvang het, het hy sy laer van Polfontein na Rietfontein, naby Mafeking, verskuif. Hier het die waens met die gewondes, krygsgevangenes en buit op 15 Oktober by hom aangekom.[26]

Voor die aankoms van die waens het Cronje die Kommandant-Generaal telegrafies verslag gestuur. De la Rey was begerig om bevele van die regering te ontvang hoe om met krygsgevangenes te maak. In sy rapport het hy voorgestel dat hulle 'n eed moes aflê om nie weer teen die burgers van die Republiek te veg nie. As hulle hiertoe gewillig is, moes hulle vrygelaat en oor die grens gesit word. Die Uitvoerende Raad het hierdie voorstel afgekeur en Cronje beveel om die krygsgevangenes na Pretoria te stuur.[27]

Van verskillende kante het die Boerekommando's nou Mafeking begin insluit. Op 13 Oktober is 'n hewige slag ten noorde van Mafeking deur Cronje gelewer, waar een burger gesneuwel het en ses gewond is. Die Engelse het swaar verliese gely.[28]

Mafeking/.....

---

25). Historiese Studies. Jaargang 3 Nr. 2, bls. 79.

26). Leyds-Archief: 709(I): 16/10/99. (Telegram van telegrafis, Bultfontein, aan H.T.D.Pretoria).

27). K.G.332: 14/10/99.(Telegram van die kommandant-generaal aan genl.Cronje re vervoer van krygsgevangenes).

28). K.G.333(2): 18/10/99.(Telegram van genl.Cronje aan die kommandant-generaal).
L.S.Amery, bls. 268.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Mafeking kon weens die sterk verdedigingswerke nie stormenderhand ingeneem word nie. Cronje het dit gou besef en daarom het hy op I6 Oktober besluit om dis dorp te bombardeer. Die volgende dag het hy die regering getelegrafeer om hom twee groot bergkanonne te stuur om uitvoering aan hierdie besluit te gee.[29]

Mafeking moes so gou as moontlik ingeneem word, daarna Vryburg en Kuruman, sodat die vernaamste dorpies op die wesgrens in Boerehande kon wees. Cronje se bevel was om dan na Kimberley te beweeg sodat die Engelse opmars uit die Kaapkolononie gestuit kon word. Uit hierdie oogpunt beskou, was die verowering van Mafeking en die ander dorpies op die wesgrens vir die Suid-Afrikaansche Republiek van groot belang. Die verowering van Mafeking sou die deur na Rhodesië vir die Boere oopmaak en dit sou die Engelse van Rhodesië belet om aan die oorlog deel te neem. Die simpatie van Afrikaansgesindes in die Kaapkolonie sou hulle kant vir die Republieke laat kies het en dan kon die Engelse troepemagte in die Kaapkolonie gestuit word.[30]

Op I7 Oktober stel die Staatsekretaris Cronje in kennis dat die regering van plan is om die Kaapkolonie binne te vlk. Sodra die Boeremagte die Kolonie sou inval ,sou die Afrikaners in die noorde by hulle aansluit. Die burgers van die Oranje-Vrystaat is nie sterk genoeg om die inval te waag/.....

---

29). Leyds-Archief: 709(I): I6/I0/99. (Telegram van die telegrafis,Bultfontein, aan H.T.D.)
Leyds-Archief:709(2): I7/I0/99.(Telegram van genl. Cronje aan die Staatsekretaris).

30). Lord Baden-Powell: Adventures and Accidents, blse. 48 en 49.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waag nie. Cronje word opgedra om dadelik hulp na Kimberley te stuur om hierdie plan uit te voer. Die regering wou weet hoeveel manskappe hy vir hierdie doel kon stuur sonder om sy geledere te verswak.[31]

Hy het volgens krygsraadsbesluit aan die regering meegedeel dat De la Rey met 2,500 burgers van Lichtenburg, Wolmaransstad en Bloemhof met een meksim en een kruppkanon na Kimberley gestuur is. Die kommando's moes na Vryburg trek en vandaar na Veertienstrome om so gou as moontlik by Hoofkommandant Wessels van die Vrystaat aan te sluit. Om sake te bespoedig, is De la Rey met 'n uitsoek kommando van 400 perderuiters vooruit na Vryburg gestuur.[32]

Generaal Cronje, sowel as die regering, het te Mafeking 'n heeltemal verkeerde taktiek aan die dag gelê. In die eerste instansie is die betekenis van die niksbeduidende dorpie oorskat.[33] Tussen 6,000 en 7,000 burgers is vir die beleg aangehou, terwyl groot Engelse magte van die kusstede na die grense van die Republieke aangevoer is.

Cronje was uiters versigtig in sy aanvalle. Hy wou die inname nie deur bestorming laat plaasvind nie, want daardeur sou sy manskappe oor die kaal veld te erg aan die vyandelike koeëls blootgestel word. Hy het dus 'n afwagtende houding/.....

31). S.672/99 in J.S. Afd.A. 17/10/99, Leyds-Archief: 709 (1): 17/10/99. (Telegram van Staatssekr. aan genl. Cronje)

32). K.G.333 (1): 17/10/99. (Telegram van genl. Gronje, Lichtenburg, aan kommandant-genl; Leyds-Archief:709 (1): 17/10/99.(Telegram van Staats. aan Cronje); K.G.333(2): 18/10/99 (Telegram van genl Cronje aan die regering).

33). Lord Baden-Powell: "Adventures and Accidents", bls.48. L.S.Amery: "The Times", bls.133,vol.11. Die mag was 1,000 man.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

afwagtende houding ingeneem en vertrou dat hy met die groot kanon, wat van Pretoria bestel is, die verlangde uitwerking sou verkry.[34)]

Toe die regering hom bevoel het om De la Rey met soveel manskappe as hy kon mis, na Kimberley te stuur, het hy 'n gulde geleentheid laat verbygaan om te toon dat hy 'n krygsman met 'n versiende blik is. Op daardie stadium moes hy ingesien het dat die beleg van Mafeking 'n kosbare tydverspilling was en daarom moes hy nie net 2,500 man saam met De la Rey gestuur het nie, maar minstens 4,500, want dan sou hy nog ongeveer 2,000 manskappe onder hom gehad het om die beleg suksesvol deur te voer. Dit sou beter gewees het as hy die regering toe reeds versoek het om die beleg aan Genl. Snyman oor te laat en die noodsaaklikheid van sy vertrek na Kimberley verduidelik het. Hierdeur sou hy 'n maand van byna nuttelose beleg gespaar het en baie manskappe effektief in gevegte teen die vyand buite die grense van die Republiek gelei het. Die Afrikaansgesinde bevolking van die noordeliko Kaapkolonie sou dan by die Republikeinse magte aangesluit het om sake 'n ander wending te gee. Maar hiervoor het Cronje nie inisiatief en krygsmanstaktiek besit nie. Hy het hardnekkig aan die ou Boerekrygstaktiek vasgehou. Die vyand moes vasgeleer word om oor te gee. By Mafeking kon dit alleen deur beleg suksesvol deurgevoer word. Cronje wou self sy taak ten uitvoer bring voordat.....

34). Leyds-Archief: 709(2): 21/10/99. (Tel. van genl. Cronje Lichtenburg, aan Staatssekr.)
Francois D. Conradie: Met Cronje aan die Westfront. bls. 24. Hierdie niksbeduidende werkie is na 1937 geskryf toe die skrywer van Argentinië teruggekeer het. Dit is op persoonlike herinneringe en 'n paar populêre boekgegewens gebaseer. Hy skryf oor Cronje se mislukte veldheerskap en sy roemloze uiteinde op 'n baie bevooroordeelde manier

35). Die Boeretaktiek het bestaan in die beleg van dorpe en sterkpunte. Hulle het die vyand nie in oop gevegte aangeval nie, maar eerst posisie ingeneem en die vyand afgewag. Vgl. Potchefstroom, Rustenburg, Pretoria gedurende 1880 en 1881. Vgl. verder die kommando's op die Natalse grens gedurende dieselfde tyd.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voordat hy na 'n ander gevegsfront sou vertrek.[35]

Na De la Rey se vertrek het Cronje met die beleg van Mafeking aangegaan. Die Engelse is op verskillende plekke aangeval en baie krygsgevangenes is na Pretoria gestuur. Die regering het nie geweet wat om met hulle aan te vang nie. Cronje het 'n plan aan die hand gegee. Die krygsgevangenes moes na Johannesburg gestuur word. Bedags kon hulle in die goudmyne werk en snags in kampongs geplaas word waar hulle deur die Johannesburgse polisie bewaak kon word. Die generaal se minagting vir sy Engelse teenstanders kom hier uit.[36] Die regering het hierdie voorstel nie aanvaar nie.

Op die môre van 23 Oktober het Cronje volgens gewoonte met sy verkyker die wêreld rondom Mafeking in oënskou geneem. Noord van die dorp het hy 'n groot massa perderuiters gewaar en oos van die dorp waar kanonkoppie sigbaar was, het hy sy burgers met twee kanonne opgemerk. Die kanonvuur was hewig en die vestings van die Engelse is erg beskadig. Dieselfde aand het die groot kanon "Long Tom" te Mafeking aangekom. Die kanon kon nog nie opgestel word nie, omdat die plek daarvoor en die verdedigingsskanse rondom deur aanhoudende reën nie klaar kon kom nie.[37]

De la Rey het vanaf Veertienstrome versterking gevra. Op 24 Oktober het Cronje vir Veldkornet J.A. Visser, wat by Schweizer Reyneke vertoef het, aangesê om 'n waarnemende veldkornet in sy plek te Vryburg agter te laat en dadelik met 200 man/....

---

36). K.G.333(4): 22/10/99. (Telegram van H.T.D. aan kommandant-genl. Heroorgestuur en om 2.30 n.m. deur telegrafis Rietfontein ontvang).
37). K.G.333(5): 23/10/99. (Telegram van Cronje aan die reg.) Ook te vind by Leyds-Archief: 709(4):23/10/99.(Telegram Cronje aan die reg.)
38). K.G.333(6): 24/10/99. (Telegram van genl. Cronje aan veldkornet J.A. Visser).
Leyds-Archief: 709(4). 24/10/99. Ibid.

man na De la Rey toe te vertrek.[38].

Op 25 Oktober is Mafeking byna dwarsdeur die dag met die groot kanon bestook. Etlike van die klein fortjies is vernietig. Die hele spoorlyn tot by Mafeking is opgebreek. Dit het gelyk asof Cronje se taak binnekort volbring sou wees. Om agtuur die môre van 25 Okt. was al die offisiere dan ook bymekaar en is besluit om die dorp van alkante te bestorm. Cronje wou hierdeur probeer uitvind waar presies die sterkte van die vyand is. Om elfuur die môre is die dorp van alle kante tot op 'n afstand van 1,500 tree aangeval. Rondom die Engelse se stellings was die terrein keal en gelyk. Die meeste van die burgers het te voet gegaan omdat hulle hulle perde nie aan die vyandelike koeëls wou blootstel nie. Die Engelse het 'n teenaanval deurgevoer. Terwyl die burgers hulle kleingeweervuur goed onderhou het, het Cronje die grofgeskut in aksie gebring. Alhoewel hierdie aanval misluk het, het Cronje met die vaste oortuiging dat hy die dorp die volgende dag stormenderhand sou inneem, na sy stellings teruggekeer. Hy het nou ook tot die besef gekom dat die tyd kosbaar is en dat daar nie langer vertoef moes word nie.[39]

Op 25 Oktober was De la Rey in die omtrek van Veertienstrome. Kommandant De Beer het hom met 1,000 man te Warrenton bevind.[40] Cronje het dieselfde dag vir De la Rey beveel om by Warrenton met die opbreek van die treinspore te begin. Hy moes die brug oor die Vaalrivier vernietig en/.....

---

39). K.G.333(7): 25/10/99. (Telegram van genl. Cronje aan Staatspresident).
Leyds-Archief: 709(4): 25/10/99. Ibid.
Vgl.ook: L.S. Amery: "The Times History.", bls. 269. Vol.111

40). Leyds-Archief: 709(4): 25/10/99. (Telegram van genl. Cronje aan die regering).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en spoorlyne opbreek sodat gepantserde treine nie kwaad kon doen nie. Hy moes sy laer nie naby die spoorweg trek nie en ook nie meer as 1,000 man in een laer vestig nie, sodat hy sterk genoeg kon wees om die vyand terug te slaan indien hy aangeval word.[41]

Cronje het baie gesukkel om sy offisiere se samewerking te verkry, nie omdat hy nie deur hulle gerespekteer is of omdat hulle hom nie as 'n bevoegde opperbevelhebber beskou het nie, maar omdat dissiplinê onder die Boeregeledere oor die algemeen baie swak was en omdat elke aanvoerder sy eie sin wou deurvoer. Hierdie gebrek aan dissiplinê en gehoorsaamheid aan superieure bevelvoerders het gedurende al die kommando's voorgekom en dit het stremmend gewerk. Cronje het veldkornet Visser beveel om 200 manskappe te Vryburg agter te laat, maar hy het terug getelegrafeer dat sy krygsraad besluit het om 140 man daar te laat sodat hy met die res na De la Rey kon gaan. Aan die ander kant het hy twee rapporte van De la Rey ontvang om waaksaam te wees teen Britse troepe wat oor Kuruman in die rigting van Vryburg getrek het. Hy het spioene uitgestuur en sou verslag doen sodra hulle terug was.[42]

Voordat Cronje verdere instruksies aan Visser kon telegrafeer, het hy 'n rapport van De la Rey ontvang waarin hy meegedeel het dat hy ses uur te perd van Veertienstrome is. Indien Visser Vryburg verlaat, sou daar drie lokomotiewe en waens agterbly. In die distrik is baie Engelsgesinde/...

---

41). K.G.333(7): 25/10/99. (Telegram van genl. Cronje aan De la Rey).
Sien ook: Leyds-Archief:709(4): Ibid.

42). Leyds-Archief:709(5):26/10/99. (Telegram van veldkornet Visser Vryburg aan genl. Cronje te Rietfontein).
K.G.333(8): 26/10/99. (Ibid).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sinde persone wat die spoorlyn miskien kon herstel. Hy stel voor dat die vrederegter van Schweizer Reyneke met die grenspolisie wat tog niks doen nie, tydelik na Vryburg sou gaan om die orde te handhaaf. Teen Cronje se bevel in skyn dit vir hom onmoontlik om sy laer so naby Kimberley te trek, want dan sou hy binne bereik van die vyand se grofgeskut wees. Dis vir hom onmoontlik om homself met die kanon te verdedig. Hy sou self eers met sy perdekommando ondersoek instel.[43)]

Cronje het gewysigde bevele aan Visser gestuur. Hy moes uit Vryburg trek sodat hy hom op die oop veld kon verdedig indien 'n vyandelike troepemag op hom sou afkom. As die mag vir hom te sterk is moes hy hulle laat verbytrek maar vir Cronje onmiddellik in kennis stel. Hy moes die treinspoor in sy rigting sover as moontlik opbreek.[44)] Daardeur sou die opmars van die vyand vertraag word sodat Cronje gereed sou wees om hulle terug te slaan.

Visser het Cronje berig toegestuur dat sy spioene gerapporteer het dat al die Engelse uit Kuruman gevlug het. Hy het 200 man te Kuruman geplaas, want die verwagting is dat 'n Britse troepemag daarheen sou kom om die dorpie te ontset. Dit was wenslik dat sy kommando te Vryburg bly om 'n wakende oog te hou oor vyandiggesinde naturelle wat deur die Engelse tot oproer aangehits word.[45)] Hierin het hy gelyk gehad.

Intussen was die nouer insluiting van Mafeking nog steeds.....

---

43). K.G.333(8): 27/10/99. (Telegram van De la Rey aan genl. Cronje).
Leyds-Archief:709(5): 27/10/99. (Telegram van genl. De la Rey naby Taungs aan genl. Cronje te Lichtenburg).

44). K.G.333(8): 27/10/99. (Telegram van genl. Cronje aan veldkornet Visser).
Leyds-Archief:709(5): 27/10/99. (Ibid.)

45). Leyds-Archief:709(5): 27/10/99. (Telegram van Visser, Vryburg, aan Cronje, Rietfontein).

steeds aan die gang. Op die 27ste Oktober is byna niks uitgerig nie, omdat die weer te ongunstig was. Die volgende dag sou Cronje die laer 'n bietjie nader trek om uit die modderplek te kom. Hy was nog altyd besig om nader aan die Engelse kamp posisie in te neem om sodoende 'n nouer insluiting te bewerkstellig.[46)]

Die kommando's rondom Mafeking het nie juis beslis aanvallend opgetree nie. Die vyand was vasgekeer en daarmee was die grootste taak afgehandel. Dit lyk asof die Boere meer begaan was om die vyand te belet om uit die verskanste stellings te kom, as om self die vyand se sterkte binne te gaan en hulle tot oorgawe te dwing. Hierdie treurige tydverspilling het dag na dag voortgegaan sodat die beleg met reg 'n klugspel geword het.[47)]

Generaal De la Rey het ook nie veel te Kimberley uitgerig nie. Op 28 Oktober het hy hom by Graspan, naby Veertienstrome, bevind. Hy was van plan om gedurende die volgende dae by die Vrystaatse kommando's aan te sluit. Voordat hy Taungs verlaat het, het hy die eiendomme van privaatpersone onder beskerming van die vriendskaplike naturelle-opperhoof, Malala, gelaat. Aan veldkornet Visser het hy opdrag gegee om dadelik by hom aan te sluit. By Vryburg moes/.....

---

46). K.G.333(8): 27/10/99. (Telegram van genl. Cronje aan die Staatspresident);
L.S. Amery: "The Times History". vol.111, bls.269.

47). Louis Creswicke: "South Africa and the Transvaal War." bls. 61, vol.11.
Op 21 Okt. het Kolonel Baden-Powell die bombardement van die Boere as volg beskryf:- "All well. Four hours' bombardment. One dog killed."
Kolonel Baden-Powell het sover gegaan om genl. Cronje spottend op 'n Saterdagmiddag uit te nooi om die Sondag by hom die middagete te geniet. Hy waarborg sy veiligheid. Hy voeg daarby dat die uitnodiging gestuur word slegs om die eentonigheid van die lewe te versag en draagliker te maak deur persoonlike omgang.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moes hy 'n assistent met 25 man agterlaat om 'n wakende oog te hou.[48]

Die bevelvoerende offisier te Mafeking het Cronje baie las met sy rooikruishospitale veroorsaak. Onder die dekmantel van die rooikruis het hy beskerming aan sy soldate verleen. Die regering het Cronje gelas om 'n einde hieraan te maak. Baden-Powell moes binne 'n bepaalde tyd 'n bepaalde gebou of lokaliteit deurmiddel van 'n witvlag of rooikruis vir hierdie doel aanwys. Indien hy ander plekke so voorstel, kon Cronje, as hy daarvan seker was, dit bombardeer. Deur hierdie optrede was die taktiek van die Engelse die nek ingeslaan.[49]

Op 30 Oktober het Cronje nog 'n poging aangewend om Mafeking in te neem, maar sonder sukses. Die krygsraad het vergader en 'n besluit geneem om die beleg so spoedig moontlik te beëindig omdat die tyd baie kosbaar was.[50]

Die volgende dag het genl. Snyman hom met Cronje verenig. Aan die oostekant van Mafeking het die Maricolaer met twee veldkornette van die Potchefstroomkommando 'n fort van die vyand ingeneem. "Long Tom" moes na 'n ander plek verplaas word. Mafeking moes teen die end van die week ingeneem word. Kanonkoppie wat 1,500 tree suidoos van die dorp gelê was, moes eerste ingeneem word. Die bombardement sou dieselfde dag begin word, terwyl 50 man die fort vanaf die suidekant sou bestorm. Die burgers het tot op 'n afstand/.....

---

48). Loyds-Archief:709(6): 28/10/99. (Telegram van genl. De la Rey aan genl. Cronje).
K.G.333(9): 28/10/99. (Ibid.)
49). K.G.333(9): 29/10/99. (Telegram van Wnd.Komdt.-Genl. Pretoria aan genl. Cronje, Rietfontein).
50). K.G.333(9): 30/10/99. (Telegram van genl. Cronje aan die regering te Pretoria).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

afstand van ongeveer 3oo tree gestorm, maar omdat die meksimvuur so hevig was, was hulle verplig om die veiligheid van hulle eie stellings op te soek.[51)]

Teen die end van Oktober het die regering weer 'n beroep op Cronje gedoen om versterking na die ander gevegsfronte te stuur. Cronje wou nie van sy manskappe te Mafeking afstaan nie en het aan die hand gedoen dat 650 burgers van die noordelike kommando's wat onder generaal du Plessis te Derdepoort, distrik Marico, saamgetrek was om die noordelike distrikte van die Transvaal onder bewaking te hou, vir hierdie doel gebruik kon word. Tot dusver het hierdie burgers nog nie aan gevegte deelgeneem nie.[52)]

Dit herinner aan die dae van Potchefstroom in 1880 en 1881. Cronje voer nie die bevele van die regering uit nie en vertraag op hierdie manier vroegtydige optrede teen die aankomende Engelse magte vanuit die Kaapkolonie.

Behalwe dat Cronje vir die beleg van Mafeking verantwoordelik was, moes hy die bewegings van De la Rey te Kimberley en veldkornet Visser te Vryburg beheer en in die nouste verbinding met beide offisiere bly. Van hulle kant het hy steeds moeilikheid gehad. Visser het van beide generaals bevele ontvang en van hierdie geleentheid gebruik gemaak om geen bevele deur te voer nie onder die voorwendsel dat hy nie presies geweet het wat om te doen nie en altyd eers op verdere instruksies van Cronje gewag het. Op 1 November het die Bechuanalanders by sy kommando aangesluit. .....

---

51). K.G.333(10): 31/10/99. (Telegram van genl. Cronje, Rietfontein aan Staatssekr., Pretoria).
P.S.Lombard: Uit die dagboek van 'n Wildeboer", bls.23.
52). Leyds-Archief:709(6): 31/10/99. (Telegram van genl.Cronje aan die komdt.-genl., Pretoria.
K.G.334(1): 1/10/99. (Ibid.)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aangesluit, maar omdat hy geen wapens tot hulle beskikking kon stel nie, het hy vir Cronje gevra om hom die nodige wapens en ammunisie toe te stuur.[53] Verder kla hy dat die vrywilligers en grenspolisie daar aangekom het en baie brutaal en onbeleef teenoor die Bechuanalanders was.[54] Nog 'n beswaar wat hy by Cronje ingedien het, was dat sekere persone in Bechuanaland rondgegaan het om goedgesinde boere afvallig te maak deur hulle name neer te skryf en vir hulle sekere dreiemente voor te hou. Hy verwag dat Cronje sonder versuim teen genoemde persone moes optree.[55]

Op 4 November het Cronje verlof gegee om die Bechuanalanders op te kommandeer. Dieselfde dag het hy 'n hewige geveg te Mafeking gelewer. Die vyand is teruggeslaan. Weereens is besluit om die dorp van alkante aan te val en die regering is versoek om drie kanonne aan te stuur sodat die uitwerking : doeltreffender kon wees.[56] "Long Tom" is na die oostekant verplaas en op dieselfde dag is vyftien bomme in die dorp gewerp.[57]

Visser was net gereed om na Kuruman te vertrek toe hy De la Rey se instruksies om na Kimberley te kom, ontvang het. Visser het stilgesit om bevele hieromtrent van Cronje te ontvang. Cronje het by sy besluite gebly en Visser moes na Kuruman gaan om die sake daar te reël. Daarna moes hy na Vryburg om op verdere bevele van Cronje te wag.[58]

De la Rey het/...

53). Leyds-Archief: 710(1): 1/11/99. (Telegram van veldkornet Visser aan genl. Cronje, Rietfontein)
54). K.G.334(3): 4/11/99. (Ibid.)
55). Leyds-Archief: 710(1): 3/11/99. (Telegram van veldkornet Visser Vryburg, aan genl. Cronje, Rietfontein.)
56). K.G.334(3): 4/11/99. (Telegram van genl. Cronje aan die regering te Pretoria.
57). Leyds-Archief: 710(2): 7/11/99. (Telegram van genl. Cronje aan staat sekr. Pretoria);
K.G.334(5): 7/11/99. (Telegram van genl. Cronje aan die regering te Pretoria).
58). Leyds-Archief: [illegible] (Telegram van genl. Cronje

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

De la Rey het hierteen beswaar gemaak. Hy het dit oorbodig beskou dat Visser langer daar moes bly omdat daar reeds 'n vrederegter aangestel is. Cronje het De la Rey daarop gewys dat sy bevele gehoorsaam moes word. Hierdie onnodige dwarstrekkery bewys dat die verhouding tussen die twee generaals gespanne was; van samewerking was daar weinig sprake.[59]

Rondom Mafeking het genl. Cronje nog ongeveer 3,000 burgers vir die beleg aangehou.[60] Aan die bokant van die dorp is 'n aanvang gemaak met die bou van 'n fort. Om 3-uur die nag van 7 Nov. het genl. Snyman aan die noordekant van die dorp 'n aanval gemaak en met sy grofgeskut groot skade aangerig. Cronje het sy taktiek van nouer insluiting volgehou en meer tyd verspil met die aanbou van forte.[61] Die regering het ingesien dat die beleg van Mafeking geen vrugte afgewerp het nie en tot die besef gekom dat dit dringend noodsaaklik was om meer manskappe as versterking na die Vrystaatse grens te stuur. Cronje het hardkoppigheid en eiewysheid aan die dag gelê en geweier om van sy manskappe rondom Mafeking vry te laat. Omdat dit 'n kaal vlakte is waar hy die Engelse beveg het, het hy nie sy weg oop gesien om meer burgers vry te stel nie. Hy was gewillig om 200 man te Vryburg vir hierdie doel af te staan.[62]

Cronje het andermaal sy kans laat verbygaan om die verlore/...

---

59). Leyds-Archief:710(3): 8/11/99. (Telegram van genl. Cronje aan genl. De la Rey).
60). Leyds-Archief:710(3): 8/11/99. (Telegram van genl. Cronje aan Staatssekret. Pretoria.)
61). K.G.334(8): 11/11/99. (Telegram van genl. Cronje, Rietfontein, aan die komdt.genl., Pretoria.)
62). Leyds-Archief:710(4): 11/11/99. (Telegram van genl. Cronje aan Staatssekretaris. Pretoria).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verlore tyd in te haal. Vir die nuwe krygstaktiek was hy nie opgewasse nie. Hy kon die gevolge van sy onaktiewiteit nie insien nie. Nog nie gewoond aan die aanvalskrygskuns nie, het hy dit van groter waarde geag om met die beleg aan te hou totdat die Engelse verplig was om oor te gee.

Op 13 November het hy gerapporteer dat hy nie seker is wanneer alles te Mafeking op 'n end sou kom nie. Forte word nog gedurig nader gebou. Omdat hy gehoor het dat daar 'n groot Britse troepemag in die rigting van die Oranjerivier in aantog was, het hy dit nodig geag om sy sienswyse bekend te maak. As daar meer manskappe ten weste van Kimberley benodig word om die vyand naby die rivier te keer, moes De la Rey 1,000 of 1,500 man te Kimberley laat bly om die deurtog daar te belet. Al die walaers naby Kimberley, behalwe een, moes teruggetrek word. Die agterblywende walaer moes so getrek word dat dit deur weinig burgers verdedig kon word. Die burgers om die dorp moes so los as moontlik gehou word sodat hulle gereed kon wees om op enige punt aan te val. Van Mafeking sou hy 'n veldkornet met 'n paar honderd burgers as versterking stuur.[63]

Dieselfde dag het De la Rey getelegrafeer dat sy laer na aan die Waterwerke, ongeveer ses myl van Kaffersdam af, posisie ingenoem het. Hy gehoorsaam Cronje se bevele nie. Dit is vir hom onmoontlik om sy laers terug te trek want dit sou die vyand moed inboesem. Sodra die Britse troepe by die Oranjerivier aankom, sou hy probeer om die Vrystaters hulp te verleen. Cronje moes hom 'n kruppkanon of twee ander veldstukke stuur om vir die aanval gereed te wees.[64]

De la Rey/.....

63). K.G.335(1): 13/11/99. (Telegram van genl. Cronje, Rietfontein aan genl. De la Rey, Kimberley).

64). K.G.335(1): 13/11/99. (Ibid.)

De la Rey het hom aanvanklik met dieselfde krygs taktiek as genl. Cronje bedien. Hy het stelling rondom Kimberley ingeneem en die vyand hier ingewag. Sodra die Engelse by die Oranjerivier aankom, nie voor die tyd nie sou die Vrystaters versterking gestuur word. Die vyand word nie vroegtydig tegemoet gery, in oop gevegte of flank-aanvalle verslaan nie. Om genl. Cronje alleen as 'n nie-aanvallende generaal te beskryf, sou nie regverdig wees nie. As die onderoffisiere Cronje se bevele uitgevoer het, sou die vooruitgang van die Engelse mag vroegtydig gestuit gewees het en sou die inval in die Oranje-Vrystaat met die latere noodlottige gevolge vir die Boerestrydkragte miskien verhoed kon word.

Die beleg van Mafeking het op 'n eentonige manier voortgegaan en baie kosbare tyd verkwis. Die gerugte dat groot Britse troepemagte uit die Kaapkolonie na die Oranjerivier in aantog was, het die regering genoodsaak om beslis op te tree. Op 17 November is Cronje getelegrafeer dat dit nou duidelik geword het dat die stryd in die Kaapkolonie en Natal uitgeveg moes word. Daarom het die regering besluit dat van die noordelike kommando's onder genl. Grobler daar 400 man by Zoutpansberg, 400 bokant Waterberg en 400 tussen Matlabas en Moggoll geplaas moes word. Die kommando's moes gereeld die grens patrolleer ~~[illegible]~~ by-staan as die vyand 'n inval maak. Die res van Grobler se kommando moes na die Oranjerivier vertrek.[65)]

Wat/.....

---

65). R.807/99 in SSa.349: 17/11/99. (Telegram van die regering te Pretoria aan genl. Cronje, Rietfontein).
Vgl. Eie-versameling, blse. 1 tot 4; Leyds-Archief: 738: 17/11/99. (Ibid.)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kapt. Sarel Eloff.
—(Foto uit Penning.)

Genl. Jacobus (Kootjie) Snyman.
—(Foto uit Penning.)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wat Cronje se eie kommando's betref, het die regering hom versoek om ongeveer 100 man by Derdepoort en 500 man te Gaberonnes, Bechuanaland, te laat om die Engelse wat moontlik met die naturelle-opperhoof Gama se volk kon verenig, te keer as hulle met die spoor langs sou kom. Die twee kommando's moes met die kommando's van Zoutpansberg, Waterberg en die van genl. Snyman te Mafeking in voeling bly sodat hulle mekaar wedersyds in tyd van nood kon bystaan. By Mafeking moes hy 1,500 man agterlaat om die beleg voort te sit. As die Engelse met 'n groot mag te Gaberonnes saamtrek, moes hulle daar gaan help. Met die res van sy manskappe moes hy so gou as moontlik na die Oranjerivier vertrek. President Steyn is geraadpleeg en hy het aangeraai dat die burgers per trein tot by Edenburg in die Oranje-Vrystaat moes reis. Daarvandaan kon hulle langs 'n maklike weg oor Fauresmith na Belmont en Oranjeriviarbrug gaan. Al die agtergeblewe burgers moes dadelik opgekommandeer word. Dit sou beter wees as die Bloemhofburgers sommer direk na generaal De la Rey kon vertrek.[66]

Dit sou raadsaam wees dat Cronje sy berede mag met hom saamneem. Vir elke 25 man moes daar een wa en trekdiere beskikbaar gestel word, sodat hulle kos, beddegoed en voer vanaf Edenburg daarmee vervoer kon word. Die ander waens met die voetgangers moes agterna kom. Generaal Snyman moes in sy plek te Mafeking agterbly om die beleg voort te sit. As Cronje sy bestemming bereik het, moes hy sorg dra dat hy/.....

---

66). R.807/99 in SSa. 349: 17/11/99: (Telegram van die regering te Pretoria aan genl. Cronje Rietfontein); Leyds-Archief:738: 17/11/99. (Ibid.)
Verder: Eie-versameling, blse. 1 tot 4.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hy in gedurige kommunikasie met die Vrystaatse president en die offisiere verkeer. Die regering was begerig om te weet hoe die reëlings getref word en hoeveel manskappe Cronje met hom sou saamneem.[67]

Cronje het geantwoord dat Mafeking nog nie wou oorgee nie. Wat die forte betref, verduidelik hy dat dit nie groot forte is nie, maar 'n hele aantal kleintjies sodat dit nie die moeite loon om hulle te bestook nie. Die Marico- en Rustenburgse burgers het hy by Mafeking agtergelaat terwyl hy die Potchefstroomkommando met hom saamgeneem het.[68]

Cronje het die Landdros van Bloemhof gelas om toe te sien dat die opgekommandeerde burgers in sy distrik so gou moontlik na generaal De la Rey gestuur word. Hulle moes te Veertienstrome by die burgers van Lichtenburg en Wolmaranstad aansluit. Hyself sou die volgende dag met sy kommando na Klerksdorp vertrek om daarvandaan per trein na Edenburg en na die gevegsfront aangevoer te word.[69]

Met meer as 6,000 burgers het generaal Cronje vir byna 'n maand rondom Mafeking gelê sonder om die beleg suksesvol deur te voer. Kosbare tyd het hier verlore gegaan en Cronje het min van sy tyd en kanse gebruik gemaak om te toon dat hy 'n eersterangse krygsman was. As hy 'n paar weke eerder die beleg aan genl. Snyman toevertrou het en self/.....

---

67). R.807/99 in SSa. 349: 17/11/99: (Telegram van die regering te Pretoria aan genl. Cronje, Rietfontein); Leyds-Archief: 738: 17/11/99. (Ibid.)
68). R.807/99 in SSa. 349: 17/11/99. (Ibid.)
69). R.807/99 in SSa. 349: (Ibid.)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

self na die Oranjerivier vertrek het, sou sake snoeiseker 'n ander wending geneem het. Mafeking was die eerste oorsaak van sy mislukte leierskap en uiteindelike roemlose oorgawe op die oewers van die Modderrivier.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK. 12.

M O D D E R R I V I E R.

Terwyl generaal Cronje nog met die beleg van Mafeking besig was en De la Rey hom met sy kommando in die omgewing van Kimberley bevind het, het Lord Methuen met 'n mag van oor die 8,000 troepe na die Vrystaatse grens aangeruk met die doel om Kimberley te ontset. Hy was van plan om sover as moontlik direk langs die spoorlyn op te trek, dit te herstel waar dit deur die Boere opgebreek was om op die manier in voortdurende verbinding met sy basis te weet. Sy ammunisie en kosvoorrade kon dan maklik van agter per trein aangevoer word. Al langs die spoorlyn kon hy trek totdat hy Kimberley bereik en ontset het. Die burgerlike bevolking in die dorp kon dan per trein suidwaarts teruggevoer word.[1)]

Aan generaal Prinsloo en sy Vrystaatse kommando was die taak opgedra om Methuen se opmars te stuit of te vertraag. Indien dit nodig geblyk het, moes De la Rey wat suid van Kimberley bedrywig was, hom gaan help. Prinsloo het Jacobsdal, 'n dorpie op die noordelike wal van die Modderrivier, ongeveer tien myl oos van Modderrivierbrug, as sy basis gehad.[2)]

Methuen het sy opmars vroeg die more van 21 November begin met 'n mag van twee brigades infanterie. Hulle het vier/....

---

1). L.S.Amery: The Times History..,Vol.11, blse. 320 - 321.
2). Herinneringsaantekeninge van genl. De la Rey, bls. 10.
Vgl.ook: L.S.Amery, Vol.11, bls. 322.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vier twaalfponders onder kaptein Prothero gehad. Die transpor waens het 'n afstand van oor die vyf myl gedek as hulle in beweging is.[3]

By Belmont het generaal Prinsloo die opmars probeer stuit, maar die Engelse het Prinsloo teruggeslaan. De la Rey het dieselfde dag by Graspan aangekom waar hy 'n paar dae later by die Vrystaters aangesluit en 'n mislukte slag teen Methuen gelewer het.[4]

Gelyktydig het generaal Cronje ook sy tog na die Modderrivier begin. Hy het Mafeking met 'n gedeelte van sy manskappe verlaat en na Klerksdorp vertrek. Na 'n vermoeiende rit het die kommando op die 20 ste November te Klerksdorp aangekom. Volgens bevele van die regering moes hy en sy hele kommando die volgende môre om vieruur per trein daarvaandaan na die Modderrivier vertrek.[5] Dit was onder die omstandighede vir hom onmoontlik en aan die regering het hy getelegrafeer dat dit, weens die swaar reëns wat hom op weg na Klerksdorp oorval het, onmoontlik was om te vertrek voordat die perde eers gevreet en gerus het. As hulle onmiddellik vertrek, sou baie van die uitgeputte diere beswyk voordat hulle hulle bestemming bereik het. Eers twee dae daarna het hy met sy trein vrag vertrek. Die volgende dag het hulle by Edenburg afgestap en dadelik die tog na die Modderrivier begin.[6]

---

3). L.S.Amery: The Times History, Vol.11, blê. 323.
4). Herinneringsaantekeninge van Genl. De la Rey, bls. 10. Vgl.ook: L.S.Amery, Vol.11, bls. 325.
5). K.G.333(5): 20/11/99. (Telegram van genl.Cronje, Klerksdorp, aan wn. komdt.-genl, Pretoria).
6). Herinneringsaantekeninge van genl. De la Rey, bls. 10. Leyds-Archief:711(1). 20/11/99. (Telegram van genl. Cronje aan Staatsekretaris);K.G.333(6). 23/11/99. (Ibid.)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Generaal De la Rey het hom intussen vir die volgende slag voorberei. Na die slae van Belmont en Graspan het hy sy krygstaktiek heeltemal verander. Hy het ingesien dat dit aan swak strategie en nie aan moed te wyte was dat die Boere verslaan is nie. Tot dusver het hulle altyd die hoogste koppies beset. Dit was gerieflike mikpunte vir die Engelse artillerie. As die voetvolk eers tot aan die voet van die koppies gevorder het, het die koppies vir hulle natuurlike dekking verskaf. Die Boere was dan verplig om gou hulle stellings te verlaat. Dit sou baie offektiewer wees as die Boere op die gelyk vlakte posisie kon inneem. Die vyand moes dan oor die kaal vlakte aanval en kon maklik teruggeskiet word. Hy het vooraf besluit om hierdie taktiek by Modderrivier te gebruik.[7)]

Die hele Sondag, 26 November, het die Boeremagte by Modderrivierstasie gekonsentreer. Gedurende die dag het vanaf Kimberley klein getalle by hulle aangesluit. Die Boere het hierdie en die volgende dag posisies digby Modderrivierstasie, ten noorde van die rivier, ingeneem. Die treinspoor kruis die rivier waar die Modder- en die Rietrivier saamvloei. Die Boere het aan die suidelike oewer van die Modderrivier, ten weste van die stasie, posisie ingeneem en ook aan die westelike oewer van die Rietrivier wat by die samevloeiing met die ander stroom byna 'n volkome reghoek vorm en die stelling dus uiters sterk gemaak het. Die posisies is verder versterk deur 'n hele aantal/.....

---

7). Herinneringsaantekenings van genl. De la Rey, bls.12; L.S.Amery: The Times History, Vol.11, bls. 242.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kaart van Modder- en Rietriviere.

—(Uit Michael Davitt: "The Boer Fight for Freedom.")

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aantal loopgrawe en verskansings. Die perde is agter die ruigbegroeide walle van die rivier gebring, nie te ver verwyder nie sodat hulle gou bereik kon word, ingeval die Boere genoodsaak sou wees om vinnig terug te val.[8]

Omdat Genl. Cronje nog nie by die Modderrivier aangekom het nie, is die voorbereidings vir die slag deur De la Rey gemaak. Hy het sy stellings goed gekies en deeglik ingerig. Generaal Prinsloo met sy Vrystaters is in bevel van die regtervleuel geplaas, terwyl De la Rey en sy Lichtenburgers die sentrum aan beide kante van die spoorweg beset het. Verder oos het die pasaangekome Klerksdorpse en Potchefstroomse kommando's saam met genl. Cronje onder bevel van sy broer, genl. Andries Cronje, die suidelike en tot 'n mate die noordelike wal van die Rietrivier gedek. Cronje self het met 'n klein kommando los bewegings uitgevoer om die ander kommando's teen 'n moontlike insluiting te beskerm.[9]

Majoor Albrecht van die Oranje-Vrystaatse artillerie se kanonne was op die sanderige vlakte wes van die spoorlyn opgestel.[10] Van Deventer se twee kruppkanonne was sers in die Twee Riviere[11] naby die hotel geplaas met die pompoms oos daarvan.

Omdat/...

---

8).Dr. W.van Everdingen: De Oorlog in Suid-Afrika - Eerste Tydvak: Van 11 Oct. 1899-Maart 1900, bls. 74; Dr.C.J.Scheepers Strydom: Maapland en die Tweede Vryheidsoorlog, bls.77; J.C.G.Kemp: Vir Vryheid en Reg, bls. 227.

9).K.G.335(6):28/11/99. (Telegram van genl. Cronje,Modderrivier, aan reg. Pretoria.)
Dr. W.van Everdingen, bls. 74; Dr. C.J. Scheepers Strydom, bls. 77 en J.C.G.Kemp, bls.227.

10).Hy was in bevel van die artillerie wat saam met genl. gekom het.

11).Omdat die rivier 'n eiland gevorm het, het dit soos twee riviere gelyk. Die Modderrivier word dikwels Tweerivier genoem.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Omdat Cronje die opperbevelhebber aan die wesfront was en De la Rey sy ondergeskikte, was het die opperbevel oor die Republikeinse magte direk na sy aankoms by die Modderrivier na hom oorgegaan. Die verdere voorbereidings en die verloop van die stryd is aan hom oorgedra. Altesaam het hy nagenoeg 3,000 man hier onder hom gehad.[12)]

Vroeg die môre van 27 November het Lord Methuen met sy mag Enslin, 'n halte op die spoorlyn na Modderrivier verlaat en na 'n veertienmylse mars by Klokfontein en Witkopslaagte gekampeer, skaars ses myl van die rivier af. Die kavallerie het oor 'n afstand van sewe of agt myl uitgestrek en tot op 'n afstand van ongeveer twee myl van die rivier af gevorder. Hier het die Boere op hulle geskiet en is twee van Rimington se manskappe gewond. Aan Methuen is deur hulle gerapporteer dat die Boere op Modderrivierbrug gekonsentreer het.[13)]

Later/.....

---

12). Francois D. Conradie: Met Cronje aan die Wesfront, bls. 37, voetnoot, beweer dat die getal 3,000 fiktief is. Hy wys daarop dat Cronje Mafeking met 4,500 man verlaat het; genl. De la Rey met 1,500 suidwaarts gegaan het en volgens 'n brief van President Steyn 1,000 Vrystaters aan die geveg deelgeneem het - saam dus 7,000 burgers. Hy wil graag weet waar die ander 4,000 man gewees het.

Cronje het opdrag gekry om Mafeking met 4,500 man te verlaat. Hulle is nie almal met hom saam nie. Met 'n afdeling van die Potchefstroomkommando moes hy vinnig vooruit, terwyl die ander burgers moes volg. Toe hy met De la Rey verenig het, het hy 800 man in die gevog gebring - die ander het nog nie aangekom nie. Die Vrystaters was 1,000 man sterk terwyl De la Rey effens meer as 1,000 burgers gehad het. Die getalsterkte was dus nagenoeg 3,000 man. Die ander 4,000 waarna Mr. Conradie soek, het toe nog nie by die Modderrivier aangekom nie.

13). L.S.Amery, Vol. III, blse 345 en 346; Van Everdingen, bls. 74.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Later het Methuen, vergesel van twee lede van sy staf, self gaan onderstek instel, maar alles het rustig en stil gelyk. 'n Boodskapper van Kimberley het berig dat dit by Spytfontein is waar die Boere saamgetrek het om die volgende slag te lewer. So sterk was Methuen onder hierdie indruk dat hy gedink het dat die Boere wat die môre by die brug opgemerk is, afdelings was wat na Spytfontein getrek het. Ooreenkomstig hierdie gegewens het hy sy volgende mars beraam.[14)]

Die Northamptons, Skeepsbrigade en Engineers met drie skeepskanonne sou by die spoorweg agtergelaat word terwyl hy met die res van sy mag en rantsoene vir vyf dae oor Jacobsdal en oor die Modderrivier na Abonsdam oor die oop vlakte, oos Spytfontein, teen die Boere sou oftrek. Hy sou die Boereposisies in die flank aanval, hulle verslaan en dan reguit na Kimberley gaan. Maar voordat Methuen vertrek het, het 'n kafferspioen gerapporteer dat die Boere hard besig is om die treinbrug oor die Modderrivier te beset. As gevolg van hierdie berig het Methuen sy plan verander. Voorlopig sou hy hom eers te Modderrivier vestig. Die bevel is uitgereik om dadelik na die Modderrivier af te marsjeer.[15)]

Die verkenners van Methuen het swak werk verrig. Hy was heeltemal onbewus van die feit dat Cronje se manskappe oor 'n breë front, minder as tien myl van hom besig is om na die front op te trek. Hy het nie die vaagste idee gehad dat die Boere hom binne enkele ure in 'n harde geveg sou ontmoet nie. Methuen het nie verwag om ernstige opposisie/.....

---

14). L.S.Amery, Vol.111, blse. 345 en 346; Van Everdingen, bls. 74 en J.C.G.Kemp, bls. 228.
15). L.S.Amery, Vol.11, bls 346; J.C.G.Kemp, bls. 228; Major-General Sir F. Maurice: History of the War in South Africa, Vol.1, bls. 246 en Kol.W.H.H.Waters: The German Official.., bls. 83.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Slag van Modderrivier. (26 Nov. 1899.)



verwysing.

o o o Boorestellings.

• • • • Engelse

Kanonne

- - - - - → Engelse Opmarsroete

Spoorweg.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

opposisie by Modderrivier te vind nie. Die vorige slae van Belmont en Graspan het hom die gevolgtrekking laat maak dat die Boere niks anders kon doen as om agter rotse op die koppies die Engelse in te wag nie. Sodra die vyand naby genoeg is, het hulle na die volgende kantjie teruggeval nadat hulle soveel skade as moontlik aangerig het. In die omgewing van Modderrivier was daar nie geskikte koppies wat deur die Boere beset kon word nie. Dit het Methuen laat dink dat hulle hom nie daar sou aanval nie.[16]

Kort na vieruur die môre van 28 Februarie het die infanterie reguit na Modderrivierstasie vertrek. Om kwart voor vyf die môre het die 9de Brigade onder generaal Pole-Carew aan die linkerflank afmarsjeer. Hierdie afdeling is vorige aand deur die Argylle en Sutherland Highlanders versterk. 'n Halfuur later het die Guards aan die regterkant vertrek. Die kavalerie het reeds voor die tyd vooruitgegaan en is op 'n afstand van 1,500 tree hewig deur die Boere bestook. Hulle het weer aan Methuen gerapporteer dat die rivier sterk deur die Boere beset is. Hy het hom blykbaar nie hieraan gesteur nie. Na bonop het die infanterie effens links van die brug opgetrek. Hulle het op hierdie stadium nog nie agtergekom dat die groot mag by die rivier gelê het nie.[17]

Cronje wat saam met sy staf by die hotel op die eiland sy ontbyt genuttig het, het om 7 uur die môre na die opmars van die Engelse gesit en kyk. Hy was bevrees dat/....

---

16). The Earl de la Warr: Some Reminiscences of the War in South Africa, bls. 52.

17). K.G.335(3): 28/11/99. (Telegram van genl.Cronje, Modderrivier, aan die reg.te Pretoria.)
A.Conan Doyle: The Great Boer War, bls. 142; Major-Genl. Sir F. Maurice: History of the War in South Africa, bls. 248; L.S.Amery Vol.111, bls. 348; J.C.G.Kemp, bls. 229.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dat hulle die Rietrivier by Bosmansdrif sou deurgaan. Dit sou sy linkervleuel in gevaar gestel het. Om dit te verhoed, het hy 'n krupp en 'n pompom van die eiland weggeneem en in 'n oostelike rigting daarmee teruggetrek. Die Britse artilleriste het dit gemerk en hom dadelik onder vuur geneem. Hy het sy kanonne suid van die Jacobsdalpad in werking gebring. Beide die kavalerie en die batterye het nou op die regterflank gekonsentreer. Die Britse vuur was so effektief dat Cronje sy kanonne ongeveer 1,000 tree terug verplaas het. Methuen het nou 'n growwe fout begaan. Hy het gedink dat Cronje en sy handjievol burgers in die rigting van Jacobsdal teruggeval het nadat hulle die terugtog na die groot laer te Spytfontein gedek het.[18)]

Methuen was onder die indruk dat die Rietrivier reg wes en oos vir vyf myl bokant die brug gevloei het en dat die Boere oor die vlakte vir hom teruggeval het. Volgens hierdie gegewens het hy sy aanvalsplanne beraam. Sy plan was om die Boere gevange te neem en om sy troepemag die rivier te laat deurgaan. Oorkant die rivier moes hulle almal vir ontbyt bymekaarkom.[19)]

Methuen het die Scots Guards beveel om in wydverspreide orde aan te val en die Boere in te sluit. Aan hulle regterkant moes die Skotte hulle flank uitsprei terwyl die kavalerie weer regs van hulle moes optree. Die Grenadiere en 2de Coldstreams moes die linie na links verleng tot oor die spoorweg terwyl die 1 ste Coldstream as reserwe agtergebly het. Die 1 ste Brigade onder bevel van/.....

---

18). J.C.G.Kemp, bls. 230; L.S.Amery, Vol.11, bls. 349.
19). (Ibid.)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van Majoor-Generaal Colville moes reguit oor die vlakte na die rivier afstap.[20]

Links van die Guards was die 9de Brigade versprei. Die 5de Fusiliers, Yorkshires en North Lancashires was reg in die vuurlyn gewerp. Die Northamptons moes die transport bewaak terwyl Rimington's Guides die linkerflank patrolleer.

Die hele front was oor 'n afstand van vyf of ses myl uitgesprei om die rivier deur te gaan. So op sy gemak het Methuen gevoel en seker van sy saak [illegible] uur een van die wit huise oorkant die rivier [illegible] offisiere as tydelike hoofkwartiere aangewys het.

Die Engelse is in 'n lokval gelei. Beide generaals Cronje en De la Rey het aan die burgers bevel gegee om nie te skiet voordat die Britse troepe tot op 400 tree afstand genader het nie. Die Engelse soldate het doodluiters op die Boerestellings afgemarsjeer, maar ongelukkig was daar onder die geledere van die Vrystaat 'n paar flouhartiges wat op 800 tree afstand uit pure benoudheid hulle gewere afgevuur het. Die ander burgers het onmiddellik hulle mauservuur geopen en voordat die Britte wis wat gaande was, is hulle by hope afgemaai.[22] Die wat oorgebly het, het plat op die grond gaan lê. Die van hulle wat die stilste gelê het, het die beste daarvan afgekom. Sodra hulle gerooi het of probeer het om op te staan, is hulle deur die Boeroskutters van agter die skanse op die [illegible] en doodgeskiet. Later/..

---

20). J.C.G.Kemp, bls 230; L.S.Amery, Vol.11, bls. 349
21). L.S.Amery. Vol.11, blse.349 tot 350; J.C.G.Kemp, Bls.230
22). K.G.335(3): 28/11/99. (Telegram van genl.Cronje aan die reg. te Pretoria. Hy rapporteer dat die geveg om 8-uur die môre begin het).
Dr. C.J. Scheepers Strydom, bls. 79 [illegible] S.Amery, Vol.11, bls.349 - 350 en J.C.G.Kemp, bls. 230 en 231.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Later in die dag het die son baie warm geword. Op die kaal vlakte het die son hulle ongenadig gebak. Sommige het naderhand so moeg en dors geword dat hulle aan die slaap geraak het.[23]

Met die Scots Guard op die regtervleuel het dit ook nie te goed gegaan nie. Hulle het al hulle krachte ingespan om van regs af Cronje se linkervleuel op te vou, maar hulle kom op die Rietrivier, wat van suid na noord vloei, af. 'n Paar van hulle het probeer om deur die rivier te gaan, maar die water was te diep en breed sodat hulle dit moes prysgee. Ongeveer 'n myl hoër op kon hulle maklik deur die drif gegaan het[24] en vanuit daardie rigting Cronje se flank bedreig het. Maar hulle verkenners-werk was so oppervlakkig gedoen dat hulle nie van die bestaan van die drif kennis gedra het nie. Buitendien was hulle heeltemal onkundig, want hoewel daar 'n pad na die drif gelei het, het hulle dit nie gevolg nie.[25]

Op die linkervleuel van die vyand het dit gedurende die môre ook nie gevorder nie. Die Vrystaters wat hierdie gedeelte beset het, het 'n hewige vuur onderhou waardeur die Engelse belet is om deur te breek. Later in die dag, ongeveer 12-uur, het kaptein Forester-Walker sy twee kanonne reg agter die North Lancashires geplaas en Rosmead, 'n dorpie noord van die rivier, sowel as 'n plaashuis naby die damwal heftig bestook. Twee afdelings van die/.....

---

23). L.S. Amery, Vol.11, bls. 352; J.C.G.Kemp, bls.231, Dr. C.J. Scheepers Strydom, bls. 79.
24). Bosmansdrif.
25). L.S. Amery, Vol.11, bls. 351.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die North Lancashires, onder aanvoering van Majoor Churchwood, versterk deur 'n aantal Highlanders, het 'n stormaanval gemaak op die Vrystaters wat by 'n plaashuis op die suidelike wal van die rivier stellings ingeneem het. Spoedig het hierdie manne hulle posisies verlaat en deur die rivier na die oorkantste wal gevlug.[26)]

Effens later die dag, omstreeks 2 uur die middag, het Majoor Grant die 62ste Battery in gereedheid gehad en as gevolg van die bombardement wat daarop losgetrek het, het generaal Prinsloo met sy Vrystaters op die regtervleuel die loop geneem. Beide generaals Cronje en De la Rey het alles in hulle vermoë gedoen om dit te belet, maar dit was vergeefse moeite. Hierna het 'n hele aantal Engelse die rivier oorgesteek en die posisie bemagtig. Het die ander troepe hulle ondersteun, kon hulle maklik vir Cronje omvleuel en baie van sy burgers gevange geneem het.[27)]

Die geveg het voortgeduur. Generaal Pole-Carew het nie versterking gekry nie en kon dus niks uitrig nie. Methuen het op verskillende plekke aan die geveg deelgeneem in plaas van om by sy hoofkwartiere te bly en daarvandaan die geveg behoorlik te lei. Ongeveer kwart voor vyf die middag is hy in sy sy gewond en het die bevel na generaal/.....

---

26). K.G.335(3): 29/11/99. (Telegram van genl. Cronje aan die regering).
K.G.335(7): 29/11/99. (Telegram van genl. Prinsloo aan die President.)
K.G.336(3): 5/11/99. (Telegram van genl. De la Rey aan die regering).
L.S.Amery, Vol.111, bls.353; J.C.G.Kemp, bls. 232.
27). (Ibid.) J.C.G.Kemp, bls. 232.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

generaal Colville oorgegaan.[28]

Die geveg het nog tot lank na sononder voortgeduur. Toe dit begin donker word, het daar aan beide kante groot onsekerheid oor die juiste toedrag van sake bestaan. Teen 8-uur die aand het Cronje sy offisiere vir 'n krygsraad bymekaar geroep om die toestand te bespreek. Aangesien die Vrystaatse burgers hulle posisies verlaat het en die Engelse dit in besit geneem het, is daar besluit om die posisies prys te gee en dieselfde aand nog in die rigting van Jacobsdal terug te val.[29]

Van hierdie besluit het die Engelse aanvoerder niks geweet nie. Colville het ook besluit om sy troepe die volgende môre terug te trek en dan opnuut weer aan te val. Een battaljon moes agterbly om die watertenk op te pas.[30]

Die terugtog van die Boere het om tienuur die aand begin. Die hele nag was hulle met die ontruiming van hulle posisies besig gewees. Hier vind ons 'n eienaardige situasie. Albei die vyandige magte besluit om vir mekaar terug te trek. Eers teen halfvyf die volgende môre het die Engelse uitgevind dat die Boere hulle stellings verlaat het. Die Engelse het die dag swaar verliese gely. Die Boereverliese was gering.[31]

Aan/.....

---

28). K.G.335(7): 29/11/99. (Telegram van Woodford, Bloemfontein, aan Woodlaffan, Pretoria); L.S.Amery, Vol.[illegible] bls. [illegible].

29). K.G.335(3): 29/11/99. (Telegram van genl. Cronje [illegible] vattende verslag van die geveg).

30). L.S.Amery, Vol.11, bls. 358.

31). L.S.Amery, Vol.11, bls. 359: Dood.70. gewond.[illegible]
Penning: 1, bls. 380. Engelse gedood en gewond: 1,500. Boere:40;
K.G.335(3): 29/11/99. (Telegram van genl.Cronje aan Staatspresident, Jacobsdal.) Hy gee 6 gedood en nie meer as 20 gewond nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Aan De la Rey kom die eer toe dat die vyand met sulke groot verliese teruggehou is, want hy het die Boere-posisies sorgvuldig en met oorleg gekies en boonop baie deeglik ingerig. Toe die oorwinning op sy naaste was, het die Vrystaters hulle posisies verlaat en die Boere-oorwinning verongeluk.[32] Vir De la Rey was dit 'n verskriklike teleurstelling om sy werk en vernuf so ineen te sien stort.

Dwarsdeur die dag is die Engelse teruggehou en teruggeslaan. Omdat sommige posisies deur die Vrystaters verlaat is,/....

---

32). L.S.Amery, Vol.11, bls. 358 en J.C.G.Kemp, bls. 233.
Die bewering dat die besluit van Cronje en die krysraad om die posisies te laat vaar en na Jacobsdal terug te val vir generaal De la Rey meer trane besorg het as die dood van sy oudste seun wat die aand teen sonsondergang ernstig gewond en later in die hospitaal te Jacobsdal oorlede is, is heeltemal onwaar. Dat dit vir De la Rey 'n groot terugslag was, is te verstane, want hy was vir dierdie nuwe taktiek wat die heeldag deur sulke uitstekende resultate afgewerp het, verantwoordelik.
Herinneringsaantekeninge van genl. De la Rey, bls.13. Hy skryf:
"Ik kon ook zien dat de troepen ook geheel uitgeput waren. Het gevecht was gedurende den dag vreeselijk. Ik was zelf verwonderd dat de burgers het dien dag zoo doorgestaan hadden. Ik had slechts 6 kanonnen en bommaxxims bij mij terwyl Lord Methuen 6 & 7 batteryen had.
Ik heb gedurende dien dag myn gewonden laten doorbrengen naar een huis dat tusschen de twee rivieren stond. Ongeveer twee uur dien dag werd ik getroffen door een stuk bom in myn rechter schouder. Myn zoon bleef gedurig by my terwyl ik op en neer langs het vechtterrein op en neer ging om de burgers aan te moedigen. Dien avond juist by het ondergaan van de zon kreeg myn zoon een doodslykeschot zynde hy getroffen door een bomkogel door de zyde. Ik moest hem maar op een stille plaats brengen en daar laten liggen totdat ik dien avond myne commandos kon terug laten gaan. Zoodra ik al myne burgers en kanonnen had uitgehaald ging ik om myn zoon te hale."
Om 8 uur die aand het hy sy seun na Jacobsdal se hospitaal geneem en eers na sy dood weer op 1 Desember na die kommando's teruggekom. Dat die terugtrek uit hulle posisies so verskriklik swaar was word nie gemeld nie, ook nie in sy offisiële verslag aan die regering nie. Daarin noem hy die werklike redes.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

is, het hy nie genoeg manskappe gehad om die posisies te behou nie. Die aand laat, na veertien ure van harde gevegte, was hy verplig om die posisies aan die Modderrivier te verlaat en verder terug te trek. Uit vertroubare bron het hy verneem dat hulle 'n groot slagting onder die geledere van die vyand aangerig het. Sy burgers het naby die Modderrivier, ongeveer twee uur te perd van Scholtznek, gelê.[33)]

Dat die posisies die aand verlaat moes word, nie omdat die krygsraad alleenlik so besluit het nie, maar omdat dit deur genoemde omstandighede veroorsaak is, is duidelik. Cronje het hier ook verstandig gehandel. Dit is te betwyfel of hy die volgende dag met sy, tot 'n mate gedemoraliseerde en moeë burgers daarin sou geslaag het om die aanvalle van die Britse troepe af te slaan. Omdat die Engelse reeds deur die rivier gegaan het en die dorpie Rosmead en die gedeelte onderkant die dam in besit gehad het, kon hulle nou maklik sy posisies van agter af met kanonvuur bestook het. Die gevaar om totaal omsingel te word was nie uitgesluit nie. Die Engelse magte kon nou ook agter langs om die Boere gewerk het en hulle van hulle basis te Jacobsdal afgesny het.

Cronje en sy krygsraad het verstandig gehandel. Die besetting van nuwe posisies was nie aan Cronje alleen te danke nie, maar is deur meerderheid van stemme bepaal. Hulle het nie die posisies laat vaar omdat hulle verslaan was nie. Hulle het dit gedoen om te verhoed dat hulle daar verslaan sou word. Cronje het nie as 'n verslane generaal teruggetrek nie, maar slegs om beter posisies in te neem en om die ongedissiplineerde burgers, veral die Vrystaters, beter te herorganiseer en tot hulle plig te roep.

33). K.G.336(3): 5/11/99. (Persoonlike verslag van die geveg te Modderrivier per telegram meegedeel deur De Lacey

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 13.

M A G E R S F O N T E I N.

Na die geveg by Modderrivier het Cronje sy magte in die rigting van Jacobsdal tot by Rolfontein teruggetrek waar al die offisiere bymekaar geroep is om die voorbereidingsplanne vir die volgende slag te bespreek.[1]

Die volgende dag het Cronje 'n telegram van president Kruger ontvang waarin hy sy teleurstelling te kenne gegee het dat die geveg nie volgens verwagtings afgeloop het nie. Hy vertrou egter dat Cronje so gou as moontlik goeie posisies sou inneem en self vir die leiding van die geveg verantwoordelik sou wees. Die vyand moes verslaan en die deurtog na Kimberley belet word.[2]

President Steyn was teleurgestel oor die swak gedrag van sy burgers. Hy het sy leed uitgespreek dat slegs duisend Vrystaters aan die geveg deelgeneem het terwyl die ander in hulle laers gebly het. Hy druk die burgers op die hart om gehoorsaam te wees aan die generaals en offisiere en spreek die hoop uit dat niemand elders as op sy plek in die volgende geveg gevind sou word nie. Op aandrang van president Kruger het president Steyn na die Modderrivier afgereis om 'n persoonlike besoek aan die laer van Cronje en die Vrystaatse burgers onder sy bevel te bring. Op 4 Desember het hy saam met Cronje die posisies te Scholtznek besigtig, 'n onderhoud met die generaals en offisiere gehad en die boodskap van president Kruger/.....

---

1). K.G.335(3): 29/II/99. (Telegram van genl. Cronje aan pres. Kruger).

2). Leyds-Archief:7II(I): 29/II/99. (Telegram van die regering aan genl.Cronje);
R.189I/99 in SS.24I0 :29/II/99. (Telegram van die Staatssekretaris aan genl. Cronje te Jacobsdal).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kruger aan die manskappe oorgebring.[3]

Die Boeremagte het stellings te Scholtznek ingeneem. Met hierdie posisies was De la Rey nie tevrede nie. Hy het aan president Steyn voorgestel om die posisies verder vorentoe te skuif tot by die voet van Magersfonteinrantjies, waar die Britse troepe verplig sou wees om oor die kaal, oop terrein aan te val.[4] Hiermee het die president hom vereenselwig en is daar nog dieselfde dag krygsraad gehou, bestaande uit agt lede, drie generaals en vyf kommandante, vier van elke Republiek om die krygsplanne verder te bespreek. Omdat die Britse mag nog stil by die brug gelê het, is eerstens besluit om die burgers van die nek te laat aftrek na die kant van die Modderrivier na 'n punt van die rantjie ten ooste van die spoorlyn waar die veld korter en beter was. Hierdeur sou duisend Vrystaters van die lynweggehoem kon word. Tweedens is besluit om generaal Prinsloo met duisend man na Rooilaagte terug te stuur om die spoorweg daar te verniel om sodoende die mag van die vyand te verdeel. Hulle het verwag dat die Engelse binnekort 'n aanval sou maak.[5]

Omdat die loopgrawe te Modderrivier so goed aan hulle doel beantwoord het, is te Magersfontein weer van hierdie krygstaktiek gebruik gemaak. Cronje het baie tyd gebruik om sy verdedigingstellings in gereedheid te bring. Die regering was bekommerd/.....

---

3). K.G.336(3): 5/I2/99. (Telegram van Staatspresident Jacobsdal aan Staatspresident Pretoria).

4). Herinneringsaantekeninge van genl. De la Rey, bls. I5; L.S.Amery: The Times History..., vol.III, bls.386.

5). K.G.336(2):5/I2/99. (Telegram van genl. Cronje aan Staatspresident, Pretoria); Leyds-Archief: 7I2(4): 5/I2/99. (Ibid.); Herinneringsaantekeninge van generaal De la Rey, bls.I5 en bls. I6.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bekommerd omdat Cronje nie dadelik tot 'n aanval oorgegaan het nie. Dit sou beter wees as hy die Engelse aanval, voordat hulle groot versterkings bygekry het.[6] Hy is gemaan om op sy hoede te wees en om hom goed voor te berei sodat dit die beslissende slag aan die wesfront kon wees. Om 'n algehele oorwinning te behaal, is dit noodsaaklik dat al die burgers aan die geveg sou deelneem. Aan hulle moes duidelik verstaanbaar gemaak word dat dit vir hulle volk se bestaan was waarvoor hulle geveg het; elkeen moes sy plig doen en daar moes steeds op God vertrou word.[7]

Maar Cronje het nie stilgesit nie. Hy was besig om hom vir die komende slag gereed te maak. By Spytfontein is sy mag baie versterk deur afdelings wat van Heilbron, Kroonstad en Bethlehemkommando's van Natal ontbied is. Afdelings van die Ficksburg- en Ladybrandkommando's wat tot dusver die Basotogrens bewaak het, het by hom kom aansluit. Vanuit die rigting van Kimberley het klein getalle van die Bloemhof-, Wolmaranstad- en Vrystaatse kommando's hom kom versterk. Dit het sy mag op ongeveer 8,000 man gebring.[8]

Teen 8 Desember het Cronje se manskappe 'n lyn ongeveer ses myl lank met groepe skutters op bepaalde plekke geokkupeer. Sy regtervleuel was goed teruggewerp en het gestrek van Langebergplaas tot by die spoorweg noord van Mertonhalte.

Dan/.....

---

6). T.B.1975/99 in SS.2410/ 6/12/99. (Telegram van Staatspresident, Pretoria, aan genl. Cronje, Hoofkaer, Modderrivier).

7). T.B.2017/99 in SS.2410: 8/12/99.(Ibid.).

8). L.S.Amery: The Times History..., Vol.III, bls.385; J.C.G.Kemp: Vir Vryheid en Reg, bls.242; A.T.Mahan: The Story of the War in South Africa, bls.163.

Hy gee die getalle foutiewelik as volg:-
Boere: 15,000.
Engelse: 11,000.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die slagveld by Magersfontein.

—(Foto uit Andriessen.)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dan was daar 'n gaping van ongeveer twee myl tussenin wat deur geïsoleerde groepies bewaak is. Dit het gestrek tot by die skanse van Magersfonteinrandjie wat ongeveer 4,000 tree in omvang was. Tot IO Desember is niks gedoen om die linkervleuel tussen Modderrivierstasie en Kimberley te versterk nie. Hierdi gedeelte van die stellings was so lank dat daar nie veel skuiling tot die môre van II Desember verskaf is nie en omdat die regtervleuel verder uitgestrek was, was die hele front amper twaalf myl lank, sodat net gedeeltes daarvan beset kon word.[9)]

Cronje het sy skanse baie effektief in gereedheid gebring en deur middel van gras, bossies en klippe het hy die uitgegrawe en opgehoopte grond so na as moontlik aan die natuurlike gesteldheid van die omgewing bedek. Nog nooit is die vyand in sdn onsekerheid aangaande die Boereposisies gebring nie. Hulle was wel bewus van die feit dat Cronje met verskansings besig was en alhoewel hulle verkenningspatrollies uitgestuur het, kon hulle nie korrekte informasie aangaande sy posisie inwin nie.[IO)]

Op 6 Desember het Methuen, nadat hy van sy wond herstel het, weer die opperbevel van Colville oorgeneem en dadelik sy mag by die Modderrivier gereorganiseer. Intussen is hy versterk deur die aankoms van Majoor-generaal Wauchope wat 'n aansienlik mag met hom saamgebring het. Die hele berede mag is onder bevel van generaal Babington geplaas terwyl kolonel C.W.H.Douglas vir Mainwaring as hoofstafoffisier vervang het. Dit het Methuen se getalsterkte op ongeveer I2,000/.....

---

9). Kol.W.H.H.Waters: The German Official Account of the War in South Africa, bls.89;
L.S.Amery, Vol.III, blse.387 -388; J.C.G.Kemp, bls.245.

IO). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

I2,000 manskappe gebring.[II)]

Met hierdie mag het Methuen teen Cronje opgetrek. Die aanval sou naby die spoorlyn geskied, want die Engelse kosvoorrade en ander benodighede sou per spoor aangestuur word en daarom kon hulle nie te ver van die spoorweg afwyk nie. Dit het Cronje geweet en sy posisie so gekies dat hy die Engelse die hoof kon bied. Methuen kon as gevolg van die skaarste aan water ook nie ten weste van die spoorlyn optrek nie. Hy moes so na as moontlik aan die rivier hou.[I2)]

Op 9 Desember het Cronje vroeg die môre uitgetrek. Daarna het die Engelse met 'n 4.7-duim-skeepskanon op die koppe van Magersfontein losgetrek, omdat die Boere volgens gewoonte altyd die hoogste posisies ingeneem het. Nadat hulle ongeveer twintig skote gevuur het, het hulle die bombardement gestaak omdat die Boere die kanonvuur nie beantwoord het nie en ook nie tevoorskyn gekom het nie. Dit het die Engelse opperbevelhebber nog meer in vertwyfeling gebring.[I3)] Vir generaal Cronje was dit nou baie duidelik dat die verwagte slag die volgende dag of die dag daarna sou plaasvind, want sy brandwagte het gerapporteer dat die Engelse in groot getalle in aantog was, so baie van hulle dat die vlaktes van hulle/.....

II). L.S.Amery: The Times History...,Vol.III,bls.386 en 389;
L.Creswicke: South Africa and The Transvaal War,Vol.II, bls.I7I.
Hy gee die Engelse mag :I4,000 en die Boere tussen I5,000 en I8,000;
Kol.W.H.H.Waters,bls. 9I:Hy gee die Engelse mag as II,000;
T.Mahan:The Story of the War in South Africa,bls.I63.

I2). Kol.W.H.H.Waters, bls. 9I.

I3). K.G.336(6): 9/I2/99 .(Telegram van Cronje, Hooflaer Modderrivier, aan die regering te Pretoria);
L.S.Amery,Vol.III, bls.393.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hulle kriool het.[14]

Die Engelse mag het reg op Cronje se stellings aangekom. Hy het hulle optog haarfyn dopgehou. Maar nog het sy burgers in die loopgrawe voor so stil as die graf hulle geheim bewaar. Om 3-uur die middag het die geveg begin.[15] Die Highland Brigade aan wie Methuen die nagtelike opmars toegesê het, het onder bevel van Wauchope na 'n hoogtetjie links van die Kimberleypad en ongeveer vier myl van die stasie opgetrek en dit in besit geneem. Hierdie plek is later Hoofkwartierkop genoem. 'n Rukkie later het die Black Watch links, die kavallerie regs en die Lansiers voor in oop geledere langs die oostelike front van Magersfontein na die rivier afgestap sonder om ernstig aan die geveg deel te neem.[16]

Teen 4.30 n.m. het die Engelse skeepskanôn, bygestaan deur 'n howitzerbattery en drie veldbatterye die wêreld bo en om Magersfonteinkoppe letterlik omgeploeg. Die bombardement was hewig, digte rookwolke het oor die rante gehang, stukke rotse het deur die lug gevlieg en die veld was met liddiete en skrapnel besaai. Om 6.30 n.m. het die bombardement opgehou omdat die Engelse oortuig was dat geen lewende wese dit daar sou kon uithou nie. Cronje was in sy skik met hierdie voorlopige geveg, want die plan van De la Rey/.....

---

14). K.G.336(6): 9/12/99. (Telegram van Cronje, Hooflaer, Modderrivier aan die regering te Pretoria).

15). K.G.336(7): 11/12/99. (Ibid);
Leyds-Archief:712(7): 11/12/99. (Telegram van Staatspresident, Bloemfontein, aan Staatspresident, Pretoria).

16). L.S.Amery, Vol.III, blse. 393 tot 394.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Roy om die manskappe aan die voet van die rant te te plaas, het uitstekend gewerk. Slegs drie burgers het in hierdie hewige bombardement die lewe verloor.[17)]

Laat die namiddag van dieselfde dag was Methuen klaar vir die slag. Die 9de Brigade wat hoofsaaklik as 'n reserwe mag moes optree, was taamlik opgebreek. Die North Lancashires is saam met die skeepsbrigade agtergelaat om die kamp te bewaak. Die Yorkshire Light Infantry was oor 'n afstand van drie myl verspreid gewees. Generaal Pole-Carew met die Northumberland Fusiliers en Northhamptons het reeds aan beide kante van die spoorlyn opgetrek. Hy moes die Boere se linkervleuel aanval. Die Guards het laat die namiddag hulle tente op die eiland gestryk, oor die rivier gegaan na Hoofkwartierkop om hulp te verleen waar dit verlang sou word. Die transport is tot op dieselfde plek gebring sodat dit die volgende dag verder vervoer kon word. Hier het die Highland Brigade, die kanonne en die grootste gedeelte van die kavalerie gewag totdat dit nag sou wees om dan stilletjies die Boerestellings aan te val. Die Highland Brigade het bevel gekry om net na middernag voorwaarts te beweeg.[18)]

Toe die skemerte van die aand oor die land toesak, het Cronje in alle haas van die laer te Brownsdrif na Magersfontein gehaas om die nodige bevele vir die op hande synde slag/.....

---

17). K.G.336(7): II/12/99. (Telegram van die laer, Modderrivier aan die regering te Pretoria);
Kol.W.E.H.Waters, bls.93; L.S.Amery, Vol.III, bls.394; Nico Hofmeyr: Zes Kommando's, bls.260; J.C.G. Kemp, bls.244.

18). L.Creswicke: South Africa and the Transvaal War, bls.173; L.S.Amery, Vol.III, blae.396 -397.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

slag uit te reik en om persoonlik toe te sien dat alles in orde is.[19]

Die generaal het die nag byna nooit geslaap nie. Gedurende die vorige dag was hy baie bedrywig. Eers het hy die pasbestookte koppe beklim, die uitwerking van die kanonvuur ondersoek en daarna in die skemerte die posisies van die Engelse gadegeslaan. Agter Hoofkwartierkop het die voetgangers, artillerie en kavallerie in verspreide orde uitgestrek. Toe dit reeds donker was, het hy nog 'n klomp perderuiters bemerk wat besig was om deur die Modderrivier te gaan.[20]

Dit was nou duidelik dat die slag nog dieselfde dag of vroeg die volgende môre sou plaasvind. Sonder versuim het Majoor Albrecht op bevel van Cronje van Jacobsdal vertrek. By sy aankoms is hy gelas om met die Jacobsdal- en Fauresmithkommando's na die linkeroewer van die Modderrivier te trek om die Engelse die volgende môre vandaar te beskiet.[21]

Daarvandaan het Cronje die ander posisies gaan besoek, bevele uitgereik en alles in gereedheid gehou. Sy posisies was teen hierdie tyd as volg saamgestel: Op die regtervleuel was 2,000 man van die Klerksdorpkommando onder aanvoering van sy broer, generaal Andries Cronje. Aan die voet van Magersfonteinrant, in die loopgrawe, het hy die Bloemfontein-, Hoopstad- en grootste gedeelte van die Potchefstroomkommando's 2,500 manskappe, geplaas. Die linkervleuel is gedek deur die kommando's/.....

---

19). L.S.Amery, Vol.III, bls.395; Kol.W.H.H.Waters, bls.93; J.C.G.Kemp, blse.244 en 245.

20). L.S.Amery, Vol.III, bls.394 en Kol.W.H.H.Waters, bls.94.

21). Ibid.; L.S.Amery, Vol.III, blse.395 - 396.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kommando's Ladybrand,Ficksburg,Senekal, Heilbron,Kroonstad, Lichtenburg,Wolmaranstad en Bloemhof, altesaam 4,000 man. Vir hierdie linkervleuel het generaal De la Rey die bevel gevoer, maar toe die geveg plaasgevind het, was hy te Kimberley waar hy sy vrou gaan ontmoet het. Aan die geveg van Magersfontein het hy nie deelgeneem nie en die sukses van die slag moet aan Cronje se krygsmanskap toegeskryf word.[22] Tussen die sentrum en die linkervleuel was 'n gaping van duisend tree waar die Skandinawiese korps onder veldkornet Flygare posisie ingeneem het.[23] Die grofgeskut wat Cronje tot sy beskikking gehad het, het bestaan uit vyf krupps en twee pompoms wat hy agter Magersfonteinkop opgestel het. Op die linkerflank het hy slegs twee pompoms gehad.[24]

Nadat Cronje al sy posisies geïnspekteer het en oortuig was dat alles vir die geveg gereed was, het hy sy offisiere te Magersfontein vir 'n kort samespreking bymekaar geroep. Sy laaste bevele het hy aan hulle uitgereik en daarna vir 'n paar uur op die grond gaan lê om 'n bietjie te rus.[25]

Die Boere in die loopgrawe was stil. Die brandwagte was op hulle pos. Net so stil het die Highland Brigade in die voornag gelê om die nagtelike aanval af te wag. Om half-een/.....

---

22). Herinneringsaantekeninge van generaal De la Rey, bls.17;L.S.Amery,Vol.III,bls.395;J.C.G.Kemp, bls.245.

23). K.G.336(8): I2/I2/99.(Telegram van Dr. Rykers, Hooflaer,Modderrivier, aan die regering te Pret.); L.S.Amery,Vol.III,bls.396.

24). L.S.Amery,Vol.III,blse.395 en396; J.C.G.Kemp,bls.245; Nico Hofmeyr: Zes Maanden....,bls.261. Hy gee die getalle as volg:2 Vrystaatse en I Transvaalse krupps, twee pompoms en een handmeksim.

25). Kol.W.H.H.Waters, bls.95.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

een het hulle die tog begin. Majoor-generaal A.G. Wauchope het die bevel gevoer terwyl majoor Benson die weg aangewys het. Wauchope het sy manskappe in dig geslote geleder laat aanstap sodat hulle in die donker nag en oor die onbekende terrein nie van mekaar kon afdwaal nie. Die aand het dit begin reën en teen middernag het 'n vreeslike stortbui losgebars. Die grond was nat en modderig. Dit was koud en die opmars het stadig gevorder. Die Black Watch het gelei, dan het die Seaforths, Argylls en die Light Infantry in volgorde agtermekaar gekom. Die brigade moes tot by die uiterste kop marsjeer, daar in verskillende rigtings uitsprei en posisie inneem. Hulle moes tot dagbreek stille en dan op die Boeremag afstorm. Van die loopgrawe wat ongeveer 200 tree voor die kop verbygeloop het, het hulle niks geweet nie.[26)]

Hulle moes 'n afstand van ongeveer 2½ myl dek om hulle doel te bereik. Teen halfvier die môre het hulle op 'n punt aangekom waarvandaan hulle die kop kon sien. Wauchope het sy bevele uitgereik. Die hele brigade het vir 'n paar oomblikke tot stilstand gekom om die bevele aan te hoor. Die Black Watch sou reguit aanstap terwyl die res van die brigade na weerskante sou uitsprei. Maar die Boere in die loopgrawe het vir hulle gewag. Op die moment toe die hele brigade op die punt gestaan het om die bevele uit te voer, het die Boere van voor, regs en links gelyktydig vuur geopen. Die koeëls/.....

---

26). K.G.336(7): II/I2/99. (Telegram van Telegrafis, Hoofleer, Modderrivier, aan die Staatspresident Pretoria);
L. Creswicke, bls. I73; L.S. Amery, Vol. III, blse. 397 tot 399; J.C.G. Kemp, blse. 245 - 247; A.T. Mahan, blse. I65 - I66.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

koëls het die digopmekaarstaande Skotte by hope afgemaai. Die Black Watch voor het swa r gely.Vreesbevang en met paniek vervul het hulle vinnig tot by die agterste gedeelte van die brigade teruggehardloop.Algehele verwarring het nou ontstaan. Sommige van die Skotte het tussen die loopgrawe ingeloop. Die dappere generaal Wauchope het digby die loopgrawe gesneuwel.[27)]

Na sy dood het die bevel na Kolonel Hughes-Hallett oorgegaan. Baie Skotte het platgeval en agter bossies, miershope en ander skuilplekke veiligheid gesoek.Solank as hulle stilgelê het, en nie deur die skutters in die loopgrawe opgemerk is nie, was hulle veilig.Vir die grootste gedeelte van die dag het hulle so bly lê en baie erg in die hitte van die son gely.[28)]

Kolonel Hughes-Hallett het daarin geslaag om 'n aantal Seaforths na regs te beveel. Ongeveer honderd van hulle het by 'n oop plek tussen die loopgrawe deurgegaan en probeer om die boere van agter aan te val.Hulle was net besig om die oostelike kant van die kop te beklim toe hulle hulleself teen generaal Cronje en 'n paar van sy adjudante vasloop. Om eenuur het Cronje en sy adjudante opgestaan om nogeens al die posisies te besigtig en seker te maak dat die burgers op hulle hoede is. Cronje het sy manskappe beveel om te skiet. Voordat die Skotte tot verhaal kon kom, het 'n hele aantal reeds gesneuwel/.....

---

27). K.G.336(7): II/I2/99. (Telegram van telegrafis d Toit, Scholtznek, aan die Staatspresident Pretoria);
L.Creswicke, blse.I74 en I75; L.S.Amery,Vol.III, blse 400 en 40I; J.C.G.Kemp,blse.246 en 247.

28). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sneuwel. Ongeveer veertig van hulle het ontsnap maar is later almal gevange geneem.[29]

Om twintig minute oor vier in die môre het die Engelse hulle grofgeskut in werking gebring. Die skeepskanon en die howitzers het die berg daarvoor hulle en die gevegsterrein met liddiete besaai.[30]

Met sonsopgang het die Skotte oor 'n distansie van byna drie myl voor die Boereloopgrawe gelê. Die geringste beweging het die dood gebring. Blootgestel aan die hitte van die son, honger en dors het hulle die dag swaar gely.[31] Die Seaforths het daarin geslaag om onder die dekking van hulle grofgeskut voorwaarts te beweeg totdat hulle die Skandinawiese Korps omsingel en totaal uitgeroei het.[32]

Teen sesuur die môre het kolonel Hall die I8 de Battery na 'n punt ongeveer I370 tree van die loopgrawe links van die Kimberley-pad opgestel. Teen sewe-uur is dit deur die 62 ste battery versterk en so het dit die hele dag gebly. Hierdie battery het met kort tussenposes tot laat die middag/.....

---

29). K.G.336(7): II/I2/99.(Telegram van die Staatspresident O.V.S. aan die Staatspresident, Pretoria).Hierin word die aantal gevangenes as 4I aangegee.
K.G.336(7):II/I2/99.(Telegram van telegrafis du Toit Scholtznek, aan Staatspresident, Pretoria). Hy gee die getalle 40 soos genl.Cronje dit aan hom meegedeel het.
Leyds-Archief:7I2(7):II/I2/99.(Telegrafis,Modderrivier, aan die regering te Pret.).
Die getal hierin genoem,is 4I.
30). Leyds-Archief:7I2(8):II/I2/99.(Telegram van Staatspres. Bloemfontein aan Staatspres.Pretoria).
3I). K.G.336(7): II/I2/99.(Telegram van telegrafis Scholtznek aan Staatspres.Pret.).
32). K.G.336(8): I2/I2/99.(Telegram van Dr.Rykers aan die regering te Pretoria);
K.G.336(7): II/I2/99.(Telegram van die telegrafis, Scholtznek aan die Staatspres. Pretoria).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

middag die bombardement onderhou.[33)]

Op die regtervleuel is die opmars van die 9 de Lansiers gou gestuit. Links het Babington eers 'n battery en perdeartillerie onder majoor Bannatine-Allason gestuur om die Seaforths te ondersteun. Maar kort na vyfuur in die môre het hy bemerk dat die Boere gedreig het om 'n nuwe aanval op Hughes-Hallett se regterflank te maak. Hy het dadelik die I2 de Lansiers en berede infanterie onder Lord Airlie en majoor Milton in die gevegslinie regs van die Highland Brigade gewerp. Op die manier het hy daarin geslaag om die Boere teë te hou.[34)]

Om 9 uur die môre het kolonel Barter met vyf afdelings van die Yorkshire Light Infantry langs die rivier op tot by 'n plek, Voetpadsdrif genoem, gegaan. Hier het hy drie afdelings agtergelaat. Hulle het verskeie kere probeer om die Boere uit hulle stellings uit te dryf, maar sonder sukses.[35)]

Lord Methuen het alles in die werk gestel om sy posisies tot die aand te hou. Hy het van die onderstelling uitgegaan dat as hy daarin sou slaag, dit dieselfde uitwerking as by Modderrivier sou hê. Dit sou die Boere demoraliseer en hulle/.....

---

33). K.G.336(7):II/I2/99.(Telegram van Hooflaer, Modderrivier, aan die regering);
Leyds-Archief:7I2(7):II/I2/99.(Telegram van die Staatspres. O.V.S. aan die Staatspres. Pretoria);
K.G.336(7):II/I2/99.(Telegram van telegrafis du Toit, Scholtznek aan die Staatspres.Pretoria);
K.G.336(8):I2/I2/99.(Telegram van genl.Cronje aan die Staatspresident ,Pretoria).

34). L.S.Amery,Vol.III,bls.406.

35). K.G.336(7):II/I2/99.(Telegram van Staatspres. O.V.S. aan die Staatspres.Pretoria);
L.S.Amery,Vol.III, bls.408.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hulle sou weer die nag hulle posisies in die steek laat. Eers na elfuur stuur hy ses afdelings Gordons onder aanvoering van kolonel Downman om die Highland Brigade te ondersteun. Hulle het die Boereposisies stormgeloop maar is met groot verliese teruggeslaan.[36)]

Die Engelse het 'n ballon gebruik om die Boereposisies vanuit die lug te beskou. Die perde is agter die kop opgemerk. Daarom is verskeie skote met die kanon in hierdie rigting afgevuur.[37)] Die uitwerking was sonder sukses.

Om halftwee die middag het Methuen probeer om die Boere se linkervleuel om te trek. Cronje wat gedurende die hele dag baie bedrywig was, het vroegtydig hierdie gevaar ingesien en 'n afdeling Vrystaters gestuur om die Engelse terug te skiet. Die Ficksburgers het hulle knap gedra, die grootste gevaar van die dag afgeweer en hulle swak gedrag te Modderrivier uitgewis.[38)]

Direk hierna het die Boere 'n hewige vuur vanuit die loopgrawe geopen. Die Gordon Highlanders en die Skotse Brigade het die loop geneem met die Argylls, Sutherlands, Seaforths en Black Watch agterna. Hulle het so vinnig as moontlik geretireer/.....

---

36). K.G.336(7): II/I2/99.(Telegram van die Staatspres. O.V.S. aan die Staatspres. Pretoria);
Herinneringsaantekeninge van genl. De la Rey, bls. I6 en I7.

37). K.G.336(7): II/I2/99.(Telegram van Hooflaer, Modderriv., aan die regering, Pretoria).

38). Leyds-Archief: 7I2(9): I2/I2/99.(Telegram van Staatspres. O.V.S. bevattende telegram van Kaptein Fichardt oor die geveg, aan Staatspres. Pretoria);
Herinneringsaantekeninge van genl. De Rey, blse. I6 en I7;
J.C.G. Kemp, bls. 249.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

retireer om die beskerming van die kanonne op te soek. In hierdie haastige terugval het die Boere baie van hulle afgemaai. Die oorgeblewe troepe het in verspreide orde oor die veld agter bossies, klippe en ander skuilplekke gelê. Hughes-Hallett het sy bes probeer om die terugtog te belet en om daarna sy mag te herorganiseer, maar die Highland Brigade was 'n komplete wrak.[39]

Behalwe die pompoms wat gedurende die dag bedrywig was, het die Boerekanonne geswyg.[40] Omstreeks 4-uur die middag het hulle vanaf die kop begin skiet. Toe die eerste paar bomme oor die Highland Brigade bars, het hulle opgespring en vir 'n tweede keer die dag op die vlug geslaan. Maar nou was hulle heeltemal ontsenu en totaal gedemoraliseer. Die offisiere het probeer om hulle te keer, maar hulle kon niks uitrig nie. Die hele brigade het uitmekaar gespat en totaal weggehardloop. Eers laat die aand is klein groepies soldate bymekaargemaak en is hulle weer georganiseer.[41]

Na vieruur die middag het die gevg opgehou. Die Engelse was totaal verslaan. Baie troepe het van moegheid op die grond gaan lê en aan die slaap geraak. 'n Tweede aanval was buite die kwessie; tog is die troepe beveel om nie hulle posisies/.....

---

39). K.G.336(7):II/I2/99.(Telegram van telegrafis, Schutznek, aan die president, Pretoria);
K.G.336(8): I2/I2/99.(Telegram van genl. Cronje aan die regering te Pretoria);
Herinneringsaantekeninge van genl. De la Rey, blse. I6 en I7.

40). Leyds-Archief: 7I2(7):II/I2/99.(Telegram van die Staatspresident, O.V.S., aan die pres., Pretoria). Hy deel mee dat kanonne en meksims aanhoudend skiet teen 9 uur. Dit is nie juis nie. Net die pompoms op die linkervleuel en agetr het gewerk. Cronje het dit blykbaar nie nodig geag om die möre met kanonne te skiet nie, omdat die Engelse wydverspreid oor die veld gelê het.
L.S.Amery, Vol.III, bls. 4I2; Nico Hofmeyer, bls. 26I.
Hy beweer dat hulle teen 5 uur se kant begin skiet het.

4I). L.S.Amery, Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

posisie te verlaat nie. In die loopgrawe het die Boere gerus gewag om die Britse troepe weer die hoof te bied. Die nag het stil verbygegaan.[42]

Die volgende dag is die geveg nie hervat nie. Slegs 'n paar kanonskote is heen en weer gewissel.[43] Teen dagbreek het generaal Colville Methuen sê bevele gevra. 'n Uur later is krygsraad gehou. Dit is besluit om na die ou kamp te Modderrivier terug te trek.[44]

Die verslane Engelse mag het gedurende die dag van 12 Desember na Modderrivier teruggetrek. Die Engelse het groot verliese gely; 971 man is buite die geveg gestel. Hiervan was 23 offisiere en 182 manskappe gedood, 45 offisiere en 645 manskappe gewond en 76 vermis of gevangegeneem. Aan Boerekant is 250 man, dood en gewond, verloor.[45]

Cronje het 'n skitterende oorwinning behaal. Met die slag van Magersfontein het hy sy hoogtepunt bereik. Maar oor hierdie groot oorwinning het hy en sy manskappe hulle nie verheug nie. By die aanskouing van die moordtoneel waar die menigte lyke soos koringgerwe op 'n afgeoeste land oor die veld/.....

---

42). K.G.336(9):13/12/99.(Telegram van genl.Cronje aan die regering te Pretoria); L.S.Amery,Vol.III,bls.413.

43). K.G.336(9): 13/12/99.(Telegram van genl.Cronje aan die Staatspres. Pretoria).

44). L.S.Amery,Vol.III,bls. 414.

45). K.G.336(8): 12/12/99.(Ibid.). Hy beweer dat daar ongeveer 2,000 Engelse gesneuwel het, maar dit is omdat hy geoordeel het na die soldate wat in digte formasie geval het; Herinneringsaantekeninge van genl.De la Rey,blse.16 en 17. Die getalle word ook na gissing soos deur Cronje gegee.; L.S.Amery,Vol.III,bls 413; J.C.G.Kemp,bls.250.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

veld verbleed gelê het, het Cronje aan die regering getelegrafeer dat die burgers stil en nie vrolik is na die verskriklike slagting wat hulle onder die Engelse aangebring het nie. Hulle is vasbeslote om hulle posisies te behou.[46]

President Kruger was baie in sy skik met hierdie roemryke oorwinning en het dadelik 'n telegram van gelukwensing aan generaal Cronje en sy manskappe gestuur.[47]

Omdat Cronje die vyand nie direk aangeval het nie, maar goeie verdedigingsstellings ingenoem en die vyand ingewag het, is hy as 'n swak generaal uitgemaak. By Magersfontein het hierdie taktiek van hom die regte uitwerking gehad. As hy hom met sy swak toegerustheid mag in 'n oop slag teen Methuen gewaag het, sou hy ongetwyfeld die onderspit gedelf [illegible] daardeur ook baie menselewes opgeoffer het. Sy sterkte het juis in die verdediging gelê en as gevolg van sy uitstekende strategiese posisie en deeglike voorbereidings, het hy nie alleen die slagveld behou nie maar die militêre prestige van Engeland 'n gevoelige slag toegedien.

Die nuus van Magersfontein is in Engeland met groot teleurstelling ontvang. Dat 13,000 Britse troepe oor die oop veld met 'n verlies van byna duisend manskappe verslaan is, was vir die Britse publiek 'n te in die ooglopende vernedering. In Skotland het die verontwaardiging nog hoër geloop. Die dood van generaal Wauchope is nie net as 'n lands- maar ook as 'n persoonlike verlies gevoel.[48]

---

46). K.G.336(9):13/12/99.(Telegram van genl.Cronje aan die Staatspresident,Pretoria).
47). Leyds-Archief:712:12/12/99.(Telegram van die Staatspresident,Pretoria,aan genl.Cronje,Hoofkwartier Modderrivier);
T.B.2037/99 in SS.2410:12/12/99.(Ibid.).
48). L.S.Amery,Vol.III,bls.419.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 14.

NA MAGERSFONTEIN.

Na die slag van Magersfontein het generaal Cronje 'n negatiewe taktiek gevolg. Hy het die Engelse mag toegelaat om na die Modderrivier terug te trek sonder om hulle van agter aan te val en verder te verslaan. Methuen se opmars na Kimberley is gestuit en daarmee was Cronje voorlopig tevrede. Sy stellings wou hy nie prys gee voordat Methuen heeltemal van sy plan om Kimberley te ontset, afgesien het nie.[1)]

Die regering het ook nie ferm teen die vyand opgetree nie. Na die oorwinnings van Magersfontein, Colenso en Stormberg het president Kruger die 17de Desember as 'n algemene dankdag verklaar. 'n Soort wapenstilstand het tot stand gekom. Van hierdie geleentheid het die Engelse gebruik gemaak om hulle geledere weer in orde te kry, versterkings en proviand aan te voer en hulle vir die volgende slag voor te berei.[2)]

Dit het voorgekom asof die Britse troepe nie weer sou probeer om na Kimberley deur te breek nie omdat hulle te veel verliese gely het. Cronje word nietemin gewaarsku om op sy hoede te wees, want dit kon ook wees dat die Engelse hom gerus wou maak om met nuwe versterkings van agteraf 'n hernude poging te maak. Om Methuen se voorwaartse beweging te belet, moes Cronje 'n flukse kommandant met 1,500 man agter om sy hooflaer stuur om spoorlyne op te breek/.....

---

1). Dr.C.J.Scheepers Strydom: Kaapland en die Tweede Vryheidsoorlog, blse. 88 en 89.

2). K.G.337(2). 15/12/99. (Telegram van Staatsekretaris aan alle Landdroste en Magasymeesters.)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

te breek en treine stukkend te skiet.[3]

Cronje het nie dadelik aan hierdie opdrag gehoor gegee nie, maar minder belangrike skermutselings met die vyand onderhou.[4] Methuen het gedurende die geveg te Magersfontein baie van die Rooikruis misbruik gemaak. Cronje het hom per brief laat verstaan dat as dit weer sou gebeur die burgers gelas sou word om op sy ambulanswaens te skiet.[5]

Die regering was egter begerig om te hoor wat van Cronje se plan geword het om die vyand van agter om te trek, hulle vervoer deur die opbreek van spoorlyne te ontwrig en om hulle op die manier tot 'n frontaanval uit te lok.[6] Maar hy het weer 'n verskoning vir sy versuim gevind. As hy die burgers uit hulle posisies neem, sou hy sy stellings daardeur verswak en kon die vyand miskien deurbreek. Met die opbreek van die spoorlyn sou hy wag totdat die vyand verslaan is of totdat hulp vanuit die Vrystaat opgedaag het.[7]

Omdat sy grofgeskut baie swak was, het Cronje die regering/.....

---

3). Leyds-Archief:713: 18/12/99. (Telegram van die regering aan genl. Cronje, Hooflaer, Modderrivier).

4). K.G.337(3): 16/12/99. (Telegram van genl. Cronje aan Staatspres. Bloemfontein.); Hy telegrafeer dat die vyand die môre uitgetrek het en vir 1½ uur lank hulle laer met grofgeskut beskiet het. Toe hy 'n kruppkanon op hulle rig, het hulle gou geretireer.

5). K.G.337(5): 21/12/99. (Telegram van genl. Cronje aan Staatspres. O.V.S. hergetelegrafeer aan Staatspres. Pretoria.)

6). K.G.337(8): 28/12/99. (Telegram van Staatspres. Pretoria aan genl. Cronje.).

7). K.G.337(8): 29/12/99. (Telegram van genl. Cronje aan Staatspres. Pretoria).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

regering versoek om vir hom die groot Franse kanon uit Natal aan te stuur.[8]

Cronje met sy hele mag het stilgesit en vir die Engelse gewag om hulle aan te val. Generaals De la Rey en De Wet[9] was teen hierdie stilsit-en niksdoen-taktiek van Cronje gekant. Hulle het hom versoek om hulle met 'n aantal manskappe uit te stuur om die spoorlyne agter die Engelse se hoofkwartiere op te breek. Op 3 Januarie het Cronje hulle met 300 manskappe vir die doel afgesonder. Hulle het hulle aanval op die gedeelte van die spoorlyn tussen Heuningneskloof en Modderrivierstasie toegespits. Omdat hulle opdrag gehad het om die werk in een nag te voltooi, kon hulle nie veel skade aanrig nie.[10]

Intussen het generaal French met 'n groot troepemag te Golesberg aangekom. Die regering het dit wenslik geag om De la Rey met duisend man daarheen te stuur om die Boeremagte te versterk. Hierteen het Cronje hom verset want hy was van opinie dat die manskappe te laat daar sou aankom. Sy mag te Magersfontein sou ook verswak word.[11]

Cronje was nietemin verplig om die bevele uit te voer. Dit was ook noodsaaklik om hom daarop te wys dat dit onwenslik/.....

---

8). K.G.337(8): 31/12/99. (Telegram van genl. Cronje aan Staatsekretaris, Pretoria).
9). Hy het genl. Prinsloo wat weens sy swak optrede afgedank is, vervang as opperbevelhebber oor die Vrystaters onder Cronje.
10). Herinneringsaantekeninge van genl. De la Rey, bls 21.
11). K.G.338(3): 6/1/1900. (Telegram van genl. Cronje aan Staatspres. Pretoria); Herinneringsaantekeninge van Genl. De la Rey, bls. 21.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

onwenslik was dat die groot kanon na hom gestuur sou word. Omdat dit so moeilik verskuiftaar was, kon dit nie maklik in 'n oop geveg gebruik word nie. Die kanon was vir beleëringsdoeleindes geskik en moes na Kimberley geneem word. Daar kon dit effektief gebruik word en die Engelse miskien verplig om oor te gee.[12] Cronje moes teen sy sin vir generaal De la Rey met 1,500 man na Colesberg stuur. Op 6 Januarie het hy en sy manskappe vertrek.[13]

En generaal Cronje? Sy Magersfonteinstellings het hy nog beset. Daar het hy steeds gewag. Sy hooflaer was skaars 300 tree van die rivier geleë. Dit was 'n reusagtige kamp, die grootste wat gedurende die oorlog by enige gevegslinie aan Boerekant gebruik is. Die waens was in die vorm van 'n driehoek getrek met openinge of poorte by elke hoek waar die burgers in en uit kon gaan. Binne in die laer was drie veldsmederye daagliks druk besig om perde te beslaan. Twee groot bakoonde is in die rivierwal gemaak waarin die brood elke dag vir die burgers gebak is. In die middel van die laer het Cronje en sy eggenote in 'n groot ronde tent gewoon.[14]

By die tyd was daar ook 'n aansienlike aantal vrouens en kinders in die laer. Sommige van hulle was vluchtelinge uit Grikwaland-wes, maar die meeste was vrouens wat hulle/.....

---

12). K.G.338(3): 6/1/1900. (Telegram van genl. Cronje aan Staatspres. Pretoria).
13). Herinneringsaantekeninge van Genl. De la Rey, bls. 22.
14). Nico Hofmeyr: Zes Maanden bij de Commando's, bls. 246; D.V.S., 7 Febr. 1911; Herinneringen, 1 November 1913. Genl. Cronje se eggenote was vanaf die uitbreek van die oorlog altyd by hom in die laer, want die dag toe hy na die westfront vertrek het, het hy haar gevra of sy in hulle huis te Pretoria wou agterbly of op die plaas. Daarvoor was sy egter nie bereid nie. Met oortuiging het sy geantwoord: "Ik wil op g'n een van die twee plekke blij nie. Uw volk is mijn volk, Uw zaak is mijn zaak, en Uw God is mijn God, en waarheen jij ook gaat om te vechte te verdedig, daarheen gaat ik ook."
O.T.de Villiers: Met De Wet en Steyn in het veld, bls. 21.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hulle mans en bloedverwante kom besoek het en toe sommer in die leër gebly het.[15)]

Cronje kon op hierdie stadium die gevolge van sy negatiewe houding en die periode van verslapping en disorganisering wat daar onder sy gelederp deur hierdie rustige laerlewe ingesluip het, nie raaksien nie. In hierdie dae was hy die grootste figuur op die oewers van die Modderrivier. Sy reputasie het 'n hoogtepunt bereik. Magersfontein het die kroon op sy roem geplaas. Tot sover was daar niemand anders wat met hom vergelyk kon word nie. De Wet, wat eers na die slag van Magersfontein gestuur is om die bevel oor die Vrystaters onder Cronje oor te neem, het nog nie 'n kans gehad om sy buitengewone krygstaktiek voor die dag te bring nie. Genl. De la Rey het hom reeds laat ken as 'n aanvoerder wat die naam werd was, maar ook hy kon op die tydstip nie met Cronje vergelyk word nie. Generaal Louis Botha het na die slag van Colenso begin uitblink, maar die burgers aan die wesfront het hom nie geken nie. Vir hulle was Cronje die beste generaal en die held by uitnemendheid. Wat president Kruger vir hulle op politieke gebied was, dit was Cronje vir die burgers in die algemeen op krygskundige terrein. Sy geloof, selfvertroue en persoonlike dapperheid het die bangste onder sy burgers met moed besiel.[16)]

In die alledaagse lewe was sy geaardheid sag en vriendelik/.....

---

15). Nico Hofmeyr: Zes Maanden bij de Commando's, bls. 245. Mnr. Hofmeyr is by die uitbreek van die oorlog deur die Uitvoerende Raad as offisiële geskiedskrywer van die oorlog aangestel. Hy het die verskillende gevegsfronte persoonlik besoek en sy ervarings neergeskryf. O.T. de Villiers: Met de Wet en Steyn in het Veld, bls. [illegible].

16). D.V.S., 7 Februarie 1911; Nico Hofmeyr, bls. 246.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vriendelik, maar gedurende die oorlog was hy streng. Hy het geen ongehoorsaamheid geduld nie. Alles moes na sy sin geskied. Teenstand en kritiek het hy nie verduur nie.[17] Geen Boeregeneraal was so gevrees soos hy nie. Hy het sonder vrees of guns geheers, geen mens het hy ontsien nie. Hy alleen was baas.[18]

Baie van sy invloed en mag moet aan sy innige godsdienstigheid en sy kinderlike vroomheid toegeskryf word. Saans, as die skemerte oor die laer ~~toesak~~ ., het die burgers gewoonlik voor sy tent vir die aandgodsdiens versamel. As daar by die geleentheid 'n leraar teenwoordig was, het hy die godsdienseoefening waargeneem. Hierna het die generaal self sy kragtige, helder en deurdringende stem in die gebed verhef. By afwesigheid van 'n predikant het hy self die aandgodsdiens gelei en kon 'n mens verweg die stemme hoor as hulle een van die mooi psalms of gesange sing.[19]

Maar hierdie eentonige lewe in die laer het vir baie burgers ondraaglik geword. Die leeglê en niksdoen het hulle verveel, sodat baie van hulle gedurende hierdie tyd die laer verlaat het. So is die getalsterkte daagliks verswak. Die nuwe Engelse Opperbevelhebber, Lord Roberts het/.....

---

17). Nico Hofmeyr: Zes Maanden bij de Commando's, bls. 247. Genl. Cronje het eendag met een van sy burgers geargumenteer en kort-kort het die persoon die woord "maar" gebruik. Cronje het vererg geantwoord: "Ik hou niet van het woord "maar". Ik wil geen "maar" hebben". Jij moet tegen mij niet "maar zeggen".

18). D.V.S., 7 Febr. 1911; Nico Hofmeyr, bls. 248; O.T. de Villiers, bls. 14.

19). Hofmeyr, Nico, blse. 248 en 249.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het by sy aankoms in Suid-Afrika in Januarie 1900 aan sy generaals opdrag gegee om die Boere slegs besig te hou sodat hy tyd kon won om 'n beslissende slag te slaan.[20] Om die rede het Methuen nie 'n georganiseerde slag teen Cronje probeer nie en tydelik van sy plan om deur te breek en Kimberley te ontset, afgesien. Hy het Cronje met 'n reeks minder belangrike geveggies besig gehou.[21] Dat Methuen besig was om tyd te wen en om sy mag te herorganiseer, kon Cronje nie insien nie. Hy het gedink dat sy stellings oninneembaar is en dat Methuen dit nie sou waag om 'n frontaanval te maak nie. 'n Flankaanval was ook buite die kwessie, want die Britse troepe sou dit nie waag om ver van die spoorweg op te trek nie. Die enigste plek waar hulle moontlik kon deurbreek, was by Koedoesberg; daarom het Cronje kommandant Visser van Kimberley beveel om met 200 man daarheen te gaan om die plek te beset.[22]

Teen die end van Januarie het Cronje nog steeds gewag. Omdat Methuen nog ook 'n afwagtende houding ingeneem het, het Cronje gedink dat die tyd nou aangebreek het om die Boere in die noordelike Kaapkolonie tot opstand aan te hits.[23] Op 26 Januarie het hy die heer Steenkamp, 'n Kaapse rebel, en kommandant Liebenberg, 'n Kenhardt-rebel, met 200 burgers en twee kanonne gestuur om 'n inval in die Kaapkolonie/.....

---

20). L.S.Amery, Vol.III, bls. 344.

21). K.G.339. 16/1/1900. (Telegram van genl. Cronje, Scholtznek aan die regering, Pretoria). Hy rapporteer dat die Engelse verskillende klein geveggies teen hom onderhou het.

22). K.G.338(6): 12/1/1900. (Telegram van genl. Cronje, Modderrivier aan Komdt. Visser, De la Reyslager, Waterwerken).

23). SS.Afd. Kabinet. 65/1900. 16 Jan. 1900. (Brief van Staatsekretaris F.W.Reitz aan genl. Cronje.) Die heer Steenkamp het onderneem om met 'n kommando langs die Oranjerivier na Upington te gaan met die doel om die Kaapkolonie in te val. Hy hoop om van ses na tienduisend man bymekaar te kry en dan die Engelse suid van De Aar aan te val.
Leyds-Archief:713, 16 Jan. 1900. (Ibid.)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kaapkolonie te maak. Hierdie kommando het tot by Vetberg, 20 myl van Belmont, gevorder maar kon Prieska nie bereik nie omdat die dorp op 27 Januarie deur die Engelse ingeneem is.[24)]

Lord Roberts was intussen met sy stafhoof Lord Kitchener van Kaapstad na Modderrivier met 'n tweërlei doel op weg: Om Kimberley te ontset en om Cronje met sy hele mag te omsingel en gevange te neem. Toe hy van die voorgenome inval in die Kolonie gehoor het, het hy dadelik 'n plan uitgedink om Cronje te misleì. Hy het 'n aanval op die Boere se regterflank gemik sodat dit gelyk het asof hy met sy hoofmag links van Magersfontein wou verbytrek. Om hierdie doel te bereik en om die inval in die Kolonie te belet, het hy Methuen getelegrafeer om generaal MacDonald langs die Rietrivier op na Koedoesbergdrif, omtrent 20 myl wes van Modderrivier, te stuur om die Boere daarheen te lok. Met die Highland Brigade, twee afdelings van die 9de Lancers, die 62ste veldbattery en sewe kompanies Royal Engineers het hy vertrek en op 4 Februarie om tweeuur die middag daar aangekom.[25)] Eers laat die middag, nadat MacDonald reeds vertrek het, het Cronje die berig ontvang. Generaal De Wet is gestuur om die Britse troepe te keer. MacDonald het by sy aankoms met 'n aantal Boere, wat vroeër die posisies beset het, slaags geraak. Die Boere het daarin geslaag om hom die rand in te dryf en van die water af weg/.....

---

24). L.S.Amery, Vol.111, bls. 360. Dit was die tweede keer dat die dorp deur die Engelse ingeneem is.

25). K.G.340: 6/2/1900. (Telegram van Komdt. P.Fourie aan Staatspresident, Bloemfontein); L.S.Amery, Vol.111, blse. 360 en 361.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

weg te hou.[26]

Die volgende dag is die geveg hervat. Die burgers het 'n hele end voorwaarts gevorder.[27] De Wet se manskappe het tot digby die Engelse skanse gekom. Die Engelse het ses kanonne teenoor een kruppkanon van Majoor Albrecht in die geveg gebruik. Alhoewel die geveg hewig was, het daar slegs drie Boere gesneuwel en is drie gewond.[28] MacDonald het na Methuen om versterking gestuur. Babington het met 'n berede mag hom te hulp gekom.[29] Cronje het die president getelegrafeer dat die Boere hulle posisies behou alhoewel die Engelse gedurig versterking toegestuur word. Omdat sy hoofmag so naby die Engelse was, was dit vir hom onmoontlik om versterking na De Wet te stuur.[30]

Hierdie berig het die regering ontstel. Cronje moes nie wag totdat dit te laat is nie. Hy moes dadelik versterking stuur, want sy stellings te Magersfontein was sterk. Die vyand moes belet word om na Kimberley deur te gaan.[31] Aan hierdie opdrag is uitvoering gegee en De Wet het daarin geslaag om die Engelse terug te slaan.[32] Hy kon hulle egter/.....

---

26). K.G.340: 6/2/1900. (Telegram van Komdt. Fourie aan die Staatspres. Bloemfontein).
27). K.G.340: 7/2/1900. (Telegram van genl. De Wet aan die Regering).
28). K.G.340: 7/2/1900. (Telegram van Genl. De Wet aan Staatspres. Bloemfontein).
29). K.G.340: 7/2/1900. (Telegram van telegrafis, Modderrivier, aan Staatspres. Pretoria); K.G.340: 7/2/1900. (Telegram van genl. Cronje, Modderrivier aan Staatspres. Pretoria); L.S.Amery, Vol.111, bls. 363.
30). Ibid.
31). T.B.446/1900 is SS. 2411: 8/2/1900. (Telegram van Staatspres. Pretoria aan genl.Cronje Modderrivier); Leyds-Archief: 717: 8/2/1900 (Ibid.)
32). K.G.340: 9/2/1900. (Telegram van genl. Cronje aan Staatspres. Pretoria.); Leyds-Archief: 717: 9/2/1900. (Ibid.)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

egter nie oor die rivier dryf nie.[33] Dieselfde dag het Lord Roberts by Modderrivierkamp aangekom en dadelik vir MacDonald terug beveel. Die bevel is onmiddellik uitgevoer.[34]

Generaal Cronje se hoofmag was nog al die tyd in die Magersfonteinstellings, minder as ag myl van Jacobsdal, om 'n frontaanval van die Engelse af te wag. Weerskante van die spoorweg het hy ook nog oor 'n 20 myl breë front 'n paar swak kommando's versprei gehad, sodat sy mag op tussen ag-en tien duisend te staan gekom het.[35] Ongelukkig was sy berede mag baie ondoeltreffend weens die swakheid van die perde, want om Magersfontein was die veld uitgetrap.[36]

Roberts wou eers met Cronje afreken voordat hy na Kimberley deurtrek. Hy wou Magersfontein verny, 'n ombeweging ooswaarts na Rondavelsdrif, ongeveer ag myl van Modderrivierstasie, uitvoer, die Boere se flanke en agterhoede bedreig om hulle so uit hulle loopgrawe te dryf en dan na Kimberley deurtrek.[37] Hy het sy mag dadelik opgestel om sy mars te begin. Drie kavaleriedivisies is onder kolonels Porter, Broadwood en Gordon gevorm. Die 7de perdeartilleriebattery is ook onder hulle verdeel. Die berede mag, in twee brigades elk van vier battaljons opgedeel en onder bevel van kolonels Hannay en Ridley, is ook by hierdie divisie gevoeg. Die/.....

---

33). K.G.340: 9/2/1900. (Telegram van genl. De Wet, Magersfontein, aan Staatspres. Bloemfontein).

34). Leyds-Archief:716: 9/2/1900. (Telegram van genl. Cronje, Modderrivier aan Staatspres. Pret.): L.S.Amery, Vol.111, blse. 367 en 371.

35). Kol. W.H.H.Waters, bls. 137.

36). K.G.340:12/2/1900. (Telegram van genl. Cronje, Modderrivier aan Staatspres. Pret.) Cronje kla oor die maer- en swakheid van die perde. As gevolg hiervan kon hy nie versterking stuur nie.

37). L.S.Amery, Vol.111, blse. 360 en 361.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die hele berede mag is onder bevel van generaal French geplaas.[38]

Roberts het vier infanterie- divisies tot sy beskikking gehad. Die 1ste Divisie onder Lord Methuen met 'n paar skeepskanonne moes voorlopig by die Modderrivier bly om Cronje te beheer, daarna Kimberley okkupeer en die westelike spoorlyn beset. Twee ander divisies is deur generaal Kelly-Kenny en Tucker respektiewelik aangevoer.[39]

Op Vrydag, die 10de Februarie, is die 9de Divisie uit die 19de Divisie onder kolonel Smith-Dorrien en die Highland Brigade onder generaal MacDonald saamgestel. Generaal Colville het die opperbevel oor hulle gevoer. Hulle het die 82ste battery, 65ste howitzerbattery en twee 4.7 skeepskanonne tot hulle beskikking gehad. Vir die opmars het hy 21 muilwaens, 600 ossewaens, 14,000 perde, 12,000 muile, 10,000 osse en 37,000 manskappe gereed gehad.[40]

Die mars moes die namiddag van 10 Februarie met konsentrasie van die kavalerie-afdeling, berede mag en die/.....

38). L.S.Amery, Vol.111, bls. 369.

39). Ibid. bls. 370.

40). Ibid. blse. 370 en 371.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die 7de Divisie by Ramdam, 12 myl oos van Graspan, begin word. Op die aand van 10 Februarie het Lord Roberts en Kitchener die kamp besoek en die troepe toegespreek. Die sukses van die plan het van French en sy berede mag afgehang.[41] Hy het die volgende more met 8,000 berede troepe en sewe batterye kanonne na Ramdam vertrek en om tienuur daar aangekom. Roberts se mag het ook voorwaarts beweeg en die volgende more het sommige van hulle by French aangesluit. Hiervandaan het French oor Dekielsdrif in die rigting van Klip- en Drieputdrif aangeruk.[42]

In die namiddag van dieselfde dag het generaal Cronje berig ontvang dat daar 'n groot Engelse mag by Ramdam was. Hy het dit as 'n set van Roberts beskou om hom te mislei, omdat hy oortuig was dat hulle dit nie so ver van die spoorweg sou waag nie. Nietemin is De Wet met 450 burgers gestuur om die Engelse te keer as hulle op Koffiefontein sou afstuur. Kommandant Lubbe met 400 man het hom vergesel.[43]

De Wet moes ooswaarts opruk sodat hy die Engelse kon belet om oor die Rietrivier te gaan. Met sy kommando en twee kanonne het hy Blouwbank bereik, waar hy stellings ingeneem het wat beide driwwe te Waterval en Dekiel beheers het. Die Engelse het hom opgemerk en sy posisies met kanonvuur bestook. Cronje het hom versterking gestuur maar hy het sy klein mag verdeel en 'n gedeelte ooswaarts verplaas.[44] Dit was/.....

41). L.S.Amery, Vol.III, bls. 371 en 372.
42). Ibid. bls 379; J.C.G.Kemp: Vir Vryheid en Reg, bls 309.
43). Ibid. bls.382; J.C.G.Kemp: Vir Vryheid en Reg, bls 309.
44). K.G.340: 13/2/1900. (Telegram van Staatspres. Bloemfontein aan Staatspres. Pta.) Die president wou weet hoekom De Wet sy manskappe verdeel het en nie die Engelse gekeer het nie. Vgl. ook: L.S.Amery, Vol.III, bls 386: Hy het Lubbe met 250 man gestuur om die kavalerie te keer. Die res van die manskappe het hy na Koffiefontein geneem en vir twee dae passief gebly. "That Cronje was deprived during these critical days of the most effective part of his forces was entirely due to De Wet's lack of nerve and failure to grasp the strategical position", Herinneringe, 15 Oktober. 1913.

Dit was 'n verkeerde stap. Instede dat hy sy verkenners uitgestuur het om die bewegings van die Engelse dop te hou, het hy self met sy kommando uitgegaan. Die gevolg hiervan was dat French met geweld 'n weg deur die Rietrivier by Watervalsdrif geslaan het en snel na Rondavelsdrif aan die Modderrivier opgetrek het.[45)]

Op 13 Februarie het Cronje uitgevind dat French se perdekommando's besig is om sy flank om te trek en dat hy dreig om die Modderrivier by Klipdrif deur te gaan. Hy probeer nie self om French te keer nie, maar besluit om sy Magersfonteinstellings nog te hou sodat hy Methuen kon belet om langs die spoorweg na Kimberley te gaan. Hy stuur generaal Froneman met 800 man om French te stuit. Froneman het die ruitery aangeval, maar toe hy uitvind dat French vir hom te sterk is het hy 'n verdedigende houding ingeneem en goeie stellings agter die koppies gesoek.[46)]

Dat French Modderrivier bereik het, was vir Cronje 'n verrassing, maar die gevaar van sy posisie kon hy nie insien nie. Teen hierdie tyd was sy mag gevaarlik versprei. 'n Paar honderd manskappe was op weg om 'n inval in die Kaapkolonie te maak, sy beste berede mag was by De Wet, 800 man was by Klipdrif sodat hy ongeveer 5,000 burgers in sy hooflaer gehad het. Hy was nie bereid om die stellings wat so deeglik versterk en so lank beset is, prys te gee nie. Dit het president Kruger onrustig gemaak. Omdat die Engelse/.....

---

45). K.G.340: 13/2/1900. (Telegram van Staatspres. Bloemfontein aan Staatspres. Pretoria).
Hy het verneem dat die Engelse by Rietrivier deur is en wou weet of De Wet hulle nie kon keer nie.
Vgl. verder: Herinneringen, 15 Oktober 1913.

46). Leyds-Archief: 14/2/1900. (Telegram van genl. Cronje Staatspres. Pretoria); K.G.340 14/2/1900. (Ibid.); L.S.Amery, Vol.111, bls 390.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Engelse mag met 'n omweg na Kimberley gegaan en sodoende Magersfontein waar Cronje met sy grootste mag gelê het, vermy het, moes hy onmiddellik die nodige versterking stuur om die optog af te sny. Dit sou hom niks baat om met 'n sterk mag stil te lê terwyl die Engelse die Oranje-Vrystaat sou inval of Kimberley ontset nie. Die versterking wat hy tot dusver gestuur het, was heeltemal onvoldoende.[47] Hy moes meer manskappe vir hierdie doel gebruik, want daagliks het daar talle van Kimberley by hom aangesluit.[48]

Op 15 Februarie het Cronje berig ontvang dat French met versnelde mars oor die Modderrivier getrek en daarin geslaag het om die Boerekommando's uit mekaar te jaag.[49] Gelukkig het hy nie besef dat hy agterom Cronje se leer was nie en het toe maar na Kimberley deurgery.[50]

Intussen het Roberts met sy hoofmag op Jacobsdal afgestuur. Afdelings Boere het hom in sy opmars probeer stuit. Na 'n harde geveg het hulle daarin geslaag om hom terug te hou.[51] De Wet het sy agterhoede aangeval en verslaan/.....

---

47). K.G.340: 14/2/1900. (Telegram van Staatspres. aan genl. du Toit, Waterwerken, De la Reyslager bevattende telegram aan genl. Cronje.)

48). K.G.340: 14/2/1900. (Genl. du Toit aan Staatspres. Pretoria.)

49). K.G.341: 15/2/1900. (Telegram van telegrafis Modderrivier aan Staatspres. Pretoria).

50). K.G.341. 15/2/1900. (Telegram van genl. du Toit aan Staatspres. Pretoria).

51). K.G.341. 15/2/1900. (Telegram van telegrafis Modderrivier aan Staatspres. Pretoria).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

slaan. Generaal du Toit moes sorg dat Kimberley deeglik beleër word en hy moes op sy hoede wees en die ontset-troepe voorkeer.[52)]

Maar dieselfde dag het die Engelse vanuit Kimberley ook 'n uitval gemaak en toe die burgers verneem dat French deurgebreek het en na Kimberley in aantog was, het hulle die beleg opgegee. Die aand het French die dorp, binnegery en die ontset was 'n voldonge feit.[53)]

Cronje se posisie het by die dag haglik er geword. Hy het hom en sy hoofmag tussen twee afdelings[54)] van Roberts bevind. 'n Krygsraadsvergadering is gehou en daar is besluit om terug te trek oor die marsroete van die Engelse troepe om tussen Roberts en Bloemfontein te kom, want hy het gehoop om daar met die kommando's wat die beleg van Kimberley opgegee het, te verenig. As De Wet dan ook by hulle kon aansluit, sou hulle in staat wees om Bloemfontein te verdedig. Hy het opdrag gegee om vir die terugtog gereed te maak.[55)]

In alle haas is die waens gelaai. Dit was 'n ontsettende oomblik. 'n Gevoel van angs het die meeste mans oorval. Die gevaar om gevange geneem te word, was des te groter weens die aanwesigheid van die vrouens en kinders in die laer.[56)] Die magte rondom Kimberley is van die besluit in kennis gestel. Generaal du Toit met sy Transvalers moes/.....

---

52). K.G.341: 15/2/1900. (Telegram van Staatspres. Bloemfontein aan genl. du Toit).
53). K.G.341: 15/2/1900. (Telegram van genl. du Toit aan Staatspres. Pretoria); Kol. W.H.H.Waters, bls. 159; J.C.G.Kemp, bls 310.
54). Een afdeling onder Methuen wat by Modderrivier gebly het en die mag wat op Jacobsdal gekonsentreer het.
55). Herinneringen, 15 Oktober 1913.
56). Dr. Van Everdingen, bls. 260. Hy gee die getalle as ongeveer 100.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moes na Veertienstrome terugval terwyl Ferreira in 'n oostelike rigting hoër stroomop by hom moes aansluit.[57]

Die terugtog sou eers die volgende dag begin word. Gedurende hierdie dag het De Wet nie by Cronje aangesluit nie. Hy het 'n Britse konvooi oormeester en die hele dag gebruik om die buitgemaakte waens en osse na Koffiefontein te vervoer. Die meeste burgers het hier agtergebly terwyl hy 250 van sy manskappe na Winterhoek gestuur het.[58]

Teen [illegible]uur die aand, 16 Februarie, het Cronje besluit om nie langer op die kommando's wat van die weste in aantog is, te wag nie. Hy het instruksies agtergelaat dat hulle hom onmiddellik moes volg en het bevel gegee om oswaarts te trek.[59] In die donker aand het hy, met sy swak berede mag vooraan, gevolg deur swaarbelaaide waens, met baie mans, vrouens en kinders te voet agteraan, sy wanhopige vlug vir die Engelse oorweldigende magte begin. Dit was 'n aangrypende toneel.[60]

Van al die vee wat oop was, het Cronje die een met die minste hoop op sukses gekies. Met 'n konvooi van oor die 400 swaarbelaaide waens, een derde van sy manskappe te voet, die meeste burgers met swak perde voorsien en die hindernis van vrouens en kinders, het hy probeer om die Britse/.....

57). K.G.341: 16/2/1900. (Telegram van genl. Cronje aan genl. du Toit).

58). Leyds-Archief:717: 17/2/1900. (Telegram van Staatspres. Bloemfontein bevattende telegram van genl. De Wet van Pramberg ontvang is): K.G.341: 17/2/1900. (Ibid.); Herinneringen, 15 Oktober 1913. Hy het 250 waens, met levensmiddele belaai en 2,800 osse buitgemaak.

59). Preller-Versameling. Bundel 23. (Die Slag van Paardeberg deur P.J. Naude); Herinneringen, 15 Oktober 1913.

60). K.G.341. 17/2/1900. (Telegram van telegrafis Modderrivier aan Staatspres. Pret.); K.G.341 17/2/1900. (Telegram van Hoofkomdt. Ferreira, Olifantsfontein, aan Staatspres. Bloemf.)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Britse front by Klipdrif verby te trek. Dit het hom nie 'n vinnige voorsprong gegee nie, en dit het hom ook boonop van sy kommando's te Kimberley afgesny. Hy het sy rigting swak gekies. As hy na Kimberley teruggetrek het, sou dit hom geleentheid gegee het om sy agterhoede teen die Engelse in gevegte te werp. As hy dan naby Kimberley by die ander Boeremagte aangesluit het, kon hy 'n aanval teen French maak en sy pad skoongehou het. Maar sulke strategiese oorwegings kon hy nie deurgrond nie. Selfs nou was Roberts se plan vir hom nog nie duidelik nie. Hy kon daarin niks meer as 'n opmars na Kimberley sien nie. Sy rigting het hy instinkmatig en nie oordeelkundig gekies nie. Hierdie roete sou hom vir die onmiddellike buite gevaar stel want die Engelse magte by Modderrivier, Jacobsdal en Klipdrif sou hom eers later agtervolg.[61]

Vroeg die volgende more, net toe dit begin lig word, het die Engelse Cronje se trek gewaar en het hulle hom by Klipdrif aangeval.[62] Hy het daarin geslaag om die aanval af te slaan en 'n sterk afdeling agtergelaat om sy aftog te dek.[63] Hy was genoodsaak om digby die Modderrivier te trek, want hy moes water hê vir al die mense en diere wat hy by hom gehad het.[64]

Die hele dag deur is die Engelse teruggeskiet terwyl die waens stadig aangerol het. By Klipkraaldrif aan die Modderrivier is laer getrek om te rus. Cronje het sy vyand gemineg en op sy tyd teruggeval sonder die minste vrees/.....

---

61). L.S.Amery, Vol.111, bls 404; Herinneringen, 15 Okt. 1913.
62). Ibid. Majoor Albrecht met 1 bomneksim is saam met 'n agterhoede agtergelaat om die vyand terug te hou.
63). L.S.Amery, Vol.111, bls. 403. Ibid.
64). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vrees dat hy in hulle handé kon val.[65] Jammer dat hy nie meer beangs was nie en dat hy vir geen twyfel vatbaar was nie. Hierdie nag kon hy nog maklik sonder sy waens deur die rivier gekom het. Die nag het die Engelse ruitery onder French op instruksie van Roberts van Kimberley agterom hom gery, die rivier deurgegaan en langs die suidelike oewers na Klipkraaldrif gery.. Die voetvolk het van Jacobsdal[66] en Rondavelsdrif genader, maar sou eers die volgende dag die driwwe wes van Koedoesdrif beset. Daar was dus genoeg tyd vir Cronje om met al sy manskappe te ontsnap. Maar Cronje wou nie vlug nie, maar alles red. Sy eer was op die spel. Sy laer wou hy nie vir sy leër opoffer nie. Roberts het anders oor die saak gedink. Hy het 'n groot konvooi by Blauwbanksdrif in die slag gelaat om seker te maak dat hy Cronje sou vang.[67] En nog sou hy sy sin nie gekry het as Cronje nie die oormoedige, hardkoppige man was wat sy vyand gering geskat het en toornig geword het op sy burgers as hulle van gevaar gepraat het nie.[68]

Saterdagmore vroeg het hy sy laer vir die laaste keer versit. Met die grootste gedeelte van sy waens het hy na Koedoesdrif getrek. Om 10-uur het hy by Paardeberg[69] aangekom/.....

---

65). Nico Hofmeyr, bls 327. "De leeuw draait zicht van tijd tot tijd om, als de jachthonden hem tenakomen - en dan vliegen zij jankend en hinkend terug, na een korte kennismaking met zijne voortanden."

66). L.S.Amery, Vol.111, bls. 408. Die Britse hoofkwartiere is intussen na Jacobsdal verplaas.

67). L.S.Amery, Vol.111, bls. 401. De Wet het 180 waens bemagtig.

68). O.T. de Villiers, bls. 14 en Nico Hofmeyr, bls. 328 en 329.

69). K.G.341: 22/2/1900, (Telegram van Staatspres. Bloemfontein aan Staatspres. Pretoria). Hy deel mee dat Cronje se posisie net bokant Paardeberg langs die rivier is.)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Wolwekraaldrif.
Mounted Inf
Hannay
Wolwekraal.
Signal Hill.
82ste Battery.
Welsh
& Essex
Modderrivier.
Mounted Inf
Yorkshires
Welsh.
Boere
19 Brig
en
gedeelte
Seaforths
Paardeberg
13de Brig
9ste
Battery
Highland Brig
& ½ Cornwalls.
Osfontein
Plaas.
gedeelte v. Gloucestershire
Welsh & Mounted Infantry
Kitchener Kappie
Skaal 1:50000
Paardebergdrif.
Bivouac
9 Div
Kanonkoppie
65 x 76 ste
Battery.
Bivouac
6de Div
Die Slag van Paardeberg.
(18 Feb. 1900.)

aangekom en was volgens gewoonte net besig om die waens in 'n kring te trek toe die Engelse bomme onverwags in die laer begin val het.[70] Dit was French wat reeds posisies aan die oorkant van die rivier ingeneem ', , en die optog van Cronje afgesny het. Die onverwagte aanval het paniek veroorsaak. Haastig is die osse uitgespan en vir veiligheid na die rivier gejaag. Die nood was groot. Die laer kon enige oomblik in die hande van die Engelse val. Op die kaal vlakte was die burgers onbeskerm, baie van hulle het daarom agter die walle van die rivier ingevlug. Maar om te vlug en weg te kruip! Dit het nie in Cronje se bloed gesit nie. Hy het hom min aan die Engelse kanonne gestuur. Onbevreesd het hy met sy sambok in sy hand heen en weer op sy perd gery en sy burgers moed in te praat en te beweeg om hulle skuilplekke te verlaat. Nadat hy sommige, deur woord en daad nog nie kon beweeg nie, het hy links en regs met sy sambok geslaan totdat elkeen sy plig gedoen het.[71] Die hele dag deur is hard geveg. Teen die aand se kant het die Boere nog hulle posisie behou.[72]

In die nag van Saterdag, 17 Februarie, het 'n paar van Cronje se offisiere voorgestel om hulle goedere, waens, vrouens/..... ..

---

70). Leyds-Archief: 717: 18/2/1900. (Telegram van genl. Cronje, Petrusburg, aan Staatspres.Pta.); K.G.341: 18/2"1900 (Ibid.); Preller-Versameling: Bundel. 18: (Brief van 'n krygsgevangene). Toe die eerste bomme val, het die vrouens en kinders rondgehardloop en geskreeu: "Ach, Heer, waar nu heen? Ach, God, help ons toch". Preller-Versameling, Bundel 23. (Slag van Paardeberg deur P.J.Naude)

71). O.T. de Villiers, bls. 14.

72). Leyds-Archief: 717: 18/2/1900. (Telegram van genl. Cronje, Petrusburg, aan Staatspres. Pta.) Sien verder die bronne soos in voetnoot 70 hierbo aangegee. is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vrouens en kinders in die steek te laat en hulle die volgende more in die hande van die Engelse te laat val. Die mans moes met hulle perde 'n pad deur die vyand slaan en by die ander kommando's buite die geledere van die Engelse aansluit. Hierdie voorstel wou Cronje nie aanvaar nie.[73] Hier het hy die laaste kans om sy leër buite gevaar te bring, laat verbygaan. Hy het dit sy plig beskou om die weerlose vrouens en kinders van sy burgers, ook sy eie eggenote, tot die dood toe te verdedig. Die menslike het in hom die oorhand gekry. Hy het hom by die onmiddellike bepaal en nie aan die toekoms gedink nie. Baie van die waens en osse het aan sy burgers behoort en hulle sou ontevrede gevoel het as hy nie 'n poging aangewend het om hulle privaatbesitdom te beskerm nie. Die meerderheid van die burgers het nie perde besit nie en sou nie vinnig genoeg kon vorder nie. Die moontlikheid het bestaan dat hulle deur die Engelse gevang sou word.[74] Cronje het 'n verkeerde besluit geneem om al sy mense bymekaar te hou totdat hulp van buite opgedaag het. Sy gebrek aan stategie het hom nie laat besef dat hy, as hy langer sou wag, geen kans sou hê om die Engelse magte te verslaan en by die kommando's van buite af aan te sluit nie. Sy minagting van die vyand, sy oormoedigheid en eiewysheid het sy lot verseël.

Die nag is nie verder getrek nie maar verder deurgebring met die grawe van skanse en die opgooi van verskansings. Die werk is baie bemoeilik omdat daar slegs een dosyn grawe/.....

---

73). Preller-Versameling. Bundel 23. Herinneringen, 15 Okt.,13.
74). K.G.341: 18/2/1900. (Telegram van genl. Cronje, Petrusburg, aan Staatspres. Pretoria).
Cronje het getelegrafeer dat hy tussen 500 en 600 perde gehad het. Hulle was so swak dat hulle slegs vir 'n paar uur per dag gebruik kon word. Meer as 3,000 burgers sou dus te voet moes uitvlug. Cronje het gedink dat dit onmoontlik was. Dit is waar hy 'n fout begaan het. As hulle dieselfde aand begin het, kon hulle almal veilig uitgevlug het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

grawe en 'n paar pikke beskikbaar was. Sommige burgers het skeap stokke, laaistokke en selfs stukke yster vir hierdie werk gebruik, maar niettemin sylke deeglike verskansings gemaak dat dit later die bewondering van die vyand afgedwing het.[75]

Kanik voor dagbreek op 18 Februarie het die Britse troepe beweeg. Die Mounted Infantry het eerste vertrek. Kort na 3-uur die nag het Roberts vir Hannay ontbied en hom bevel om met sy manskappe na Koedoesdrif te gaan. Twee afdelings van Kitchener se infanterie het op die laer afgeloop sodat die burgers hewig op hulle geskiet het. Kitchener het nie dadelik aangeval nie maar gewag totdat dit dag was. Toe die son opkom, het die laer vlak voor hom gelê.[76] Cronje was deur 'n reusemag ingesluit. Hy was vasgekeer; maar onverskrokke en dapper soos altyd, het hy die Engelse hardnekkig die hoof gebied. Hier op die walle van die Modderrivier sou hy 'n tiendaagse stryd teen die vyand voer, wat die bewondering van die wêreld gewek het.[77] Alleen die vreeslike lyding van vrouens en kinders het sy hart deurboor, want hier in die gate, tussen dooies en pesverspreidende lyke het hulle moedig die stryd verdra.[78]

Die geveg het die môre vroeg begin. Cronje se posisie was treurig, want hy was van alkante ingesluit. Teen 9-uur was die bombardement vreeslik. Die aarde is letterlik omgeploeg. Verskeie waens wat met ammunisie gelaai/.....

75). Preller-Versameling: Bundel 18. (Brief van krygsgevangene.)
76). L.S. Amery, Vol. III, bls. 422 en 423.
77). W.T. Stead: The Review of Reviews, bls. 213.
78). Preller-Versameling. Bundel 23. (Slag van Paardenberg); 15 Oktober 1913. Cronje se hierin:- "Hellinnerinnen" "Allerverschrikkelikst was het my dat onbeschryfelik lijden te aanschouwen, dat zij (vrouens en kinders) zoo geduldig verdroegen en dat mij de verschrikkingen van deze alleronnodigste en onrechtvaardige oorlog diep deed begrijpen."

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gelaai was, is aan dié brand geskiet. Die geveg het die hele dag voortgeduur, maar die Engelse kon nie daarin slaag om die Boere uit hulle posisies te verdryf of om hulle gevange te neem nie. Die Boere-verliese was gering. In hulle verskansings was hulle taamlik veilig en kon hulle die Britse troepe met groot verliese terughou.77)

Om/.....

---

77). K.G.341: 18/2/1900. (Telegram van Hooftelegraaf Dept. aan die Komdt.-Genl. Glencoe bevattende telegram van Konsul-genl. Pott, Lorenco Margues oor die geveg by Paardeberg); The Cape Times, 23 Februarie 1900. "The Battle of Paardeberg"; Preller-Versameling. Bundel 23. (Slag van Paardenberg).

Naude beskryf die slag as volg:

"Er werden de aarde omgeploegd, allis dat in de weg stond van een gescheurd, wagens in den kant geschoten tot eindelijk tegen 9 uur kwamen de eerste twee ledite bommen het lager binnen en was het zichtbaar dat het kwaad over ons besloten was, want de aarde beefde onder ons, wegens het barsten van bommen die van buiten op ons geschoten worden, dan was er bijna geen enkel wagen of die was geladen met kasten ammunitie grof en klein alles gaat in vollen vlam, de kasten aan brand, de ammunitie ontplofden, stukken Pot Eyster, Kogels van sckraapsel vloogen ons over het hoofd, dan daarbij het instormen van den Engelschen troepen van buiten de kogels van metford en hand maxum vliegen als bijen over het hoofd, gaat men na de rivier om water te drinken dan is het een gezicht die niemand beshrijven kan, mannen leggen bij hopen in dé sloten doodsbleek geheel bestorven van angst, vraagt men hen wat of zij hier doen of waar hun geweer is, krijgt men geen antwoord, komt men in de rivier dan ziet men daar honderden van dieren beesten, Paarden, Ezels, schapen en bokken dood liggen, door de vreselijke bomme van een gescheurd. Eenige nog levend ligt daar te spartelen anderen weer aan elkander gekoppeld de een doot, de ander nog levend der doden rondslepende uit angst om maar weg te komen, Eenige van onze menschen willen zeggen dat het water in de Rivier roode gekleurd was, doch dat kan ik niet bevestigen, Het kan wezen dat sulks lager af in de Revier het geval was. Doch genoeg hiervan, In kort het was een dag gelijkstaande aan een oordeelsdag, elk heeft het menigmaal reeds gezegd. Engeland zal duur te betalen hebben voor den moord op redeloozen dieren op dien dag gepleegd. En zoo hebben wij dan dien dag als de vreeselijkste van de geheele oorlog moesten doorbrengen".

L.S.Amery, Vol. III: bls 445. Hy gee die verliese as volg: 20 offisiere en 300 man gedood,
52 offisiere en 890 man gewond.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Om 4 uur dieselfde middag het generaals De Wet en Philip Botha[78] tussen Paardeberg en Koedoesrand aangekom. Vanaf die more het hulle die bombardement gehoor en taen die middag se kant van die koppies bemerk dat dit Cronje se hooflaer is wat vasgekeer is. Die Engelse mag was tussen hulle en die Boerelaer en die rookwolke het so dig gehang dat hulle geen berig kon deurkry nie.[79]

Vir die Boere buite om die Engelse omsingelingsleer was dit moeilik te verstaan hoekom Cronje nie uitgekom het nie. Kommandant Froneman wat vanaf die 15de Februarie saam met hom ingesluit was, het met 50 man deur die Engelse linies gedring en by De Wet aangesluit. Selfs 'n aantal kaffers het uit die laer ontsnap sonder dat die Engelse op hulle geskiet het. Cronje het te lank gewag. Sy enigste hoop was van buite.[80]

Omdat dit op die 19de Februarie stil was, het De Wet gedink dat dit oop lê tussen hom en Cronje. Dit was vir hom onbegryplik dat Cronje nie toe uitgekom het nie. Maar De Wet en die Boere aan die buitekant was onbekend met die feit dat Cronje op die more van die 19de Februarie, na die slag van Paardeberg die vorige dag, 'n wapenstilstand van 24 uur by die Engelse aanvoerder gevra het om sy gewondes bymekaar te maak en die gesneuweldes te begrawe.[81] Op hierdie versoek het generaal French geantwoord/.....

78). Leyds-Archief: 717: 19/2/1900. (Telegram van Staatspres. Bloemfontein aan Staatspres. Pretoria bevattende telegram van genl. De Wet.) (Gedurende die jare van navorsing het skrywer daarin geslaag om 'n aantal oorspronklike telegramme en briewe op te spoor. Hierdie dokumente wat i.v.m. genl. Cronje se loopbaan gedurende die Tweede Vryheidsoorlog versamel is, is in 'n plakboek gerangskik en van 1 tot 67 genommer. Dit begin by 17/11/1899 en loop dwarsdeur tot 10 Maart 1900. In die vervolg word daarna verwys as: EIE-VERSAMELING en die bladsy word gegee.

79). Hy het van Colenso gekom om Cronje te probeer bevry.

80). Dagboek van Schalk Burger in Preller- Versameling Bundel.20; Preller-Vers. Bundel.23 en 18. Kol. W.H.H. Waters, bls. 263.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

antwoord dat hy die versoek na die Britse opperbevelhebber deurgestuur het. Sodra hy antwoord ontvang, sou hy met Cronje in verbinding tree en hom die uitslag bekendmaak. Intussen sou hy nie die Boerelaer aanval nie. Hy raai Cronje aan om onvoorwaardelik oor te gee omdat hy heeltemal omring is en geen kans gehad het om te ontsnap nie.[82)]

Teen die middag het Roberts en sy staf aangekom en dadelik die wapenstilstand afgekeur, omdat hy dit as 'n plan van Cronje om op versterking te wag, beskou het. Hy het Cronje 'n skrywe gestuur waarin die wapenstilstand afgekeur en 'n onvoorwaardelike oorgawe van hom geëis is.[83)]

Om eenuur die middag het Cronje geantwoord dat hy nooit solank as hy leef, sou oorgee nie. As Roberts so ongenadig is om nie aan sy versoek gehoor te gee nie, kon hy maar onmiddellik met sy bombardement begin. Dit het hy ook gedoen sodat die geveg opnuut ontbrand het.[84)]

---

82). Preller-Versameling. Bundel 20 (Dagboek van Schalk Burger, bls. 47); Preller-Vers. Bundel 23. (Slag van Paardeberg); Preller-Vers. Bundel 18. (Brief van krygsgevangene); L.S.Amery, Vol.111, bls. 453 en Kol. W.H.H.Waters, bls. 263.

83). Preller-Versameling. Bundel 18. (Ibid.) Kol. W.H.H.Waters, bls 263 en L.S.Amery, Vol. 111, bls.454

84). Herinneringen, 15 Oktober 1913; L.S.Amery, Vol.111, bls. 454 en Dr. Van Everdingen, bls. 281.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK.15 .

O O R G A W E .

Dinsdagmôre, 20 Februarie 1900, toe die dag begin te breek en dit nog sterk donker was, het 'n aantal Engelse perderuiters met 'n konvooi op die laer afgekom. In die donker nag het hulle blykbaar hulle rigting kwyt geraak en onwetend op die Boerestellings afgestuur. Ongelukkig het 'n paar Boere op 800 tree afstand op die aankomende massa geskiet en so 'n kans laat verbygaan waardeur hulle almal in die pan kon gehak het. Sewe waens met mondprovisie en trekdiere het in die hande van die Boere geval.[1)]

Op hierdie dag is die laaste kanon van majoor Albrecht ook buite werking gestel en het Cronje se toestand meer kritiek geword. Sy hoop het effens opgevlam toe hy in die middag 'n spieëlberig ontvang dat generaal De Wet[2)], Philip Botha en Andries Cronje hard besig is om die vyand te beveg. Hulle was oortuig daarvan dat hulle die volgende dag vir Cronje sou kon bevry.[3)]

Woensdag, 21 Februarie, was nog 'n dag van spanning. Vanaf dagbreek is die laer hewig beskiet. Die bombardement het tot die middag aangehou. Die môre het Cronje 'n briefie van Roberts ontvang waarin hy te kenne gegee het dat hy toe eers gehoor het dat Cronje vrouens en kinders by hom in die laer gehad het. As dit so was, sou hy gewillig wees om hulle/.....

1). Preller-versameling. Sondag 25. (Slag van Paardenberg aan Land en Volk gestuur deur P.J.Naude).
2). K.G.341: 19/2/1900.(Telegram van genl. de Wet aan die Staatspresident, Bloemfontein).
In die nag van 19 Februarie het Hoofkommandant Ferreira dodelik met 'n geweer verongeluk. De Wet is die volgende dag as Hoofkommandant aangestel;
L.S.Amery, Vol.III, bls. 473.
3). Leyds-Archief: 717: 21/2/1900.(Telegram van die Staatspresident, Bloemfontein, aan Staatspres., Pretoria, bevattende telegram van genl. De Wet, Petrusburg, 20/2/1900);
K.G. 341: (Ibid.).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

le vrygeleide deur sy linies te verskaf na enige plek wat hulle verkies het. Hy spreek sy leed uit dat die vrouens en kinders aan die bombardemente van die vorige dae blootgestel was. Hy het van hulle teenwoordigheid in die laer geen kennis gedra nie. Hy het ook verneem dat Cronje gebrek aan geneeshere en medisyne gehad het. As Hy dit nog nodig gehad het, sou dit Roberts groot plesier verskaf het om hom van die een of die ander te voorsien.[4)]

Cronje het hierop geantwoord dat hy die vrygeleide vir die vrouens en kinders weier. Hy het die aanbod van dokters en medisyne aangeneem op voorwaarde dat die dokters in sy laer moes bly totdat hy dit na elders verplaas het.[5)] Uit 'n militêre oogpunt beskou het Cronje reg gehandel, want as hulle voor die tyd sy laers verlaat, kon hulle waardevolle informasie aan die Britse opperbevelhebber verskaf. Die vrouens het self verkies om in die uur van nood hulle mans by te staan. en daarom het Cronje daardie aanbod geweier.[6)]

Op hierdie skrywe van Cronje het Roberts geantwoord dat hy sy geneeshere nie vir 'n onbepaalde tyd kon afstaan nie en daarom verplig was om sy voorstel terug te trek.[7)] Hiermee was die onderhandelinge tussen die twee aanvoerders afgeloop.[8)]

Op/.....

---

4). Preller-Versameling. Bundel 23. (P.J.Naude); L.S.Amery, Vol.III, bls. 478; Kol.W.H.H.Waters, bls.264; Herinneringen, 15 Oktober 1913.

5). Ibid.
6). Herinneringen, 15 Oktober 1913.

7). Preller-Versameling; Bundel 23.(P.J.Naude); L.S.Amery, Vol.III, bls.478 en 479.

8). Preller-Versameling. Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hoofkomdt. genl. Christiaan de Wet.

—(Foto uit Andriessen.)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op 21 Februarie was Cronje se posisie meer sorgwekkend as te vere, want sy onderhandelinge met Lord Roberts het misluk. Die gewondes in die laer kon nie verpleeg en die dooies nie begrawe word nie. Die gekerm en gekreun het die angs en skrik vermeerder. Maar wat het die ontsetkommando's buite uitgerig om vir Cronje en sy laer 'n weg tot ontkoming te baan ? Vroeg die more het De Wet getelegrafeer dat hy verplig is om sy posisies te verlaat omdat die oormag vir hom te geweldig is en hy deur die Engelse omsingel word. Dit was vir hom onmoontlik om sy posisies te behou aangesien te veel burgers hulle offisiere in die steek gelaat het. Hy was besig om nuwe posisies 'n uur te perd van Koedoesrand in te neem. Intussen het hy twee kanonne as versterking gekry. Hy dring daarop aan dat alle ander versterkings so gou as moontlik aangestuur moes word, Generaal Botha is met twee kanonne en 800 man uitgestuur om die verlore stellings te probeer herower sodat Cronje losgekry kon word.[9]

De Wet het sy bes probeer om Cronje te bevry, maar kon tot sover nog nie daarin slaag nie omdat die oormag van die vyand vir hom te groot was. Dieselfde dag was al die posisies naby Cronje se laer verlaat terwyl die burgers van De Wet by Poplar Grove, twee uur te perd van die laer, vergader het.[10]

Die/.....

9). Leyds-Archief: 717: 21/2/1900. (Telegram van Staatspresident, Bloemfontein bevattende tel. van genl. De Wet aan Staatspres. Pretoria);
Eie-Versameling: Telegramboek, bls.18. (Ibid.);
K.G. 341: 21/2/1900. (Telegram van Wolmarans, L.U.R. Z.A.R. aan Staatspres. Bloemfon.).

10). K.G. 341: 21/2/1900. (Telegram van die Staatspres. Bloemfontein bevattende tel. van. genl. De Wet aan Staatspres., Pretoria);
Leyds-Archief: 717: 21/2/1900. (Ibid.);
Eie-Versameling. Telegramboek, bls.19. (Ibid.).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die haglikheid van Cronje se posisie en die mislukte pogings van De Wet om hom te ontset, het die regering genoodsaak om die aanvoerders buite om die laer tot samewerking aan te spoor. Die feit dat De Wet verplig was om sy stellings te verlaat, het dit vir Cronje vir die teenwoordige onmoontlik gemaak om uit te kom. Die regering was erg oor hom bekommer, want wat sou gebeur as hy met sy hoofmag moes ingee? Dit kom voor asof die burgers te veel in klompies met die buiteposte van die Engelse veg. De Wet moes probeer om al die burgers bymekaar te kry en dan met sy gesamentlike mag op een punt aanval sodat hy vir Cronje 'n pad kon oopveg. Hy is reeds eblike dae vasgekeer en deur gebrek aan voedsel sou hy gedwing word om oor te gee. Daar moes haastig opgetree word en niks onaangeroer laat bly om die burgers los te kry nie.[11)]

Op 22 Februarie was Cronje se posisie nog onveranderd. Hy het op dié dag aan Roberts voorgestel dat hy gewillig is om 'n hospitaal op duisend tree afstand van die laer op te rig. Roberts word versoek om die geneeshere en medisyne onder hierdie voorwaarde aan hom te gee. Die antwoord was dat die Engelse nie oor genoeg hospitaalgereedskap vir hulle eie manskappe beskik het nie. Die voorstel kon dus nie aangeneem word nie. As Cronje nie met die oorspronklike voorstel kon akkoord gaan nie, kon hy hom nie help/.....

---

11). Leyds-Archief: 717: 21/2/1900. (Telegram van Wolmarans, L.U.R. Pretoria aan kommandante Froneman, Potgieter en Schutte te Petrusburg, O.V.S.);
K.G. 341 : 21/2/1900.(Ibid.);
Eie-Versameling: Telegramboek, bls.20.(Ibid.);
Preller-Versameling.Bundel 23.(P.J.Naude).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Genl. Philip Botha.

—(Foto van genl. Manie Botha geleen.)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

help nie.[12]

Dieselfde dag het De Wet weer niks uitgevoer wat tot die ontset van Cronje kon bydra nie. Behalwe generaal Botha en kommandant Potgieter kon hy niemand sover kry om te veg nie. Die burgers wou eers 'n dag rus voordat hulle verdere pogings aanwend. Die lug was bewolk en die rookwolke as gevolg van die hewige Engelse bombardement het veroorsaak dat daar geen heliograafberig uit of na die laer gestuur kon word nie.[13]

Die volgende dag is weer 'n poging aangewend. De Wet het generaal Botha gelas om die burgers langs die rivier op te plaas en om die weggevlugte burgers weer op hulle plekke te kry. Dit het hom geluk om duisend man bymekaar te kry. Die helfte hiervan is na generaal De Wet gestuur, maar hulle kon nie veel uitrig nie. Die burgers was nie lus om met die oormag van die Engelse kragte te meet nie.[14]

Op Vrydag, 23 Februarie, het Roberts Cronje laat vra hoeveel gevangenes hy in sy laer gehad het. Daar was 12 krygsgevangenes en vier gewondes by hom in die laer. Roberts het voorgestel dat Cronje die vier gewondes tesame met 4 Boeregewondes moes uitstuur. Die Boeregewondes sou na die Jacobsdalse hospitaal gestuur word en nadat hulle herstel is/.....

---

12). Preller-Versameling. Bundel 23. (P.J. Naude); Kol. W.H.H. Waters, bls. 264; Herinneringen, 15 Oktober 1913.

13). K.G. 341: 23/2/1900. (Telegram van direkteur van telegraafkantoor bevattende A. telegram van genl. De Wet aan Staatspres. Bloemfontein en B. telegram van genl. P. Botha aan pres. Bloemfontein); Leyds-Archief: 717: 22/2/1900. (Ibid.); Die-Versameling, bls. 24. (Ibid.).

14). Leyds-Archief: 717: 23/2/1900. (Ibid.); K.G. 341: 23/2/1900. (Ibid.); Preller-Versameling. Bundel 23. (P.J. Naude).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

is, vrygelaat word. Hierin het Cronje toegestem en die gewondes is dadelik na die Engelse gevegslinies gestuur.[15]

Ondertussen is die bombardement onverpoosd voortgesit. Byna al die perde en vee was toe al dood en die reuk was afgryslik. In die rivierbedding was 'n paar groot poele staande water wat die enigste watervoorraad uitgemaak het. In die water het baie dooie perde en ander diere in die warm sonstrale lê en ontbind. Aan die smaak van die water kon dit duidelik gemerk word dat dit verrot was. Met min te ete en nog minder slaap het die burgers onder hierdie ontsettende omstandighede moedeloos geword. Cronje het hulle gewaarsku teen die gevolge van gebrek aan vertroue in die mag van Hom, wat hulle ongedeerd uit soveel gevare gered het.[16]

Is dit eienaardig dat die burgers in die laer teen hierdie tyd wanhopig mismoedig geword het ? Die smart en ellende van die vrouens en kinders, die honger en dors, dit kon hulle nog grootmoedig verduur, maar dat hulle medeburgers van buite af nie daarin kon slaag om vir hulle 'n pad oop te slaan nie, dit het hulle meer as iets anders nie alleen met wanhoop vervul nie, maar met 'n doodse vrees vir oorgawe omklem. Dieselfde dag nog is van Petrusburg af getelegrafeer dat daar met 2,500 man in vier afdelings aangeval is, maar dat hulle op drie of vier plekke deur die Britse troepe/.....

15). Preller-Versameling.Bundel 23.(P.J.Naude); Herinneringen,15 Oktober 1913; Kol.W.H.H.Waters, bls. 264.

16). Preller-Versameling.Bundel 18.(Brief van krygsgevange burger);
Preller-Versameling.Bundel 23.(P.J.Naude); Herinneringen, 15 Oktober 1913.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

troepe teruggedryf is.[17]

Nog 'n groter teleurstelling het die dag van die kant van generaal P.Botha gekom. In die nag van 23 Februarie het hy die vyand met vier afdelings tegemoet getrek om die verlore posisies naby Cronje se laer te probeer heower. Die uitslag was teleurstellend. Toe die Engelse syn burgers onder kanonvuur steek, het die oorgrote meerderheid die hasepad gekies en alhoewel die generaal en sy offisiere alles in hulle vermoë gedoen het om dit te belet, kon hulle die burgers nie keer nie.[18] Die burgers was ongehoorsaam aan hulle offisiere en keer op keer het hulle in die hitte van die stryd hulle posisies verlaat. Cronje se kanse om van buite in veiligheid gebring te word, is deur die ongedissiplineerde aanvalle verongeluk.

Op die 24 ste Februarie het daar vir die mense in die laer 'n groot uitkoms gekom in die vorm van 'n swaar reenbui, sodat die rivier vol geword het en die verrottende poele gesuiwer is van dooie liggame en hulle van vars water voorsien is.[19]

Vroeg in die môre het die Engelse so 'n geweldige kanonvuur op die laer geopen dat die Boere buite bang was dat Cronje nie teen so 'n aanval bestand sou wees nie. Die burgers in die laer was magteloos en die Engelse het hulle kordon steeds nouer en nouer om die laer getrek.[20] Die president/.....

17). Loyen-Archief: 71/: 23/2/1900.(Telegram van die Staaspres. Bloemfontein bevattende telegram van genl.De Wet aan hom);
K.G.341: 24/2/1900.(Ibid.);Preller-Versameling.Bundel 23.(P.J.Naude).
18). K.G.341: 23/2/1900.(Telegram van genl.Botha aan Staatspres.Bloemfontein).
19). Preller-Versameling.Bundel 18.(Brief v.krygsgevange burger); Herinneringen,15 Oktober 1913.
20). Preller-Versameling.Bundel 23.(Ibid.).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

president van die Oranje-Vrystaat het die ergste gevrees en by president Kruger op meer versterking aangedring.[21]

Die Kommandant-generaal het teen hierdie tyd ook die erns van die saak ingesien. Hy het 'n beroep op die burgers gedoen om saam te werk sodat Cronje ontset kon word.[22] Vroeg die môre het Cronje 'n heliograafberig aan De Wet deurgestuur waarin hy meegedeel het dat sy toestand nog onveranderd is .Die Engelse was nog besig om die laer met hulle kanonne te beskiet.Hy het nog net vir een of twee dae mondprovisie en ammunisie gehad. Daar moes met spoed gehandel word. Sommige van sy burgers was reeds baie moedeloos maar hy sou probeer om hulle moed in te praat. Sy gewondes was sonder verpleging. As dit moontlik was , moes hulle vir hom 'n ambulans en dokters deurstuur.[23] Omdat daar geen ambulanse en dokters beskikbaar was nie, moes die gewondes in Cronje se laer aan hulle lot oorgelaat word.

Die toestand was kritiek. De Wet het sy bes probeer. Vir agtien dae het hy noual byna dag en nag op sy perd gebly en sy kragte wou hom begewe. Die burgers wat die môre as versterking aangekom het, het hulle in die geveg wat gevolg het, weer swak gedra. Dit het moeilik gegaan om hulle in hulle posisies te hou. Hy het sy stellings twee myl verder van die laer ingeneem om vandaar met die versterking wat hy elke oomblik verwag het, 'n hernude aanval te maak om Cronje/....

---

21). K.G.341 : 24/2/1900. (Telegram van Staatspres., Bloemfontein, aan Staatspres.,Pretoria).

22). Leyds-Archief:717: 24/2/1900.(Telegram van Komdt.-genl.Ladybrand aan veld. J.G.Meyer, Heidelbergkommando,Petrusburg). Hy sê o.m. " Daarom broeders werkt toch samen, werkt toch eendrachtig,verdraagt de een de ander opdat des Heeren zegen op uw werk moge rusten en gij door Hem geholpen genl. Cronje kunt vrij vechten".

23). Leyds-Archief:717: 24/2/1900.(Telegram van Staatspres., Bloemfontein, meldende dat hy telegram van De Wet ontvang het waarin hy ontvangs van helioberig van Cronje erken);
K.G.341: Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kapt. Danie Theron.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Cronje te probeer bevry. Hy vra die president om persoonlik die burgers te kom toespreek sodat hulle met nuwe moed besiel kon word om vir hulle onafhanklikheid te veg.[24)]

De Wet het die erns van die oomblik besef en al die offisiere van die ontsetkommando's bymekaar geroep. Eers het hulle die terrein en die posisie van die Britse mag rondom Cronje se laer nagegaan. Daarna het De Wet voorgestel om met geweld 'n pad vir die omsingelde Boere oop te veg. Die ander offisiere was nie met hierdie voorstel eens nie, omdat die ondervinding tot dusver geleer het dat dit onmoontlik is. Toe het De Wet voorgestel om nog dieselfde nag 'n boodskap na Cronje deur te stuur. Die enigste manier om uit te kom, was om die volgende aand, 25 Februarie, die laer wat reeds flenters geskiet is, netso in die steek te laat en deur die rivier al vegtende tot op 'n sekere punt te gaan waar De Wet en sy manskappe vir hulle sou wag.[25)]

Die onverskrokke verkenner, Danie Theron, het onderneem om hierdie gevaarlike sending te aanvaar. De W[illiam] het hom eenkant-toe geneem en die plan aan hom verduidelik.[26)] Op die aand van 24 Februarie het hy De Wet verlaat en die nag van 25 Februarie in Cronje se laer aangekom. Die Engelse wagte/.....

---

24). K.G.341: 24/2/1900.(Telegram van genl.De Wet aan Staatspres., Bloemfontein);
Leyds-Archief:717:24/2/1900.(Ibid.).

25). K.G.341: 25/2/1900.(telegram van Staatspres., Bloemfontein, aan Staatspres., Pretoria, bevattende rapport van De Wet, A.Cronje, P.Botha, Kolbe en Wessels);
Preller-Versameling.Bundel 18;
Ibid., Bundel 23.(P.J.Naude); C.R.De Wet: De Strijd tusschen Boer en Brit, blse. 63 en 64.

26). Leyds-Archief: G.R.2524/99 Nr.640.(Telegram van Danie Theron, Webbs plaats aan Staatspres., Pretoria).
Hy was die eerste en laaste persoon wat van buite af in Cronje se swaar geteisterde laer gekom en ooggetuie van die vreeslike bedenklike toestand waarin dit verkeer het, gewees het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wagte het op ongeveer tien tree afstand van mekaar rondom die laer gestaan; daarom het dit stadig en moeilik gegaan om ongemerk deur hulle te kom. Die velle van sy knieë was afgekruip.[27]

Die toestand in die laer was onbeskryflik ellendig en aaklig. Cronje en sy eggenote was nog gesond. Dit was hartverskeurend om te sien hoedat mense wat betreklik lig gewond was, van honger en weens swak verpleging vergaan het. Daar was ongeveer honderd perde in die laer wat weens gebrek aan kos in 'n bedenklike toestand verkeer het. Die laer was totaal omsingel en is daagliks met 'n menigte kanonne bestook. Die koeëls uit kleingewere het soos bye om hulle koppe gevlie, want die Engelse het 'n aantal skerpskutters in die onmiddellike nabyheid van die laer aangehou. Die mense het hulle in slote en gate in die walle van die rivier gevestig en as dit dan so aanhoudend gereën het, het hulle dit moeilik gevind om van die een plek na die ander oor die gladde modder te beweeg. Tot sover het daar nog nie ernstige siektes onder die mense uitgebreek nie, alhoewel daar honderde verrotte en pesverspreidende perdeliggame tussen die mense rondgelê het. Die stank was ondraaglik. Die meeste waens en ammunisie was verbrand. Te midde van hierdie ellende het Theron die plan van De Wet aan Cronje meegedeel.[28]

Vir meer as twee weke het hy en sy manskappe Roberts se mag wat tot meer as 40,000 troepe aangegroei het, teruggehou/....

---

27). Leyds-Archief: G.R. 2524/99 Nr.640 . (Telegram van Danie Theron).

28). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

teruggehou. Die laaste sê dae het sy mense ongelooflike beproewinge moes ondergaan - omsingel, honger, dors en totaal uitgeput deur die aanhoudende bombardement en gevegte.[29] Hy het gehoop dat die ander generaals hulle magte sou verenig en deur die linies van die Engelse sou dring om 'n weg vir sy uitredding te open sodat hulle daarna met vereinigde krachte die voortgang van Roberts kon stuit. Op die laaste oomblik toe sy manskappe die grense van die menslike weerstandsvermoë bereik het, het hy 'n boodskap ontvang om self uit te kom.[30]

Hy het besef dat dit nie so maklik sou wees om op hierdie manier uit te kom nie. Hy en sy burgers was toe reeds sonder perde en of De Wet daarin sou slaag om French met sy meer as 5,000 perderuiters te belet om hulle terugtog af te sny en boonop die Britse troepe buite om die laer op 'n afstand te hou totdat hulle vry was, was twyfelagtig. Die optrede van De Wet se manskappe in die vorige pogings het net die teenoorgestelde bewys.[31]

Cronje/.....

---

29). Preller-Versameling. Bundel 18. (Brief van 'n krygsgevangene);
Herinneringen, 15 Oktober 1913.
30). Ibid.
31). Leyds-Archief: 717 : 21/2/1900.(Telegram van Wolmarans, L.U.R., Z.A.R., aan die Staatspresident, Bloemfontein);
K.G.341: 21/2/1900.(Ibid.); Eie-Versameling: Telegramboek, bls.18 .(Ibid.);
K.G.341 :21/2/1900.(Telegram van Staatspresident, Bloemfontein, bevattende telegram van genl.De Wet, Petrusburg aan Staatspresident, Pretoria);
Leyds-Archief: 717 : 21/2/1900. (Ibid.); Eie-Versameling, bls.19;
Leyds-Archief: 717: 23/2/1900.(Telegram van [illegible] teur van telegraafkantoor [illegible] de telegramme van generaal [illegible] en P.Botha);
K.G.341 : 23/2/1900.(Ibid.); Eie-Versameling, bls.24.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Cronje se burgers het toe reeds tien dae teen 'n geweldige oormag geveg. Tien dae aaneen het hulle die hoof gebied aan 'n ontsettende stroom van liddietbomme uit die gekonsentreerde vuur van meér as honderd kanonne. Hulle het elke stormaanval moedig afgeslaan en die veld was bedek met dooie perde en gesneuwelde manskappe, wat die bedompigwarme lug verpes het met die afgryslikste stank. Hulle het gebrek aan voedsel en ammunisie gehad; die burgers was byna totaal uitgeput deur die inspanning van die aanhoudende gevegte, verder moes hulle deur gebrek aan slaap baie ly.[32)]

In die uur van nood het die gelowige Cronje God om krag gebid en Hy het hom gesterk. Hy het ook gebid om toesending van hulp en om die bewaring van sy manskappe, tot voortsetting van die stryd, opdat hulle die ander burgers nog kon bystaan in die verdediging van hulle onafhanklikheid teen die oorweldigende mag wat probeer het om hulle vryheid aan bande te lê en hulle land onder 'n vreemde heerskappy te bring.[33)]

Hy het besluit om De Wet se raad te volg deur al vegtende sy eie heil uit te werk en hy was tevrede om in sy lot te berus.[34)] Te midde van die allervreeslikste ellende/.....

32). Leyds-Archief: G.R. 2524/99 Nr.640.(Telegram van Danie Theron);
Preller-Versameling.Bundel 18.(Brief van 'n krygsgevangene).

33). Leyds-Archief: G.R.2524/99 Nr.640.(Ibid.);
C.R.De Wet: Die Strijd tusschen Boer en Brit,bls.64;
C.M.van den Heever : Generaal J.B.M.Hertzog,bls.106:
Hy skryf : "Hier (Koedoesrand) het hulle vir Danie Theron ontmoet, wat op regter Hertzog 'n groot indruk gemaak het weens sy onverskrokkenheid. Hy bied aan om 'n nota van regter Hertzog na Cronje te neem om aan hom te sê dat hulle met 300 man na Koedoesrand kom en dat hulle daardie nag moet deurbreek.Dieselfde nag om twee-uur is Danie Theron weer terug met 'n nota van Cronje waarin hy verklaar:"Ek is mans genoeg van binne; sorg julle buite." Hy was onder die indruk dat hy hom goed vasgegrawe het."
Dit is 'n onjuiste bewering.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

de , waar die manne vertroue verloor en openlik verklaar het dat hulle hulself 'n die hande van die vyand sou oorgee, het die generaal en Danie Theron nog 'n laaste vergeefse poging aangewend om die teneergedrukte en met wanhoopvervulde burgers tot inkeer te bring. Reeds moeg en uitgeput, met opgerolde broek en modderbedekte klere, met karwats in die hand, het Cronje heen en weer geloop en alles in sy vermoë gedoen om sy burgers moed in te praat. Hy het ook opdrag gegee om onmiddellik 'n brug oor die rivier te bou, sodat die burgers nog die aand van 25 Februarie oor die rivier kon kom om in 'n oostelike rigting hulle pad deur te veg om by De Wet en sy manse aan te sluit.[34)]

Om vyfuur die middag het Cronje 'n heliograafbericht aan De Wet oorgesein dat hy eens is met sy plan en dat hy die aand sou probeer om uit te kom, maar hy gee ook tegelykertyd te konne dat die rivier baie vol is en dat hy nie deur kon kom nie. De Wet en sy burgers het tevergeefs op die afgespreekte plek gewag.[35)] Dieselfde aand het Danie Theron weer deur die Engelse linies gekruip en die volgende dag, 26 Februarie, by De Wet aangekom.[36)]

Op/.....

34). Leyds-Archief: G.R.2524/99 Nr.640.(Telegram van Danie Theron). Hierdie telegram is woordelik gepubliseer in : Historiese Studies, Jaargang 3, Nr...Jan. 1942, bls.42;
Preller-Versameling. Bundel 18.(Brief v. krygsgevangene);
Ibid. Bundel 23.(Slag van Paardenberg);
Herinneringen, 15 Oktober 1913.

35). K.G.341 : 26/2/1900.(Telegram van De Wet aan Staatspres., Bloemfontein, bevattende Cronje se heliobericht). B.T.AAG.1.

36). Leyds-Archief: G.R.2524/99 Nr.640.(Ibid.); Herinneringen, 15 Oktober 1913; Dr. Van Everdingen, bls.291; m.t. De Wet, bls. 64, Hier skryf De Wet as volg.-

" Hij (Danie Theron) deelde mij mede dat de Generaal (Cronje) gezien had en dat

Op die môre van 26 Februarie het die Engelse ontdek dat Cronje besig was om 'n kettingbrug oor die Modderrivier te bou, want hy wou daardie aand 'n tweede poging aanwend om te ontvlug.[37] Maar die Engelse artilleriste het die/.....

---

36). (Vervolg).
hem gezegd had dat hij geen goed kon zien in het plan dat ik voorstelde."
Hierdie bewering weerspreek die telegram van Danie Theron wat hy aan die president te Pretoria gestuur het. Vgl. Leyds-Archief: G.R.2524/99 Nr.640. (Telegram van Danie Theron): Hy telegrafeer o.a. :-
"Ik heb Generaal Cronje de plan gaan voorstellen dat hij moest doorbreken. Hoe, waar en wanneer is er mee eens,..."

Om vyfuur namiddag van 25 Februarie het Cronje 'n heliograafberig aan De Wet gestuur wat De Wet weer per telegram aan die president van die Oranje-Vrystaat oorgestuur het. Daarin sê De Wet self:-
"Gisteren om 5-ure ontvangen wij eerste bericht terug van Genl. Cronje dat hij instemt met het plan om laatste nacht uit te breken maar gaf tegelijkertijd te kennen dat hij niet kan door..." .BYLAAG.1.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat Cronje met die plan eens was, maar weens genoemde redes nie kon uitkom nie. De Wet het sy boek in 1902 geskryf die telegramme verswyg en Cronje se oorgawe in 'n verdrehe lig voorgestel. Dit was oorsaak dat die karakter en persoon van Cronje tot vandag toe nog verkeerd verstaan is. Daarom het die idee by sy baie burgers na die oorlog en later onder 'n groot gedeelte van die Afrikanerbevolking posgevat dat Cronje nie wou uitkom nie, selfs nie hadat De Wet driemaal vir hom 'n pad oopgehou het nie. Hierdie wanvoorstelling het Cronje 'n verdagte persoon in ons geskiedenis gemaak. Hy is as 'n lafaard en selfs verraaier beskimp. Om sy persoon hang vandag nog 'n waas van geheimsinnigheid. Omdat hy sy lewe deur hardkoppig en eiesinnig was, word sy oorgawe ook hieraan toegeskryf. Die feit is dat hy oorsaak was dat hy omsingel is, maar hadat hy eenmaal eers vasgekeer was, het hy soos 'n leeu geveg om sy vryheid te kry, maar van binne kon hy nie uit nie en van buite kon die ontsetkommando's hom ook nie red nie.

37). Leyds-Archief: G.R.2524/99 Nr.640. (Telegram van Danie Theron). Hy telegrafeer o.a. :-
" Het plan was om gister avond uit te komen doch de rivier werd gedurende den dag al dieper en dieper en de brug en vlot kwam niet klaar. Daarom moet de poging van avond gemaakt werden."

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die kanonne op die brug gestel en dit stukkend geskiet. Die dag kon die werk nie weer voortgesit word nie. Die rivier het nog voller geword sodat Cronje se laaste hoop op uitredding verydel is. 38)

Sy posisie was op hierdie dag baie sorgwekkend. Die rivier was vol, die brug stukkend geskiet en die lyding van mans, vrouens en kinders onder sulke weersomstandighede - nat, honger en koud - die menslike uithoudingsvermoë te bowe. Dit het die regering ook besef, want die president het alles in sy vermoë gedoen om versterkings tot Cronje se uitredding te stuur. Aan generaal Schutte te Colesberg verklaar hy openlik:-

> " Zaken te Modderrivier zijn zeer dringend en alle krachten moeten nu ingespannen worden om Generaal Cronje te redden uit zijn tegenwoordige positie.."39)

Aan die bevelvoerende offisier te Elandslaagte het die telegram gelui:-

> "Generaal Cronje is nog ingesloten. Wij moeten ons maar biddend tot den Heer wenden en Hem om verlossing smeeken opdat de Heer onze broeder en zijne burgers een weg aanwijzen waardoor zij gered zullen worden." 40)

Menslike uitredding het onmoontlik gelyk, daarom het die president aan die mynkommissaris te Pelgrimsrudt opdrag/.....

38). Leyds-Archief: G.R.2524/99 Nr.640.(Telegram van Danie Theron);
Preller-Versameling.Bundel 18?
Ibid. Bundel 23; Herinneringen, 15 Oktober 1913;
Dit is te betwyfel of Cronje met sy manskappe tussen die Engelse wagte wat volgens Danie Theron op tien tree afstand van mekaar gestaan het, sou deurkom. Theron was een persoon alleen en dit het hom ure geneem om met velafgekruipte knieë in Cronje se laer te kom.

39). K.G.341 : 26/2/1900.(Telegram van Staatspres. aan genl.Schutte, Colesberg)

40). Leyds-Archief? 577: 26/2/1900 .(Telegram van Staatspresident aan krygskommissaris te Elandslaagte).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

opdrag gegee om onmiddellik al die agtergeblewe burgers op te roep om so vinnig as moontlik na Modderrivier te gaan om Cronje te verlos. Die president deel hom ook mee dat hy al die christene dwarsdeur die land gevra het om die eerskomende drie nagte as bedenagte te hou om die Here te smeek om Cronje te red van oorgawe.[41] Ook die Vrystaatse president het 'n laaste beroep op al sy burgers wat met verlof was gemaak om dadelik na Bloemfontein terug te keer om te help om Cronje vry te veg.[42]

In die laer het generaal Cronje sy laaste kragte ingespan om die vyand terug te hou. Om vieruur die middag het hy sy laaste heliograafberig aan De Wet gestuur:-

> " Bombardement verschrikkelijk, groote verliezen.[43]
> Meerderheid der burgers eischt overgawe.
> Psalm 60, vers 13."[44]

Hierdie berig is deur die Engelse opgevang en aan beide generaals teruggesein dat verder teenstand van Cronje nutteloze bloedvergieting was. Hy is deur ongeveer 70,000 troepe met 120 kanonne omsingel.[45] Geeneen van sy manskappe/.....

---

41). Leyds-Archief: 577: 26/2/1900.(Telegram van die Staatspres. aan die mynkommissaris van Pelgrimsrust).

42). Ibid. (Telegram van Staatspres., Bloemfontein, aan die vrederegter van Vereeniging).

43). Leyds-Archief: 766 - 776: P.A.Nierstrasz: Der Süd-Afrikanische Krieg.1899 - 1902.(Oorspronklike manuskrip)bls.,285 vol.5 : 80 man gedood en 150 gewond.

44). K.G.341: 26/2/1900 (Telegram van genl.De Wet bevattende heliograafberig van Cronje): Psalm 60,vers 13: " Geef Gij ons hulp uit de benauwdheid, want' menschen heil is ijdelheid".

45). L.S.Amery,Vol.111,blse. 370 - 371. Die getal word hier as 37,000 aangegee. Dan het later verset ing opgedaag sodat dit tot oor 40,000 aange[illegible] het;
Land en Volk, 20 Jan. 1905: (Verklaring van Cronje aan 'n Amerikaanse verslaggewer). Hy het beweer dat hy 3,500 burgers teen 60,000 Britse troepe met 125 kanonne gehad het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

manskappe sal ontkom as die oorgawe nie onvoorwaardelik is nie. Hulle moes Psalm 63 vers 11 lees.[46]

Teen vyfuur die aand van 26 Februarie is daar in en om die laer nog hard geveg. Generaal P.Botha kon vanuit sy posisies op die koppies die geveg min of meer [illegible] Oor die laer het dik rookwolke gehang en groot stofwolke het opgeslaan. Daaraan het dit voorgekom asof groot aantalle perderuiters om die laer beweeg het. Die heliograafberigte vanuit die laer was weens die digte rookwolke uit die Engelse kanonne onverstaanbaar. Gedurende die gehele dag het die lugballon oor die laer gesweef sodat die Engelse die toestand tot in die fynste besonderheid nagegaan het.[47]

Generaal Cronje het teen die aand van 26 Februarie sy manskappe se algehele moedeloosheid besef en dadelik sy krygsraad bymekaar geroep.[48] Die toestand is deeglik bespreek. Al die offisiere was teen Cronje, behalwe kommandant Brits[49] wat met hom saamgestem het. Cronje het die voortsetting van die stryd heftig bepleit en daarop gewys dat die kommando's van buite eindelik tog daarin sou slaag om hulle te ontset. Dit alles het niks gebaat nie. Die offisiere het 'n onmiddellike oorgawe geëis. Nog 'n laaste poging/.....

46). K.G.341: 26/2/1900.(Ibid.)." Psalm 63 vers 11: Men zal hen storten door het geweld des swaards; zij zullen den vossen ten deel worden."

47). K.G.341: 27/2/1900.(Telegram van Ass. Veggenl.P.Botha aan Staatspres.Bloemfontein).
The Parliamentary Debates,Nr.9. Vol.LXXIX. 1900,bls. 1183.

48). L.S.Amery, Vol.III,bls.482; Herinneringen, 15 Oktober 1913.

49). Dr. Van Everdingen, bls.296. Hy noem foutiewelik kommandant Schutte.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ging is deur Cronje aangewend. om hulle tot besinning te bring, Hy het daarop gewys dat die volgende dag , die 27 ste Februarie, Amajubadag is, 'n dag waarop die Afrikanervolk hulle verkryging van onafhanklikheid herdink. Hy het 'n beroep op hulle gemaak om nie op daardie gedenkwaardige dag oor te gee nie, maar om tot die 28 ste Februarie uit te hou om die Afrikanervolk die vernedering te bespaar.Maar alles was tevergeefs! Die offisiere en burgers het openlik verklaar dat as hy nie voor sonop die volgende môre die witvlag bo-oor die laer uitsteek nie, hulle dit self sou doen.[50)]

Die Engelse het op hierdie tydstip dig by die laer gereed gelê om dit dieselfde nag te bestorm. Vir hulle was dit ook die volgende dag Amajubadag en hulle het al hulle kragte ingespan om juis op die dag vir Cronje tot oorgawe te dwing om daardeur die klad van Majuba uit te wis. Jeneraal Colville het die Kanadese regiment beveel om vir die bestorming gereed te wees . As hulle deur die Boere teruggeskiet word, moes hulle platval en hulle vasgrawe.Die aanval is aan ses kompanies toevertrou. Hulle is in dubbellinie geformeer, die voorstes met hulle bajonette aan hulle gewere gereed terwyl die agterstes pikke en grawe gedra het. Luitenant-Kolonel Kinkead met dertig Royal Engineers het/.....

---

50). Preller-Versameling. Bundel 18;
L.S.Amery,Vol.111,bls.482; Herinneringen, 15 Oktober 1913.

Amery beweer dat Cronje die môre krygsraad gehou het terwyl Cronje in sy herinneringe vermeld dat dit die aand geskied het. Dit moes die aand gewees het, want gedurende die dag het hy nog voorbereidings getref om te probeer ontvlug.

Land en Volk, 20 Januarie 1905.(Verklaring van Cronje aan 'n Amerikaanse versl[illegible]ver).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het hulle vergesel om met die vasgrawery behulpsaam te wees. Die Gordon Highlanders sou reguit op die laer aanstap terwyl die Shropshires hulle linkeragterhoede sou ondersteun. Almal is gewaarsku om op hulle hoede te wees teen 'n moontlike uitbraak van die Boere in die laer.[51]

Om kwart oor twee die nag het die troepe stilletjies die laer genader. Vir ongeveer vyfhonderd tree het hulle vorentoe beweeg voordat Cronje se burgers hulle opmerk het. Op sestig tree afstand het die Boere hulle onder vuur geneem. Hulle het platgeval en teruggeskiet terwyl die Engineers vir lewó en dood gegrawe het. Aan die linkerflank het hulle effens teruggeval en gewag totdat die skanse gereed was. Teen dagbreek was hulle ongeveer neentig tree van die laer behoorlik vasgegrawe en het in hulle skanse die dag afgewag.[52]

Eindelik breek die môre van 27 Februarie aan. Nadat die eerste vyandelike bomme oor die laer gebars het, het daar skielik 'n paar wit vlae oor die Boerelaer gewapper. Alles het stil geword, kanonne het geswyg. Die einde was daar.[53]

Dadelik het generaal Cronje sy sekretaris[54] en adjudant[55] onder 'n witvlag na Lord Roberts gestuur met 'n kort/.....

51). L.S.Amery, Vol.111, bls.483. Daar het gedurig Boere en Kaffers uit die laer ontsnap en hulle het aan Roberts meegedeel dat die Boere sou ontsnap.
52). Parliamentary Debates, Nr.9. Vol.XXIX, 1900, bls.1183; L.S.Amery, Vol.111, bls. 484.
53). Preller-Versameling, Bundel 18.
Cronje het beweer dat die kommandante die vlae opgesteek het. Die burger wat die brief in Preller-Versameling geskryf het, maak ook melding van 'n aantal vlae. Dit kon dus nie Cronje gees nie. Die kommandante het hulle dreiement van die vorige aand volvoer.
54). G.R.Keyzer.
55). Franz Kabuschagne.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kort briefie waarin hy hom meedeel dat hy sy stellings nie langer kon verdedig nie en hom met sy hele mag onvoorwaardelik oorgee. 56)

Die boodskappers het na 'n rukkie teruggekeer met 'n versoek van Roberts dat Cronje na hom toe moes kom. Cronje het dadelik daarheen gery. Die Britse opperbevelhebber het hom tegemoet gekom. Cronje het van sy perd afgeklim en is deur kolonel Pretyman voorgestel :-

> " The two great men looked at each other, the Durchman touched his hat, the Englishman returned the salute. The group dismounted, and then, regretfully be it noted, Lord Roberts, the blameless upright soldier gave his hand to the tyrant of Potchefstroom.
>
> " You have made a gallant defence, Sir", said the British Commander-in-Chief; " I am glad to see you. I am glad to get so brave a man !" 57)

Generaal Cronje het skaars 'n woord gepraat. Hy het op 'n vraag van Lord Roberts geantwoord dat hy tussen drie- en vier duisend manskappe by hom gehad het. Sy laaste versoek was dat sy eggenote, kleinseun en sekretaris met hom in sy gevangeskap saamgestuur moes word. So het hy na 'n hardnekkige weerstand van tien dae, gedurende welke tyd hy 268 gesneuweldes, 1367 gewondes en 232 vermistes onder die Engelse gelederes aangebring het, met sy 46 offisiere 3,873 manskappe en 150 gewondes aan die Engelse overmag te Wolwekraaldrif (Paardeberg) gekapituleer. 58)

---

56). The Parliamentary Debates, Nr.9. Vol.XXIX, 1900, [illegible] 1183; Herinneringen, 15 Oktober 1913.

57). L.Creewicke: South Africa and The Transvaal War, [illegible]ls. 71, Vol.IV.

58). Leyds-Argief: 766 - 776: P.A.Nierstasz: Die Gesch[illegible]te des Krieges.
Boere gesneuweldes 80. Vir totale Boeremag wat g[illegible]ge geneem is , sien BYLAAG.2.
Preller-Versameling. Bundel 20. (Dagboek van S. Burger). Hy gee die Boeremag as volg:-
3,846 manskappe, 70 gewondes en 30 vrouens en kinders. Die vrouens en kinders is na 'n konsentrasiekamp gestuur.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK.16 .

B A L L I N G S K A P .

Terwyl generaal Cronje reeds die môre van 27 Februarie 1900 met sy mag aan Lord Roberts oorgegee het, het generaal De Wet en die ander offisiere buite die laer nog niks daarvan geweet nie.Vir die laaste paar dae kon hulle geen berig van Cronje deurkry nie.[1] Eers die volgende dag was daar gerugte in omloop dat hy oorgegee het.Maar aan hierdie gerugte het De Wet hom nie veel gesteur nie omdat dit deur kaffers wat uit die laer weggeloop het, oorvertel is.[2] Op 1 Maart het hulle nog geen bevestiging hiervan uit offisiële bron ontvang nie.[3]

Die onsekerheid en gespanne atmosfeer is later in die dag verbreek toe 'n uitgevlugte burger Venter, die tyding van oorgawe gebring het.[4] Die president van die Zuid-Afrikaansche Republiek is onmiddellik telegrafies verwittig. Alle pogings was in die werk gestel maar die oormag van die vyand was te geweldig; daarom het die pogings tot ontsetting misluk.[5] Vir die Republikeinse magte was die nuus 'n geweldige slag.Hulle was tydelik lamgeslaan want niemand het ooit gedink dat dit die/.....

1). Leyds-Archief:718: 28/2/1900.(Telegram van genl.De Wet aan die Staatspresident,Bloemfontein).
2). K.G. 341: 28/2/1900.(Ibid.) (Bylaag 3).
3). K.G.342 : 1/2/1900. (Telegram van Danie Theron);
Leyds-Archief: 718.(Ibid.); Die-Versameling: Telegramboek, bls.34. (Ibid.)

4). Leyds-Archief:718: 1/2/1900. (Telegram van Staatspresident Bloemfontein bevattende telegram van genl.De Wet, aan Staatspresident Pretoria.);
Die-Versameling: Telegramboek, bls. 35.(Ibid.).

5). K.G.342: 1/2/1900. (Telegram van Assist. Veggenl.F.Cronje, Petrusburg aan Staatspresident, Pretoria);
Leyds-Archief: 718: 1/2/1900. (Ibid.);
Die-Versameling: Telegramboek, bls. 37.(Ibid.).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die treurige uiteinde van die "Leeu van Potchefstroom" sou wees nie.

Generaal Cronje is na die oorgawe toegelaat om sy eggenote, kleinseun P.A.Cronje, sekretaris G.R.Keyzer, adjudant Frans Labuschagne en 'n naturelle-bediende wat deur hom groot gemaak is, met hom saam te neem waarheen hy ookal gestuur sou word.[6] Hulle is per spesiale trein na Kaapstad gestuur. Op Vrydag, 1 Maart 1900 om 8.20 n.m., het die trein Kaapstadstasie binnegestoom. Generaal Pretyman het hulle op die reis vergesel. Toe hullevan die trein afstap, is hulle deur 'n erewag, bestaande uit vyftig Cape Garrison Artillery, onder bevel van kaptein P.C.v.B.B.Bam en luitenante Crover en Carden, ontvang. Nadat die algemene saluut geneem is, is Cronje en sy gevolg aan 'n afdeling bloubaadjies, onder bevel van luitenant Newton, oorhandig. Alhoewel daar 'n menigte toeskouers aanwesig was, is niemand op die perron toegelaat nie en het alles stil en ordelik van stapel geloop.[7]

Drie Kaapse karre het gereed gestaan en onder eskortering van die Cape Garrison Artillery en die Bluejackets is hulle na die kaai vervoer, vanwaar hulle aan boord die vlagskip DORIS gebring is. Hiervandaan is hulle na Simonsbaai gebring, waar baie ander krygsgevangenes gewag het om in balling-skap weggevoer te word.[8]

Die/.....

---

6). Leyds-Archief: 766 - 776 : P.A. Nierstrasz, Volume 5, bls. 824; Herinneringen, 1 November 1913.

7). The Cape Times, 5 Maart 1900.

8). The Cape Times, 5 Maart 1900; Herinneringen, 1 November 1913.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



G. R. Keyzer, Genl. P. A. Cronje, Mevr. Cronje en F. Lafuschagne

(Foto H. Pienaar)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die dae het hier eenselwig verbygegaan. Die Britse owerhede het hulle planne streng geheim gehou. Cronje het in die grootste onsekerheid geleef, want hy het nie geweet waarheen hulle hom sou verban nie. Op 3 Maart het hy aan die Landdros van Klerksdorp[9] geskryf dat hulle aan boord die oorlogskip Doris wag om na 'n vreemde oord weggestuur te word. Hulle was nog almal gesond en die behandeling wat hulle tot dusver van die Engelse ontvang het, het niks te wense gelaat nie. Hy het die landdros versoek om sy familiebetrekkinge mee te deel waar hy hom bevind en hoe dit met hom en sy eggenote gesteld was.[10]

Die lewe aan boord die skip wat in die hawe geanker gelê het, was vervelig. Daagliks het daar ander krygsgevangenes aangekom totdat daar naderhand nie meer plek vir almal was nie. Cronje, sy eggenote, staf en 'n paar honderd krygsgevangenes is na 'n maand van wag na die transportskip Milwaukee oorgeplaas. Op 3 April 1900, tussen 4 en 5 uur die namiddag, het die skip onder eskortering van die oorlogskip Niobe die hawe van Simonsbaai uitgevaar om generaal Cronje en sy krygsgevangene burgers in ballingskap na die eensame eiland, ST. Helena, te voer.[11]

Onvergeetlik moes die oomblik gewees het toe Cronje van die kus van sy dierbare geboorteland in ballingskap weggevoer/.....

---

9). De Volksstem, Dinsdag 27 Maart 1900: (Brief van genl. P.A. Cronje, Simonsbaai, H.M. Oorlogschip Doris, 3 Maart 1900).

10). Die Landdros van Klerksdorp was die heer Neethling.

11). The Cape Times, 4 April 1900;
Herinneringen, 1 November 1913.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Cronje en Staf op St. Helena.— Voor, links na regs: Krygskommissaris B. H. Arnoldi; genl. P. A. Cronjé en kol. Adolf von Schiel; agter, links na regs: G. den Hertog, S. D. Tiek, I. H. Vermooten, G. R. Keizer en S. I. van Smaalen.

—(Foto uit 'n Album van krygsgevangenes op St. Helena uit 'n Album in besit van mnr. J. H. S. van der Walt, van Johannesburg).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gevoer word, nie omdat hy enige misdaad gepleeg het nie, maar omdat hy vir die onafhanklikheid van sy volk en vaderland geveg het. Dieselfde vyand wie hy so geminag het en wie hy deur sy tydsame optrede en hardnekkige vashou aan sy stellings tyd gegee het om hom te oorrompel, is die oorsaak van sy vernedering. Wat het in sy binneste omgegaan toe hy sy oë oor die water laat rus ... en die laaste tekens van land in die verre dynserigheid sien verskiet het!

Teen die middel van April het die Milwaukee te St. Helena aangekom, waarna generaal Cronje en die Boerekrygsgevangenes gou aan wal gesit is. Die reis was voorspoedig. By sy aankoms is Cronje deur Goewernour Sterndale ontmoet.[12] Die krygsgevangenes is deur die dorp met Napoleonstraat langs gemarsjeer na die oostelike kant van die eiland. Op die vlakte is tente opgeslaan en agter doringdraadversperrings het die Boere in die kamp, Deadwood genoem, hulle ballingskap deurgebring.[13] Cronje, sy vrou, sy kleinseun, sy sekretaris en adjudant is onder sterk bewaking in 'n alleenstaande dubbelverdiepinghuis, Kent Cottage,[14] aan die westekant van die eiland geplaas. Hier in die gerieflik ingerigte huis, net 'n paar myl van Deadwoodkamp af,[15] moes hulle hulle ballingskap deurbring. Die/.....

12). E.L.Jackson: Pictorial and descriptive Souvenir of Saint Helena, bls.16;
Britse Blouboek Cd. 431, bls.15;
Herinneringen, 1 November 1913.
13). Ibid. Daar was nog 'n ander krygsgevangekamp met die naam van Broadbottom.
14). Ibid.
15). Philip Gosse: St. Helena, bls. 337; E.L.Jackson, bls.16;
Herinneringen, 1 November 1913;
Eie-Versameling: Briewebook, bls.45: (Brief van M.E. Jackson, Bibliotekaris, St.Helena, Longwood, 9 Mei 1943, aan skrywer);
Ibid., bls. 51: (Brief van Prof. Dr. E.C.Pienaar, Universiteit van Stellenbosch, 22 Junie 1945 aan skrywer).
Professor Pienaar was as jong seun ook banneling op St. Helena en het interessante gegewens aan skrywer verstrek/.....

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Genl. Cronje en gevolg in Kent Cottage

(Foto H. Pienaar)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die huisie het op 'n kaal rots , waar nie eens 'n grashalmpie gegroei het nie, gestaan. Die uitsig was allertreurigs en eentonig. Sover as die oog kon reik, was net die see, niks anders, sigbaar nie - alleen daar ver anderkant die geliefde Vaderland, sonder die hoop dat hulle daarheen kon ontvlug. Dit het generaal Cronje met weemoed vervul, sodat hy geskryf het :-

> " Engeland is machtig. Zij heeft ons kunnen verbannen uit het dierbaar land van onze inwoning, ons afsnijden van alle betrekkingen met de buitenwêreld, onze brieven aan de censuur onderworpen, ons beroven van de woorden van hoop en bemoediging ons toegezonden door medegevoelende mensen uit alle volken en werelddelen, - doch met haar macht kon zij ons van een ding niet beroven; en dat was : de hoop, de berusting, en moed en de kracht waarmee onze Hemelse Vader ons bedeelde, elke dag van onze langdurige eentonige ballingschap. In zulke dagen van beproeving en lijding schijnt onze God altijd nabij te zijn om de verdrukten en vertapten te helpen en berusting te schenken aan diegenen die in Hem geloven en zijn bijstand zoeken. Doch mijn lijdensbeker was nog niet vol: door de wil van God moest mij nog een ramp treffen. Doch God gaf mij door zijn genade de kracht en de moed om staande te blijven onder de overstelpende lasten die mij neerdrukten."16)

Na/.....

---

15). Vervolg.
strek.

Eie-Versameling: Briewe boek, bls.55.(Brief van Ds. A. F. Louw, Van Riebeeckstraat, Stellenbosch, 18 Julie 1948). Ds. Louw was kampprediker op St.Helena en het Cronje gewoonlik eenkeer per week besoek. Hy skryf dat 14 Engelse Kent Kottage bewaak het.

Ibid., bls.57.(Brief van Mnr. H.P.Penzhorn, Posbus 96, Rustenburg).
Mnr. Penzhorn het reeds in die neëntiger jare as klerk onder Cronje as Superintendent van Naturelle in Pretoria gewerk. Toe die oorlog uitbreek, het hy saam met Cronje na die wesfront vertrek, al die slae met hom meegemaak en te Paardeberg oorgegee. Op St.Helena het hy sy ballingskap in Deadwoodkamp deurgebring, maar dikwels verlof gekry om 'n persoonlike besoek by Cronje af te lê.

16). Herinneringen, 1 November 1913.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Na 'n paar maande van eentonige ballingskap het Cronje berig ontvang dat sy geliefde seun Andries 'n paar dae na die oorgawe te Paardeberg op die slagveld gesneuwel het. Die droewige tyding het Mevr. Cronje heeltemal neerslagtig gemaak. Dit was die druppel wat haar lydensbeker laat oorloop het. Want wat het hierdie dapper ou moeder nie alles sedert die uitbreek van die oorlog moes deurstaan nie? 17) Met watter edele blymoedigheid het sy nie alles verduur nie! Die verskriklike beleg het sy dapper deurgemaak. In die gat wat vir haar in die rivierwal gemaak was, het sy tien dae en nagte gebly. Daagliks het sy die bombardement verduur en die gekerm van gewondes en sterwendes moes aanhoor sonder dat hulle gehelp kon word. Daarby het nog gekom die verskriklike lug van verrottende lyke, die brandende warmte, die smartlike verlange na 'n druppel suiwer water, die aanhoudende en telkens verydelde hoop op verlossing, die vernedering van die onvermydelike oorgawe, die skeiding van haar kinders en die verbanning op haar oudag uit haar geboorteland. Dit alles het sy met geduld en lydsaamheid gedra, deur haar onwrikbare geloof gesteun. Maar die tyding van die dood van haar geliefde seun Andries

> "beroofde haar van haar verstand, zij werd als een kind, gebroken van lichaam en geeste, zij is het nooit weer te boven gekomen, zelfs niet toen zij mij (haar eggenoot) op haar sterfbed vaarwel zeide."18)

Goewerneur/.....

---

17). The Klerksdorp Mining Record, 20 November 1903. In Frankryk het 52,000 dames elkeen 'n geldelike bydrae gegee om vir Mevr. Cronje 'n pragtige ornament met 'n goue ketting daaraan te koop. Die ornament was met juwele en edelgesteentes ingelê en daarop ingegraweer dat dit gegee word aan die dapperste vrou van die eeu. Hierdie geskenk tesame met 'n pragtiggebinde boek waarin elkeen van die dames hulle naamtekeninge aangebring het, is aan Mevr. Cronje gegee omdat sy so dapper die beleg deurgemaak het.

18). De Volksstem, 7 Febr. 1911;

Herinneringen, 1 November 1913.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Goewerneur Sterndale het generaal Cronje van alles wat hy nodig gehad het , voorsien. Sy eggenote het die huishouding bestuur, sodat hy goed versorg was.Selfs sy kafferbediende is toegelaat om vir die ouooi in die huis te werk. Alhoewel die huis dag en nag deeglik bewaak was, kon die inwoners tot op 'n sekere afstand vry rondloop.[19]

Die generaal het gewoonlik eenkeer per maand na Deadwoodkamp oorgery om die oggenddiens by te woon. Die Goewerneur het dan gewoonlik sy waentjie met 'n skimmelperd ingespan en dit vir Cronje oorgestuur om hom, sy eggenote en een of twee van sy staf te vervoer. Die Goewerneur het ook gesorg dat hy vir Cronje vir die geleentheid 'n swart pak gereed gehad het. Die koetsier het gewoonlik 'n hoë pluishoed en 'n swart manel aangehad.[20] Die berede mag wat uit 'n aantal St.Helena-vrywilligers bestaan het, het die gesaelskap altyd by sdn geleentheid vergesel.[21]

Oor Frankryk het daar 'n Anti-Britse gevoel getrek, omdat Cronje na St. Helena verban is. Die Franse volk het dit as heiligskennis beskou vir enige man, al was hy nou ookal hoe dapper, om die rusplek van die onvergelyklike en onvergeetlike/.....

---

19). P.Gosse: St.Helena, bls.337;

Eie-Versameling: Brieweboek, bls.45(M.Jackson).

20). Eie-Versameling: Brieweboek, blse. 55 - 56. (Ds. A.F. Louw).

2L).Philip Gosse, bls. 137.

Daar was nie 'n berede mag op die eiland nie omdat daar nie perderuiters was nie. Toe Cronje op so 'n mag aangedring het, het Goewerneur Sterndale opdrag gegee dat 'n paar St. Helena-vrywilligers van perde voorsien moes word en onderrig in rykuns gegee word. Hierdie berede mag het Cronje altyd later vergesel.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geetlike Napoleon te deel.[22]

Maar dat die grote Napoleon op St. Helena in ballingskap verkeer het, moes ongetwyfeld vir Cronje 'n troos gewees het. Van kindsbeen het geskiedenis vir hom altyd 'n soete bekoring gehad en het hy veral in groot generaals belanggestel. Vir Napoleon het hy groot bewondering gehad en daarom was hy self lief om dikwels sy graf, sonder die stoflike oorskot, te besoek.[23] Naas die graf het die hoë sipres- en varingbome soos skildwagte gestaan om die rusplek van die grootste soldaat van die wêreld te bewaak.[24] Se wie?

Die lot van Napoleon het ook sy lot geword; hulle vyande was dieselfde. Om die geskiedenis van Napoleon te ken en die paadjie te bewandel waar hy so dikwels tussen die huisie en die fonteintjie gewandel het, het 'n gevoel van droefheid by hom gewek. Hoe groot moes Napoleon se vernedering en die sielesmart wat sy gevoelige gees gely het, nie gedurende sy troosteloze verblyf op St. Helena gewees het nie! Napoleon het sy vertroue op manskappe en kanonne geplaas en nie op God nie. Sy manskappe en kanonne het hom in die steek gelaat en dáárom was sy val somber en droewig. In die laaste oomblikke by die nadering van die dood het hy ylhoofdig geword en hom verbeel dat hy aan die hoof van sy mágtige leërs besig was om die vyand te verslaan. Hy het bevele aan sy generaals uitgeskreeu totdat hy naderhand uitgeput deur die dood van al sy verdriet en ellende verlos is. Hy het vrywel alleen gesterf,

" een gevangene op den barre rots omringd
door honderde mijlen stormachtige wateren,
in/....

22). Kees van Hoek: Gesprekke met Dr. W.J.Leyds, bls.33.
23). Napoleon is in 1821 oorlede en hier begrawe. In 1841 het die Franse regering sy stoflike oorskot na Frankryk vervoer waar hy herbegrawe is.
24). "erinneringen, 1 November 1913.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in de handen van een wrede vijand - een droewig lot, voorwaar." 25)

Ongetwyfeld het generaal Cronje hier aan sy eie lot gedink. Hier op die eensame eiland het hy baie gehad om oor na te dink. Die toekoms was vir hom baie onseker. Dieselfde vyand wat Napoleon se ondergang bewerkstellig het, het hom ook in hulle mag gehad. Sy lot was egter veel sagter want hy het sy vrou, kleinseun en intiemste vriende by hom gehad om sy lief en leed te deel. Hy het die krygsgebeurtenisse haarfyn gevolg en so in sy eie vernedering verdiep geraak dat hy aan hallusinasies of sinsbedrog begin ly het. Enkele kere, terwyl hy die krygsgevangenes te Deadwood besoek het, het hy van droomgesigte en voorspellings van vrede en oorwinning vir die Boerevolk gepraat. 26)

Napoleon se vertroue in homself het gemaak dat hy ten gronde gegaan het. Cronje het op God vertrou:-

> " Alleen mijn vertrouwen in mijn Hemelse Vader, en de bijstand en troost, die ik van Hem ontving, stelde mij in staat de beproevingen te doorstaan, en te overleven, van mijn vervelende ballingschap, 28 maanden, op diezelfde barre rots, en in de handen van diezelfde vijand."
> 27)

Eentonig en droewig het die jare van ballingskap vir die ou generaal verbygesleep. Hy is gedurig streng bewaak, vandaar die afsondering waarin hy as balling geleef het. Hy het maar baie min besoekers gehad en dit het sy lewe nog/.....

---

25). Herinneringen, 1 November 1913.

26). Nico Hofmeyr: Zes Maanden bij de Commando's soos aangehaal in de Volksstem, 7 Febr. 1911.

27). Herinneringen, 1 November 1913.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nog somberder gemaak. Hy het maar af en toe in Deadwood-kamp verskyn. Gewoonlik het hy na die afloop van die diens, voordat die mense uitmekaar gegaan het, sy hardebolkeiltjie in die lug geswaai en uitgeroep: "Môre burgers, almal!" Daar het dan stemme opgegaan : "Môre, generaal!" Maar die reaksie van die kant van die burgers was nooit algemeen of spontaan nie, want "Ou Piet", soos hulle hom onder mekaar genoem het, was op hierdie stadium nie gewild onder die meeste burgers nie. Die meeste van hulle het hom en sy hardkoppigheid vir hulle gevangenskap verantwoordelik gehou. Oor die algemeen is daar ook nie veel notisie van hom geheem as hy enkele kere met sportgeleenthede , wanneer die verjaarsdag van die president gevier is, sy opwagting in die kamp gemaak het nie.[28]

Ds. A.F. Louw, die kampprediker, het hom altyd eenkeer per week gaan besoek. Dit het hy blykbaar altyd baie op prys gestel. Die predikant moes gereeld die middagete by hom geniet. Dit was 'n vaste instelling dat die Bybel by hierdie geleentheid gehaal en daar 'n kort diens vir hom en sy metgeselle gehou is.[29] Hyself het gewoonlik die tafelgebed gedoen, waarna die dominee dan moes dank. As die leraar die tafelgebed waargeneem het, het die ou generaal gereeld self daarna die dankgebed gedoen. Hiervoor was hy altyd baie lief. Hy en sy eggenote was albei baie godsdienstig van geaardheid. Sy voorkoms was altyd netjies en alhoewel hy nooit veel/.....

28). Eie-Versameling: Brieweboek, bls.51.(Dr. E.C.Pienaar).
29). Ibid. (Brief van Ds. A.F.Louw, 18 Junie 1945).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

veel gepraat het nie, kon hy oor verskillende aangeleenthede interessant gesels.[30]

Eindelik, op 1 Junie 1902, het die Britse owerhede te St. Helena 'n kabelberig ontvang dat die vrede te Vereeniging geteken en die wrede oorlog beëindig is. Die oorwonne burgers was besig om wapens neer te lê. Hierdie nuus is aan die krygsgevangenes meegedeel en verder ook dat hulle nie meer 'n vry en onafhanklike volk is nie, maar onderdane van Sy Majesteit die Koning van Engeland geword het. Dat dit die droewige einde van die roemryke strwd vir hulle onafhanklikheid kon wees, dat al hulle groot opofferings tevergeefs gewees het, nee, dit kon hulle nie glo nie, te meer daar die berig van Engelse kant afkomstig was. Eers nadat hulle 'n offisiële kennisgewing van generaals Botha, De Wet en De la Rey ontvang het, moes hulle dit teen wil en dank glo.[31]

Voordat generaal Cronje en die krygsgevangenes vrygestel is en na Suid-Afrika gerepatrieer sou word, moes hulle die eed van getrouheid aan die koning van Engeland aflê. Cronje is deur die Engelse owerhede versoek om die burgers toe te spreek en dit vir hulle duidelik te maak. Maar hulle wou geen gehoor gee nie. Dit het 'n bitter protes opgewek en die meeste burgers het botweg geweier om die eed te neem.[32] Later is ooreengekom om slegs 'n verklaring te teken. Die regering het/.....

---

30). Eie-Versameling: Brieweboek, bls. 51. (Brief van Ds. A.F.Louw, 18 Junie 1945).

31). Herinneringen, 1 November 1913.

32). C.R. Kotze: My Ballingskap, bls.122; Herinneringen, 1 November 1913.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het onverbiddelik gebly en daar was geen ander keuse nie.[33]

Byna drie maande hierna het generaal Cronje, sy eggenote, sekretaris en die naturelle-bediende aan boord die Tagus gestap om na Suid-Afrika teruggevoer te word.[34] Wie kan die blydskap wat daar in hulle harte verskuil was, ooit beskryf? Self verklaar generaal Cronje:-

> " En toen ik van boord af de kale rots St.Helena zag verdwijnen in de vage verte, gevoelde ik mij opgeruimd en blij dat mijn ballingschap eindelijk voorbij was en ik terug kon keren tot mijn stil tehuis om met mijn lieve vrouw daar te leven, vergenoegd en in vrede. Ik was nu in mijn 66 ste jaar, en (ik) verlangde naar niets zo zeer als om in vrede te leven, vertrouwende op de Heer."[35]

Op sy terugreis na Suid-Afrika het een ding hom veral baie gekwel. Dit was die geval van sy broer Andries wat gedurende die oorlog die wapens onder die Engelse opgeneem het en 'n aanvoerder van die National Scouts geword het. Lank het hy hieroor nagedink en homself afgevra hoe hy teenoor hom moes optree. Gelowige christen soos hy was, het hy sy toevlug na die Bybel geneem en daarin 'n oplossing gesoek. Hy het tot die volgende insig geraak: Teen hom persoonlik het sy broer nie gesondig nie, maar hom wel swaar teen God en sy Vaderland besondig. God moes 'n oordeel teen hom vel. Hy kon nie sy broer se regter en vervolger wees nie. Hy is gewillig/.....

---

33). The Cape Argus, 4 Sept. 1902;
Herinneringen, 1 November 1913.

34). The Cape Argus, 4 Sept. 1902. Sy adjudant F.Labuschagne is op die eiland aan beri-beri oorlede.

35). Herinneringen, 1 November 1913.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gewillig om hom vergifnis te skenk mits hy berou van sy sonde gehad het.[36]

Hy het op 27 Augustus 1902 te Kaapstad aangekom. Groot vreugde het sy hart vervul. Hy was haastig om na die Transvaal te vertrek. Daarom het hy sy broer Andries getelegrafeer om hom op 'n bepaalde tyd te Klerksdorp van die trein af te haal. Die Britse outoriteite het gesorg dat daar 'n spesiale trein gereed was om hom te vervoer. Op baie plekke langs die spoorweg is hy vriendelik verwelkom.[37]

Toe die trein oor die Transvaalse grongebied voortgerammel het, is hy getref deur swartgebrande, vuurverwoeste murasies waar eertyds sierlike boerewonings gepryk het. Maar toe die trein Johannesburg verbygestoom het, kon hy sien dat die hoë geboue van Britse kapitaliste en die groot besigheidsblokke nog soos altyd onveranderd was reg en die werk ongesteurd voortgegaan het. Die spore van die oorlog kon nie hier opgemerk word nie.[38]

By sy aankoms te Klerksdorp het generaal Cronje se broer Andries hom ontmoet en dadelik het die generaal hom gerus gestel en vergifnis geskenk vir sy wandaad, nie omdat dit sy broer was nie, maar omdat hy nie wou oordeel nie en omdat sy broer sy skanddaad erken het.[39]

Na 'n vluchtige besoekie aan sy broer, het Cronje en sy eggenote/.....

---

36). Herinneringen, 1 November 1913.

37). The Cape Argus Times, 4 Sept. 1904.
'n Spesiale korrespondent van die Cape Times is met Cronje saamgestuur om hom op sy reis oor sy ondervindings te ondervra.

38). Herinneringen, 1 Nov. 1913.

39). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

eggenote na hulle plaas Palmietfotein teruggegaan om na 'n periode van drie jaar gedurende welke tyd hulle albei 'n veelbewoë loopbaan gehad het, opnuut op hulle oudag die verwaarloosde en verwoeste plaas op te bou. Groot was hulle blydskap dat hulle gespaar gebly is om weer hulle geboortegrond te kon betree.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Cronje se Jonasmonument

(Foto J. A. Visser

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 17.

LAASTE LEWENSJARE.

Generaal Cronje se ballingskap het diep spore in sy gemoed nagelaat. As tasbare herinnering aan daardie droewige dae het hy kort na sy terugkoms vir hom op sy plaas Palmietfontein 'n dubbelverdiepinghuis met 13 vertrekke gebou. Ditwas 'n weergawe van Kent Cottage, die huis waarin hy sy ballingskap op St.Helena deurgebring het.[1] Soos die boom as 'n monument oor die graf van die profeet Jona opgekom het, so ook het sy dubbelverdieping huis, sy Jonasmonument, oor hom getroon.[2]

In hierdie huis het hy en sy eggenote op hulle oudag, na soveel ontberings en ellende, byna vereensaamd gewoon. Om sy persoon het 'n waas van geheimsinnigheid deur fluisterpraatjies bewerkstellig gehang. Eers in Januarie 1903 het hy op 'n openbare byeenkoms in Pretoria hiervan bewus geword. 'n Hele aantal generaals en kommandante het daar vergader om samesprekings met Sir Joseph Chamberlain te hou. Sy eertydse kamerade het hom tot sy verbasing baie koel ontvang en hom soveel as moontlik vermy.[3]

Dit het veroorsaak dat hy hom hierna stil op sy plaas teruggetrek het. Aan die openbare lewe sou hy nie weer deelneem/.....

---

1). Eie-versameling: Brieweboek, blse.40 tot 42. (Brief en foto's van die huis en graf van genl. Cronje deur J.A.Visser, Carlstraat 98, Hercules, Pretoria, 10-2-1943 aan skrywer);
Eie-versameling: Brieweboek, blse. 52-54. Skrywer het gedurende 1944 'n persoonlike besoek aan die plaas afgelê. Vandag word die huis deur Mnr. H.J. Visser bewoon.

2). Ibid., blse.52 - 54. (Brief van Mnr. C.Scheffer, Pk.Schefferspos, oor Makokskraal, 2 Julie 1945). Mnr.Scheffer is hoof van die plaaslike Laerskool en het waardevolle gegewens van die volgende persone wat genl.Cronje goed geken het, opgeteken:- Mnr. H.J.Visser, Palmietfontein, Jan de Kock en Mevr.Claasen naby Coligny.

3). Herinneringen, 1 Nov.1913; C.Headlam: The Milner Papers, Vol.II, blse.432 -434 vir samekoms.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

neem nie. Sy eggenote se gesondheid het by die dag swakker geword. Haar liggaamskrachte het vinnig afgeneem, sodat sy begin wegkwyn het. Sy het nooit weer haar geesteskrag herwin nie. Met geduld en lydsaamheid het hy haar gedurende hierdie laaste dae bygestaan. Eindelik, op 16 November 1903, het sy beswyk.[4] Die begrafnis het die volgende dag onder blyke van groot belangstelling en deelneming op die plaas geskied. Ouderling Jan Boshoff van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Gemeente van Hartbeesfontein, Klerksdorp, het die ter aardebestelling waargeneem.[5]

Die dood van sy eggenote met wie hy byna 46 jaar[6] lank getroud was, was vir hom 'n onherstelbare verlies. Die eensame lewe op die plaas het vir hom ondraaglik geword. Teen hierdie tyd is die gevolge van die oorlog sterk gevoel. Werkloosheid en armoede het orals geheers en dit het baie moeilik gegaan om 'n bestaan te maak. Te midde van hierdie treurige omstandighede het 'n sekere Mnr. A. Lewis van Johannesburg 'n skema uitgewerk om met 'n aantal persone na Noord-Amerika te reis om daar aanskoulike voorstellings uit die Anglo-Boeroorlog op die Wêreldtentoonstelling wat te St. Louis, Missouri, gehou sou word, te gee.[7] Die onderneming kon, mits dit op verdienstelike wyse uitgevoer word, 'n groot finansiële sukses wees, aangesien die belangstelling vir die oorlog in Amerika en die simpatie wat die Amerikaners vir die/.....

---

4). Klerksdorp Mining Record, 20 Nov. 1903; Boedel Nr. 17249, Hooggeregshof, Pretoria: Boedel van wyle genl. P.A. Cronje. Sy vrou was 63 jaar oud.
5). Klerksdorp Mining Record, 20 November 1903.
6). Hulle is in 1858 getroud.
7). De Volkstem, 18 Jan. 1903: Brief van St. Louis, 12 November 1902.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Boere gevoel het, groot was.[8] Lewis het 'n aantal persone[9] genader en die saak met hulle bespreek. Die gevolg hiervan was dat hulle 'n maatskappy hiervoor tot stand gebring het.[10] Om die nodige kapitaal vir die uitvoering van die plan beskikbaar te hê, is daar oorgegaan om aandele aan belangstellende persone te verkoop. Die aanvraag was nogal baie groot en heelwat persone in Transvaal en Rhodesië het aandeelhouers geword. Mnr. Lewis het opgetree as algemene bestuurder van die maatskappy terwyl generaal Ben Viljoen leier van die geselskap geword het.[11]

Die volgende stap was om deelnemers vir die voorstellings te werf. Op 1 Maart 1904 het die voorwaardes waaronder persone gehuur sou word, in een van die dagblaaie verskyn.[12] Die ooreenkoms tussen die maatskappy en die deelnemers het dertien interessante klousules bevat. Die deelnemer moes beloof om hom neer te lê by die reëls en regulasies van die Maatskappy vir die behoorlike uitvoering van die tentoonstelling te St. Louis of enige ander plek waarheen die maatskappy kon besluit om te verhuis. Die deelnemer sou verskoon word van deelname in geval van siekte, maar sou in so 'n geval geen salaris ontvang nie. Hy sou ook nie toegelaat word om aan/.....

---

8). De Volksstem, 18 Jan. 1905: Brief van Alf Lewiss aan die redakteur van De Volksstem, St. Louis, 12 November 1904.

9). Die persone was o.a. genl. Ben Viljoen, Frank Fillis, die bekende sirkusbaas en landdros Boshoff van Klerksdorp. (De Volksstem, 18 Jan. 1905; De Volksstem, 6 Julie 1904 en Eie-versameling: Brieweboek, bls. 67: Brief van Mnr. L. de Beer, Coligny, 15 September 1945 aan skrywer soos deur sy broer P. de Beer gedikteer.
Mnr. Pieter de Beer is gebore op 13 Jan. 1886 op die plaas Bulhoek, distrik Steynsburg K.P. In 1904 het hy die reis as deelnemer na Amerika meegemaak en sy herinneringe deur sy broer L. de Beer vir skrywer laat opteken.)

10). The Daily Mail, 1 Maart 1904: Die maatskappy was bekend as: The South African War Exhibition Company en Het Transvaal Militaire Spektakel Sindikaat.

11). De Volksstem, 18 Jan. 1905. Ibid.

12). The Daily Mail, 1 Maart 1904.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aan ander uitvoerings deel te neem, tensy skriftelike verlof vooraf van die bevoegde outoriteit daartoe verleen is nie.Elke deelnemer sou 'n salaris van £4 per maand ontvang.[13] Maar hierdie regulasies sou in werking tree sers vanaf die datum waarop die eerste vertoning in Amerika gehou is.Die salaris sou weekliks betaal word.Om homself teen wangedrag en moontlike verbreking van die ooreenkoms te vrywaar,het die maatskappy besluit om die helfte van 'n deelnemer se salaris as waarborg agter te hou totdat die tentoonstelling beëindig sou word.Spesiale nadruk is ook gelê op die feit dat daar gedurende die reis geen salarisse betaal sou word nie.As 'n deelnemer se gedrag gedurende die dienstermyn bevredigend geag word, sou hy aan die end daarvan 'n bonus van £25 ontvang. Die maatskappy was verantwoordelik vir die vervoerkoste van Suid-Afrika na Amerika, maar deelnemers moes vir hulle terugreis self betaal.Vanaf die datum waarop hulle Suid-Afrika verlaat, sou die maatskappy verantwoordelikheid i.v.m. voedsel,akkomodasie en mediese behandeling aanvaar. By oortreding van enigeen van die regulasies sou 'n deelnemer sy 50 % ingehoue salaris verbeur.[14] Die voorwaardes was dus gladnie aantreklik nie en alhoewel daar baie werkloses en armes rondgeloop het, het dit gelyk asof dit moeilik sou gaan om die verlangde getal deelnemers te werf.[15]

Generaal Cronje is ook genader om aan hierdie voorstellings te gaan deelneem.Sy teenwoordigheid in Amerika sou ongetwyfeld/.....

13). Die-Versameling:Briewebook,bls.67.(Brief van L.de Beer). Mnr. P. de Beer wat een van die deelnemers was,deel mee dat hulle £9 per maand ontvang het. Dit mag wees dat die maatskappy ooreengekom het om meer te betaal,maar dan moes dit mondeling geskied het, want dit is nie in die nuusblaaie aangekondig nie.

14). The Rand Daily Mail,1 Maart 1904.

15). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ongetwyfeld groot getalle bewonderaars en nuuskieriges trek. Om die held van Paardeberg, van wie die koerante in die afgelope jare vol was, in lewende lywe te aanskou, sou vir die Yankees 'n aardigheid gewees het. Op hierdie tydstip het Cronje weens die afsterwe van sy eggenote 'n eensame lewe gelei. 'n Vlaag van neerslagtigheid het hom oormeester. Hy het vir sy land gestry en daarvoor alles verloor. Hy was te oud om van vooraf weer 'n begin te maak.[16] Toe hierdie voorstel aan hom gemaak is, het hy lank daaroor nagedink en dit met sy vriende bespreek. Van Alphen, die Oud-Posmeester-generaal het hom geantwoord dat roem en eerbetoon die honger nie sou uithou nie en dat Cronje tog op een of ander manier moes werk. Ander het hom weer aangeraai om die aanbod van die hand te wys. Na baie wik en weeg het hy besluit om die aanbod aan te neem. Hy het geen ander uitweg gesien nie. Hy het wel grond en gereedskap gehad, maar in sy jong dae sou dit hom goed te pas gekom het. nou was hy reeds te oud om daarmee 'n bestaan te maak. Sy regering het nie so min as die Engelse vir hom iets gedoen. Sy plaas het nog verbande op gehad en hy wou graag 'n bietjie geld vir sy oudag bymekaarmaak. Sy krygsmansroem was nog sy enigste besit en daarom het hy daarvan gebruik gemaak om geld te verdien.[17]

Hierdie/.....

---

16). Land en Volk, 8 Julie 1904: Brief van genl. Cronje in die Franse koerant Matin, deur Land en Volk oorgeneem.

17). Land en Volk, 20 Jan. 1905: Verklaring van genl. Cronje toe hy deur 'n korrespondent van 'n Amerikaanse nuusblad ondervra is;
Land en Volk, 8 Julie 1904. Cronje het ongetwyfeld nie onder dieselfde voorwaardes as die ander deelnemers gegaan nie, want hy was daarop uit om geld te verdien en dit kon hy nie onder die omstandighede en voorwaardes doen nie. Sy voorwaardes moes mondeling met hom bespreek gewees het, want dit word nie in die nuusblaaie aangekondig nie. Ons kon ook nie daarin slaag om van sy nasate of mededeelnemers wat nog in lewe is, enige besonderhede te verkry nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie besluit het hom nog meer in ongenade laat verval. Sy oorgawe het hom 'n verdagte persoon onder sy landgenote gemaak. Dat hy op sy oudag terwille van geld sy krygsmanseer kon prysgee, was onverstaanbaar! Dat hy as sirkusgeneraal[18] kon deelneem aan vernederende voorstellings uit die tragiese ondergang van sy volk se vrye bestaan, was onvergeeflik! Maar met sy beperkte blik en gekrenkte gees het hy anders daaroor gedink. Hy sou nie alleen genoeg geld verdien om vir homself in sy laaste lewensbehoeftes te voorsien nie, maar hy sou ook in die geleentheid gestel word om die gruwelikhede van die oorlog aan die wêreld bloot te lê en het gehoop dat die mense wat hom en sy burgers sou sien, daarna beter sou begryp wat hulle moes verduur en wat God 'n arme sondaar toegelaat het om deur te worstel.[19]

Die maatskappy het intussen daarin geslaag om genoeg deelnemers bymekaar te kry. Sondagmôre, 6 Maart 1904, het 'n spesiale trein vanaf Braamfontein met 150 Boeredeelnemers,[20] waaronder Cronje ook was, na Lorenco Marques vertrek waar die Douane Castle voor anker gelê het om hulle na Kaapstad te vervoer. Die skip het by Durban aangedoen en op 11 Maart in die hawe van Kaapstad gereed gelê om die reis na Noord-Amerika te begin. Die môre het 200 Britse deelnemers[21] met hulle bagasie/.....

---

18). Spottenderwys in die Suid-Afrikaanse nuusblaaie so genoem.
19). Land en Volk, 20 Jan.1905. Verklaring van genl.Cronje.
20). The Cape Argus, 11 Maart 1904. Die Boeredeelnemers het van die Transvaal vertrek, terwyl die Engelse deelnemers in Kaapstad by hulle sou aansluit.
21). The Rand Daily Mail, 7 Maart 1904; Eie-Versameling: Brieweboek, bls.19: (Brief van L.de Beer).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Generaal Cronje aan boord die Douane Castle

(Foto geleen van P. de Beer)

bagasie by Fillis se sirkus vergader waarvandaan hulle die middag in verskillende afdelings na die dokke gestap het om skeep te gaan.[22] Die 12 de Maart 1904 het die Douane Castle onder bevel van kaptein S. Henderson met die deelnemers aan boord die hawe uitgevaar om die lang reis na Amerika te begin.[23]

Maar voordat die skip sy bestemming bereik het, het daar reeds moeilikheid ontstaan. Die geld vir die oorvaart is nie in Suid-Afrika nie maar in Amerika bymekaar gemaak. Kort nadat die geselskap Suid-Afrika verlaat het, het die direkteur van die St.Louis-Wêreldtentoonstelling geweier om aan die Boere-oorlogsvertoning 'n plek binne die Tentoonstellingsgronde te gee. Die intrekking het geskied op versoek van die Britse Agent te Washington wat beswaar aangeteken het omdat die Britse leër in hierdie vertoning belaglik voorgestel sou word.[24] Toe hierdie nuus die aandeelhouers in Amerika ter ore gekom het, het hulle geweier om hulle intekengeld te betaal. Na baie gesukkel het die algemene bestuurder van die Boere-oorlogsvertoning daarin geslaag om die outoriteite te beweeg om die protes in te trek. Die direkteur van die Wêreldtentoonstelling het toe vir hom 'n plek binne die Tentoonstellingsgronde aangewys. Maar dit was reeds te laat om die situasie te red. Die persone was nie bereid om na hierdie/.....

---

22). The Cape Argus, 11 Maart 1904. Die voorstellings sou so getrou as moontlik weergegee word. Daarom is daar burgers sowel as Britse troepe saamgeneem.

23). The Cape Argus, 14 Maart 1904. (Tydtafel van die Union Castle Line Maatskappy).

24). Land en Volk, 31 Maart 1904. (Onder die opskrif: De Oorlogs Vertooning gaat niet door);
De Volksstem, 18 Jan.1905. (Brief van die algemene bestuurder, A.Lewis, aan die redakteur van D. V.S., St.Louis, 12 November 1904).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die voorval, hulle geld in so 'n wisselvallige besigheid te belê nie.[25]

Pogings is aangewend om die geld van elders bymekaar te kry, maar dit het ook misluk. Toe die Douane Castle teen die end van April met [illegible]iers in New Port News land,[26] het die Oorlogsvertoning op [illegible]punt gestaan om in duie te stort. Die algemene bestuurder het slegs 750 dollars in sy sak gehad om die nodige uitrusting aan te skaf en in die behoeftes van die doelnemers te voorsien.[27]

Generaal Ben Viljoen het dadelik na Meksiko vertrek toe hy sien in watter treurige posisie hulle verkeer het. Op hierdie stadium het 'n sekere Mnr. Meyer na vore getree en die maatskappy van 'n gewisse ondergang gered deur sekere persone te beweeg om geldelike bydraes vir die Boere-oorlogsvertoning in te samel. Hy het daarin geslaag om 100,000 dollars bymekaar te maak en nou kon die vertoning deurgaan. Generaal Viljoen is getelegrafeer dat alles in orde is en dat hy moes terugkeer. Dit het hy gedoen en saam met die bestuurder het hulle in alle erns met die voorbereidingswerk begin.[28]

Dit/.....

---

25). De Volksstem, 18 Jan.1905.
26). Ibid.; Eie-Versameling: Brieweboek, blse.19 en 67. Briewe van L.de Beer.

27). De Volksstem, 18 Jan.1905: (Brief van A.Lewis aan die redakteur van De Volksstem, St.Louis, 12 Nov.1904).

28). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit het baie lank geneem om al die benodighede aan te koop, die Boerekamp deeglik in te rig en die deelnemers behoorlik vir die vertonings af te rig. Eers op 17 Junie 1904 kon die eerste uitvoering gegee word. Met hierdie eerste vertoning was die sukses van die Boere-oorlogsvertoning verseker. 'n Som van 15,000 dollars is daardie aand ingesamel. Honderde mense moes saans afgewys word, omdat daar nie genoeg sitplek vir almal was nie.[29]

Generaal Cronje was nie een van die leiers of aandeelhouers in die geselskap nie. In werklikheid het hy weens sy ouderdom maar 'n beskeie aandeel aan die Boere-oorlogsvertoning gehad. Die rol wat hy gespeel het, was om driekeer per dag te perd deur die ring te ry. Hy word daar aan die publiek voorgestel as Generaal Piet Cronje, die held van Paardeberg. Daarop word hy oorverdowend toegejuig. Hy salueer nie, maar haal op sy Boeremanier eerbiedig sy hoed af en ry dan weer weg.[30]

Generaal Ben Viljoen was die bevelvoerende offisier van die troepe. Behalwe die vertonings het hy ook 'n museum met sekere besienswaardighede uit die oorlog opgerig.[31] Duisende mense het hierdie voorwerpe besigtig en dit was 'n goeie bron/.....

---

29). De Volksstem, 18 Jan. 1905; Mededeling van Mevr. Kaptein Jack Hindon, Middelburg, Transvaal, Junie 1943, aan skrywer.
Mevr. Hindon het saam met haar eggenoot die geselskap vergesel. In Amerika het haar eggenoot nou kontak met genl. Cronje gehad. Sy het hom ook goed geken.

30). De Volksstem, 6 Julie 1904. (Genl. Ben Viljoen aan 'n besondere verslaggewer van die "Nieuwe Rotterdamse Courant" Noord-Amerika);
Land en Volk, 8 Julie 1904. Oorgeneem uit D.V.S.;
Eie-Versameling: Brieweboek, bls. 19. (L. de Beer).

31). Ibid. O.a. het hy sy sakboekie wat gedurende die oorlog in sy sak deur 'n koeël deurboor is en sy lewe gered het, die vlag wat die vrouens van Pretoria aan sy kommando geskenk het, die wa van Jan Joubert, ens.., vertoon.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bron van inkomste want daar is 'n klein toegangsgeld gehef. Die vertonings was nie elke dag dieselfde nie. Elke derde dag is daar 'n ander geveg uit die oorlog voorgestel.[32]

Gedurende die reis na Amerika het generaal Cronje die weduwee Johanna Sterzel,[33] wat 'n medepassasier was, ontmoet. Dit is reeds aan boord die Douane Castle opgemerk dat die generaal groot planne in sy kop gehad het.[34] Die vrienskapsbande is in Amerika hegter gebind en die verhouding het verder ontwikkel tot hy op 28 Junie met haar in die eg verbind is.[35] Die huwelik is volgens die prosedure van die Nederduits-Hervormde of Gereformeerde Kerk, waarvan hy lidmaat en vir baie jare ouderling was, voltrek.[36] Die plegtigheid het die môre plaasgevind en slegs 'n paar bruilofsgaste was vir die ontbyt aanwesig. Die resepsie is na die middagvertoning binne die Tentoonstellingsgronde in teenwoordigheid van ongeveer 75,000 mense gehou.[37]

Generaal/.....

---

32). Land en Volk, 8 Julie 1904; De Volksstem, 6 Julie 1904.
33). Gebore Walter. Sy was van Duitse afkoms.
34). Eie-Versameling: Brieweboek, bls.19 (L.de Beer).
35). Boedel Nr. 17429, Hooggeregshof, Pretoria. (Boedel van wyle genl.P.A.Cronje).
36). Prof.Dr.S.P.Engelbrecht: Eeufees-Album van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. 1842 - 1942, bls.24. Cronje se vader was een van die grondleers van die Potchefstroom-gemeente. Vir jare lank was hy ouderling en twens lid van die Algemene Kerkkommissie.

Eie-versameling: Brieweboek, bls. 54. (Brief van Mnr. Scheffer).
Cronje se skoonvader, Johannes Hendrik Visser (Jan Boomplaas) was ook jare lank ouderling van dieselfde gemeente. Cronje het dus Hervormer groot geword, maar na die Kerkvereniging lidmaat van die Ned. Herv. of Geref. kerk geword en jare lank ouderling gewees van die gemeente Ventersdorp.
37). Eie-Versameling: Brieweboek, blse.47 en 48. (Oorspronklike brief van Mildred Bateman, Navraagdept., St.Louis Openbare Biblioteek, Olive, 13 th and 14 th Streets, St.Louis, MO., April 20, 1943 aan skrywer).
Op versoek van skrywer het Mej. Bateman 'n koerantuitknipsel met 'n verslag van genl.Cronje se huwelik saamgestuur. Dit lees as volg:-

"GENERAL CRONJE AND BRIDE TO RECEIVE THE PUBLIC."
The grizzled warrior, hero of many battles, and splen-

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Generaal Cronje en sy eggenote het binne die Tentoonstellingsgronde in 'n goedingerigte lokaal hulle verblyf gehad. Trou aan sy Boeregewoontes het hy temidde van die gewoel en geraas elke môre vroeg uit die Bybel gelees en terwyl die ander mense nog geslaap het, het hy met sy swaar stem tot groot ergernis van sy eggenote 'n psalm- of gesangversie uitgedreun.[38] Sy kon haar nie met haar man se godsdienstigheid vereenselwig nie. Haar ligsinnige opmerkings en spot oor die manier waarop hy sy God gedien het, het die generaal se lewe op sy oudag baie versuur.[39] Dikwels het hy sy Bybel onder die arm geneem. .....

37. (VERVOLG):

did type of rugged South African Boer race, General Piet A.Cronje, this morning will make his last surrender. This time it will not be to overwhelming numbers of armed men, but to a woman, Mrs.Sterzel, from his own country, who shared with the Boers their joys in victory and their sorrow and deprivations in defeat. The wedding will take place in the Boer War Camp at the World's Fair Grounds.

The ceremony will be private .Only a few personal friends will be present to witness the quaint ceremony,which will be in accordance with the customs of the Dutch Reformed Church,and will be impressed for all time upon the memory of those who witness it because of it's simplicity overshadowed by a solemnity grand in its significance. There will be a few guests at the wedding breakfast. The general went to church , as is his custom, Sunday morning. The remainder of the day was spent in the quietude of the privacy of his apartments at the Boer Camp.

The general and his bride will hold a grand wedding reception after the 3.30 o'clock performance this afternoon. They most cordially invite all the visitors to meet them and shake hands... Those who know and admire the grand old man will certainly not miss the opportunity of being present to greet him this afternoon and wish for him and his wife many years of happiness in their new estate. Three brass bands embracing a combined strength of 136 men, will be united for the occasion, discoursing the wedding march and other airs.The bands are: Staats' artillery of the Boer War Exhibit,46 pieces.Filipine Scouts' band, 50 pieces, and the United States Indian band of 40 pieces."

38). Mevr. Jack Hindon aan skrywer, Junie 1943. Kaptein Jack Hinden het generaal Cronje se Herinneringen opgeteken. Dit het in die Brandwag van 15 Aug. en die volgende vyf nommers verskyn.

39). Ibid.; Eie-Versameling: Briewebook, bls.43. (Brief van Mnr. van Oostrum, Jorissenstraat 593, Pretoria, 12 Februarie 1943, aan skrywer).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geneem en weggestap om in die stilte en afsondering sy plig te vervul.[40]

Dwarsdeur sy lewe het hy 'n besondere voorliefde vir die kamera gehad. Hy was altyd baie gewillig om 'n portret van hom te laat neem. Gedurende tussenposes wanneer hy nie aan die vertonings deelgeneem het nie, het hy dikwels foto's van hom laat beem, dit dan onderteken en aan die nuuskieriges en bewonderaars verkoop.[41] Sondag was vir hom 'n sabbat en rusdag. Hy het gereeld die oggenddiens bygewoon en die res van die dag stil deurgebring.[42] Wanneer sekere sektes in die nabyheid van die Tentoonstellingsgronde opelugdienste gehou het, het hy gewoonlik toegetree en eerbiedig sy swartbolkeiltjie afgehaal en met ontblote hoof deur middel van 'n tolk die preke aangehoor. Dikwels het hy van hierdie geleentheid gebruik gemaak om by monde van sy tolk die skare toe te spreek en hulle met geestelike vermanings by te staan.[43] Hy het 'n heilige opvatting van Godsdiens in die algemeen gehuldig en het nooit met andersdenkendes gespot of hulle verag nie.[44]

Die buitelandse pers het hom baie sterk uitgelaat oor die Boere-oorlogsvertonings. Die Franse het generaal Cronje nie hard geoordeel nie. Hulle het dit as 'n skande beskou dat Europa toe daar 'n kans was om te help, alleen die Boerehelde toegejuig het, dog niks gedoen het om die ramp wat hulle en die hele Boerevolk in die gesig gestaar het, af te wend nie/.....

---

40). Eie-Versameling: Brieweboek, bls.43.
41). Mevr. Jack Hindon aan skrywer, Junie 1943. Genl. Cronje was altyd lief om foto's aan persone te gee. Gedurende die Eerste Vryheidsoorlog het hy aan kol. Winsloe 'n portret as aandenking geskenk.
42). Eie-Versameling: Brieweboek, blse. 47 en 48. (Brief van Mildred Bateman).
43). Mevr. Jack Hindon aan skrywer, Junie 1943.
44). P.A. Cronje, seun van genl. Cronje aan skrywer.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie.[45] Ook Amerikaanse blaaie het met groot droefheid geskryf omdat 'n man soos Cronje op sy oudag aan so 'n vernederende vertoning moes deelneem. Die Engelse blaaie het tot sover nog geswyg. Slegs die radikale "Star" te Londen het in 'n artikel die vraag gestel of die tentoonstellingsbesigheid dan werklik so vernederend was. As hulle na hulle simpatie gevra sou word, sou dit aan die kant van die duisende Britse soldate wees wat sedert die einde van die oorlog bly sou gewees het om naas Cronje op te tree. Vir 'n paar sjielings per dag sou hulle na goeddenke van die bestuurder gewillig wees om Engelsman of Boer te wees.[46]

Ook in ander Europese lande het geesdriftige vriende van die Afrikaners generaals Viljoen en Cronje se handelwyse met verdriet en afkeur bejeën. Hulle het die Afrikanersaak baie kwaad gedoen, want:-

> " Men vereenzelvigt al te gou deze cirkus-Boeren met het gehele volk. Dit is dom en onjuist, ik weet het, maar het is zo. Die mannen hebben meer kwaad gedaan aan de sympathie voor de Afrikanerzaak dan al het gescheld en de verdachtmaking van de Engelsche pers. Alle bladen, vooral in Zwitserland, die altijd voor de Boeren zijn, roepen schande over zulk een optreden. En de Engelsche pers - ik bedoel die der Jingo's - vindt natuurlijk die artikelen een genot." [47]

Die Tentoonstelling het tot die end van November 1904 aangehou.[48] Op 12 November is al die roerende eiendom van/.....

---

45). De Volksstem, 6 Julie 1904; Land en Volk, 8 Julie 1904.
46). Ibid.
47). De Volksstem, 10 Augustus 1904. (Londense beriggewer aan die redakteur van De Volksstem).
48). De Volksstem, 18 Jan. 1905. (Brief van A. Lewis);
Eie-Versameling: Briewe boek, bls. 67. (Brief v. L. de Beer).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die maatskappy per publieke veiling verkoop. Die maatskappy sou op 30 November 1904 in likwidasie gaan.[49] Die deelnemers met uitsondering van generaals Cronje en Viljoen het te Philadelphia in die Friesland, 'n Nederlandse skip, na Liverpool vertrek. Daarvandaan het hulle per trein na Londen gereis en met die passasiersboot Ionic die reis na Kaapstad voortgesit, waar hulle 'n paar dae voor Kersfees aan wal gestap het.[50]

Cronje wou nie noual na Suid-Afrika terugkeer nie. Hy was van plan om nog meer geld te verdien. Met twee verskillende persone, Mnre. Brady en C.W.Wall[51], het hy nuwe kontrakte aangegaan om aan ander voorstellings deel te neem. Brady was van plan om aan die begin van 1905 'n groot voorstelling uit die Anglo-Boeroorlog in New-York te hou. Ongeveer duisend persone sou hieraan deelneem. Mnr. Wall wou generaal Cronje eers na Kansas neem om daar 'n tiendaagse vertoning te hou, daarvandaan vir ses weke na Chicago om dan teen die middel van die jaar New-York en die warmbronne te besoek.[52]

Mnr. Brady se aanspraak was seker meer oortuigend as die van bestuurder Wall, want vroeg in 1905 was Cronje in New-York waar hy 'n onderhoud aan 'n beriggewer van een van die Amerikaanse nuusblaaie toegestaan het.[53] Hy was nou blykbaar moeg/.....

---

49). De Volksstem, 18 Jan. 1905.

50). Eie-Versameling: Briewebook, bls. 67. (Brief van L. de Beer).

51). Hy het na Mnr. A. Lewis as algemene bestuurder van die maatskappy opgetree.

52). De Volksstem, 18 Jan. 1905. (Hollandse verslaggewer aan die Volksstem, 19 Desember 1904).

53). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moeg vir al die vertonings en het meegedeel dat hy na Suid-Afrika teruggaan omdat daar geen godvresende gees in Amerika geheers het nie. Die Amerikaners was te druk en te besig. Tee die vraag aan hom gestel is of die Republieke in Suid-Afrika weer sou bestaan, het hy geantwoord:-

> "Nee, nooit.
> Daar heb ik geen hoop voor, ofschoon het mogelijk is dat met een Vereenigd Zuid-Afrika de menschen weer hun eigen vlag mogen waaijen". 54)

Van Amerika het Cronje 'n kort besoekie aan Europa gebring en daarna na sy geboorteland teruggekeer. 55) Hy en sy eggenote het hulle op sy plaas Palmietfontein gaan vestig om hulle laaste lewensjare hier deur te bring. 56)

Die daaropvolgende jare het hy hier op sy plaas maar soos 'n oumens geboer. Sy tweede huwelik was 'n mislukking. Sy eggenote het sy lewe baie onaangenaam gemaak. Haar ligsinnigheid en oppervlakkige godsdienssin was vir hom 'n gruwel in die oog. Vir ure het hy hom soms afgesonder om hom in sy geestelike lewe te verdiep en om onnodige twis te vermy. 57) Baie van sy tyd en aandag het hy nog aan sy boerdery gewy.

Hy/.....

---

54). Land en Volk, 20 Jan.1905.(Onderhoud van 'n Amerikaanse verslaggewer met genl.Cronje).

55). De Volksstem, 10 Augustus 1904.(Reynolds se koerant het hom in Amerika 'n brief geskryf om te vra of hy deur armoede genoodsaak was om aan die Tentoonstelling deel te neem. Hy het geantwoord dat hy van plan was nadat die Tentoonstelling gesluit is, 'n kort besoekie aan Europa te bring en die nuusblad dan sou besoek .);
Mevr. Jack Hindon aan skrywer, Junie 1943. Dit is seker dat hy gegaan het, maar in die Suid-Afrikaanse nuusblaaie kon ons nie besonderhede hieroor vind nie.

56). Eie-Versameling: Brieweboek, bls.67 .(Brief v.L.de Beer).
Ibid., blse.52 tot 54. (Brief van Mnr. Scheffer).

57). Ibid., bls.68: Brief van Mnr. H.L. Scott, Vlakplaas, Pos Bewly, 21 -9 -45.
Mnr. Scott is 'n skoonseun van P.A.Cronje, enigste nog lewende seun van wyle genl.P.A.Cronje. Die gegewens is deur sy skoonvader verskaf en deur Mnr. Scott wat onderwyser is, neergeskryf.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hy was nog baie deeglik en presies met sy werk. Van laksheid en slordigheid het hy nie gehou nie. Alles moes deeglik gedoen word en elke ding moes op sy plek wees. Van nature was hy haastig en kwaai. As sy bediendes soms hulle plig versuim het, kon 'n mens nog dikwels sy harde stem hoor as hy met hulle gepraat het.[58]

Hy was 'n hulpvaardige man en het sy bure net waar hy kon gehelp.[59] Sy godsdienssin het nooit by hom verflou nie. Hy was lief om baie vroeg op te staan. Voordat hy met die dag se werk begin . . ., het hy sy Bybel gelees en in sy kamer sy stem in gebed verhef. Sondae het hy gereeld huisgodsdiens gehou en dikwels by sy bure die môredienste bygewoon. Hy het gereeld die nagmaalsvieringe in die Ned. Herv. of Geref. kerk te Ventersdorp bygewoon. Hy was ouderling en het vir hom in die dorp 'n kerkhuis gekoop waar hy en sy eggenote gedurende hierdie tye tuisgegaan het. As hy met sy perdekar dorp-toe ry . . ., was hy altyd baie lief om hardop gesang- of psalmversies te sit en sing. In die omgewing het hy gewoonlik by die begrafnisse as koster opgetree. Hy kon 'n treffende lyksrede hou en by die graf het hy altyd sy geliefkoosde gesang 182 laat sing.[60]

Hy was lief om saans en smôrens vroeg sy pyp te rook. As hy besig was met werk, het hy gewoonlik gepruim. Op die plaas/.....

---

58). Eie-Versameling: Brieweboek, blse. 52 - 54. (Brief van Mnr. Scheffer);
Ibid., bls. 68. (Brief van H.L.Scott).

59). Ibid.

60). Ibid.

Stille rusplaas van die dode,
Waar my ook eens wag die graf;
eindpaal van verdriet en node,
hier val eens my reiskleed af; e.v.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

plaas het hy veldskoene en ferweelklere gedra. Met Kersfees was dit sy gewoonte om sy kispak aan te trek, sy perd op te saal en dan langs die Schoonspruit al die huise na te ry om sy vriende 'n geseënde Kersfees toe te wens. Die jong seuns moes dan oral langs die pad opsaal en die toertjie met hom saamry. Hy het oral van die lekkernye geniet en koffie gedrink.[61]

Met die ouderdom het sy krag en gesondheid ook geleidelik afgeneem. Hy het naderhand baie swak geword sodat hy op 4 Julie 1910 sy testament in orde gebring het.[62] Hy was nie ryk nie. Sy boedel het 'n totale waarde van £4,260 - 16- 9d. bedra.[63]

Gedurende die laaste paar maande van sy lewe toe hy reeds lank op sy siekbed neergekluister was, het hy baie pyn verduur. Maar dit het hy met geduld en tevredenheid gedra.[64] In die nag van Saterdag, 4 Februarie 1911, om kwart oor een, het hy in sy 75 ste jaar aan 'n aanval van beroerte beswyk.[65]

Die begrafnis het die volgende dag op sy plaas Palmietfontein plaasgevind. Vroeg die môre het familiebetrekkinge, vriende en belangstellendes uit alle oorde opgedaag om die laaste eer aan die ontslape generaal te bewys. Ds. Mynhardt van Ventersdorp, indertyd medekrygsgevangene van generaal/.....

61). Eie-Versameling: Brieweboek, blse. 52- 54 en bls. 68.
62). Boedel Nr.17249, Hooggeregshof, Pretoria: Boedel van wyle genl. P.A.Cronje.
63). Ibid.
64). De Volksstem, 7 Febr. 1911; The Klerksdorp Mining Record, 10 Febr. 1911; The Star, 4 Febr. 1911.
65). Ibid.; Boedel Nr. 17249. (Ibid.).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

generaal Cronje op St.Helena, het by die woonhuis die lyksrede na aanleiding van Amos 4 vers 12 gehou.[66]

Hierna het die lykstoet van ongeveer 500 mense, sommige te voet, ander te perd, gevolg deur ongeveer 80 rytuie agter die lykswa,[67] oor die oop veld grafwaarts gegaan.[68]

In die late namiddag is die stoflike oorskot van generaal Cronje in dieselfde graf as sy ontslape eggenote ter ruste gelê.[69]

oooooooo@@@@@@@@oooooooo.

Generaal Cronje het die toppunt van sy roem met die slag van Magersfontein bereik toe hy reeds vier- en - sestig jaar oud was. Sy beste jare was al agter die rug en van toe af het dit met hom steeds afdraend gegaan.

Na/.....

---

66). De Volksstem, 7 Febr. 1911.

" Schik uw om uw God te ontmoeten."

67). The Klerksdorp Mining Record, 10 Febr.1911.
Die lykswa was 'n waentjie wat van die heer Geo.Trede van Klerksdorp geleen is.Bo-op die waentjie is 'n verhoog geplaas en die kis daarop neergesit.

Die draers was almal seuns, stiefseuns en kleinseuns van genl.Cronje.Hulle was die volgende:-
J.H.Cronje,P.A.Cronje,H.J.Cronje, F.J.C.Cronje,D.G. Stein,J.R.Basson,J.H.Vall,H.J.Visser,Jnr., P.A.Cronje, J.Soon, P.A.Basson en John Sterzel.

68). De Volksstem, 7 Febr. 1911; The Klerksdorp Mining Record, 10 Febr. 1911.

69). Vgl. foto van sy laaste rusplek;
Grafopskrif op die graf van Pieter Arnoldus Cronje en Hester Susanna Cronje (gebore Visser), Palmietfontein.

Die weduwee Cronje (Sterzel) het hom nog etlike jare oorleef.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Na Magersfontein het sy afwagtende houding daartoe oorsaak gewoos dat die eertydse onverskrokke krygsman verplig was om vir die Britse mag terug te trek totdat hy eindelik op die walle van die Modderrivier omsingel is. Hier het hy 'n tiendaagse stryd gevoer wat die bewondering van die wêreld afgedwing het.

Die vernederende oorgawe het sy trotse gees gekrenk. In sy ballingskap het hy so intens in die verlede teruggeleef dat hy aan hallusinasies begin ly het. Sy geestestoestand was aangetas. Die dood van sy seun Andries en die reaksie daarvan op sy vrou wat haar geestelik gekrenk het, het hom nog meer sy ewewig laat verloor.

Na sy ballingskap het hy 'n eensame lewe gely. Sy eggenote het nooit weer haarself geword nie. Dit het hom gekwel, want saam met hom het sy die beleg deurgemaak, hom in sy ballingskap vergesel en sy eensame lot gedeel. Haar dood was die druppel wat sy lydensbeker laat oorloop het.

Onder sy landgenote was hy 'n verdagte persoon. Baie het hom vermy. Dit het hy geweet. Die eensaamheid na die dood van sy vrou was vir hom te veel. Hy wou weg van die verlede, maar omdat hy reeds oud was, het die toekoms hom ook afgeskrik. Al die ellende en ontberings wat hy moes deurstaan, het hom ook liggaamlik aangetas. Hy het nie meer sterk gevoel nie. Sy geestestoestand het verswak. Hy het nie meer kalm gedink nie. Hy was nooit verstandelik buitengewoon begaafd nie en het gewoonlik vinnig gereageer nog voordat hy oor 'n saak diep nagedink het.

Onder sulke omstandighede het hy hom laat ompraat om na Amerika te gaan om aan die vernederende voorstellings deel/.....

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

deel te neem. Teen hierdie tyd kon hy die gevolge van so 'n stap nie insien nie. Hy het van die werklikheid weggevlug en in die verbeelding geleef. Onder die waan dat hy baie geld sou verdien en dat hy die Amerikaners se simpatie vir die Boere sou wen, het hy die reis aanvaar.

Sy ongelukkige tweede huwelik het ongetwyfeld baie daartoe bygedra dat hy op sy oudag 'n afgesonderde lewe gely het en dat hy nie weer sy geestelik-gekrenkte toestand te bowe gekom het nie. Hy was ook reeds te oud om sy reputasie van agterdog te bevry. Onder verdenking het hy gesterf.

Na soveel jaar kan hy in suiwerder perspektief gesien word, en 'n waardiger plek onder Afrikaners van betekenis toegesê word as Boerevoorman in twee Vryheidsoorloë en as die man van Doornkop.

oooooooooooooooooo.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

BYLAE.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

BYLAAG : 1.

GENERAAL CRONJE BESLUIT OM UIT TE BREEK.

(UIT GENERAAL DE WET SE TELEGRAM).

10.15 n.m. Staatspresident bericht volgende telegram van Waarnemende Hoof-Commandant C.De Wet, Petrusburg: begint: 26:2:00.

gisteren om 5 uere ontvangen wij eerste bericht terug van Genl. Cronje dat hij instemt met het plan om laatste nacht uit te breken maar gaf tegelijkertijd ons te kennen dat hij niet kon door - wij drongen met twee afdeelingen op twee rijen zoo diep mogelijk in zijne richting en slechts een poort opent latend om in te komen doch hij daagde niet op - Eenigste reden die wij te gelooven hebben is dat de rivier voor hem ondoorkombaar was - Lucht schijnt vandaag helder te zijn zoodat er alle kans is met hem in heliograaf verbinding te komen zal eerste berig van hem aan UHED. overseinen kan nu geen vluchtelingen onder de burgers opmerken zij schijnen nieuwen moed te vatten het welk ik hoop de Heer in de ruimste mate moge mede deelen officieren die burgers schijnen tocht geen moed te hebben de voorste versterking van den vijand aan te vallen hetwelk ik hen met geweld wil opdringen ten einde hen niet mischien bij mogelijke mislukking verder den moed te laten vallen. Veldcornet Dougweig(Douthwaite) verliet zijne positie zonder eenige aanval des vijands op 11. Woensdagmorgen die de grootste oorzaak was van de eerste vlucht van de posities die wij hadden vanwaar wij hopende Genl.Cronje uit te helpen en houdt zicht aldien tijs schuil ongeveer 1½ uur te paard van hier met 17 burgers bij hem en tot hiertoe nog.

BRON: K.G.341 : 26/2/1900. (Oorspronklike telegram van [illegible]rg, aan die Staatspre- [illegible] Woordeliks weergegee).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

BYLAAG . 2 .

GENL. CRONJE SE GETALSTERKTE BY SY OORGAWE.

POTCHEFSTROOM - KOMMANDO:	Offisiere.	Manskappe.
Kommandant M.J.Wolmarans, Assistent-kommandant Martins J.Th., Veldkornette S.Verster en J. Joosten. Assistent- veldkornette Lemmer, D.H.D.Hattingh, C.du Plessis, J.de Villiers, Venter, Naude, Oosthuizen, Alberts, Laklombe, R.J.King, Arnold P.Joosten, Enslin , Wolmarans, M.J.Botha, J.H.Grobbelaar en J.Moodie.	19	
Manskappe.		
Van die veldkornetskap Potchefstroom-dorp.		159.
Van die veldkornetskap Vaalrivier.		311.
Van die veldkornetskap Bo-Mooirivier.		298.
Van die veldkornetskap Gatsrand.		443.
Van die veldkornetskap Onder-Schoonspruit.		481.
Van die veldkornetskap Bo-Schoonspruit.		314.
		2006.

VAN BLOEMHOF - KOMMANDO.

Veldkornet Woest.

Assistent-veldkornet H.J. Badenhorst, J.H.L.Bosman en P.J.Snyman. 4.

Manskappe/....

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

	Offisiere:	Manskappe:
MANSKAPPE:		
Veldkornetskap Bo-Vaalrivier.		105.
" Onder- "		239.
" Hartsrivier		170.
		514
SKANDINAWIESE KORPS:		
Luitenant Früs.	1.	
Manskappe.		48.
TOTAAL TRANSVALERS.		
	24.	2568.

.....

O R A N J E - V R Y S T A A T.

KROONSTAD - KOMMANDO:

Kommandant S. Meintjies.

Veldkornet F.Nel. 2.

Manskappe. 132.

WINBURG-KOMMANDO:

Kommandant J. Jordaan.

Veldkornette J.van der Walt

en J.J.Kok. 3.

Manskappe.

Veldkornet-skap Winburg-dorp. 132.

" Zandrivier. 58.

LADYBRAND-KOMMANDO:

Kommandant R.J.Snyman.

Veldkornet H.Krüger. 2.

Manskappe. 132.

HOOPSTAD-KOMMANDO:

Kommandant J.Greyling.

Veldkornette L.Nieuwoudt,

G.van Zyl en J.Cronje. 4.

Manskappe 369.

Bloemfont in-/..

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

	Offisiere.	Manskappe.
BLOEMFONTEIN-KOMMANDO:		
Kommandant Fourie.		
Veldkornette W.Ackerman en J.J.Boshoff.	3.	
Manskappe.		
Veldkornetskap Bloemfontein-dorp.		30.
" Bo-Modderrivier.		1[illegible]
" Midde- " .		66
BOSHOFF-KOMMANDO:		
Veldkornet J.W.Grünewald.		
" C.C. Botha.	2.	
Manskappe		111.
FICKSBURG-KOMMANDO:		
Kommandant J.de Villiers.	1.	
Manskappe.		43.
JACOBSDAL-KOMMANDO:		
Kommandant A. Smith.	1.	
Manskappe.		15.
FAURESMITH-KOMMANDO:		
Manskappe.		
Veldkornetskappe Van Zylspruit en Middelveld.		66.
MOROKO-KOMMANDO:		
Manskappe.		7.
ARTILLERIE:		
Majoor Albrecht.		
Luitenante Von Dewitz, Von Heister en Von Eugenstein.	4.	
Manskappe.		41.
	22.	1350.
TOTALE MAG	46.	3873.
Gewondes	150.	

BRON: Leyds-Archief: 766 - 776: P.A. Nierstrasz:

Der Süd-Afrikanische Krieg, 1899 - 1902, [illegible] 325 bet. 328. (Oorspronklike [illegible] publiseerde werk oor die [illegible].

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

B Y L A A G , 3 .

GENL. DE WET OOR GENL. CRONJE SE POSISIE.

Cronje is nog vastgekeerd er is sprake in omloop dat hij zich overgegeven heeft doch kon niet den verzekering geven zoodra verzekerd zal ik u telegraferen doch kan zulks niet gelooven aangezien hij 5,600 manschappen bij zich heeft pogingen die wij aangewend hebben om hem te ontzetten is totaal mislukt met een verlies die nog niet met zekerheid kan gezegd worden aangezien omtrent zeventig Winburgers die het diepste ingedwongen zijn meest gevangen werd door den vijand ook zijn eenige van hen gesneuwelde gewordt - ik heb voor vier dagen geleden met lewensgevaar een rapport ingekrijgen naar generaal Cronje en hem laat weet om in den nacht moest uitbreken en wij hem tegemoet zouden gaan zoover mogelijk hetwelk wij 3 achtereenvolgend nachten deed tot aan den vijands posities uitters 3 mijlen van Genl. Cronje doch al dien tijd was de Modderrivier sterk Genl.Cronje is op de wal aan de overzijde der rivier door de vijand ingesloten dit was de eenigste weg waar toe ik de officieren kon krijgen hem tegemoet te komen volgens bericht van de rapportrijder(Danie Theron) de weer van hem terug kwam was hij in groote gebrek van mondprovisie - hier zijn nu zoowat 3,000 burgers as versterking aangekomen sodat ons nou 3,500 man voor vijand gelegerd zijn die hunne posities hebben in en van Koedoesrand en ongeveer 9 mijlen langs de Modderrivier of Koedoesrand is vlak aan de rivier.

BRON: K.G. 341 : 28/2/1900. (Oorspronklike telegram van Genl. De Wet aan die Kommandant-generaal).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

GERAADPLEEGDE BRONNE.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

GERAADPLEEGDE BRONNE.

A. ONUITGEGEWE: TRANSVAALSE ARGIEF.
(STAATSARGIEF, PRETORIA).

1. Argiefafdeling: BOERE-VOORMANNE. 1880 - 1881. (aangedui B.V.).

2. Eerste Volksraadsnotule. (E.V.R.)

3. ENGELBRECHT-VERSAMELING:

   a. Inkomende briewe 1899 - 1902.

   b. Inkomende Oorlogstelegramme en H.T.D. afskrifte van oorlogstelegramme.1899 - 1900.

4. Dr. F.V.ENGELENBURG-VERSAMELING.

5. JOUBERT-KOLLEKSIE. (J.K.).

6. KOMMANDANT-GENERAAL. (K.G.).

   a. INKOMENDE STUKKE.

Port.Nr.	Beskrywing.	Datum.
197	- Supplementêre Stukke by Minutes -	
	a. Eerste Vryheidsoorlogstukke i.v. daarmee.	1880 - 1886.
	b. Ekspedisies teen Kafferhoofde.	1881 - 1900.
	c. Jameson-Inval.	1895 - 1897.
198,199.	Inkomende Stukke. Tweede Vryheidsoorlog.	1899 - 1902.

   b. UITGAANDE STUKKE.

239 - 268.	Brieweboeke .	1881 - 1900.

   c. EKSPEDISIES TEEN KAFFERHOOFDE.

271 - 272:	a.Mampoer en Mapoch(Niabel) Korrespondensie,ens.	1882 - 1883.
285:	b.Massouw - Moshette Ekspedisie. Korrespon., ens.	1885 - 86.
305:	c.M'Pfefu(Magato)Ekspedisie. Korrespondensie,ens.	98.
309:	" . Krygsraadsnotule en Dagboek.	1898.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

d. JAMESON-INVAL:

322.	Telegramme.	1895, 1896.
324-325:	Brieweboeke.	1895,1896.

e. ANGLO-BOEROORLOG:1899 - 1900.

322 - 343.	Inkomende Telegramme.	1899/9/8 -1900/6/2.
344.	Inkomende Briewe.	1899/3/1 -1900/12/3.
345.	Inkomende Briewe, ens.	1900/1/1 -1900/5/10.
346 - 350.	Telegramboeke.	1899/10/4-1900/3/27.

7. DR.W.J.LEYDS-ARCHIEF. (OORLOGSARCHIEF).

A. OORLOGSARCHIEF:

709 - 731.	Versamelde Oorlogstelegramme.	1899 Okt.-1900 Aug
732.	- do.- in geheimskrif.	1900 Sept.1-17.
733.	Register ingekome Oorlogstelegramme.	
734.	Buitengewone Staatskoerant en Oorlogsberigte te velde gedruk.	1900 Sept. 7 - 14.
735.	- do -	1900 Jun.- Sept.14
736.	Gedrukte Oorlogsberigte te velde versprei.	1900 Junie - Sept.10.
738.	Draadgesprek tussen pres. Kruger en pres. Steyn.	1899 Aug. - Okt.
739.	Draadgesprek tussen pres. Kruger en Komdt.-genl.	1900 Mei - Aug.
740.	Oorspronklike brief van Boere-Deputasie in Europa aan pres. Kruger en Steyn.	1900 Sept. 15.

B. GENERAAL LOUIS BOTHA:

745 - 751:	Oorlogstelegramme	1899 Okt.-1900 Sept.
752 - 753:	Telegramkopieboeke	1899 Nov.-1900 Sept.
754:	Korrespondensie	1899 - 1901.

C. GENERAAL DE LA REY:

760:	Ingekome Stukke.	1899 Okt. - 1900 Jun.
761:	Briewekopieboek.	1899 Des.- 1900 Maart.
		1900 Febr.13- 31.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

D. LUITENANT THOMSON:

764: Afskrifte van Oorlogstelegramme.

765: Versamelde Stukke, Anglo-Boeroorlog.
Staatskoerante.
Oorlogsberigte.
Proklamasies.
Stukke i/s :Staatsartillerie, ens.

E. P.A.NIERSTRASZ:

766-776: DE OORLOG IN ZUID-AFRIKA, 1899-1900, (Ongepubliseerd).

F. ALGEMEEN:

779-780: Rapport van Kapt. Ram en Luit. Thomson i/s Anglo-Boeroorlog, dele IV - V.

8. PRELLER - VERSAMELING:

16: Oorlogsberigte.
a. Telegramme. 1899 - 1900.
b. Perstelegramme, ens. 1899 - 1901.

20: Dagboek uit die Oorlog:
a. S.J.Burgers.

23: Beskrywings van veldslae:-
a. P.J.Naude: Paardenberg.

9. STAATSEKRETARIS: S.S.

Inkomende Stukke. R.
Uitgaande Stukke. B.B.
Afdeling Kabinet. S.S.Kabinet.
Telegramboeke.

10. SOUTTER-KOLLEKSIE.

11. STAATSPROKUREUR. 1897. (S.P.)

12. SUPERINTENDENT VAN NATURELLE. 1882 - 1883;
1883 - 1899.

13. UITVOERENDE RAADSNOTULE: U.R.

B. EIE-VERSAMELING:

1. TELEGRAMBOEK:
Hierdie boek bevat vyftig oorspronklike telegramme i.v.m. genl.Cronje se bewegings vanaf 17 November 1899 tot 3 Maart 1900. Dit is telegramme wat gedurende die jare van navorsing deur ons bymekaar gemaak is.

2. BRIEWEBOEK:
Dit is genommer van 1 tot 67 en bevat 'n hele aantal oorspronklike briewe oor die lewe van wyle gen[illegible] Spesiaal[illegible]eld te word:-

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

a. Brief van die Bibliotekaresse, Mildred Bateman, Openbare Biblioteek, St. Louis, Noord-Amerika, 20 April 1943. Dit bevat gegewens oor genl. Cronje tydens sy besoek aan die Wêreldtentoonstelling in 1904.

b. Koerantknipsel deur Mej. Bateman bevattende verslag van genl.Cronje se huwelik in Amerika.

c. Brief van A.E.Jackson, Longwood, St.Helena, 9 Mei 1943. Gegewens oor die krygsgevangelewe van genl.Cronje op St. Helena 1900 - 1902.

d. Briewe met gegewens van o.a. die volgende persone:-

i. Mnr. Frans Cronje, Pk. Rykaartspos, oor Klerksdorp, 17 April 1942. Mnr. Cronje is in 1943 oorlede. Hy is 'n seun van genl.Cronje.

ii. Wyle Dr.G.S.Preller, Sterrewag, Pelindaba, 27 april en 28 Julie 1942.

iii. Kolonel G.Greeff, Manana, Bus 68, Lichtenburg, 31 Julie 1942. (Mnr. Greeff is onlangs oorlede).

iv. J.E. De la Rey-Morkel, 5 Zambesiweg, Johannesburg, 7 Aug. 1942.(Sy is 'n dogter van genl. J.H.De la Rey).

v. Oud-regter I. Ferreira, Bus 99, Clocolan, 19 November 1942.

vi. Luitenant F.S.Lombard, Wheatlandsfarm,Pk. Qutu, Noord-Rhodesië, 5 Febr. 1943. (Hy is die skrywer van:Uit die Dagboek van 'n Wilde Boer. Hy was 1ste luitenant in die Staatsartillerie te Mafeking).

vii. P.A. Cronje, Rhenosterfontein, Pk. Kuilfontein, Dist. Marico, 7 Febr. 1943.(Hy is die enigste nog lewende seun van genl.Cronje en het saam met sy vader aan Kafferoorloë en die Jameson-inval deelgeneem. Hy is gebore op 22 Des. 1866).

viii. Prof. Dr. E.C. Pienaar, Universiteit van Stellenbosch, 22 Junie 1945. (As jong seun was hy krygsgevangene te St. Helena).

ix. Mnr. van Oostrum, Jorissenstraat, Pretoria, 12 Febr. 1943.

x. Mnr. Scheffer, Kafferskraal, Pk. Schefferspos, 2 Julie 1945.

xi. Ds.A.F.Louw, Van Riebeeckstraat, Stellenbosch, 18 Julie 1945. (Hy was mede-krygsgevangene van genl.Cronje op St.Helena).

xii. Mnr. H.P.Penzhorn, Bus 96, Rustenburg, 13 Jul. 1945.

xiii. [illegible], 15 Sept.1945.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

3. ALBUM MET OORSPRONKLIKE PORTRETTE VAN KRYGSGEVANGENES OP ST.HELENA.(Mnr. H. Pienaar, Elsburg).

4. ALBUM MET KOPIEë VAN KAMPKRUIMELS.

5. VERSKILLENDE PORTRETTE VAN GENL.CRONJE.

C. HOOGGEREGSHOF, PRETORIA.

i. Boedel Nr.17249 - Boedel van wyle genl.P.A.Cronje.

ii. Boedel Nr. 2084(Old)- Boedel van wyle Andries Petrus Cronje, vader van die generaal.

iii. Boedel Nr. 1080 - Boedel van wyle Johanna Christina Geldenhuis, moeder van die generaal.

iv. Saak 3635 : Toeremetsjani vs. P.A.Cronje,Aug. 1897.

D. GEPUBLISEERDE:

Britse Bloubooke. Aangedui C.

Eybers,G.W., M.A.: Select Constitutional Documents Illustrating South African History.1795 - 1910. London,1918.

Goldman, P.L.A. : Inventarissen Oudste Archief Groepen Z.A. Republiek.1837-1902, Pretoria,1927.

Groenbooke Z.A.R.: 1881 - 1898.

Headlam, Cecil : The Milner Papers. Vol.1 en 11. Londen, 1931.

Leyds, Dr. W.J. : Eenige Correspondentie uit 1899- 's Gravenhage, 1919.

" " : Tweede Verzameling Correspondentie uit 1899- 1900.L.Eerste en Tweede Band en 11 's Gravenhage, 1930.

Locale Wetten der Z.A.R. 1849 - 1899.

Staatscourant der Z.A. R. 1881 - 1899.

Staatscourant gedurende den Eerste Vrijheidsoorlog van 1881.

Van der Loo, J. :Verzameling van Officiële Stukken behorende by de Geschiedenis der Z.A.Republiek. Amsterdam, 1897.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

E. KOERANTE:

De Volksstem	: 1880 - 1885; 1896; 1899 - 1911.
Land en Volk	: 1904 en 1905.
The Klerksdorp Mining Record	: 1903 - 1911.
The Cape Times	: 1900 - 1911.
The Cape Argus	: 1900 - 1911.
The Rand Daily Mail	: 1903 - 1911.
The Star	: 1903 - 1911.

F. TYDSKRIFTE:

Die Brandwag	: Herinneringen - Generaal P.A. Cronje - opgestel deur kaptein Jack Hindon en verskyn in die volgende nommers :- 13 Aug.; 1 Sept.; 15 Sept.; 1 Okt.; 15 Okt.; en 1 Nov. 1913.
Die Huisgenoot	: a. Met Cronje gevang deur J.C. Jacobs. 10 Febr. 1939.
	b. Oswald Frank, 6 Nov. 1936.
Historiese Studies	: Jaargang 3, Nr.2. Mei 1942: Die Eerste Slag van die Tweede Vryheidsoorlog - Kraaipan deur J. Oosthuizen.

G. AKADEMISE PROEFSKRIFTE EN VERHANDELINGE:

1. ONGEPUBLISEERD:

Coetzee, D.J.	: Die Driftegeschil. (M.A.-verhandeling, Univ. van S.A.).
Grobbelaar, J.J.G.	: Die Verhouding tussen die Vrystaat en Basoetoland, 1854 -1869. (M.A.-verhandeling, Univ. van S.A.)
Heyns, M.	: Om die Vryheid van Transvaal. (M.A.-verhandeling, Univ. van Pretoria).
Mouton, J.A.	: Generaal Piet Joubert in die Geskiedenis van Transvaal tot 1884. (M.A.-verhandeling , Univ. van Pret.
Van der Walt, Charles	: S.J. du Toit in die Diens [illegible] die Suid-Afrikaanse Republiek, [illegible] - 1890. (M.A.-verhandeling Univ. Pretoria).
Van Dyk, J.	[illegible]-Oorlog in die [illegible]e- [illegible].A.-verhandeling, [illegible]niv.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2. GEPUBLISEERD:

Hugo, Maria. : Die Kruger-Ultimatum. Vier Maande van Spanning. Historiese Studies, Jaargang 4.Nr.3 en 4. Okt.-Des. 1943.(M.A.-verhandeling, Univ. van Pretoria).

Pieterse, D.J. : Transvaal en Britse Soesereiniteit. Argiefjaarboek,Derde jaargang -Deel 1.(M.A.-verhandeling, Univ. van Potchefstroom).

Rademeyer,J.I. : Die Oorlog teen Magato (M'Pefu). Historiese Studies. Jaargang 5 Nr.2.Junie 1944.(M.A.-verhandeling, Univ. van Pret.).

Van Coller, H.P. : Mampoer in die Stryd om die Bapedi-troon. Die Mapoch-oorlog. 1882 - 1883. Historiese Studies. Jaargang 3 Nr. 3 en 4. Okt.-Des. 1942. (M.A.-verhandeling, Univ. van Pretoria).

Wichmann,F.A.F. : Die Wordingsgeskiedenis van die Z.A.R. 1838 - 1860. Argiefjaarboek. Jaargang IV,Deel 11. (Doktoralé-proefskrif, Univ. van Pretoria).

H. BROSJURES EN PAMFLETTE:

Clark,Dr.G.B., M.P. : Speech at a Public Meeting, 1899.

" " " . : British Policy Towards the Boers - An Historical Sketch.

Harrison, Frederic. : The Transvaal Crisis.

Robertson, J.M. : The Truth About the War - An open Letter to Dr. A. Conan Doyle.

I. LEWENSBESKRYWINGS:

Bredell,H.C. en Grobler, Piet. : Gedenkschriften van Paul Kruger. Amsterdam, 1902.

Butler, Lt.-Genl.Rt. Hon.Sir W.F. : Sir William Butler. An Autobiography. Londen, 1911.

Engelbrecht,Dr.S.P. : Thomas Francois Burgers: 'n Lewenskets.Pretoria, 1933.

Engelenburg,Dr.F.V. en Preller,Dr.G.S. : Onze Krijgs-Officieren. Pretoria, 1904.

Hofmeyr, J.H. : Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr. Kaapstad, 1913.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Juta, Marjorie : The Life of Paul Kruger. Londen, ongedateerd.

Kestell, J.D. : Christiaan De Wet. 'n Lewensbeskrywing. Bloemfontein, 1920.

Kotze, J.G. : Biographical Memoirs and Reminiscences. Kaapstad, 1934.

La Grange Lombard, J.P. : Paul Kruger. Die Volksman. Pretoria, 1925.

Nathan, M. : Paul Kruger. His Life and Times. Durban, 1941.

Statham, R.F. : Paul Kruger and his Times. Londen, MD.C.C.C.X.C.VIII.

Van Oordt, J.F. : Paul Kruger en de Opkomst van de Zuid-Afrikaansche Republiek. Kaapstad, 1898.

Viljoen, P.J. : Die Lewe van Paul Kruger. Pretoria, 1935.

J. KONTEMPORÊRE WERKE EN PERSOONLIKE GETUIENISSE:

De La Warr, The Earl : Some Reminiscences of the War in South Africa. Londen, 1900.

Du Cane, Kol. Hubert : The German Official Account of the War in South Africa. Londen, 1906.

Fitzpatrick, J.P. : The Transvaal From Within. Londen, 1899.

Jorissen, Dr. E.J.P. : Transvaalsche Herinneringen. Pretoria, 1897.

Maurice, Maj.-Genl. Sir Frederick. : History of the War in South Africa, Londen, 1906.

Amery, L.S. : The Times History of the War in Sout Africa, 1899-1902. Vols. I en II. Londen, 1900 en 1902.

Viljoen, B.J. : Myne Herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog. Amsterdam, 1902.

Waters, Kol. W.H.H. : The German Official Account of the War in South Africa. Londen, 1905.

K. BESONDERE EN ALGEMENE WERKE:

Aitken, W.F. : Baden-Powell, The Hero of Mafeking. Londen, 1900.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Andriessen, W.F. : Gedenkboek van den Oorlog in Zuid-Afrika. Pretoria, 1904.

Aylward, Alfred. : The Transvaal of Today. Londen, 1878.

Baillie, F.D. : Mafeking. A Diary of the Siege. Londen, 1900.

Bellairs, Lady. : The Transvaal War. 1880 -1881. Edinburgh en Londen, MDCCCLXXXV.

Botha, Dr. P.R. : Die Staatkundige Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Republiek onder Kruger en Leyds 1844 -1899. Amsterdam, 1926.

Carter, T.F. : A Narrative of the Boer War. It's Causes and Results. Londen, 1896.

Coetzee, J.Albert. : Politieke Groepering in die Wording van die Afrikanernasie. Johannesburg, 1941.

Colville, Maj.-Genl. Sir H.E. : The Work of the Ninth Division. Londen, 1901.

Conradie, F.D. : Met Cronje aan die Wesfront. 1899-1900. Bloemfontein, 1943.

Creswicke, Louis. : South Africa and The Transvaal War. Vols. 1- VI. Edinburgh, ongedateerd.

De Villiers, C.Coetzee : Geslacht-Register Der Oude Kaapsche Familiën. Kaapstad, 1893.

De Villiers, O.T. : Met De Wet en Steyn in het Veld. Amsterdam, 1903.

De Wet, C.R. : De Strijd tusschen Boer en Brit. Amsterdam, 1903.

Doyle, A. Conan. : The Great Boer War. Londen, 1901.

Du Plessis, C.N.J. : Uit de Geschiedenis van de Zuid-Afrikaansche Republiek en van de Afrikanders. Amsterdam, 1900.

Graham-Botha, C. : Die Kaapse Hugenote. Bloemfontein, 1939.

Hobson, J.A. : The War in South Africa. It's Causes and Effects. Londen, 1900.

Hofmeyr, N.J. : De Afrikaner-Boer en de Jameson-Inval. Kaapstad, 1896.

" , ". : Zes Maande bij de Commando's. 's Gravenhage, 1903.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Jeppe, Carl. : The Kaleidoscopic Transvaal. Londen, 1906.

Kannemeyer, A.J. : Hugenote-Familieboek. Kaapstad, 1940.

Kemp, Genl. J.C.G. : Vir Vryheid en Reg. Bloemfontein, 1941.

Kotze, C.R. : My Ballingskap. Bloemfontein, 1942.

Leyds, Dr. W.J. : Het Insluiten van de Boeren-Republieken. I en II, Amsterdam, 1914.

Malan, J.H. : Die Opkoms van 'n Republiek. Bloemfontein, 1929.

Nathan, M. : The Huguenots in South Africa. Johannesburg, 1939.

Norris, Major S.L. : The South African War. Londen, 1900.

Nixon, John. : The Complete Story of the Transvaal. Londen, 1885.

Preller, Dr. G.S. : Talana. Bloemfontein, 1942.

Scheibert, J. : Der Freiheitskampf der Buren. Berlin, 1900.

Van Everdingen, Dr. W. : De Oorlog in Suid-Afrika. Eerste Tydvak. 11 Oct.-Maart 1900. Delft, 1902.

Van Hoek, Kees. : Gesprekke met Dr. W.J. Leyds. Pretoria, 1939.

Van Zyl, P.H.S. : Die Helde-Album. Johannesburg, 1944.

Villuamy, C.E. : Outlanders. Londen, ongedateerd.

Walker, Eric A. : A History of South Africa. Londen, 1928.

Weilbach, Komdt. J.D. en Du Plessis, C.N.J. : Geschiedenis van de Emigranten-Boeren en van den Vrijheidsoorlog. Kaapstad, 1882.

Wilson, H.W. : With the Flag to Pretoria. Londen, 1901.

Young, F. : The Relief of Mafeking. Londen, 1900.

oooooooo@@@@@@oooooooo.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA